NG Kerk
Vrystaat

18 APRIL 2023

# BUITENGEWONE SINODESITTING AGENDA

GELOOFSENTRUM
UNIVERSITAS | BLOEMFONTEIN

*Lig in die duisternis,* ***hier vir God, mekaar en die wêreld***

# AGENDA

BUITENGEWONE SINODESITTING VAN
DIE NG KERK VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN
18 APRIL 2023

# VOORWOORD

Ontvang hiermee die agendastukke vir die Buitengewone Sinodesitting van 18 April 2023.

Die Vrystaatse Sinode het by die vorige vergadering 'n aantal beskrywingspunte oor ons verhouding met die Algemene Sinode in terme van Kerkorde Artikel 37 in ontvang geneem. Dit uitloper daarvan was om 'n aantal studiegroepe op die been te bring om die saak indringend te ondersoek. Dit is gedoen. Die Studiegroepe het verslag gelewer wat tydens die Streekskonferensies in November indringend bespreek is.

Na afhandeling van die hele proses van gesprekvoering, kom die Moderamen nou met 'n aantal opsies na die vergadering. Dit word vervat in die Werksdokument heel voor in die Agenda.

Die res van die lywige Agenda bestaan hoofsaaklik uit bekende dokumente. Daar is al die beskrywingspunte wat op die saak betrekking het, asook die verslae wat by die Streekskonferensies gedien het. Die besluite wat geneem is oor Teologiese opleiding, is ook opgeneem. Daarna volg daar 'n aantal dokumente wat direk betrekking het op die voorstelle op die tafel.

Kom ons bid volhardend dat ons die wysheid sal bekom om hieroor te besluit wat die beste vir God se Koninkryk sal wees.

**Dr Leon M Foot**
**Skriba**

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| **PROGRAM** | | **9** |
| **VERSLAG VAN DIE MODERAMEN** | | **11** |
| **BYLAAG 1** | RING VAN SMITHFIELD MET BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE GEMEENTES BUTHULIE, DEWETSDORP, SMITHFIELD, WEPENER, VANSTADENSRUS, EDENBURG, HOBHOUSE EN ZASTRON (2022) | **19** |
| **BYLAAG 2** | BESKRYWINGSPUNT VAN DIE GEMEENTE PELLISSIER (2022) | **31** |
| **BYLAAG 3** | BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE RING HEILBRON (2022) | **33** |
| **BYLAAG 4** | BESKRYWINGSPUNT VAN DIE GEMEENTE PETRUS STEYN (2022) | **41** |
| **BYLAAG 5** | BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE GEMEENTES BLOEMVALLEI EN LEEUBERG (2022) | **43** |
| **BYLAAG 6** | BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE GEMEENTE KESTELL (2022) | **61** |
| **BYLAAG 7** | VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN AKTUELE EN LEERSAKE (STALS) | **71** |
| **BYLAAG 8A** | BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SONODE 2011 OOR DIE BEDIENING VAN BEVRYDING EN OOR DIE BOSE | **93** |
| **BYLAAG 8B** | BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SONODE 2013 OOR DIE BEDIENING VAN BEVRYDING EN OOR DIE BOSE | **109** |
| **BYLAAG 9** | BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2019 OOR SELFDEGESLAGVERBINTENISSE | **111** |
| **BYLAAG 10** | GESPREKSDOKUMENT VAN DIE ASM OOR KONTOERE VIR DIE VERSTAAN VAN DIE AS 2019-BESLUIT EN DIE HANTERING DAARVAN | **115** |
| **BYLAAG 11** | VERSLAG VAN DIE STUDIEGROEP SKRIFBESKOUING EN -HANTERING AAN DIE NG KERK VRYSTAAT (STREEKSKONFERENSIE NOVEMBER 2022) | **117** |
| **BYLAAG 12** | VERSLAG VAN DIE STUDIEGROEP BELYDENNISGRONDSLAG AAN DIE NG KERK VRYSTAAT (STREEKSKONFERENSIE NOVEMBER 2022) | **123** |
| **BYLAAG 13** | VERSLAG VAN DIE STUDIEGROEP KERKVERBAND EN ARTIKEL 37 AAN DIE NG KERK VRYSTAAT(STREEKSKONFERENSIE NOVEMBER 2022) | **129** |
| **BYLAAG 14** | ADVIES VAN DIE SINODALE TAAKSPAN KERKORDE (STK) AANGAANDE ARTIKEL 37 (NOVEMBER 2022) | **133** |
| **BYLAAG 15** | BESLUITE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT (2022) OOR TEOLOGIESE OPLEIDING | **137** |
| **BYLAAG 16** | UITGEBREIDE MOTIVERING BY OPSIE B VOOR VRYSTAATSE SINODE, APRIL 2023 | **139** |
| **BYLAAG 17** | ADVIES VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE (ATR, MAART 2023) | **141** |
| **BYLAAG 18** | EEN UITGEBREIDE MOTIVERING BY OPSIE E VOOR DIE VRYSTAATSE SINODE, APRIL 2023 | **145** |
| **BYLAAG 19** | 'N ANDER UITGEBREIDE MOTIVERING BY OPSIE E VOOR DIE VRYSTAATSE SINODE, APRIL 2023 | **147** |

# PROGRAM

| | |
|---|---|
| **07:30** | AANKOMS EN REGISTRASIE |
| **09:00** | VERWELKOMING EN KONSTITUERING<br>AANWYSING VAN VOORSITTER<br>ORDEREËLINGS<br>OPENINGSLITURGIE |
| **09:45** | VOORLEGGING VAN VERSLAG VAN DIE MODERAMEN<br>BESPREKING IN RINGSVERBAND |
| **11:00** | TEE / KOFFIE |
| **11:30** | OOP BESPREKING VIR HELE VERGADERING |
| **12:30** | STEMMING |
| **12:45** | MIDDAGETE |
| **13:45** | MIDDAGSESSIE OOPBESPREKING VIR DIE HELE VERGADERING<br>STEMMING |
| **16:00** | AFSLUITING EN VERDAGING |

# VERSLAG VAN DIE MODERAMEN

## 1 OPDRAG EN WERKSWYSE

Die NG Kerk in die Vrystaat het tydens haar 54ste sinodesitting in Maart 2022 in Bloemfontein, 'n aantal beskrywingspunte van gemeentes en twee ringe ontvang asook 'n verslag van die Sinodale Taakspan Aktuele- en Leersake (STALS), met versoeke dat die Sinode kragtens Artikel 37 van ons Kerkorde uit algemene sinodale verband sal tree. Die Sinode het op daardie stadium egter geoordeel dat daar nie genoegsame inligting oor die betekenis en implikasies van 'n Artikel 37-besluit voor die vergadering is nie, en is dit na die Moderamen verwys vir ver-dere hantering. Die besluit het gelui:

"Die Sinode versoek die Moderamen om met alle inligting ter tafel en alle besluite deur die Sinode geneem wat daarop betrekking het, en in oorleg met die Taakspan en die reg tot koöpsie, 'n inligtingstuk oor Artikel 37 en kerkverband saam te stel en dit na gemeentes en Ringe vir bespreking te verwys, met terugvoer na die Moderamen voor September 2022. Op grond van die terugvoer ontvang, word die Moderamen dan versoek om te besluit oor die noodsaak om voor die volgende sitting van die Algemene Sinode, 'n buitengewone sitting van die Vrystaatse Sinode saam te roep."

Die Moderamen het hierdie opdrag in April 2022 aan drie tydelike studiegroepe opgedra – oor **Skrifvertolking**; oor ons **Belydenisgrondslag** en oor **Kerkverband en Artikel 37** – met die versoek dat hul algar die nodige inligting rakende hul tema en opdragte sou versamel, dit sou verwerk en dan elk 'n verslag aan die Moderamen oor hul betrokke tema sou voorlê. Die studiegroepe was verteenwoordigend uit die hele Sinode saamgestel en het op verskillende wyses hul werk aangepak – via e-pos, zoom-vergaderings en persoonlike ontmoetings. Die Studiegroep Kerkverband en Artikel 37 het ook twee daglange gesprekke met die Sinodale Taakspan Kerkorde in Winburg gehad, op 4 Augustus 2022 en 16 Februarie 2023. Vorderingsverslae is gereeld na die Moderamen deurgegee en daar is ook twee omsendskrywes na gemeentes en leraars in die Vrystaat uitgestuur.

Op grond van die terugvoer wat die Moderamen ontvang het, is in September verlede jaar besluit dat daar drie **Streekskonferensies** vir verdere gesprekvoering belê moes word. Die Streekskonferensies het op 7, 8 en 9 November 2022 in Kroonstad, Bloemfontein en Betlehem onderskeidelik plaasgevind en is in totaal deur 257 lidmate en leraars bygewoon. Terugvoer uit die konferensies is in VRYPOS van 11 November 2022 gepubliseer (lees by: https://www.ngkerkvrystaat.co.za/portal/login/documents/227_VRYPOS%20%20Jaargang%2020,%20Uitgawe%2017.pdf).

Teen hierdie agtergrond én in die lig van die voortgaande gesprek oor die 2019-besluit van die Algemene Sinode, het die Moderamen op 25 Januarie 2023 besluit om al die gemeentes van die NG Kerk Vrystaat byeen te roep vir 'n Buitengewone Sinodesitting op 18 April 2023.

## 2 TERSAAKLIKE INDRUKKE UIT DIE VERLOOP VAN DIE VRYSTAATSE GESPREK

Die Moderamen het aan die einde van Januarie 2023 geoordeel dat dit nodig is om die volgende perspektiewe oor die verloop van die gesprekke in die Vrystaat sedert Maart 2022 se sinodesitting, met gemeentes te deel:

**2.1 Oriëntering ten opsigte van Artikel 37**

a)Ten opsigte van Artikel 37 spesifiek – uittrede uit algemene sinodale verband al dan nie – is die volgende vir ons duidelik:

Dat die advies van die STK oor die betekenis van Artikel 37, op die volgende neerkom:

•Dat die "samestellende kerke" ter sprake nie afsonderlike gemeentes is nie, maar "sinodes" of dan "kerke" soos die NG Kerk Vrystaat (NGK VS);

•Dat "behoud van regte en voorregte" verwys na wat in Artikel 35 in die Kerkorde uiteengesit is, maar ook 'n gesprek oor eiendomme en fondse sou moes insluit; en

•Dat die frase "so 'n stap voor God en in die lig van sy Woord kan regverdig", 'n teologiese vereiste aan 'n Artikel 37-besluit stel, en nie bloot geografiese- of prakties/organisatoriese kategorieë of net 'n kerkregtelike proses nie; dit lê dus op die vlak van Artikel 1 van ons Kerkorde oor die Skrif en ons gereformeerde belydenisgrondslag – sien hieroor verder punt 3

("Teologiese gronde vir 'n uittrede uit die algemene sinodale verband van NG Kerke") in die Verslag van die Studiegroep Kerkverband, BYLAAG 13.

b)Daar leef 'n verskeidenheid van standpunte onder gemeentes, leraars en lidmate in die NG Kerk Vrystaat oor 'n Artikel 37-besluit, waarvan ons die volgende noem:

•Daar is gemeentes wat kennisgegee het dat hul "doleer" en vra vir 'n uittrede van die NGK VS uit die verband met die AS;

•Daar is gemeentes wat doleer, uit verband met die AS wil tree en indien nodig, dan ook uit verband met die NGK VS;

•Daar is gemeentes wat doleer, maar wat nie noodwendig uit verband met die AS wil tree nie;

•Daar is gemeentes wat nie doleer nie, maar ook nie met die besluite van die AS-2019 oor gayverbintenisse saamstem nie;

•Daar is gemeentes wat nie doleer nie, en ruimte vir hulself vind binne die AS-2019 besluit hetsy of hul daarmee saamstem of nie;

•Daar is lidmate in hierdie nie-dolerende gemeentes, wat nie met AS-2019 saamstem nie;

•Daar is lidmate in dolerende gemeentes wat wél binne die ruimte deur AS-2019 gegee, hulself kan vind en leef; en

•Daar is lidmate in dolerende- en nie-dolerende gemeentes wat hulself nie genoeg ingelig ag óf genoodsaak om gewetensbesluite oor AS 2019 en/of 'n Artikel 37-uittrede te neem nie.

### 2.2 Merkers vir die gesprek oor Artikel 37

Die volgende merkers vir die proses van besluitneming deur die Sinode van die NG Kerk Vrystaat, het in die verloop van gesprekke sedert die sinodesitting in Maart 2022 duidelik geword:

a) 'n Besluit van die NGK VS by die buitengewone sinodesitting in April 2023 moet aan al hierdie groeperinge in en tussen gemeentes in die Vrystaat, 'n "welwillende weg" vorentoe bied; 'n weg waarop nie gewetensdwang nie, maar geloofsonderskeiding die deurslag vir elkeen en ons kerkverband sal gee.

b) Die weg waarna ons soek, is in die eerste instansie 'n "Vrystaatse" weg, dit wil sê ons wil hiermee die konteks waarin ons as Vrystaatse gemeentes ons bevind en hoe dit met ons gemeentes en hul bediening gesteld is, ernstig en in die lig van God se Woord en onder leiding van sy Gees opneem; ons kan ons nie op hierdie stadium laat lei oor wat elders in die land met NG Kerke mag of nie mag gebeur nie, sónder om egter daarmee alreeds ook per implikasie ons rug op die breër verband te draai.

c) Ons is dit met mekaar eens dat hierdie hele proses "gepas en ordelik" moet verloop (1 Kor. 14:40), en daarom nie uitgelewer moet word aan individuele voorkeure of druk of dreigemente van enige kant af nie, maar op 'n ooreengekome kerklike wyse na die welwese van die NG Kerk in die Vrystaat moet soek, en juis daardeur ook 'n getuienis sal lewer na die konteks en tyd waarin ons ons bevind.

d) Dit is ook duidelik dat gegewe die grondwetlike- en juridiese bestel waarin ons as NGK VS ons bevind, sodanige besluitnemingsproses oor Artikel 37 en die uitvoering daarvan van meet af aan getrou sal moet bly aan die aard en wese van die kerk as instelling, die nakoming van haar eie reëls en die sogenaamde universitas-beginsel wanneer dit oor eiendomme, fondse, voorregte en verpligtinge gaan.

e) Bogenoemde oorwegings het ons des te meer laat besef dat hierdie proses egte geloofsonderskeiding vra en daarom in die gees van gebed moet verloop; die Kerk is nie ons s'n nie; ons behoort aan Christus, wie se liggaam hier gestalte aanneem en ons moet in afhanklikheid na Sy leiding soek; waar ons nie seker is nie, moet ons verder wag, bid en luister.

f) Gegewe die uitdagings wat die soeke na so 'n welwillende weg aan ons stel, maar ook die tyd tot ons beskikking en veral onsekerheid oor al die implikasies ánderkant 'n Artikel 37-besluit, voorsien die Moderamen dat die buitengewone sinodesitting in April hoofsaaklik 'n prosesbesluit sal kan neem en dat daar noodwendig 'n "grasietydperk" ná 18 April 2023 voorsien moet word vir verdere uitklaring van prosedures en besonderhede. Ons meen dat die volgende datums of tye voorsiening maak vir so 'n grasietydperk:

| | |
|---|---|
| • Ná 18 April 2023 | Kommunikasie van besluit na gemeentes, ringe en Algemene Sinode |
| • Ná Oktober 2023 | Kommunikasie in die lig van moontlike besluite van die Algemene Sinode |
| • 2024 | Begeleide prosesse, verantwoordelike besluite NGK VS |
| • 2024/2025 | Afhandeling van proses by volgende Vrystaatse Sinode |

## 3 BUNDEL VAN TERSAAKLIKE DOKUMENTASIE VIR OORWEGING DEUR DIE SINODE

Die Moderamen lê hiermee 'n uitgebreide stel dokumentasie of stukke aan die Buitengewone Sinodesitting voor ter motivering van sy besluit om so 'n sitting te belê, sowel as vir die verdere opheldering van standpunte of gevolgtrekkings wat ook in hierdie verslag aan die Sinode voorgelê sal word. Daarmee wil die Moderamen verseker dat gemeentes, kerkrade en leraars volledig ingelig sal wees oor die agtergronde en implikasies van enige besluite rondom Artikel 37 en ons posisie as NG Kerk Vrystaat in algemeen sinodale verband.Die dokumentasie aangeheg, is die volgende:

| | |
|---|---|
| **BYLAAG 1:** | Ring van Smithfield met beskrywingspunte van die gemeentes Bethulie, Dewetsdorp, Smithfield, Wepener, VanStadensrus, Edenburg, Hobhouse en Zastron (2022) |
| **BYLAAG 2:** | Beskrywingspunt van die gemeente Pellissier (2022) |
| **BYLAAG 3:** | Beskrywingspunte van die Ring van Heilbron (2022) |
| **BYLAAG 4:** | Beskrywingspunt van die gemeente Petrus Steyn (2022) |
| **BYLAAG 5:** | Beskrywingspunte van gemeentes Bloemvallei en Leeuberg (2022) |
| **BYLAAG 6:** | Beskrywingspunte van die gemeente Kestell (2022) |
| **BYLAAG 7:** | Verslag van die Sinodale Taakspan Aktuele en Leersake (STALS) |
| **BYLAAG 8:** | Besluit van die Algemene Sinode 2011 en 2013 oor die Bediening van Bevryding en oor die Bose |
| **BYLAAG 9:** | Besluit van die Algemene Sinode 2019 oor Selfdegeslagverbintenisse |
| **BYLAAG 10:** | Gespreksdokument van die ASM oor kontoere vir die verstaan van die AS 2019-besluit en die hantering daarvan sedertdien |
| **BYLAAG 11:** | Verslag van die Studiegroep Skrifbeskouing en -hantering aan die NG Kerk Vrystaat (Streekskonferensies November 2022) |
| **BYLAAG 12:** | Verslag van die Studiegroep Belydenisgrondslag aan die NG Kerk Vrystaat (Streekskonferensies November 2022) |
| **BYLAAG 13**: | Verslag van die Studiegroep Kerkverband en Artikel 37 aan die NG Kerk Vrystaat (Streekskonferensies November 2022) |
| **BYLAAG 14**: | Advies van die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) aangaande Artikel 37 (November 2022) |
| **BYLAAG 15:** | Besluite van die NG Kerk Vrystaat (2022) oor teologiese opleiding. |
| **BYLAAG 16:** | Uitgebreide motivering by Opsie B voor Vrystaatse Sinode, April 2023 |
| **BYLAAG 17:** | Advies van die Algemene Taakspan Regte (ATR, Maart 2023) |

**BYLAAG 18:** Een uitgebreide motivering by Opsie E voor die Vrystaatse Sinode

**BYLAAG 19:** 'n Ander uitgebreide motivering by Opsie E voor die Vrystaatse Sinode

## 4 OPSIES VIR DIE NG KERK VRYSTAAT

Die Moderamen het teen die agtergrond van al die bogenoemde inligting en ons gesprekke, tot die gevolgtrekking gekom dat sou die vraag "Moet die NG Kerk Vrystaat uit algemene sinodale verband tree kragtens Artikel 37?" aan die Sinode gestel word, die vergadering een van die volgende opsies as keuse kon uitoefen en dus só besluit:

**A. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat neem nie nou 'n besluit in terme van Artikel 37 van die Kerkorde nie.**

Kort Motivering:

Soos ook ander sinodes (Goudland & Namibië) vir eers volstaan het met besluite, in afwagting van die uitkoms van die Algemene Sinode 2023, kan die Sinode van die NG Kerk Vrystaat ook besluit om nie nou 'n verdere besluit kragtens Artikel 37 te neem nie.

Kerkregtelike Advies (STK):

Dit is kerkordelik moontlik.

Die implikasie van so 'n besluit is dat die beskrywingspunte van Maart 2022 nie verder behandel word nie, maar van kennisgeneem en op die tafel van die Vrystaatse Sinode sou kon bly vir verdere oorweging. Hoewel dit mag lyk na uitstel of "te bang wees" om 'n besluit te neem, mag dit wel ook 'n goeie en deurdagte opsie wees om na verdere leiding deur die Gees te soek en tyd vir verdere nadenke te gee; "met tyd kom raad". Daar is in die komende Algemene Sinode afgevaardigdes uit alle sinodale streke wat met dieselfde vrae as ons worstel en meerdere wysheid bring dalk beter leiding hieroor. 'n Besluit om nie nou verdere besluite te neem nie, mag dus weloorwoë en konstruktief wees.

Hierdie opsie hou geen kerkregtelike risiko of uitdagings in nie, behalwe dat daar lidmate mag wees wat nou gewoon mag besluit om die NG Kerk Vrystaat te verlaat omdat die kerk nie 'n besluit wou neem nie.

**B. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat neem nie 'n besluit in terme van Artikel 37 van die Kerkorde nie, maar versoek die Algemene Sinode in Oktober 2023,**

1. om Artikel 32 van die Kerkorde sodanig te wysig dat dit voorsiening maak vir die stigting van 'n afsonderlike teologies-kategoriale (elfde) sinode van die NG Kerk òf vir die omskepping van een van die bestaande (tien) sinodes in 'n teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk met "oop grense", deur naamlik te lui dat "Die Sinode saamgestel (word) uit afgevaardigdes van gemeentes wat verkieslik geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/ Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring deur die betrokke sinode/sinodale kommissie" (soos gemotiveer in Bylaag 16);

2. om ná die besluit om Artikel 32 sodanig te wysig, gunstige oorweging te skenk aan die moontlikheid om in beginsel, só 'n teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk tot stand te bring;

3. en om bestaande sinodes van die NG Kerk te versoek om dit vir gemeentes moontlik te maak om by so 'n teologies-kategoriale sinode aan te sluit en die prosesse van herindeling aan die hand van die Kerkorde verder te bestuur;

en gee kennis dat indien die Algemene Sinode van Oktober 2023 nie hierdie versoek goedkeur nie, die NG Kerk Vrystaat by 'n volgende gewone òf buitengewone sinodesitting finale opsies in die lig van die Algemene Sinode se besluite sal oorweeg, waarvan een 'n uittrede kragtens Artikel 37 kan wees.

Kort Motivering:

Die NG Kerk Vrystaat versoek hiermee die Algemene Sinode om in Oktober 2023 'n besluit te neem om die Kerkorde te wysig en 'n kerkregtelike proses te begin waardeur "ruimte gemaak word" vir die (twee) "vasgeloopte Skrifvertolkings" binne die NG Kerk en die uiteenlopende standpunte oor o.a. SGV. Anders as waar 'n kerkregtelike bepaling en konstitusionele bedeling (1862), geografiese faktore òf ander praktiese oorwegings (1962, 1995) in die verlede die basis was vir die verdeling van bestaande sinodes of daarstelling van 'n nuwe sinode van die NG Kerk (Art. 32) òf in die geval van kategoriale ringe 'n taalverskil, gaan dit hier om 'n teologiese verskil van oortuiging (t.o.v. Skrif- en belydenisbeskouing – Art. 1). Gemeentes word dus toegelaat om op 'n geordende wyse hulself in so 'n elfde sinode te hergroepeer òf om oor tradisionele geografiese grense, by 'n bestaande sinode wat sigself teologies-kategoriaal sou herdefinieer, aan te sluit. Dit sou só 'n nuwe teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk dan vrystaan om in die toekoms as geheel uit algemene sinodale verband te tree, kragtens Artikel 37.

'n Meer uitgebreide motivering waarmee die NG Kerk Vrystaat 'n bepaalde standpunt sou kon stel, is ontvang en word hierby as Bylaag 16 aangeheg. Dit kan, maar hoef nie noodwendig as deel van Opsie B gelees te word nie.

Kerkregtelike Advies (STK):

Dit is kerkordelik moontlik.

Die implikasies van so 'n besluit sou afhang van hoe die Algemene Sinode Artikel 32 wysig en daardie "teologies-kategoriale bepaling" definieer. Daarná sou die bekende implikasies van Artikel 37 gewoon verder van toepassing wees ('n samestellende kerk, met behoud van regte ens.). Só 'n hergroepering van gemeentes en aansluiting by 'n "elfde sinode" sal noodwendig ook impliseer dat 'n aantal Vrystaatse gemeentes daardie opsie mag uitoefen wat weer implikasies vir ringe, gemeenskaplike werksaamhede, bates en fondse van die huidige NG Kerk Vrystaat sal hê.

Hierdie opsie hou die kerkordelike risiko of uitdaging in dat wanneer so 'n elfde sinode sou besluit om uit algemene sinodale verband te tree, dit op grondvlak gemeentes, leraars en lidmate se posisie in die NG Kerk sal verander.

In hierdie opsig moet die jongste advies van die Algemene Taakspan Regte (ATR, 2 Maart 2023 – Bylaag 17) ook in ag geneem word.

**C. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat besluit om in geheel uit algemene sinodale verband te tree op grond van beskrywingspunte wat in Maart 2022 uit gemeentes en ringe ontvang is en kragtens Artikel 37 van die Kerkorde, en begin daarmee 'n proses om kerklike eenheid in die Vrystaat te herstel.**

Kort Motivering:

Die NG Kerk Vrystaat handhaaf haar kerklike selfstandigheid en teologiese identiteit o.g.v. Artikel 1 en belydenisoorwegings rakende kerkverband ens., en besluit om uit algemeen sinodale verband te tree en daarmee ook 'n proses van gesprekke binne ons eie sinode en tussen gemeentes te begin om die meningsverskille en vervreemding vanweë besluite oor SGV, die Bose, verbandhoudende etiese kwessies en teologiese opleiding met mekaar uit te klaar. Dit staan die NG Kerk Vrystaat dan ook vry om self eie ekumeniese verbintenisse ens. aan te gaan.

Kerkregtelike Advies (STK):

Dit is kerkordelik moontlik. Trouens, 'n samestellende kerk soos die NG Kerk Vrystaat het die vryheid om dit te doen kragtens Artikel 37, d.w.s. sonder enige belemmering vanaf die NG Kerk in algemene sinodale verband. Op dié wyse word die beskrywingspunte van Maart 2022 dan hanteer, gerespekteer en afgehandel.

Die kerkordelike implikasie hiervan is dat sodanige uittrede elke gemeente insluit wat deel is van die samestellende kerk, d.w.s. al die gemeentes van die NG Kerk Vrystaat (vgl Kerkorde Vrystaat, Besluite by Artikel 3, punt 3.1). So 'n uitgetrede kerk is met al sy gemeentes nie langer institusioneel en organisatories deel van die NG Kerk in algemene sinodale verband nie (Artikel 37, vgl die bewoording in die besluite van die Konvensie in die Handelinge AS 1962: "... besluit die Konvensie nou tot herstel van die organisatoriese kerkverband deur die stigting van die Algemene Sinode van Die Nederduitse Gereformeerde Kerk"). Dit beteken dat daar ook 'n besluit oor 'n "nuwe" Kerkorde vir hierdie uitgetrede kerk geneem sal moet word, en waarin daar uitdrukking gegee sal moet word oor sake soos lidmaatskap, beroepbaarheid en ander kwessies wat nou vanselfsprekend is vanweë ons onderlinge verbintenis aan mekaar. Tree die Vrystaat Sinode uit die verband met die Algemene Sinode, is hierdie onderlinge verbintenisse en ooreenkomste nie meer vanselfsprekend en sal dit van vooraf onderhandel moet word. Die Algemene Sinode sou na alle waarskynlikheid Reglement 26 moet hersien en aanpas.

Daar is kerkregtelik bepaalde risiko's en uitdagings aan hierdie besluit verbonde. Die sinode van die samestellende kerk – die NG Kerk Vrystaat – kan die besluit om uit te tree selfstandig neem, ter vergadering, soos met enige ander besluit wat kerkordelik op die terrein van die sinode lê (vgl Kerkorde Artikel 35). Gemeentes hoef nie gekonsulteer te word nie, en hulle instemming hoef nie verkry te word nie. Dit sluit egter nie besware teen so 'n besluit uit nie. "Lidmate of 'n kerkraad of 'n ring… kan… skriftelik by die Algemene Sinode daarteen appelleer" (AS Reglement 23, punt 4.4.1). Die appèlliggaam kan besluit om die uitvoering van die besluit op te skort tot by afhandeling van die appèl (AS Reglement 23, punt 4.1.5). Die Vrystaatse Sinode sou wel kón besluit om gemeentes vooraf eers op een of ander manier amptelik oor hierdie opsie te konsulteer en/of hulle instemming daarvoor te kry. Instemming kan ook by wyse van approbasie geskied, deurdat die sinode wag totdat alle gemeentes gereageer het en sou 'n meerderheid van gemeentes dit wel goedkeur, die besluit dan deur die Moderamen te laat bekragtig en na die Algemene Sinode deur te gee. Daar is geen kerkordelike beletsel teen so 'n werkswyse nie, maar dit sal baie goed bestuur moet word ten einde risiko's uit te skakel.

**D. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat besluit om in beginsel tydelik òf ten dele kragtens Artikel 37 uit algemene sinodale verband te tree, deur**

1. die Algemene Sinode te versoek om Artikel 32 van die Kerkorde sodanig te wysig dat dit voorsiening maak vir die totstandkoming van 'n afsonderlike teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk met "oop grense" sodat dit sal lui dat "Die Sinode saamgestel (word) uit afgevaardigdes van gemeentes wat verkieslik geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring deur die betrokke sinode/sinodale kommissie";

2. terselfdertyd aan die Algemene Sinode kennis te gee dat die NG Kerk in die Vrystaat in beginsel besluit het om in twee kerkvergaderinge te verdeel en met 'n ordelike proses tot daardie uiteinde begin het wat op die totstandkoming van 'n tweede – teologies-kategoriaal gedefinieerde – sinode van die NG Kerk Vrystaat kan uitloop;

en besluit voorts om na gelang van die Algemene Sinode se besluit oor 'n wysiging van Artikel 32 al dan nie,

3. òf as geheel tydelik kragtens Artikel 37 uit algemeen sinodale verband te tree, en met 'n proses te begin om in twee kerkvergaderinge te verdeel wat uiteindelik daarop sal uitloop dat gemeentes wat binne algemeen sinodale verband wil bly op 'n vasgestelde ooreengekome datum weer sou kon terugtree na die Algemene Sinode en ander gemeentes wat nie in algemene sinodale verband wil bly nie, op hul eie weg vrygemaak van die Algemene Sinode verder sal kan gaan (sien punt 8 hieronder);

4. òf om eers 'n proses te begin om in twee kerkvergaderinge te verdeel wat uiteindelik daarop sal uitloop dat gemeentes wat binne algemeen sinodale verband wil bly, gewoon voortgaan as NG Kerk Vrystaat, en dat ander gemeentes wat nie in algemeen sinodale verband wil bly nie, uiteindelik uit die NG Kerk Vrystaat kan tree en op hul eie weg vrygemaak van die Algemene Sinode sal kan voortgaan (sien punt 8 hieronder);

met dien verstande dat

5. op beide weë die proses van kommunikasie met die Algemene Sinode en die verdeling binne die NG Kerk Vrystaat onder leiding van die Moderamen sal verloop en aan die hand van 'n voorafooreengekome Interimkerkorde (in geval van punt 3, "tydelike uittrede") òf van die bestaande Kerkorde van die NG Kerk (in geval van punt 4, "eers verdeel en dan ten dele uittree"), en beide Vrystaatse kerkvergaderinge word versoek om hul eie verteenwoordigende leierskap te verkies met die oog op die nodige onderhandelinge;

6. op beide weë daar 'n grasietydperk (2023) voorsien word waarin hierdie twee kerkvergaderinge binne die NG Kerk Vrystaat met mekaar onderhandel en ooreenkom rakende onderlinge verhoudinge, lidmaatskap, bevoegdhede, kerkorde, huidige gesamentlike werksaamhede en die verdeling van eiendomme, fondse en verpligtinge;

7. op beide weë daar aan die begin van die proses wanneer die Sinode so 'n beginselbesluit neem én aan die einde van die

proses wanneer alle onderhandelinge afgehandel en ooreenkomste gefinaliseer is, 'n grasietydperk aan gemeentes gegee word om te besluit by welke van die twee afsonderlike kerkvergaderings hul hulself wil voeg; en

8. word die proses van 'n verdeling van die NG Kerk Vrystaat by 'n volgende gewone òf buitengewone sinodesitting in 2024 of 2025 voltrek.

Kort Motivering:

Dit is uit gesprekke die afgelope jaar duidelik dat daar twee uiteenlopende standpunte/posisies binne die NG Kerk Vrystaat bestaan (gemeentes wat met die AS 2019-besluit saamgaan en ruimte daarin vind; ander gemeentes wat die betekenis en implikasies van die AS 2019-besluit verwerp) en dat daar nie maklik 'n versoenbare middeweg vir hierdie gemeentes te vinde is nie. Die Sinode behou dus vir 'n interimtydperk die Kerkorde van die NG Kerk in Suid-Afrika (algemeen sinodaal) en begin binne daardie veilige en ordelike ruimte, skeidingsgesprekke en 'n verantwoordelike, billike kerkregtelike proses. Niemand word gedwing nie, maar dit staan gemeentes vry om twee keer – aan die begin en aan die einde van die proses – te kies volgens hul oortuiging in die lig van die Skrif. Dit stuur die proses dus nou in 'n definitiewe rigting, en die werklike uittrede uit die algemene sinodale verband vir gemeentes wat wil, word aan die einde van die proses amptelik voltrek.

Kerkregtelike Advies (STK):

Hierdie opsie is kerkordelik moontlik, maar moeilik.

Artikel 32 van die Kerkorde sal in elk geval uiteindelik gewysig moet word (vgl. Opsie B) en die Algemene Sinode of die ASM (vgl. sy Reglement) sal so 'n verdeling moet goedkeur om aan daardie kerkvergadering wat van voorneme is om uit te tree, 'n "locus standi" te verleen – volgens die voetnota by Artikel 37 is dit net 'n "samestellende kerk" ("sinode") wat uit algemeen sinodale verband kan tree. Daardie "kerkvergadering" sal dus as 'n eie sinode gekonstitueer moet wees voordat hulle 'n besluit om uit te tree, sal kan neem; dit kan dus òf vooraf die hele Vrystaatse Sinode wees òf dan ná verdeling, slegs een deel/die nuwe sinode wees...

Die kerkordelike implikasie hier is in wese dat daar 'n (kleiner) elfde sinode binne die algemeen sinodale verband van die NG Kerk tot stand gaan kom, hoewel waarskynlik net vir 'n kort wyle – dus, tydelik.

Die kerkregtelike risiko of uitdaging is dieselfde as by Opsie B. Die een "Vrystaatse Sinode" sal dus nie meer geografies ingedeel wees nie, maar teologies-kategoriaal en dit sal praktiese uitdagings meebring van afstand, kostes en effektiewe funksionering asook die onderlinge verhoudinge met ander gemeentes in die "ouer" Vrystaatse Sinode. Die tweede weg – sien punt 4 (waar daar binne die ruimte van die huidige Kerkorde onderhandel word, sou die Algemene Sinode dit ook so goedkeur) – is nietemin 'n beter uitweg as die eerste – punt 3 – naamlik dat die hele sinode van die NG Kerk Vrystaat uit verband tree (Art. 37), daarna in twee sinodes verdeel en een deel (sinode) dan weer terugtree in algemene sinodale verband en die ander sy eie weg verder volg. Vir só 'n opsie – punt 3 – sou daar eers 'n nuwe interimkerkorde opgestel en goedgekeur moes word.

**E. Die NG Kerk Vrystaat besluit om <u>nie</u> kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, <u>maar om met die Algemene Sinode van Oktober 2023</u> <u>in gesprek te tree en</u>**

1. haar standpunt ten opsigte van die Skrif en ons belydenisgrondslag as 'n gereformeerde kerkverband (soos gestel in besluite van die Sinode in Maart 2022 geneem) aan die Algemene Sinode deur te gee;

2. haar standpunt ten opsigte van sake soos in die genoemde beskrywingspunte van Maart 2022 geopper – ten opsigte van die huwelik, selfdegeslagverbintenisse en menslike seksualiteit; ten opsigte van die Bose; en ten opsigte van teologiese opleiding – by wyse van 'n beskrywingspunt(e) soos in BYLAAG 18 òf BYLAAG 19 uiteengesit, aan die Algemene Sinode oor te dra;

3. in die lig van hierdie standpunte van die NG Kerk Vrystaat (punt 1 en 2 hierbo), die Algemene Sinode te versoek om genoemde ter saaklike besluite van 2019 en vroeër in heroorweging te neem;

4. binne die ruimte van die Kerkorde (Artikels 23 en 35) opnuut haar verhouding met die Algemene Sinode uit te klaar en dié in Oktober 2023 te versoek om oor die toekomstige funksionering van ons algemeen sinodale kerkverband te herbesin;

5. verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oop sien om verder met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo uitgespel (punte 1 tot 4) nie na bevrediging slaag nie – met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan "met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam" (sou alle lidmate daartoe toestem), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree.

Kort Motivering:

Die Sinode is oortuig dat daar binne die Kerkorde genoeg ruimte voorsien is vir 'n sinode soos die NG Kerk Vrystaat om kragtens ons gereformeerde kerkbegrip en kerkregering 'n eie standpunt oor teologies-etiese sake in te kan neem en om op grond daarvan met die algemene sinodale verband in gesprek te kan tree. Verder het verskeie studiegroepe, gemeentes, ringe en die streekskonferensies die afgelope twee jaar hul tyd en aandag gewy aan die bevestiging van ons eie standpunt oor die Skrif, ons belydenisgrondslag, ons verstaan van kerkverband en 'n aantal teologiese sake (ook oor opleiding) – dit kan inderdaad as een van die kerklike middele by wyse van 'n beskrywingspunt ook so aan die Algemene Sinode in Oktober oorgedra word. Terselfdertyd verstaan ons dat daar gemeentes is vir wie die einde van die pad reeds gekom het, en dat hulle in alle opsigte vry wil kom – die Sinode van die NG Kerk Vrystaat aanvaar dit so en maak die deur by wyse van spreke vir sulke gemeentes oop met die oog op 'n kerklik welwillende weg. Dit moet egter steeds "gepas en ordelik" en in die lig van die Skrif verloop, asook dienooreenkomstig die grondwetlike bestel waarin ons ons bevind.

Kerkregtelike Advies (STK):

Punte 1 tot 4 van hierdie opsie is volgens ons Kerkorde moontlik; dít is hoe ons ons kerkverband en funksionering verstaan. Punt 5 sou volgens Artikel 23.5 ook vir gemeentes moont-

lik wees om uit die kerkverband (dan NG Kerk Vrystaat) te tree, omdat die Kerkorde niks hiervoor òf hierteen stel nie, maar dan sou dit benewens kerkordelike bepalings ook aan siviel-regtelike vereistes moes voldoen, mits die hele gemeente daartoe instem (die sogenaamde "universitas-beginsel"). Wat is die kerkordelike implikasies van so 'n besluit? Van die implikasies by Opsie B sou ook hier geld. Die volgende sal egter baie goed inaggeneem moet word: Beteken "die hele gemeente" al die aktiewe lidmate of almal wie se name formeel in die lidmaatregister van die gemeente is? Die Vrystaatse Sinode se besluite by Kerkordeartikel 3 is ter sake: Punt 3.4.5 Sodra 'n lidmaat uit 'n gemeente vertrek, verval sy lidmaatsvoorregte in die gemeente wat hy verlaat, tensy hy skriftelik met die bepaalde gemeente reëlings betreffende sy voortgesette lidmaatskap getref het. Punt 3.4.6 Hy het geen lidmaatsregte in die nuwe gemeente voordat sy attestaat of bewys van lidmaatskap ingedien is nie. Aangesien die universitasbeginsel 'n siviele regsaangeleetheid is, is dit verder ook moontlik dat slegs mondige lidmate hier ter sake is (21 jaar en ouer). Verdere regsadvies sal dus hier noodsaaklik wees indien 'n gemeente dié roete wil volg en sal kwessies soos lidmaatskap, beroepe, pensioen, fondse, ens. vooraf onderhandel moet word. In die lig van onsekerheid oor vrae soos hierbo gestel, sal daar waarskynlik eers regsekerheid verkry word wanneer 'n bepaalde geval in die siviele hof getoets is. Die sake in die geskiedenis tussen die VGKSA en die NGKA het perspektief hierop gebied, asook in die geval van die Hervormde Kerk, maar verskillende kontekste en kerkregtelike gronde (Kerkordes) moet deeglik verreken word. Die uittrede van 'n gemeente sal by gebrek aan 'n toepaslike kerkordelike reëling, siviel-regtelik geweeg moet word. Sien in hierdie verband ook die advies van die ATR (Bylaag 17).

**F. Die Sinode van die NGK VS besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie.**

Kort motivering:

Uit gesprekke en bespreking tydens die 2022 Vrystaatse Sinode en die drie streekbyeenkomste in November 2022, blyk dit dat daar lidmate en leraars is wat nie ten gunste van uittrede is soos versoek in sommige beskrywingspunte nie, maar wat tevrede is met die besluite van die Algemene Sinode oor die sake wat in die beskrywingspunte en ander verslae voor die sinode gedien het, aangespreek is.

Kerkregtelike Advies (STK):

Dit is kerkordelik moontlik.
Die implikasie van so 'n besluit is dat die beskrywingspunte van Maart 2022 nie verder behandel word nie, maar van kennis geneem en dit daarby gelaat word. Die Vrystaatse Sinode besluit ook nie om verder hieroor met die Algemene Sinode in gesprek te tree nie. Dit sou verstaan kon word as dat die Vrystaatse Sinode hiermee per implikasie kies teen versoeke vir 'n welwillende weg van verdeling, met al die implikasies wat so 'n keuse vir gemeentes inhou wat nie meer met die Algemene Sinode geassosieer wil wees nie. Hierdie opsie hou dus kerkregtelik 'n risiko vir die NG Kerk Vrystaat in geheel in, aangesien gemeentes wat doleer of lidmate wat nie met die besluite van die Algemene Sinode 2019 wil saamgaan nie, eintlik dan net met een of meer van drie keuses gelaat word: Of hul berus by die besluit van die Vrystaatse Sinode, wat dan ook impliseer 'n berusting by die ruimtes wat deur die 2019-besluit van die Algemene Sinode geskep is; òf hul gaan die weg van oorreding op om as gemeentes met volle instemming van alle lidmate (sien die advies by Opsie E) uit die NG Kerk Vrystaat te tree; òf hul bedank as individuele lidmate en leraars uit hul gemeentes, wat beteken verlies van bevoegdheid en "voorregte" soos toegang tot die sakramente, deelname aan die pensioenfonds en mediese skema en ander groepsvoordele. Vir die NG Kerk Vrystaat as verband van gemeentes, mag dit gevolglik ook uitloop op verdere verdeeldheid en druk op die werksaamhede van die Sinode, met bv. 'n daling in pro rata-bydraes.

## 5 PROSEDURELE BESLUITE VAN DIE MODERAMEN

In sy vergadering van 8 Maart 2023, het die Moderamen die volgende besluite geneem oor die orde en verloop van die Buitengewone Sinodesitting:

5.1 Die Moderamen bevestig dat die beskrywingspunte, verslae en besluite soos waarna in die meegaande dokumentasie verwys is (Bylaes 1 tot 7 en 15) deur die Sinode van die NG Kerk Vrystaat in Maart 2022 ontvang en hanteer is, en as sodanig in die handelinge van daardie Sinode opgeneem is.

5.2 neem kennis van die dokumentasie wat as Bylaes 8 tot 10, 11 tot 14 en 17 by hierdie verslag aangeheg is.

5.3 besluit dat dokumentasie in Bylaes 16, 18 en 19 hanteer word wanneer daardie spesifieke opsies deur die Sinode oorweeg en besluit moet word.

5.4 besluit dat die agenda en bylaes vir die Buitengewone Sinodesitting soos vooraf aan gemeentes versend, vir insae beskikbaar is ter wille van 'n wye en deursigtige gesprek in die NG Kerk Vrystaat, maar doen ook 'n beroep op alle leraars en lidmate om dit op 'n verantwoordelike wyse en met integriteit te hanteer ter wille van die groter saak wat hier vir ons as kerk op die spel is.

5.5 besluit dat amendemente op enige van die opsies wel ontvanklik is en vooraf deur afgevaardigdes ingestuur kan word, maar dat dit die skriba nie later as om 12:00 op Dinsdag, 11 April 2023 moet bereik nie, en dat sodanige amendemente dan deur die Interimkomitee, STK en Studiegroep Kerkverband bestudeer sal word om oorvleueling ens. uit te skakel en aan die Moderamen voorgelê sal word sodat dit teen Vrydag, 14 April 2023 aan alle afgevaardigdes beskikbaar gestel kan word.

5.6 besluit dat hierdie verslag as deel van die Agenda vir die Buitengewone Sinodesitting ter aanvang van die Sinode deur die voorsitter gestel en kortliks toegelig sal word – ook elk van die opsies soos uiteengesit – waarna die bespreking as volg sal verloop:

a) 'n Eerste gespreksrondte van 45 tot 60 minute in kleingroepsgesprekke;

b) 'n Tweede, oop gespreksrondte oor enige van die opsies soos wat 'n afgevaardigde sou wou, en elke afgevaardige twee spreekbeurte sou kon benut (eers 5 minute, dan 3 minute);

c) Tydens hierdie tweede gespreksrondte, sou daar ook geleentheid wees om die amendemente soos ingestuur en deur die Moderamen vir voorlegging goedgekeur, te motiveer – dieselfde reëling geld vir die tydsduur van 'n spreekbeurt rakende die amendement.

5.7 besluit dat ná die tweede gespreksrondte, daar eerstens

besluite oor enige amendemente geneem sal word, waarná die onderskeie opsies gelyktydig in 'n eerste stemming voor die vergadering gestel word.

5.8 besluit dat hierdie eerste stemming per geslote stembrief en dus vertroulik, geskied en dat die uitslag van hierdie stemming per opsie, bekend gemaak sal word.

5.9 besluit dat ná die eerste stemming, die aantal opsies wat die meeste stemme ontvang het, in 'n derde gespreksrondte van beredenering en moontlike amendering voor die vergadering gestel word.

5.10 besluit dat wanneer daar genoegsame bespreking van die finale twee of drie opsies plaasgevind het – ook, indien nodig, 'n oorweging van laaste amendemente – daar eerstens besluite oor enige amendamente geneem sal word, waarná die finale opsies gelyktydig in 'n tweede rondte stemming voor die vergadering gestel word.

5.11 besluit dat hierdie stemming weereens per geslote stembrief en dus vertroulik, geskied en dat die uitslag van hierdie stemming per opsie, bekend gemaak sal word.

5.12 besluit dat indien enige van die finale opsies 'n volstrekte meerderheid van stemme verkry het, daarmee volstaan word as die keuse van die NG Kerk Vrystaat; indien nie, dat die twee opsies wat die meeste stemme ontvang word, in 'n derde rondte stemming voor die vergadering gestel word. Ook hierdie stemming geskied per geslote stembrief.

5.13 besluit dat by 'n staking van stemme die voorsitter versoek word om nie sy beslissende stem te gebruik soos die Reglement van orde bepaal nie, maar dat daar een keer oorgestem word, en indien daar dan weer 'n staking van stemme is, die lot gewerp word (vgl. VS Reglement 2, punt 2.2).

5.14 besluit dat ná die bekendmaking van die finale stemming, verdere kommunikasie oor en die uitvoering van die besluit van die Sinode dan aan die Moderamen opgedra word ooreenkomstig die uiteensetting en motivering daarvan soos by die betrokke opsie voorgestel is.

5.15 Ooreenkomstig die Reglement van Orde, besluit die Moderamen dat

a) 'n Verlofkommissie aangewys word, bestaande uit lede van die STK en personeel van die sinodale kerkkantoor, onder leiding van die skriba, wat noukeurig kontrole oor die getal afgevaardigdes en stemgeregtigdes in die vergadering sal uitoefen;

b) bevestig dat slegs afgevaardigdes wat met amptelike geloofsbriewe na die Sinode gestuur is, stemgeregtig is en aan die debatte mag deelneem;

c) 'n Kommissie van Orde aangewys word, onder leiding van dr. Johan Nel (Seminariumbestuurder) en bestaande personeel van die wat as stemtellers sal optree; en

d) dat beide hierdie kommissies telkens sal bekendmaak hoeveel die aantal stemgeregtigdes is en wat 'n volstrekte meerderheid daarvolgens behoort te wees.

## 6 SLOT

Hiermee sluit die Moderamen sy verslag aan die Sinode af, in die vertroue dat aan die opdrag soos in Maart 2022 gegee, na die beste van sy wete en vermoë voldoen is. Die Moderamen wil ook hiermee sy dank betuig teenoor almal wat in die onderskeie studiegroepe en by die streekskonferensies aan die breër gesprek deelgeneem het en deur hul insette tot hierdie verslag bygedra het.

Mag dit 'n instrument wees in die hand van die Here aan Wie ons almal behoort, tot heil van sy kerk en koninkryk hier in die Vrystaat.

**Moderamen van die NG Kerk Vrystaat**

**8 Maart 2023**

# RING VAN SMITHFIELD MET BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE GEMEENTES BETHULIE, DEWETSDORP, SMITHFIELD, WEPENER, VANSTADENRUS, EDENBURG, HOBHOUSE EN ZASTRON (2022)

150 ONBLUSBAAR NG Kerk Vrystaat | RING VAN SMITHFIELD

3 Junie 2021

Skriba van die Vrystaat Sinode

**BESKRYWINGSPUNT: VRYSTAAT SINODE 6 – 12 SEPTEMBER 2021**

Bygaande besorg ek aan u 'n selfverklarende skrywe, asook skrywes van afsonderlike gemeentes in ons Ring, wat die Ring se besluit van 19 April 2021 verwoord.

Die Ring van Smithfield sal dit waardeer indien u 'n besprekingspunt oor die onderwerp aan die Ring sal toe sê. Die inleier sal ds Kobus Dippenaar van NG Gemeenge Bethulie wees.

Baie dankie en sterkte met u taak.

**Ds Horace van Coller**
**SKRIBA: RING VAN SMITHFIELD**

Voorsitter: Ds Kobus Dippenaar | Tel/faks: 051 763 0074 | Sel: 082 922 7660 |
Kantoor - Skriba: Ds HE van Coller | Tel: 051 541 0023 | Sel.: 082 776 3421 I Faks: 086 559 0151 | E-pos: ngdewetsdorp@absamail.co.za
Posbus 130 | Dewetsdorp 9940
*150 Jaar – **Onblusbaar***



## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE BETHULIE


**Posbus 17**
**BETHULIE**
**9992**

**Tel:** 082 410 1932
**E-pos:** ngkerkbethulie@yahoo.com

**Kantoorure:**
Maandae 09:00 - 13: 00 en 14:00 - 17:00
Vrydae 09:00 - 12:00


Die Skriba
Ring van Smithfield

1 Junie 2021

**BESLUITE VAN DIE 2019 ALGEMENE SINODE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGE /VERBINTENISSE**

Die kerkraad van die NG Gemeente Bethulie het op 12 Oktober 2020 die besluite van die 2019 Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse in bespreking geneem. Die gemeente het doleer en die volgende besluite is geneem:

1. Die kerkraad van Bethulie is oortuig dat die 2019 Algemene Sinode se besluite oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse in stryd is met die Woord van God.

2. Die kerkraad verwerp in geheel die 2019 Algemene Sinode se besluite oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse.

3. Die kerkraad distansieer hom van die bevordering van die Algemene Sinode se Skrif-afwykende aksies en afvalligheid oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse.

4. Die kerkraad is bekommerd oor die leierskap in die kerk. Belangrike besluite word geneem met uiters swak of geen verteenwoordiging van gemeentes nie. Die stem van veral die plattelandese gemeentes word nie gehoor nie. Dit bekommer ons dat besluite van uiterste belang (soos SGV) geneem is sonder dat gemeentes en lidmate die geleentheid gehad het om inspraak te lewer.

5. Die kerkraad verwerp die Algemene Sinode se besluit dat elke kerkraad volgens sy oortuiging kan optree rakende selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse. Daar is vir ons net een waarheid en dit is soos dit vir ons in die Woord van God geopenbaar is.

   Ons vertrou dat hierdie skrywe aan die Vrystaat Sinode en die Algemene Sinode gestuur sal word.

Geteken deur kerkraadsvoorsitter, IJ Jacobs

**BESKRYWINGSPUNT VIR DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT 6 – 12 SEPTEMBER 2021**

## DIE RING VAN SMITHFIELD

**BESLUITE VAN DIE 2019 ALGEMENE SINODE OOR**

**SELFDEGESLAGVERHOUDINGE/VERBINTENISSE**

Die Ring van Smithfield het tydens die Ringsitting van 19 April 2021 die besluite van die 2019 Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse in behandeling geneem. Die Ring was dit eens dat hulle beswaard is oor hierdie besluite. Die volgende besluite het hieruit voortgespruit:

1. Die Ring van Smithfield is oortuig dat die 2019 Algemene Sinode se besluite oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse in stryd is met die Woord van God.

2. Die Ring verwerp in geheel die 2019 Algemene Sinode se besluite oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse.

3. Die Ring distansieer hom van die bevordering van die Algemene Sinode se Skrif-afwykende aksies en afvalligheid oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse.

4. Die Ring is diep bekommerd oor die leierskap in die kerk. Gewigtige besluite word geneem met uiters swak of geen verteenwoordiging van gemeentes nie. Die plattelandse gemeentes en lidmate se stem word nie gehoor nie. Dit bekommer ons dat so 'n belangrike saak (SGV) nie eers na elke afsonderlike gemeente verwys is om inspraak te kan lewer nie. Hierdie saak kon op dieselfde wyse as die besluit oor die Belhar Belydenis van destyds hanteer word.

5. Die Ring verwerp die Algemene Sinode se besluit dat elke kerkraad volgens sy oortuiging kan optree rakende selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse. Daar is vir ons net een waarheid en dit is soos dit vir ons in die Woord van God geopenbaar is.

   As bevestiging van bogenoemde besluite word die onderskeie kerkrade van die Ring se besluite hierby aangeheg.

**Aanbeveling:**

1. Die Sinode van die Vrystaat betreur die besluit van die 2019 Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse en verwerp dit in sy geheel.

Geteken namens die Ring

JC Dippenaar (Voorsitter)

H. van Coller (Skriba)

NG Kerk | Dewetsdorp Gemeente
Vrystaat

1 Junie 2021

Die Skriba

Ring van Smithfield

**SELFDEGESLAG VERHOUDINGS EN ANDER SINODALE BESLUITE**

Die Kerraad van Dewetsdorp het hul misnoë uitgespreek oor die Algemene Sinode 2019 se besluit oor selfdegeslagverhoudings en ook huweliksverbintenisse.

Die kerkraad is van mening dat dit teen die woord van God is en dat daar voldoende bewyse in die Bybel is om die besluit van die Algemene Sinode af te keer. Die kerkraad distansieer hom ook van die die besluit van die Algemene Sinode 2019 rakende selfdegeslag verhoudings en huwelike. Die kerkraad van Dewetsdorp NG Gemeente is ook ongelukkig oor die feit dat die Algemene Sinode ook besluite neem sonder om werklik met gemeentes te konsulteer.

Ook die feit dat gemeentes hulle eie besluite mag neem is nie vir die kerkraad aanvaarbaar nie. Die kerkraad voel ook dat hul leiding van bo moet kry, veral oor aktuele sake.

Ons glo dat hierdie skrywe in die regte lig gesien sal word.

**Ds Horace van Coller**
**VOORSITTER: Kerkraad**

**M Hoffman**
**Skriba**

Leraar: Ds Horace van Coller | Tel/faks: 051 541 0023 | Sel: 082 776 4321 | E-pos: horacee@webmail.co.za
Kerkkantoor - Skriba: Mev Mareika Hoffman | Kantoorure: Dinsdag – Vrydag 08:00 – 13:00
Tel: 051 541 0559 | Faks: 086 559 0151 | E-pos: ngdewetsdorp@absamail.co.za | Posbus 130 | Dewetsdorp 9940

*150 Jaar – **Onblusbaar***

NG Kerk | Rouxville gemeente
Vrystaat

16 Februarie 2021

**Die Ring van Smithfield**
Skriba van die Ring van Smithfield
Dr Horace Van Coller

Geágte broers en susters

**Die Algemene Sinode-2019 se besluite oor selfdegeslagverhoudinge en verbintenisse**

Die Kerkraad van Rouxville het tydens die Kerkraadsvergadering van 10 November die besluite van die Algemene Sinode-2019 oor selfdegeslagverhoudinge en verbintenisse in behandeling geneem die volgende besluit geneem op 16 Februarie 2021 :

1. Die Kerkraad van Rouxville is oortuig dat die Algemene Sinode-2019 se besluite oor selfdegeslagverhoudinge en –verbintenisse in stryd is met wat die Woord van God ons daaroor leer.
2. Die Kerkraad van Rouxville verwerp in geheel die Algemene Sinode-2019 se besluite oor selfdegeslagverhoudinge en –verbintenisse.
3. Die Kerkraad distansieer hom van die bevordering van die Algemene Sinode se Skrif afwykende aksies en afvalligheid oor selfdegeslagverhoudinge en –verbintenisse.
4. Die Kerkraad van Rouxville is bekommerd oor die leierskap in die kerk . Dit is in terme van " dat die stem van veral die plattelandse gemeentes nie gehoor word nie". Verder kan die Sinode nie besluit dat elke gemeente maar sy eie besluit moet neem nie. Dit lei tot independistiese kerkbestuur. Lidmate vra : Hoe 'n soort leiding word so gegee.

Bogenoemde gebeure en besluite van die Sinode lei daartoe dat lidmate hulle al hoe meer onttrek van die N G Kerk.

Ons glo dat as skriba van die Ring, die saak namens die gemeente sal deurgee aan die Sinode van N G Kerk van die Vrystaat.

Leraar: Ds T de Bruin Skriba : Me M Raubenheimer

Ds T de Bruin
t@lantic.net 0834105544

150 Jaar – Onblusbaar

## Ned Geref Kerk Wepener

**Kerkkantoor:**
Posbus 124
Wepener
9944

Tel/faks: 051 583 1445 / faks: 086 766 7937
E-pos: ngkwepener@gmail.com

22 April 2021

Die Skriba
Ring van Smithfield

Geagte broers en susters

**<u>Die Algemene Sinode se 2019 besluit oor selfdegeslagverbintenisse</u>**

Die Kerkraad van die N.G Gemeente Wepener het op sy vergadering van 24 November 2020 besluit om die Algemene Sinode van 2019 se besluit oor selfdegeslagverbintenisse in sy geheel te verwerp, omdat:

1. Dit in stryd is met wat die Woord van die Here ons leer oor hierdie saak.
2. Dit na die mening nie reg hanteer is nie, deurdat plaaslike gemeentes nie werklik in die saak geken is nie. Ons sou graag 'n opname wou maak van wat elke lidmaat se mening hieroor is.
3. Ons besorg is oor die feit dat uit die Ring van Smithfield, wat bestaan uit nege gemeentes, daar nie 'n enkele verteenwoordiger op die sitting van die Algemene Sinode 2019 was nie.
4. Ons nie daarvoor te vinde is dat elke gemeente maar sy eie besluit rondom hierdie saak kan neem nie.
5. Ons versoek dat hierdie skrywe aan beide die moderamen van die Vrystaat Sinode, sowel as die van die Algemene Sinode gestuur word?

Geteken namens die Kerkraad:

Ds F.J.W. Gottschalk
(Konsulent)

Mev J. Botha
(Skriba)

NG Kerk
Vrystaat

**NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK**
**RENSBURGSTRAAT 243**
**POSBUS 15**
**VANSTADENSRUS**
**9945**

**TELEFOON NOMMER: 051 584 1178**

**E-POS: ngkmook@ntelecom.co.za**

21 April 2021

Die Skriba
Ring van Smithfield

Geagte broers en susters

Besluit van die Algemene Sinode 2019 oor selfdegeslag-verbintenisse

Die Kerkraad van die N.G. Gemeente Vanstadensrus het reeds in November 2019 hierdie besluit eenparig verwerp en besluit om as gemeente te doleer.
In aansluiting daarby wil ons weereens die volgende onder die aandag van die Moderamen van die Vrystaatse Sinode, sowel as van die Algemene Sinode bring :

1. Die kerkraad is oortuig daarvan dat bogenoemde besluit oor selfdegeslagverbintenisse nie strook met wat die Woord van die Here hieroor te sê het nie.
2. Derhalwe verwerp die kerkraad in sy geheel die Algemene Sinode se 2019 besluit oor selfdegeslag-verbintenisse.
3. In aansluiting hierby distansieer die kerkraad hom van die Algemene Sinode se afwykende Skrifbeskouing oor hierdie belangrike saak.
4. Ons is ook bekommerd oor die feit dat so 'n belangrike saak nie eers na elke gemeente spesifiek verwys is, en elke lidmaat se stem gehoor is nie! Dit kon ook op dieselfde wyse as die besluit oor die Belhar Belydenis van destyds hanteer word.
5. Ons versoek dat hierdie skrywe aan die betrokke instansies namens ons gemeente deurgestuur sal word?

Leraar : Ds. F.J.W. Gottschalk   Skriba : Me H.L. Fouche

**NG Kerk** | Edenburg Gemeente

Vrystaat

3 Mei 2021

**Die Ring van Smithfield**
Skriba van die Ring van Smithfield
Dr Horace van Coller

Geagte Broers en Susters

**Die Algemene Sinode 2019 se besluite rakende selfdegeslagverhoudings en –verbintenisse.**

Alhoewel daar nog geen amptelike kerkraadsvergadering in die Edenburg Gemeente gehou is oor bogenoemde onderwerp nie, is die gemeente wel bekommerd oor die besluite van die Algemene Sinode van 2019 en wel om die volgende redes:

1. Die besluit is oorwegend in stryd met wat die Woord ons leer.
2. Die gemeente stem nie saam met die bevordering van die Algemene Sinode se Skrifafwykende aksies en afvalligheid oor die selfdegeslagverhoudings en – verbintenisse nie.
3. Die gemeente is bekommerd oor die leierskap in die kerk. Die gevoel bestaan dat die plattelandse gemeentes nie meer gehoor word nie. Om aan gemeentes die reg te gee om self te besluit hou reperkussies in en wat self kan lei dat gemeentes nie steun van die Algemene Sinode kan ontvang vir hul eie besluite nie.

Ons is 'n kleinerwordende gemeente wat lidmate betref en wil ten alle koste nie meer lidmate op so 'n wyse verloor nie.

Ons vertrou dat die skriba van die Ring die saak namens die gemeente sal deurgee aan die Sinode van die NG kerk van die Vrystaat

Ringsverteenwoordiger NG Kerk
kerk, Edenburg

Voorsitter van NG
Kerk Edenburg

Kerkkantoor - Saakgelastigde: Mnr. C.W Coetzee | Tel: 051 743 1126 | Faks: 086 517 9582 | E-pos: skribangkedenburg@gmail.com
Posbus 36 | Edenburg 9908

*150 Jaar - Onblusbaar*

NG Kerk Vrystaat | Hobhouse Gemeente

25.05.2021

Vir aandag: Algemene Sindale Kommissie

**SELFDEGESLAG – ALGEMENE SINODE BESLUIT**

"Die Kerkraad besluit om via die Ring van Smithfield amptelik aan die ASK kennis te gee, dat die Kerkraad van NGK Hobhouse op geen wyse eens is met die totale besluit aangaande selfdegeslagverhouding nie en onsself eenparig daarvan distansieer".

Ons hoop u vind dit in orde

Ds J J van Zyl Voorsitter Kerkraad

Leraar – Ds J J van Zyl | Sel: 061 543 7819 | E-pos: johnnyvanzyl@gmail.com
Kerkkantoor (Skriba/kassiere): Celia van Rooyen | Sel: 063 451 0213 | Sel: 063 817 6816 | E-pos: cvanrooyen68@gmail.com
E-pos (k): nghobhouse@telkomsa.net | Mullerstraat | Posbus 71 | Hobhouse 9740

NG Kerk | Zastron Gemeente
Vrystaat

Tel: 051-673 1333
Leraar: S.W. Burger
Sel: 079 566 9185
Skriba: H. Wagenaar
E-posadres: ZASNGKERK@webmail.co.za

19 Mei 2021

Geagte Broer en susters

**Die Algemene Sinode 2019 se besluit oor selfdegeslagverhoudinge en verbintenisse**

Die kerkraad van Zastron het alreeds sterk standpunt ingeneem oor hierdie besluit, maar voel dit ook nodig om in die lig van die komende Vrystaat Sinode sitting, in ondersteuning van die Ring van Smithfield die volgende sake weer te opper:

1. Die Kerkraad van Zastron is oortuig dat die Algemene Sinode se besluit oor selfdegeslag verbintenisse in stryd is met wat die Woord van God daaroor leer.
2. Die kerkraad verwerp die Algemene Sinode 2019 se besluit oor Selfdegeslag verbintenisse.
3. Die kerkraad van Zastron distansieer hom van die Skrif afwykende aksies van die Algemene Sinode insake selfdegeslagverhoudinge en verbintenisse
4. As kerkraad is daar 'n diepe bekommernis oor die leierskap van die Algemene Sinode. Dit is ook die gevoel dat die stem van die plattelandse gemeentes nie gehoor word nie. Dit word al hoe meer duidelik dat die ondeurdagte besluite van die Alg Sin kleiner (plattelandse) baie negatief raak aangesien elke lidmaat wat die NGK verlaat, a. g. v. sulke ondeurdagte besluite, persentasie gewys 'n groot verlies vir klein gemeentes is en die NGK verloor onnodig lidmate.

Dit is hartseer dat dit tog ook nodig is vir so 'n skrywe, maar tog bly die gemeente biddend vir die Here se leiding. Ons glo dat die skrywe van die gemeente deur die Skriba van die Ring deurgegee sal word aan die Sinode van N.G. Kerk Vrystaat Sinode.

Leraar - Ds SW Burger | Tel: 051 673 1075 | Sel: 079 566 9185 | E-pos: burger.s.werner@gmail.com
Kerkkantoor - Tel: 051 673 1333 | Faks: 086 590 1116 | E-pos: ZASNGKERK@webmail.co.za | Posbus 72 | Zastron 9950

*Lig in die duisternis, **hier vir God, mekaar en die wêreld***

# BESKRYWINGSPUNT VAN DIE GEMEENTE PELLISSIER (2022)

## BESKRYWINGSPUNT AAN DIE VRYSTAATSE SINODE VAN DIE NGK AANGAANDE DIE BELYDENIS VAN DIE NGK.

### Agtergrond:

Weens die onsekerheid en konflik wat die NGK beleef die afgelope jare het daar vrae ontstaan oor verskillende teologiese standpunte in die kerk. As deel van die diskoers is nie net selfdegeslag verbintenisse as die verskille bespreek nie, maar is daar ook verwys na dieper verskille aangaande belydenis kwessies.

Dit is betreurenswaardig dat daar in die proses baie verdagmakery geskied en dat predikante in baie gevalle beskuldig is as groepering eerder as spesifiek by die naam. Dit het die effek dat die hele NGK verdag gemaak word.

Van die sake in hierdie verband wat dringend aandag nodig het, ongeag die uitslag van die huidige prosesse aangaande selfdegeslag verbintenisse is:

- Predikante wat nie die belydenisskrifte van die NGK onderskryf nie. Veral met die oog op die Goddelikheid van Jesus, Sy maagdelike geboorte, fisiese sterwe en opstanding.
- Ondersoek van prosesse om sulke aangeleenthede aan te spreek.
- Herbevestiging van wat die NGK glo aan lidmate.

In hierdie verband moet daar 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen verskille in die interpretasie van tekste ten opsigte van onderwerpe wat nie spesifiek in ons belydenisskrifte aangespreek word nie en werklike verskille ten opsigte van onderwerpe wat in ons belydenisskrifte uitgespel word.

By laasgenoemde verskille moet die kerk in sy wese bekommerd wees. Nie net lei dit tot groot verdeeldheid nie, maar waar kerklike liggame nie optree om sulke verskille aan te spreek nie versaak hul hul verantwoordelikheid en lei dit daartoe dat die kerk gediskrediteer word.

### Voorstel:

1. Dat die Vrystaatse Sinode 'n ondersoekspan in die lewe roep wat ondersoek sal instel na die oortuiging van predikante ten opsigte van die inhoud van die belydenisskrifte- spesifiek dan ten opsigte van die gesag van die Bybel, die Goddelikheid van Jesus, Sy maagdelike geboorte, fisiese sterwe en opstanding.
    i. Die samestelling van die ondersoekspan wat daaraan werk moet die verskeidenheid van teologiese posisies in die sinode reflekteer.
2. 'n Duidelike kommunikasie veldtog word geskep om lidmate bewus te maak van wat die NGK glo, asook die resultate van die ondersoek.
3. Die ondersoekspan gee gereeld terugvoer aan die moderamen en doen uiteindelik verslag aan die sinode met aanbevelings.

Ds. Francois Lamprecht

Ds. Charles James

LAATSTUK - Bylaag 14F1

NG Kerk | Ring van Heilbron
Vrystaat

**Algemene Sinode besluit oor selfdegeslagverhoudings**

Besluit (Verwag terugvoer van Vrystaat Sinode teen 31 Januarie 2020):

Die Ring van Heilbron betreur die feit, dat die Algemene Sinode 2019 die Gravamen van die Ring van Heilbron, wat oor hierdie aangeleentheid ingedien is, doodgewoon geïgnoreer het.

Die Ring van Heilbron betreur die besluit van die Algemene Sinode 2019 oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse en verwerp dit in sy geheel en wel op die volgende gronde:

1. Besluite van Sinode
   1.1 Die besluit oor selfdegeslagverhoudinge
      1.1.1 Die Ring verwerp die gedagte dat 'n 'vasgelooptheid' bereik is ten opsigte van ons Skrifhantering en Skrifuitleg, wat dit aan willekeur oorlaat dat elke gemeente en lidmaat nou self kan besluit watter sonde nie meer as sonde gereken word nie, spesifiek seksuele oriëntasie in die geval. Die feit dat respek vir mekaar se uiteenlopende Skrifbenaderings swaarder weeg as die waarheid van God se Woord. Die feit dat die konteks van die gemeente die maatstaf vir die waarheid en nie God se Woord as die enigste onfeilbare waarheid gehandhaaf word nie.
      1.1.2 Die Ring verwerp die gedagte dat die eenheid met Christus nie verbrokkel wanneer ons met mekaar verskil oor Skrifhantering en Skrifuitleg nie. Die Skrif is juis die Woord van Christus aan sy kerk wat absolute gehoorsaamheid van ons vra.
      1.1.3 Die Ring verwerp die besluit dat mense in die ampte kan dien ongeag hulle seksuele oriëntasie, terwyl die Woord duidelike vereistes vir al die ampte stel. Dit gaan hier oor die LGBTIQ+

Skriba – Ds JB (Bernard) Barnard | Tel: 056 777 1747 | Sel: 072 275 7392 | E-pos: bernard.barnard@hotmail.com
Posbus 163 | Koppies 9540
Ringskommissie – Dr JJ (Kobus) Geyser | Tel: 081 487 1352 | Ds FC (Tiaan) Victor | Tel: 082 392 3232

leefstyle in sy wydste sin wat in die Skrif as sedeloosheid aangedui en ten sterkste afgewys word.

1.1.4 Die Ring verwerp die gedagte dat daar ruimte geskep moet word vir almal om in hierdie opsig volgens sy eie oortuiging te kan optree. Daardeur word 'n diversiteit omhels ten koste van die waarheid van die Woord.

1.1.5 Die Ring verwerp die besluit om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van sogenaamde burgerlike verbintenisse wat aan homoseksuele verhoudinge kerklike sanksie wil gee.

1.1.6 Die Ring verwerp die besluit om verskoning aan te bied aan gay lidmate en hulle families vir die pyn wat hulle in die kerk sou beleef het, asook die waardering wat in die besluit uitgespreek word vir die gay-lidmate wat volgehou het met hulle waagmoedige optredes in die kerk.

1.1.7 Die Ring verwerp die besluit om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit. Die Ring het geen vertroue meer in sommige teoloë wat die kerk voortdurend met onbybelse studiestukke wil konfronteer nie.

2. Die Pad vorentoe

2.1 Die Gemeentes in die Ring van Heilbron distansieer hulle in die geheel van die besluit van die Algemene Sinode 2019 rakende selfdegeslagverhoudinge.

2.2 Die Ring van Heilbron versoek die Vrystaat Sinode om dringend 'n spesiale Sinodesitting byeen te roep, rakende die besluite van die Algemene Sinode 2019.

2.3 Indien die Sinode nie die versoek toestaan nie, sal die Ring van Heilbron gemeentes aanmoedig om aksies te neem soos wat reeds deur sommige gemeentes gedoen is.

2.4 Die Ring van Heilbron het eenparig besluit om die beraad te Moreletapark by te woon.

2.5 Ons wil steeds as kerk die oop arms van Jesus wees wat vir alle mense die boodskap van genade, vergifnis, belydenis, bekering, liefde en heling

Skriba – Ds JB (Bernard) Barnard | Tel: 056 777 1747 | Sel: 072 275 7392 | E-pos: bernard.barnard@hotmail.com
Posbus 163 | Koppies 9540
Ringskommissie – Dr JJ (Kobus) Geyser | Tel: 081 487 1352 | Ds FC (Tiaan) Victor | Tel: 082 392 3232

aanbied. In dieselfde asem staan ons by die woorde van die kerkhervormer Martin Luther: 'I am not permitted to let my love be so merciful as to tolerate and endure false doctrine.'

Skriba – Ds JB (Bernard) Barnard | Tel: 056 777 1747 | Sel: 072 275 7392 | E-pos: bernard.barnard@hotmail.com
Posbus 163 | Koppies 9540
Ringskommissie – Dr JJ (Kobus) Geyser | Tel: 081 487 1352 | Ds FC (Tiaan) Victor | Tel: 082 392 3232

*Lig in die duisternis, **hier vir God, mekaar en die wêreld***

## BESKRYWINGSPUNT VIR DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT

## RING VAN HEILBRON

### DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT SE VERBINTENIS MET DIE ALGEMENE SINODE

Voor 1962 het die verskillende streeksinodes van die NG kerk oorkoepelend gefunksioneer as 'n Federale Raad. Met die totstandkoming van die AS in 1962 is ooreengekom dat die streeksinodes die reg het om weer uit die algemene sinodale verband te kan tree ooreenkomstig Artikel 37 wat as volg lui:

*"Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig."*

Dit het nou tyd geword dat die Sinode van die Vrystaat sy verbintenis met die Algemene Sinode in heroorweging neem.

Dit het duidelik geword dat die samestelling van die Algemene Sinode van so 'n aard is, dat die afgevaardigdes na die AS besluite neem wat nie die standpunt van die gemeentes reflekteer nie. Verder beantwoord die AS nie meer aan sy doel nie, omdat die AS sake hanteer wat nie volgens die Kerkorde na hulle verwys word vanaf mindere vergaderings nie, maar almeer eiegerergtelik begin optree.

Onder leiding van teoloë met liberale oortuigings, het die AS die afgelope aantal jare, herhaaldelik besluite neem wat vir gemeentes en leraars groot verleentheid inhou. Dit het veroorsaak dat Bybelgetroue lidmate vertroue verloor het in die leer wat die NG Kerk voorstaan.

Die 2019 AS het veral 'n krisis veroorsaak deur besluite te neem, wat vir baie gemeentes onversoenbaar is met ons geloof in die Bybel. Verder hou die gepaardgaande hofbevel, weens ons verbintenis met die AS, onvoorsienbare regsimplikasies in vir kerkrade wat op grond van hulle geloofsoortuigings in stryd met die AS sou optree.

**Aanbeveling:**

1. **Die Sinode van die Vrystaat besluit om uit die algemene sinodale verband te tree ooreenkomstig Art 37.**
2. **Die Sinode van die Vrystaat skei hom af van die AS op so 'n manier dat die gemeentes van die Sinode van die Vrystaat op geen manier onderwerp word aan besluite wat sedert die stigting van die AS geneem is nie.**
3. **Die Sinode van die Vrystaat stel sy eie Kerkorde op waardeur sy onafhanklikheid as kerkverband bevestig word.**

4. **Die Sinode van die Vrystaat gee goedkeuring dat gemeentes, wat hulle nie vereenselwig met die besluit om af te skei van die Algemene Sinode nie, geleentheid gegee word om aansoek te doen by ander verbande van die NG kerk waar hulle kan inskakel.**

2

**BESKRYWINGSPUNT VIR DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT**

**RING VAN HEILBRON**

**BESLUITE VAN DIE 2019 ALGEMENE SINODE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGE/VERBINTENISSE.**

Die Ring van Heilbron herbevestig sy afkeer oor afwykende leerstellings wat in besluite van die Algemene Sinode (AS) gepropageer word.

Die Ring het reeds voor die 2019 AS ‘n gravamen aan die AS geskryf en ‘n afskrif daarvan aan die Sinode van die Vrystaat gestuur. Die Ring is onsteld daaroor dat die AS die gravamen nie in behandeling geneem het nie en besluite geneem het wat direk in stryd is met ons versoek in die gravamen. Verder is ons teleurgesteld in die Moderamen van die Vrystaat wat ons versoek klaarblyklik nie by die AS gesteun het nie.

Die Ring van Heilbron het ook kort ná die 2019 AS ‘n versoek aan die Moderamen van die Vrystaatse Sinode gerig om ‘n spesiale vergadering van die Sinode te belê, sodat die saak bespreek kon word. Die Ring het in die brief duidelik uitgespel waarom die besluite van die AS, ingrypend en onaanvaarbaar is. Die versoek is nie toegestaan nie.

In die lig hiervan dien die Ring van Heilbon die volgende beskrywingspunte vir goedkeuring in by die vergadering van die Vrystaatse Sinode van Junie 2021:

**Aanbeveling:**

**Die Sinode van die Vrystaat betreur die besluit van die Algemene Sinode 2019 oor selfdegeslagverhoudinge/verbintenisse en verwerp dit in sy geheel.**

**BESKRYWINGSPUNT VIR DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT**

**RING VAN HEILBRON**

**TEOLOGIESE OPLEIDING**

Die Ring van Heilbron is diep besorgd oor die invloed van liberale teologie in die kerk en wat klaarblyklik die grondslag is van die teologiese fakulteite waarmee die NG Kerk gekontrakteer het om studente van die NG kerk op te lei. Ons voel ook dat die teologiese dosente ons in die steek gelaat het in die baie belangrike afwykende teologiese sake waarmee die kerk nou te doen het en die onbybelse besluite in werklikheid ondersteun.

**Aanbeveling:**

**1.1. Die Sinode neem kennis dat die teologiese fakulteite by Bloemfontein, Pretoria en Stellenbosch nie aan die NG Kerk behoort nie.**
**1.2. Die Sinode gee ander instellings wat teologiese opleiding behartig, soos by Potchefstroom en die APK ook geleentheid om voorleggings te doen oor die aard van die teologiese opleiding wat daar gedoen word.**
**1.3. Die Sinode besluit om 'n taakgroep saam te stel van ses persone, wat onafhanklik van die Kuratorium van die Vrystaat, die saak van teologiese opleiding sal ondersoek.**
**1.4. Die lede van die Taakgroep moet by hulle aanwysing verklaar dat hulle die kontroversiële besluite van die AS oor homoseksuele verhoudinge en ontkenning van die bestaan van die duiwel (in 2013), verwerp.**
**1.5. Die Sinode gee opdrag aan die taakgroep om te besin oor die doel en karakter van gereformeerde teologiese opleiding vir leraars van die kerk en aan die hand daarvan 'n vergelykende studie te maak van beskikbare teologiese opleidingsinstellings, met verslag en aanbevelings aan die Moderamen, teen einde November 2021.**
**1.6. Die Sinode gee 'n mandaat aan die Moderamen om ooreenkomste aan te gaan met ander instansies wat teologiese opleiding doen en aan ons behoeftes voldoen, vir implementering vanaf 2022.**

# BESKRYWINGSPUNT VAN DIE GEMEENTE PETRUS STEYN (2022)

**From:** NG Gemeente Petrus Steyn <ngpetrussteyn@gmail.com>
**Sent:** Dinsdag 01 Junie 2021 10:28
**To:** 'Lisma Liebenberg' <daf@ngkvs.co.za>
**Subject:** Beksrywingspunt

Goeiedag,

Ontvang hiermee die beskrywingspunt wat die NG Gemeente Petrus Steyn vir die Vrystaat Sinode wil deurgee.

**Beskrywingspunt vir Sinode van die Vrystaat.**
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God
As Gereformeerde Kerk is daar, en moet daar, voortdurende verandering gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God wees.

1.1. Die Sinode van die Vrystaat bevestig dat die sinode, as deel van die kerk, in die onfeilbare Woord van God gefundeer is.

1.2. Die Sinode van die Vrystaat bevestig dat verandering getoets moet word aan die heilige en onfeilbare Woord van God.

1

## BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE GEMEENTES BLOEMVALLEI EN LEEUBERG (2022)

**Beskrywingspunt oor die besluite van die 2019 Algemene Sinode oor Selfdegeslagverhoudinge en verbintenisse van die N.G. Gemeentes Bloemvallei en Leeuwberg aan die vergadering van die Sinode van die Vrystaat in sitting op 6 Oktober 2021 en volgende dae.**

**Aanbeveling:**

**1. Die Sinode van die Vrystaat betreur die besluit van die Algemene Sinode 2019 oor selfdegeslagverhoudinge en verbintenisse en verwerp dit in sy geheel.**

**2. Die Sinode van die Vrystaat herbevestig dit dat net die verbintenis tussen een man en een vrou 'n huwelik is.**

**Motivering:**

Die pro-Gay beweging in die R.S.A. (deel van die wêreldwye groep) het o.a. ten doel om die N.G. Kerk te oorreed om 'n homoseksuele leefstyl uit die Bybel te regverdig en die verbintenis tussen twee lede van dieselfde geslag as 'n huwelik te erken. Die Gay-agenda speel uit op vier terreine, nl. in die media, die sielkunde/psigiatrie, die regswese en die kerk (waar dit gedryf word). Die wêreldwye doel hiervan is om homoseksualiteit aanvaarbaar te maak en om wetgewing daar te stel wat kritiek verbied. Die N G Kerk word juis geteiken omdat die meeste ander kerke nie 'n homoseksuele leefstyl voorstaan nie. Die pro-Gay groep is adamant daaroor dat iemand met 'n homoseksuele oriëntasie so gebore is en nooit kan verander nie en is vyandig teenoor enige persoon wat getuig dat hy/sy wel deur God se genade verander het. Oriëntasie kan wel verander en daar is 'n groot aantal getuienisse van homoseksuele persone wie se oriëntasie wel verander het deur goeie terapie, bekering en toewyding aan God. Die pro-Gay groep se aanslag is veral emosioneel en almal wat van hulle verskil word valslik gebrandmerk as liefdeloos en fundamentalisties. Die media gee baie blootstelling aan hulle standpunt, waarskynlik omdat dit vandag polities korrek is.

Daar is 'n aantal pogings wat deur die pro-Gay groep gebruik word om aan te toon dat die Skrifgegewens oor 'n perverse vorm van homoseksualiteit gaan en dat dit dus nie per se as teen-natuurlik en as sonde veroordeel word nie en dat dit nie werklik teen die wil van God is nie, nl. (a) dit is net teen-natuurlik vir heteroseksuele mense, (b) dit dui op seunsprostitusie, (c) dit dui op die algemene verwording van die heidene, (d) dit dui op tempelprostitusie, (e) dit is onrein vir Paulus met sy Joodse agtergrond maar nie per se

onrein nie, (f) dit gaan bloot oor  losbandigheid: dosente en leraars gebruik die sg. histories-literêre model om die Bybel te verstaan.  (dit is 'n historiese lees van die Bybel, die sg. historiese kritiek wat in die verlede in behoudende kringe afgewys is). Daarvolgens word gesuggereer dat selfdegeslagverhoudings van "liefde en trou" nie destyds bestaan het nie (net losbandige selfdegeslagverhoudings) en sulke "liefde en trou" verhoudings dus 'n resente verskynsel is en dat die kerk dit as normale menslike gedrag moet aanvaar en ruimte moet maak vir selfdegeslagverhoudings in die kerk. Die waarheid is dat grondige navorsing daarop dui dat  selfdegeslagverhoudings van "liefde en trou" destyds welbekend was. Paulus het ook sy woorde baie presies gekies om homoseksualiteit as sulks aan te dui en nie slegs losbandige homoseksuele verhoudings nie. (g) die begrip homoseksualisme het nie in die Bybelse tyd bestaan nie en (h) ons het dan ander Bybelse voorskrifte verander soos dat die vrou nie meer 'n hoed hoef te dra in die erediens nie. Dit is **baie duidelik dat al hierdie pogings nie die toets van onbevange, deeglike eksegese van die Woord van God deurstaan nie** en dat dit **onwetenskaplik**, blatante **inlegkunde** en selfs **breingimnastiek** is (volgens Dr. William Lane Craig).

Homoseksualiteit was wel goed bekend in die Ou en Nuwe Testamentiese tyd en Nero en ander keisers het in permanente homoseksuele verhoudings geleef. Paulus verwys definitief met die Griekse woord wat hy gebruik na homoseksualiteit as sodanig en nie net na een of ander perverse vorm daarvan nie (anders sou hy, wat sy woorde sorgvuldig gekies het, 'n ander woord gebruik het). Feitlik alle Bybelse kommentare van naam beperk nie die Bybel se afwys van homoseksualiteit tot een of ander perverse vorm daarvan nie. Enkele kommentare versag net die Bybel se afwys van homoseksualiteit, maar kan nie 'n homoseksuele leefwyse positief verdedig nie. Daar is trouens geen teks in die Bybel wat dit positief verdedig nie. Die beoefening van homoseksualiteit word duidelik deur die Skrif as sonde veroordeel. Om die Bybelse beskouing van die **huwelik** as 'n verbintenis tussen een man en een vrou uit te brei om homoseksuele verbintenisse in te sluit, kan onmoontlik op die Woord gefundeer word.

Die vals en onskriftuurlike argument is ook telkemale deur pro-Gay teoloë ge-opper dat **God se liefde** beteken dat ons moet verstaan en ruimte gee vir gelowiges en leraars wat 'n Gay leefstyl wil beoefen en daarop aanspraak maak dat hulle so gebore is.Talle gereformeerde teoloë het al uitgewys dit 'n **wanvoorstelling** van God se liefde is. Hierdie soort liefde sou ook impliseer dat ons bv. moet verstaan dat iemand steel wat honger is en aanspraak maak daarop dat hy gebore is met die neiging om te steel.

Daar is tydens die 2019 AS baie meer tyd afgestaan aan die **emosionele** pleidooie van gelegitimeerdes wat 'n Gay leefstyl wil beoefen én as predikante toegelaat wil word. Die argumente ten gunste van homoseksualiteit is hoofsaaklik *ad hominem* gevoer. Hierdie

Latynse uitdrukking dui daarop dat menslike oorwegings bepalend moet wees en nie Bybelse argumente nie. Omdat Gays bitter swaar kry, moet hulle Gay leefstyl Bybels geregverdig word en hulle so aanvaar word.

As gevolg van die dilemma dat geen Bybelteks 'n Gay leefstyl positief verdedig nie en dat pro-Gay teoloë nie kan aantoon dat homoseksualiteit nié teen God se wil is nie, bevraagteken hierdie teoloë dus die absolute gesag van die Bybel as Woord van God en kan ons saamstem met die stelling van dr. James White: **"Die debat oor selfdegeslagverhoudings is 'n debat oor die aard en gesag van die Skrif"**. Dr. Stephan Joubert maak t.o.v. Skrifbeskouing die eenvoudige onderskeid dat teoloë of die Bybel kan sien as **God se Woord** aan mense of as **mense se woorde** oor God en hulle ervaringe van God, wat dus tydgebonde en nie altyd waar is nie en herinterpreteer moet word vir vandag. **Al manier hoe die pro-Gay teoloë hulle standpunt wel uit die Bybel kan regverdig, is om die gesag van die Skrif ernstig aan te tas** deur o.a. te sê dat die Bybel menslike uitsprake oor God is en dat ons nie alles in die Bybel moet ernstig opneem nie (Desmond Tutu) en dus die Bybel op humanistiese wyse moet her-interpreteer vir ons tyd en kultuur. Dit is inderdaad 'n baie ernstige saak en dit is dan ook die rede waarom duisende ernstige N.G. lidmate die afgelope tyd na die gewraakte 2019 besluit die N.G. Kerk verlaat het (iets wat ons allermins kon bekostig). Twee sinodes het ook taakspanne aangestel om ondersoek in te stel na ons teologiese opleiding (veral die siening van die dosente oor Skrifgesag). Die Skrifgebruik van voorstanders van die besluit tydens die Algemene Sinode van 2019 (en vorige sinodes) laat veel te wense oor. Van die bg. vals eksegetiese argumente is inderdaad gebruik, o.a. dat dit in die tekste oor homoseksualiteit slegs om losbandigheid gaan wat verbied word.

Die Woord van God is baie duidelik daaroor dat d**ie huwelik 'n permanente verbintenis is tussen een man en een vrou** en dat dit sedert die skepping God se plan vir die mens se Godgegewe seksualiteit is. Die Nuwe Testamentiese skrywers en Jesus self verwys na Gen.2 as die begin van die huwelik. Die huwelik tussen een man en een vrou word van Genesis tot Openbaring, reg deur die Bybel, beskryf as 'n **tydlose norm** wat altyd geld. In Efes.5:21-33 (sien ook Kol. 3: 18-19 en 1 Pet. 3:1-7) word die verhouding tussen Christus en sy kerk ('n hemelse saak) vergelyk met die (aardse) verhouding tussen man en vrou in die huwelik. Hierdie simboliek word dikwels in die Skrif bevestig en dit beklemtoon vir ons **hoe belangrik en kosbaar die huwelik** tussen man en vrou **vir God is**. Alle seksuele verbintenisse buite die huwelik is buite God se wil en plan en dus sonde.

Paulus maak in Rom.1 ‘n absolute en fundamentele uitspraak oor homoseksualiteit en hy gryp terug op die skepping van die mens as man en vrou (Gen.1). Dit gaan hier oor sonde, dit wat teen die wil van God is. Ons kan ook nie Rom.1 van die res van die Bybel isoleer nie en moet dus die ander teksgedeeltes daarmee saamlees. **Homoseksualiteit word duidelik deur die Skrif veroordeel as ‘n teen-natuurlike vorm van seksualiteit en daarom teen die wil en bedoeling van God.** Dit is egter nie ‘n groter sonde as ander nie en homoseksuele persone moet welkom wees in die kerk. Om egter homoseksuele mense met die liefde van Christus lief te hê, beteken nie om ‘n homoseksuele leefstyl Bybels te sanksioneer nie (inteendeel, liefde vra juis van ons om te bly by die waarheid van die Woord).

**Teksverwysings: Lev. 18:22 en 20:13; Rom. 1:18-32; 1 Kor. 6:9-10; 1 Tim. 1:9-10; 1 Tess.4:3-8; Gen. 1:27-28, Efes. 5:21-33, Kol.3:18-19, 1 Petr.3:1-7, Jes.1:18 en Joh.3:16.**

Voorsteller: Ds. J.H. Taute (Namens die Kerkraad van die N.G. Gemeente Bloemvallei)

Sekondant: Ds.E. Botha (Namens die Kerkraad van die N.G. Gemeente Leeuwberg)

**Beskrywingspunt oor Teologiese Opleiding, van die N.G. Gemeentes Bloemvallei en Leeuwberg aan die vergadering van die sinode van die Vrystaat in sitting op 6 Oktober 2021 en volgende dae.**

**Aanbeveling:**

**2.1. Die Sinode neem kennis dat die teologiese fakulteite by Bloemfontein, Pretoria en Stellenbosch nie aan die NG Kerk behoort nie.**

**2.2. Die Sinode gee ander instellings wat teologiese opleiding behartig, soos die Gerformeerde Kerk by Potchefstroom, ook geleentheid om voorleggings te doen oor die aard van die teologiese opleiding wat daar gedoen word. Die moontlikheid van 'n eie kweekskool vir die N.G. Kerk moet ook ondersoek word.**

**2.3. Die Sinode besluit om 'n taakgroep saam te stel van ses persone, wat onafhanklik van die Kuratorium van die Vrystaat, die saak van teologiese opleiding sal ondersoek.**

**2.4. Die lede van die Taakgroep moet by hulle aanwysing verklaar dat hulle die kontroversiële besluite van die AS oor homoseksuele verhoudinge en ontkenning van die bestaan van die duiwel (in 2013), verwerp.**

**2.5. Die Sinode gee opdrag aan die taakgroep om te besin oor die doel en karakter van gereformeerde teologiese opleiding vir leraars van die kerk en aan die hand daarvan 'n vergelykende studie te maak van beskikbare teologiese opleidingsinstellings, met verslag en aanbevelings aan die Moderamen, teen Oktober 2021.**

**2.6. Die Sinode gee 'n mandaat aan die Moderamen om ooreenkomste aan te gaan met ander instansies wat teologiese opleiding doen en aan ons behoeftes voldoen, vir implementering vanaf 2022.**

**Motivering:**

**Inleiding:**

Daar is 'n diep besorgdheid by heelwat leraars en teoloë oor die invloed van liberale teologie in die kerk en wat klaarblyklik die grondslag is van die teologiese fakulteite waarmee die NG Kerk gekontrakteer het om studente van die NG kerk op te lei. Ons voel ook dat die teologiese dosente ons in die steek gelaat het in die baie belangrike afwykende teologiese sake waarmee die kerk nou te doen het en dat hulle die onbybelse besluite in werklikheid ondersteun.

Daar het geleidelik oor die afgelope 50 – 60 jaar 'n rampspoedige en soms onopsigtelike ommekeer aangaande Skrifbeskouing plaasgevind en dit vind steeds plaas by die N.G. Kerk se 3 teologiese fakulteite. Dr. H. Klaasing et al noem dit " 'n Trojaanse Perd" in die N G Kerk wat uiteindelik die kerk gaan vernietig. Die gereformeerde benadering tot die Bybel was om dít wat daarin geskrywe is, as altyd-geldende en blywende maatstaf vir leer en lewe te aanvaar. Vanuit hierdie gesigspunt het die leiers ná die Hervorming onder andere in die Nederlandse Geloofbelydenis bely dat die leer van die Bybel "…heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is" (kyk artikels 3 tot 7). Hermeneutiek is Uitlegkunde, die wetenskap oor die beginsels, metodes en hulpmiddels vir die uitlê van die Bybel: 'n Belangrike benadering van die gereformeerde hermeneutiek is dat woorde duidelike en voor-die-hand-liggende betekenis het, en dat ons ook vandag nog kan verstaan wat die Heilige Gees deur die Bybelskrywers daarmee bedoel het. Moderne hermeneutiek, met sy verheerliking van twyfel en onsekerheid, verkies die postmoderne pad van bevraagtekening en twyfel oor dít wat in die Bybel staan. Betreffende die "onsekerhede" wat deesdae verheerlik word, kan uitlatings van prof. Julian Müller as voorbeeld genoem word. Hy skryf in 2008 (in die tyd wat hy dosent was by die teologiese fakulteit van Pretoria) op die teologiese webwerf van die Universiteit van Pretoria oor sy sogenaamde "tussenin-en-duskant"-teologie. Hy definieer sy teologie as duskant sekerheid en tussen-in onsekerheid en twyfel.

Prof.Johan van Rensburg skryf: "Daar is ernstige probleme met die N.G.Kerk se teologiese opleiding: nie noodwendig met die wetenskaplike gehalte nie, maar met ongereformeerde standpunte. 'n Paar jaar gelede het dosente van die N.G.Kerk in die Vrystaat besluit om nie meer gereformeerde teologie te doseer nie! Dié besluit is sonder teenspraak deur die kuratorium (die toesigliggaam wat deur die VS aangewys is) aanvaar. Nie lank gelede nie het 'n fakulteitsdekaan beweer die Christelike etiek is nie in 'n postmoderne tyd haalbaar nie. Daarmee word van die verklaring van die Tien Gebooie in die Heidelbergse Kategismus afstand gedoen."(Netwerk24; 13/6/2016)

Prof. Hoffie Hofmeyer (emeritus professor UP, teologiese fakulteit) skryf in sy ope brief aan kerkleiers: "Ek was reeds sedert die vroeë 2000's bewus daarvan dat die skroewe stadig begin loskom en dat fokus verloor word. Toe standpunte van medeteoloë die rondte begin doen dat die werklike opstanding van Christus betwyfel word, of dat die aanvaarding van die Bybel as Woord van God in die vroeë kerk as die gekonkel van mense beskou kan word, het die rooi ligte begin brand. Heelwat misleidende standpunte is deur die jare uitgedra. Hierdie standpunte is nie deur die toesigliggame (kuratoriums) van die teologiese opleidingsentra gerepudieer nie, want dit was onder meer deel van die modegesprek, ook in die buiteland." Sedert die 1990's het bepaalde vrysinnige rokies gaandeweg sigbaar geword, soos twyfel oor Skrifgesag, die ontkenning van Ou en Nuwe Testament-lyne, twyfel oor Christus se verheerlikte maar historiese opstanding en die oordrywing van die selfdegeslag-debatte.

Hofmeyr sê hoewel kerkleiers dikwels praat van diversiteit in eenheid, begryp hulle skynbaar nie dat ware eenheid slegs in die Bybelse waarheid en in die onderskrywing van die basiese waarhede – soos die Apostoliese Geloofsbelydenis – bestaan nie.

Die onlangse geskiedenis het alreeds drie dinge in dié verband bewys:

Eerstens is al meer NGK-lidmate en gemeenteleiers toenemend ongemaklik met die skrifgebruik van dosente en sommige leraars en hulle is duidelik erg verward en verdwyn ál meer.

Tweedens vind NGK-opleiding dit moeilik om gebalanseerd binne ekumeniese verband ook kerkspesifieke behoeftes aan te roer.

Derdens voel sommige kuratoria (kerklike toesigliggame) van fakulteite moontlik bang of geïnhibeerd om hierdie spesifieke dosente oor hul teologiese beskouinge en eensydighede aan te spreek.

In wese gaan dit daaroor of die Bybel God se Woord is (God se onfeilbare Woord volgens ons Belydenisskrifte) of eerder mense se woorde oor God is (soos baie dosente aan die 3 Teologiese fakulteite dit beskou). 'n Groot groep skrifgetroue gelowiges en leraars van die NG Kerk voel baie sterk daaroor dat dit God se Woord is en bly. **Dit gaan oor God se Woord in mensetaal, versus mense se woorde oor God." As dit net mense se woorde oor God sou word, kan ons maar die kerk se deure sluit.**

**Uitsprake van dosente:**

1. Prof. Julian Müller, Dirk Human en Jurie le Roux van Tukkies (UP) het dit bevraagteken of Jesus werklik fisies uit die dood opgestaan het. Prof Müller het sy standpunt bevestig in sy boek "Opstanding" dat Jesus nie werklik fisies opgestaan het uit die dood nie, maar slegs simbolies opgestaan het in ons harte.

2. Dr. Chris Jones van Maties (US) het in 'n koerantartikel verklaar dat hy nie meer in die huwelik glo nie, dat die tyd van die huwelik verby is.

3. Dr. Nadia Marais van Maties (US) het onlangs tydens 'n legitimasiediens verklaar dat God 'n moeder is en dat God as die Heilige Prisma aanbid moet word.

**Afvallige teologie van dosente:**

1.Prof. Fanie Snyman (van UV) en ook ander dosente propageer die histories-literê model vir die regte verstaan van die Bybel.. Hy meen wie op dié model staan sal ruimte maak vir SGV in die kerk. Wat bedoel hy met die model? Dit is 'n historiese lees van die Bybel, die sg. historiese kritiek wat in die verlede in behoudende kringe afgewys is. Prof. Snyman suggereer dat selfdegeslagverhoudings van "liefde en trou" volgens sy historiese model nie

destyds bestaan het nie (net losbandige selfdegeslagverhoudings het bestaan) en dat sulke "liefde en trou" verhoudings dus 'n resente verskynsel is en dat die kerk dit daarom as normale menslike gedrag moet aanvaar en ruimte moet maak vir selfdegeslagverhoudinge in die kerk. Prof Snyman maak egter 'n vals gevolgtrekking oor die realiteit van homoseksualiteit in ons dag as hy suggereer dat selfdegeslagverhoudings van "liefde en trou" 'n resente verskynsel is en dat die kerk dit as normale menslike gedrag moet aanvaar. Hy kyk met 'n verkeerde bril na die verlede sowel as die hede en dit ontaard in dwaasheid.

Die waarheid is dat grondige navorsing daarop dui dat selfdegeslagverhoudings van "liefde en trou" destyds welbekend was. Chris van Wyk het in die Kerkbode van 20 Mei 2015 gewys op uitstekende navorsing wat aandui dat daar reeds in die ou Rome permanente selfdegeslagverhoudings was wat in "liefde en trou" gesluit is. André Bekker van New Living Way Ministry beskik ook oor uitstekende studies in die verband. Prof Stephan Joubert het ook in 'n lesing by Pellissier gemeente duidelik uitgewys dat homosekuele verhoudings van "liefde en trou" destyds bekend was, Keiser Nero en ander was in sulke verhoudings. Paulus het sy woorde baie presies gekies en het hom ongekwalifiseerd teen die homoseksuele verhoudings van die samelewing van destyds uitgespreek.

2. Prof. Jurie Le Roux: Prof le Roux het onlangs afgetree as Ou Testamentikus by Pretoria. Volgens sy klasaantekeninge is sy standpunt dat Abraham nie noodwendig 'n historiese figuur was nie. Hy sien die geskiedenis van Abraham as "sages", verhale oor die aartsvaders op die vlak vn kampvuurstories uit die verlede, sonder werklike historiese waarde (Dr. H. Klaasing et al: Die Trojaanse Perd in die NG Kerk, bl.19).

3. Prof Danie Veldsman van Pretoria : Hy verklaar in 'n artikel dat Jesus se liggaam volgens 'n Joodse gebruik waarskynlik deur sy dissipels gesteel is en op 'n ander plek herbegrawe is. (Die Evangelie is op die spel – Adrio Konig, bl.259)

4. Prof Andries van Aarde is 'n Nuwe Testamentikus in Pretoria van die Hervormde Kerk, maar hy het ook klas gegee vir die studente van die NG Kerk. Hy het 'n boek geskryf 'Fatherless in Galilee: Jesus as Child of God'. Van Aarde spekuleer dat Jesus 'n buite-egtelike kind was. Hy het 'n geweldige behoefte aan 'n vader gehad en het toe in God 'n Vader gekry.

Hierdie drie gevalle dien as aanduiding van hoe die sg historiese kritiek, Skrifkritiek of hoër kritiek, soos dit ook bekend staan, by ons teologiese instellings neerslag gevind het.

**Ervarings van Teologiese Studente:**

1) Vertellings van studente self

Ferdie Mulder se boek 'Opgestaan' is waarskynlik die breedvoerigste werk die afgelope 20 jaar waarin persoonlike getuienisse van himself en medestudente opgeteken staan.

In hierdie boek vertel prof Hennie Stander 'n verhaal wat in sy kantoor in Tukkies afgespeel het: "Voor my sit 'n derdejaar student. Wanneer hy begin praat, sien ek sy oë swem in trane: 'Professor, ek wil met u praat. Ek worstel met my geloof. Hoe kry u dit nog reg om in Jesus te glo?' Ek kan nie onthou hoeveel teologiese studente in die afgelope twee jaar in my kantoor kom sit het met dieselfde vraag nie. Later begin hy onbeskaamd snik en sê: 'Professor ek voel soos 'n verraaier. Tuis in my ouerhuis glo ek saam met my ouers en is ek aktief betrokke in ons gemeente, maar wanneer ek hier by die Universiteit kom, word baie van die dinge waarin ek glo, in die klas met minagting afgelag'. Skielik dink ek aan dit wat iemand op 'n keer vir my gesê het: 'Die teoloë leef met die geld van die gelowiges, maar ondergrawe die geloof van dieselfde gelowiges' ".

Daar is ook onderhoude gevoer met jong behoudende leraars en studente. Die studente met wie gesprek gevoer is het hulle harte oopgemaak aangaande hulle ervarings met dosente, op voorwaarde dat hulle anoniem sal bly. Hulle het ook gevra dat daar nie detail gegee sal word van hulle ervarings nie, uit vrees dat daar afleidings gemaak kan word en hulle geviktimiseer kan word. Daar is niemand in wie hulle hul vertroue kan stel om hulle te beskerm nie. Selfs die leraars wat aangestel is oor studente opleiding skaar hulle eerder by die dosentekorps as by die nood van die studente. Die verhale wat hulle vir ons vertel het, is werklik skrikwekkend! Die morele lewe van teologiese dosente en studente is in baie gevalle skokkend onchristelik. Die studente ervaar dat dosente self ongelowig is en hulle ten doel stel om die studente van hulle geloof te stroop in die eerste twee jaar. Daarna begin hulle om te bou aan 'n nuwe postmoderne gedagtegang waarmee die studente die kerk ingestuur word. Die getuienis van die studente word bevestig deur prof Cas Wepener as hy aan die begin van die akademiese jaar oor teologiese opleiding in die koerant skryf (9 Februarie 2019): "Vir ’n klompie tref dít wat hulle in die lesinglokale kry soos ’n landmyn. Hulle word uit hul bestaande sekerhede losgeruk. Dié wat ’n paar van die stukke kan optel, registreer ná ’n tyd vir ’n ander kursus, en dié wat nie kan nie, staak hul studies." Hierdie studente is sinies oor die kerk. Hulle vertrou niemand nie. In verdere gesprekke met studente kom die volgende ook na vore: Byna niks in die studietyd is Bybels gefundeerd nie, bedoelende Skrifgetrou nie. Hulle leer niks oor gereformeerdheid of die Belydenis van die kerk nie. Die kerk word as ’n voortgaande veranderende entiteit geteken. Om te glo is om naïef te wees. Alle sieninge is geldig en word geduld – behalwe die behoudende sieninge. Daar word oor en oor vertel dat hulle geviktimiseer word. Legitimasievrae verloop soos 'n inkwisisie. Hulle voel onveilig, bedreig en word aggressief behandel. Hulle is oortuig dat

talle dosente nie meer glo nie. Die eenheid van die kerk word gedryf omdat dit die magsbasis vir die afwykendes verseker. Daarsonder is hulle werkloos. Gesprekke oor byvoorbeeld die Moslems word verbied. Die dosente en fakulteite en hulle kerklike "back-up" "play the long game" (in 'n student se eie woorde). Die dosente erken dit openlik.

Hier is ook die wedervarings van jong dominees (tans in hul eerste gemeentes) van wat hulle in hul studiejare ervaar het:

dat hulle beheer word (afrigting eerder as opleiding met steun van net een bepaalde teologiese denkwyse);

dat hulle geviktimiseer word;

dat van hulle verwag word om bo en behalwe die standaard legitimasie-eed, ook nog ander verklarings te onderteken;

onder andere word hulle daarvan beskuldig dat hulle "fundamenteel" is, "liefdeloos" is en dat hulle nie "die hart van die evangelie verstaan nie".

2.2 Vertellings deur ander oor studente se ervarings

Ferdie Mulder se boek wemel van vertellings van hul belewenisse in sy tyd.

Daar word deur ander vertel dat:

professore 'n damesstudent getraumatiseer het in die klas deur te sê: "jy sê dis die Bybel – dis net 'n boek, dis 'n boek wat mense geskryf het!" Natuurlik is dit om hulle uit te daag om teologies daaroor te besin. Maar as 'n kind van 18-19 jaar oud in haar eerste jaar, kon sy dit glad nie hanteer nie;

'n teologiese student het 'n leier by 'n sataniste-groep geword;

'n eerste-jaar by die teologiese skool wat sy kursus halfpad voltooi het, het sy geloof verloor – hy is vandag iewers aan die ooskus waar hy hom besig hou as 'n surfer.

**In wie se diens staan die dosente?**

Dit is belangrik dat geweet moet word dat die huidige teologiese dosente van die NG Kerk nie in diens van die NG Kerk is nie, maar in diens van die staat. Daar is 'n Nederlandse spreekwoord wat lui: "Wiens brood men eet, diens woord men spreekt". Dit kom daarop neer dat 'n mens die voorskrifte uitvoer van die een deur wie 'n mens betaal word. Feit van die saak is: wanneer dosente in diens van die staat is, word dit 'n totaal onuithoudbare en onaanvaarbare situasie. Dan is dit nie meer haalbaar om die suiwer leer van die Bybel te verkondig nie. Die huidige stand van sake by hierdie fakulteite is dat 'n redelike klein

persentasie teologiese student van die NG Kerk is (bv. 6 uit 40 by UV) en dit is lankal nie meer 'n kerkeie opleiding nie.

**Verandering is nodig:**

Daar is heelwat leraars en kerkrade wat op 'n punt gekom dat hulle onder geen omstandighede ons jongmense wil aanbeveel om by die NG Kerk se amptelike opleidingsinstellings opleiding te kry nie. Daar is oorvloedige getuienis dat 'n groot aantal dosente by al drie fakulteite nie eerlik is in hulle onderskrywing van hulle legitimasie verklaring nie. Die basiese leerstellings van ons geloof aangaande ons Verlosser Jesus Christus word geminag. Kerkrade wat moet beroep, wonder waar hulle nog regsinnige proponente of jong leraars sal vind wat met gemoedsrus beroep kan word.

Ons kan ook nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat die verskillende kuratoria van die sinodes en in die besonder die Algemene Kuratorium, die dosente in werklikheid ondersteun in die afvallige leringe wat gedoseer word. Die rol wat die kuratoria en die dosente gespeel het om die afvallige besluite oor seksuele verhoudinge gevestig te kry, veral by die 2015 Sinode, is 'n goeie aanduiding van die gevolgtrekking waartoe ons gekom het. Die Algemene Sinode het juis 'n paar jaar gelede besluit om onder die beginsel van diversiteit kerk te wees om steeds vir lidmate en teoloë met afwykende geloofsoortuigings in die kerk plek in te ruim

Daar is 'n omvattende Reglement vir Tug en Vermaning in die Kerkorde (Regl. 22). Wat ons betref het dit in 'n klug ontaard omdat alle pogings om dwaalleer in die kerk onder die aandag te bring, deur verantwoordelike mense in die kerk gedwarsboom is.

Ons het glad nie meer vertroue in die bestaande strukture waarmee die Algemene Sinode beheer wil uitoefen oor teologiese opleiding in die kerk nie. Die legitimasie dokument wat uiteindelik aan proponente uitgereik word, is nie meer 'n waarborg van die regsinnigheid van die leraars wat aan die kerk voorgestel word nie.

**Samevatting:**

In die inleiding is daar geskryf oor die gereformeerde benadering tot die Bybel en oor gereformeerde hermeneutiek (uitlegkunde, die wetenskap oor die beginsels, metodes en hulpmiddels vir die uitê van die Woord). "Daar ís ernstige probleme met teologiese

opleiding: nie noodwendig met die wetenskaplike gehalte nie, maar met ongereformeerde standpunte. Diegene wat nie met die vrysinnige teologie saamstem nie, word as moedswillig en ongeloofwaardig afgemaak. Gereformeerde teologie is belangrik, want dit is in die naam en Kerkorde van die NG Kerk ingeskryf. Dit is 'n saak van integriteit, " volgens prof Johan Janse van Rensburg, wat verbonde was aan die Vrystaatse Teologiese Fakulteit.

As hulle vir nog 20 jaar met hierdie program van "mind control"/geestelike manipulasie kan voortgaan, sal alle weerstand in die kerk verdwyn het en sal die kerk volledig gesekulariseerd wees. Dit is waarom die huidige leierskap so hoog opgee om die eenheid te bewaar. Dit het weinig te doen met Bybelse eenheid, maar is eerder die vestiging en instandhouding van hulle magsbasis. Tweedejaars kry reeds klas in transgenderisme. Studente aanvaar die "liberale" sieninge, veral ook betreffende menslike seksualiteit sodat hulle seksueel vry kan wees sonder skuldgevoelens (praktyke onder teologiese studente is skokkend). Hulle word soos outomate afgerig en die teologiese "bandspeler" van die fakulteite word maar net oor en oor in gemeentes gespeel wat oor tyd alles vir die waarheid opslurp. Studente se gewetens word toegeskroei. Uiteindelik het hulle geen skuldgevoelens nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is 'n jong leraar op 'n plattelandse dorp in die Vrystaat wat vir die senior jeug vertel het dat hulle maar seksueel losbandig kan leef, hulle moet net nie by hom kom kla as hulle swanger raak nie!

Dit is van kardinale belang dat by teologiese opleiding, die uiteindelike doel daarvan in gedagte hou word. Die doel bepaal die inhoud, en die inhoud dien die doel. Die indruk wat gelaat word, is dat die meeste dosente meer gerig is daarop om te werk met idees en konsepte as op die geestelike vorming van teologiese studente. Daar moet gewerk word met die drie "h's": die hoof, die hart en die hand – met ander woorde, die persoon as geheel is betrokke. Christelike opleiding gaan in wese nie oor die oordra van kennis nie; dit gaan eerder oor mense en hul verhouding met God. Om hierdie rede is akademiese vermoëns nie die belangrikste kwalifikasie nie. Dit is 'n persoonlike ontmoeting met die Waarheid, die Woord van God, en dit word gedoen deur die krag van die Heilige Gees.

Dat kennis geneem word van wat aangaan by teologiese fakulteite, is van kritiese belang. Die teologiese student van vandag is die predikante en dosente van môre. Soos dit by die teologiese fakulteite gaan, so sal dit in die res van die kerk ook gaan, daarom is dit belangrik om die aard en doel van teologiese opleiding te herstel.

**Die Pad vorentoe:**

Die NG Kerk se bestaande drie teologiese opleidingsplekke is lankal nie meer betroubare sentra vir gesonde en gebalanseerde teologiese opleiding nie en die kerkeie opleiding en die verdere bedieningsopleiding strek nie meer tot voordeel van die NG Kerk as geheel nie. Dit vul ons met walging dat die N.G. Kerk se drie teologiese opleidingsplekke broeiplekke geword het van vreemde en valse leringe en nie verder ondersteun kan word nie. Studente kan nie meer aangemoedig word om by enige van hierdie sentra vir die bediening opgelei of heropgelei te word nie, en daarom moet die NG Kerk **dringend** kyk na alternatiewe plekke en wyses van opleiding.

Die volgende direkte aanhaling uit die gepubliseerde artikel van Prof. Johan Janse van Rensburg in 'In die Skriflig/In Luce Verbi, Vol 55, No 3' : "Scripture use and Scriptural authority in the postmodernist context" (Published: 18 May 2021) bevestig bg. uiters treffend:

"Contribution: All over the world and **also in South Africa, the church community** seems to be **drawn into a battle for survival**. **Many church members have lost their faith, abandoned the church membership or moved on to other religions, mainly due to the way Scripture is currently viewed and applied. Unless the confusion in the understanding of the Bible is cleared, the process will deteriorate rapidly. <u>In particular, the theological training of ministers and pastors needs careful consideration</u>**. **Some academics have denounced their faith in the existence of God** in favour of a post-theistic conviction. **Students are taught that the Bible is not the Word of God, but human words about God**. Such convictions have caused great confusion in church communities. **It is envisioned that this research, published in a scientific journal, will <u>underline the urgent need for the church,</u> in general, and the Reformed faith, in particular, <u>not to ignore the seriousness of the matter</u>."**

**Dit is 'n geweldige tragedie en dit vul ons met afgryse dat die aangeduide vreemde en vals leringe vir so lank toegelaat is by die NG Kerk se teologiese opleidingsplekke. Dit is 'n ernstige en dringende situasie en dit moet so spoedig moontlik gestop word!**

Hoofbron: "Memorandum oor die NG Kerk Teologiese Fakulteite" deur Henriëtta Klaasing.

Voorsteller: Ds. J.H. Taute (namens die Kerkraad van die N.G. Gemeente Bloemvallei)

Sekondant: Ds. E. Botha (Namens die Kerkraad van die N.G. Gemeente Leeuwberg)

**Beskrywingspunt van die N.G. Gemeentes Bloemvalllei en Leeuwberg oor die Sinode van die Vrystaat se verbintenis met die Algemene Sinode (AS) aan die vergadering van die Sinode van die Vrystaat in sitting op 6 Oktober 2021 en volgende dae.**

**Aanbeveling:**

**4.1 Die Sinode van die Vrystaat besluit om met onmiddelike effek uit die algemene sinodale verband te tree ooreenkomstig Art 37.**

**4.2 Die Sinode van die Vrystaat skei hom af van die AS op so 'n manier dat die gemeentes van die Sinode van die Vrystaat op geen manier onderwerp word aan onskriftuurlike besluite wat sedert die stigting van die AS geneem is nie.**

**4.3 Die Sinode van die Vrystaat stel sy eie Kerkorde op waardeur sy onafhanklikheid as kerkverband bevestig word.**

**Motivering:**

1. **Leersuiwerheid**

Die AS het oor tyd in 'n rigting beweeg waar die gesag van die Skrif bevraagteken word as menslike woorde oor God wat na goeddunke gewysig kan word en as gevolg daarvan het daar groot verskille oor die interpretasie van die Skrif ontstaan. Dit het gelei tot ernstige teologiese dwalinge en oor die jare het die AS geleidelik op verskeie terreine al verder afgewyk van ons gereformeerde leer en belydenis. Die AS het daarom juis 'n paar jaar gelede besluit om onder die beginsel van diversiteit kerk te wees om steeds vir lidmate en teoloë met afwykende geloofsoortuigings in die kerk plek in te ruim. Ons Belydeniskrifte stel dit egter duidelik dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is.

Die AS het in die verlede o.a. die volgende onskriftuurlike besluite geneem:
(1) dat daar ruimte gelaat word vir leraars wat die opstanding van Christus en die maagdelike geboorte van Christus deur Maria bevraagteken;
(2) dat leraars en Kerkrade self kan besluit of die duiwel en die hel bestaan of nie;
(3) dat die evolusie- teorie verkondig kan word en
(4) in 2019 is die omstrede onskriftuurlike besluit oor selfdegeslagverhoudinge deur die AS geneem dat enige persoon van die *LGBTIQA+ groepering wat in so 'n seksuele verhouding is, 'n predikant in die N.G. Kerk mag wees en dat predikante hulle in 'n sg. verbintenis mag bevestig. Hierdie besluit was direk in stryd met die N.G. Kerk asook die meeste ander gereformeerde kerke se standpunt en prediking hieroor deur die eeue dat die huwelik tussen een man en een vrou God se wil is en dat alle ander seksuele verbintenisse buite Sy wil is.
*L= Lesbian, G=Gay, B=Bisexual, T=Transgender, I=Intersex, Q=Queer or Questioning, A=Asexual en + = enige ander seksuele oriëntasie.

Daar is talle gevalle van onskriftuurlike standpunte wat openlik deur professore van die N.G. Kerk se teologiese fakulteite verkondig word en waarteen die AS absoluut geen beswaar gemaak het nie en

met hulle stilswye dit dus goedgekeur het en so nie hulle verantwoordelikheid nagekom het nie. Die mees blatante voorbeelde is (1) Julian Muller van die Universiteit van Pretoria se Teologiese Fakulteit wat aan studente gesê het en dit in sy boek "Opstanding" beskryf het dat Christus nie werklik fisies opgestaan het nie, maar slegs simbolies in ons harte opgestaan het en (2) dr. Chris Jones van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch wat in 'n koerantartikel verklaar het dat hy nie meer in die huwelik glo nie en dat die tyd van die huwelik verby is.

**2. Wettigheid van die 2019 AS besluit oor Selfdegeslagverhoudinge**

Die AS 2019 Kerkorde Regl 3.4.2 lui soos volg: "Indien die Algemene Sinode goeie rede het om te vermoed dat 'n besluit of standpunt moontlik tot groot verdeeldheid kan lei, moet die Sinode vòòr die finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderings inwin ten einde konsensus oor die betrokke sake in die NG Kerkverband as geheel te probeer verkry".

Voor die 2015 AS is in 'n landwye opname onder die NG Gemeentes bevind dat 80% van die gemeentes hierdie besluit van 2019 verwerp. Daar was ook 650 bladsye beswaarskrifte (130 beswaarskrifte) teen die 2019 besluit. Die AS het ten spyte van die opname en beswaarskrifte dit alles ge-ignoreer en van die tafel gevee en voortgegaan om die besluit te neem oor Selfdegeslagverhoudinge. Die AS het dus baie duidelik hulle eie Kerkorde (Regl 3.4.2) oortree en die besluit is dus glad nie verteenwoordigend van die mening van die oorgrote meerderheid van die N.G. Kerk lidmate nie.
Dit is inderdaad in die huidige strukstuur van die AS 'n geval van "die stert wat die hond swaai" omdat net 192 afgevaardigdes namens ongeveer 850 000 lidmate so 'n ingrypende besluit neem ten spyte daarvan dat 80% van die gemeentes nie tevrede was met die besluit nie.

**3. Finansies**

Die Sinode van die Vrystaat moet jaarliks ongeveer R600 000 as prorata bydrae oorbetaal aan die AS. Die vraag is hoekom?, aangesien die AS dramaties faal in sy taak ten opsigte van leersuiwerheid (soos uiteengesit in nr . 1) en dus nie hierdie baie belangrike taak uitvoer nie.

**4. Die Sinode van die Vrystaat se verbintenis met die AS**

Voor 1962 het die verskillende streeksinodes van die NG kerk oorkoepelend gefunksioneer as 'n Federale Raad. Met die totstandkoming van die AS in 1962 is ooreengekom dat die streeksinodes die reg het om weer uit die algemene sinodale verband te kan tree ooreenkomstig Artikel 37 wat as volg lui:

"Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig."
Dit het nou tyd geword dat die Sinode van die Vrystaat sy verbintenis met die Algemene Sinode in heroorweging neem.

Dit het duidelik geword dat die samestelling van die Algemene Sinode van so 'n aard is, dat die afgevaardigdes na die AS besluite neem wat nie die standpunt van die gemeentes reflekteer nie.

Verder beantwoord die AS nie meer aan sy doel nie, omdat die AS sake hanteer wat nie volgens die

Kerkorde na hulle verwys word vanaf mindere vergaderings nie, maar almeer eiegeregtelik begin optree.

Onder leiding van teoloë met liberale oortuigings, het die AS die afgelope aantal jare herhaaldelik besluite geneem wat vir gemeentes en leraars groot verleentheid inhou. Dit het veroorsaak dat Bybelgetroue lidmate vertroue verloor het in die leer wat die NG Kerk voorstaan.

Die 2019 AS het veral 'n krisis veroorsaak deur besluite te neem wat vir baie gemeentes onversoenbaar is met ons geloof in die Bybel. Verder hou die gepaardgaande hofbevel, weens ons verbintenis met die AS onvoorsienbare regsimplikasies in vir Kerkrade wat op grond van hulle geloofsoortuigings in stryd met die AS sou optree.

Voorsteller: Ds. J.H. Taute (Namens die Kerkraad van die N.G. Gemeente Bloemvallei).

Sekondant: Ds. E. Botha (Namens die Kerkraad van die N.G. Gemeente Leeuwberg)

# BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE GEMEENTE KESTELL (2022)

## BESKRYWINGSPUNT VIR DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT - SAAMWOON

## NG GEMEENTE KESTELL

### DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT SE VERBINTENIS MET DIE ALGEMENE SINODE

**Na aanleiding van kontroversiële besluite wat deur die Algemene Sinode die afgelope 10 jaar gemaak is, het dit geleidelik momentum gekry om groot konflik en skeuring in die kerk te veroorsaak. Verskeie van hierdie liberale humanistiese besluite tas die heiligheid en uniekheid van die huwelik as instelling van God aan en stel ander "waarhede" teen die een waarheid soos ons dit in die Woord van God kry, waardeur mense dit wil verander om hulle te pas.**

**Daarom het die Kerkraad van NG gemeente Kestell met groot hartseer die AS se besluit tov 2011 se besluit oor Saamwoon verwerp:**

1. Ons verwerp die stelling dat die huwelik, soos evolusie, 'n produk van eeue se ontwikkeling is. Hoewel daar na die sondeval in die Ou Testament 'n wye verskeidenheid huwelike ontstaan het wat nie God se oorspronklike doel met die mens was nie, het Jesus in die NT God se oorspronklike bedoeling met die huwelik soos Hy dit bedoel en ingestel het, kom herstel. Die res van die NT skrywers bevestig o.l.v. die Heilige Gees wat Jesus gesê het.

2. Ons verwerp ook die AS se bekragtiging en erkenning van die tydsgees dat saamwoon algemeen is in die samelewing en dat daar dus geldige redes is wat ons nie kan afwys nie. Maar dan bepaal die AS ook dat saamwoonverhoudings wat nie seksuele eksklusiwiteit voorstaan nie, "eties" onaanvaarbaar is weens die selfsugtige en nie-permanente aard daarvan. Skielik is daar menslike onderskeid en "etiese" voorskrifte vir saamwoon.

Ons verwerp die besluit, omdat die NG kerk nie kan toegee aan die tydsgees teenoor God se openbaring deur Sy Woord nie, want dan sal ons telkens die huwelik moet herdefinieer soos die tydsgees dit bepaal. Die huwelik word deur hierdie besluit verskraal tot 'n seksueel-eksklusiewe sosiale konstruksie van mense wat al die vrugte van die huwelik wil gebruik, maar nie God se voorskrifte wil gehoorsaam nie.

3. Die AS erken dat daar goeie redes is waarom mense saamwoon. Sommige mense ag die huwelik hoog en wil "oefen" om seker te maak hulle pas bymekaar en dit reflekteer wel Bybelse waardes wat nie net afgewys kan word nie. Weereens is die mens se eie wil, behoeftes en begeertes voorop. As twee gelowiges lief raak vir mekaar, moet hulle trou, sê die Woord, anders is hulle ongehoorsaam. Daarom verwerp ons hierdie besluit, omdat op humanistiese, liberale waardes en beredeneringe gebaseer is.

4. Maar die besluit wat die grootste bewys is van 'n liberale, humanistiese gees wat heers in die AS, is deur die besluit waarmee hulle ewe skielik terugval op die oortuiging dat die historiese ontwikkeling in die Bybel en die geskiedenis vir ons duidelike riglyne bied van

die Christelike huwelik as vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hul lewens met mekaar te deel in 'n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit eksklusief is, geseën of bevestig is deur die kerk, gesluit in teenwoordigheid van getuies en verkieslik deur die staat erken as wettige huwelik. Dit is wel die waarheid, maar nêrens word saamwoon as sonde beskryf nie. Elkeen kan gevolglik kies wat jy hieroor glo, want ons het 'n "ruim huis" in die NG kerk waardeur die huwelik gedekonstrueer en omvorm word tot 'n mandjie wat verskillende vrugte bied vir elkeen se persoonlike behoeftes en doelwitte.

5. Die AS het nog nie die implikasies rondom die bevestiging van enkel kerklike huweliksverbintenis uitgeklaar nie en is dus nie ten gunste daarvan nie. Daarmee hou die AS lidmate sedert 2011 aan 'n lyntjie wat nie wetlik kan trou a.g.v. boedels, mediese voordele, pensioen of polisbepalings en beskrywings nie. Dit skep weereens dubbele standaarde wat maak dat mense dan maar net saamwoon met skuldgevoelens sonder leiding van die kerk se kant af.

**Aanbeveling:**

1. **Die Sinode van die Vrystaat keur hierdie dwaling om saamwoon in 'n ruim huis toe te laat, ten sterkste af en bevestig weereens die heiligheid en uniekheid van die huwelik soos deur God ingestel.**
2. **Die Sinode van die Vrystaat besluit op grond van bogenoemde dwalings om uit die algemene sinodale verband te tree ooreenkomstig Art 37, want ons kan so 'n stap in die lig van God se Woord regverdig.**
3. **Die Sinode van die Vrystaat stel dan sy eie Kerkorde op waardeur sy onafhanklikheid as kerkverband soos voor 1962 opnuut bevestig word.**
4. **Die Sinode van die Vrystaat besluit om genoemde inligting, nl dat Dolerende gemeentes hierdie voorstel van Artikel 37 gemaak het en die redes waarom hulle Doleer en die voorstelle aan die Sinode, aan al die gemeentes in die Vrystaat bekend te maak aan die hand van 'n proses, deurdat individuele lidmate en Kerkrade van gemeentes tyd gegee word tot 31 Desember 2022 om te besluit of hulle in die Vrystaatse Sinode wil verlaat of wil bly.**
5. **Die Sinode van die Vrystaat gee goedkeuring dat gemeentes, wat hulle nie vereenselwig met die besluit om die band met die Algemene Sinode los te maak nie, geleentheid gegee word om aansoek te doen by ander streeksinodes van die NG kerk waar hulle kan inskakel.**
6. **Die Sinode van die Vrystaat besluit, dat indien Art 37 nie goedgekeur word nie, gemeentes, leraars of lidmate wat nie langer hulle tuis voel in die Vrystaatse Sinodale verband nie, kan aansluit by 'n ander streeksinode wat Art 37 goedgekeur het.**

5/01/2022

**VOORSTELLER: Ds Dubois du Toit** — **Datum**

**(Voorsitter van die Kerkraad)**

5/01/2022

**SEKONDANT: Hennie Storm** — **Datum**

**Leier ouderling**

## BESKRYWINGSPUNT VIR DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT - SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

## NG GEMEENTE KESTELL

### DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT SE VERBINTENIS MET DIE ALGEMENE SINODE

**Na aanleiding van die groot konflik in die NG kerk wat veral momentum gekry het met die afgelope ses jaar (2015 en 2019) se besluite van die Algemene Sinode, het die Kerkraad van NG gemeente Kestell met groot hartseer by die volgende besluite uitgekom:**

1. Ons neem kennis van 2019 se besluit oor Selfdegeslag-verhoudings en die verskille wat ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het.

2. Ons is egter van mening dat voortgaande besinning geen oplossing gaan bied nie en dat hierdie situasie onbepaald gaan voortduur sonder dat een van die twee pole gaan toegee, omdat beide groepe radikaal uitmekaar loop t.o.v. Skrifuitleg en Skrifgesag, ons hermeneutiese verwysingsraamwerk, die verskil t.o.v. ons Gereformeerde Belydenis en behoud daarvan, die verstaan en onderskrywing van ons Belydenisskrifte wat ons saambind en die verskillende pole in die debat tussen geloof en wetenskap wat lei tot hierdie vasgelooptheid.

3. Ons is ook daarvan oortuig dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus deur Sy Woord en die Heilige Gees, asook ons Gereformeerde Belydenisgrondslag, maar ons is oortuig volgens die Woord van God, dat eenheid juis verbrokkel wanneer daar onoorbrugbare fundamentele ideologiese, teologiese en hermeneutiese verskille t.o.v. Skrifhantering en Skrifgesag is wat gelei het tot vasgelooptheid.

4. Hoewel ons erken dat daar met respek geluister moet word na mekaar se uiteenlopende menings, glo ons dat alle kerklike weë, na aanleiding van die "*Seisoen van Luister*" oor jare heen uitgeput is. Nou is die tyd van aksie.

5. Ons is oortuig volgens die Heilige Skrif, ons Gereformeerde belydenis en die Formuliere van Eenheid, dat daar net een waarheid kan wees t.o.v. die huwelik en dat die aanvaarding en goedkeuring van Selfdegeslag-verhoudings, die goedkeuring van sonde wat 'n alternatiewe waarheid skep, teen die Woord van God is. Daarom kan die formele verbintenis van SGV nie erken word in die NG kerk nie en daarom ook nie 'n formulier om hierdie SGV te voltrek nie.

6. Indien ons langer toelaat dat die Algemene Sinode voortgaan op hierdie pad waar die kompeterende waarhede deur liberale teoloë in die kerk ingedra word, sodat die huwelik gedekonstrueer word, is daar geen uniekheid meer oor van die heilige instelling van die lewenslange verbond tussen een man en een vrou, waaruit 'n Godvresende nageslag

voortgebring moet word, sodat God se verlossingsboodskap oor die hele aarde verkondig sal word nie.

7. Ons is ook oortuig dat, hoewel Kerkrade die reg het om hulle eie plaaslike praktyke te formuleer en reël, dit slegs binne die kerkverband se ooreengekome Belydenisgrondslag kan gebeur, wat gewortel is in die onveranderlike Woord van God en ons Formuliere van Eenheid. Ons kan dus nie saamstem dat elke Kerkraad maar hul eie standpunte hieroor kan formuleer soos hulle wil nie. Dis wat ons eenheid in die Kerkverband so uniek maak, dat ons nie 'n ander denominasie is nie, maar die NG Kerk.

8. Ons glo ook dat, hoewel die mens- en mediese wetenskappe belangrik is en 'n gawe van God is om die mensdom te dien, mag dit nooit gelykgestel of selfs bo die Woord van God gestel word, sodat die waarhede in die Woord verdraai, of verdag gemaak word asof dit leuens en foute is nie. Ons as kerk van die Here Jesus moet juis waak teen 'n sekulêre gees van post-modernisme en liberalisme waarvoor die Algemene Sinode ruimte maak. Daarom, in die lig van al bogenoemde, is die volgende ons aanbeveling:

**Aanbeveling:**

1. **Die Sinode van die Vrystaat keur die SGV 2019 en 2015 besluit van die AS af en keur die 2007 en 2016-besluit oor Homoseksuele predikante goed.**

2. **Die Sinode van die Vrystaat besluit derhalwe om uit die algemene sinodale verband te tree ooreenkomstig Art 37, want ons kan so 'n stap in die lig van God se Woord regverdig.**

3. **Die Sinode van die Vrystaat stel dan sy eie Kerkorde op waardeur dit sy onafhanklikheid as kerkverband soos voor 1962 opnuut bevestig.**

4. **Die Sinode van die Vrystaat besluit om genoemde inligting, nl dat Dolerende gemeentes hierdie voorstel van Artikel 37 gemaak het en die redes waarom hulle Doleer en die voorstelle aan die Sinode, aan al die gemeentes in die Vrystaat bekend te maak aan die hand van 'n proses, deurdat individuele lidmate en Kerkrade van gemeentes tyd gegee word tot 31 Desember 2022 om te besluit of hulle in die Vrystaatse Sinode wil verlaat of wil bly.**

5. **Die Sinode van die Vrystaat gee goedkeuring dat gemeentes, wat hulle nie vereenselwig met die besluit om die band met die Algemene Sinode los te maak nie, geleentheid gegee word om aansoek te doen by ander streeksinodes van die NG kerk waar hulle kan inskakel.**

6. **Die Sinode van die Vrystaat besluit dat, indien Art 37 nie goedgekeur word nie, gemeentes, leraars of lidmate wat nie langer hulle tuis voel in die Vrystaatse**

Sinodale verband nie, kan aansluit by 'n ander streeksinode wat Art 37 goedgekeur het.

**VOORSTELLER: Ds Dubois du Toit** 5/01/2022 **Datum**

**(Voorsitter van die Kerkraad)**

**SEKONDANT: Hennie Storm** 5/01/2022 **Datum**

**Leier ouderling**

# BESKRYWINGSPUNT VIR DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT – TEOLOGIESE OPLEIDING

## NG GEMEENTE KESTELL

### INLEIDING, AGTERGROND EN AKTIEWE OPTREDE

Die een saak wat die meeste skade aangerig het in die NG kerk die afgelope twee dekades, is hoe die Liberale Teologie die Teologiese Opleiding van predikante negatief beïnvloed het. Die kweekskole waar die NG Kerk se teoloë en predikante opgelei word, behoort die bron te wees waar suiwer Gereformeerde Teologiese opleiding beoefen en gekoester word, waar bedienaars van die Woord deeglik onderlê en toegerus daarmee dan vertrek na NG - kansels en sodoende gelowiges te versterk in hul geloofsopdrag en die ongelowige wêreld ewige hoop te gee deur Jesus Christus se verlossing suiwer te verkondig. Maar kweekskole kan ook die bron wees waardeur progressiewe, ideologies-gedrewe, sekulêr-humanistiese teologie (wel beïnvloed deur universiteite se wetenskaplike fakulteitsdoelwitte) kan deursyfer in die teologiese oortuigings van die kerk, en die oorsaak word van al hierdie konflik in die NG kerk se gemeentes. Dit veroorsaak dat 'n groot hoeveelheid persone in leiersstrukture in die NG kerk se Sinodes, Ringe en gemeentes tans in die "*Intensiewe Eenheid*" lê a.g.v. vergiftiging deur Liberale, Progressiewe Teologie vanuit ons kweekskole. M.a.w. die NG kerk o.l.v. die Algemene Sinode en Algemene Kuratorium, is op "lewensbystand" ("*life-support*") en so siek, dat sy nie haar Bybelse roeping kan uitvoer, nl. om dissipels te maak en hulle alles te leer wat Jesus ons beveel het nie, want ons verskil ernstig met mekaar en is selfs vasgeloop oor die kern van ons geloof en roeping – wie Jesus is, wat Hy alles leer in die Woord, wat Hy kom doen het en hoe Hy Hom in die Woord openbaar.

Die kweekskole is op veral twee vlakke vir die vasgelooptheid en gevolglike skeuring tans in die NG Kerk verantwoordelik. Eerstens deur die invloed van die tydsgees aan universiteite, waarvan die Teologiese Fakulteite nie die beheer, wetenskaplike begrondings, ideologieë en uitkomste van die publieke universiteite kan vryspring nie, want die befondsing "koop" ons teoloë. Dus *eksterne* faktore forseer die kweekskole in 'n humanisties-sekulêre rigting i.t.v. die kurrikulum en uitkomste en deurdat die Algemene Kuratorium en Dosente Rade van die kweekskole nie daarteen weerstand bied nie, word hulle deel van die probleem.

Maar tweedens, op *interne* vlak, word die dosente ook beïnvloed deur vakkundige kontak en uitruiling met ander universiteite oral oor die wêreld d.m.v. die Liberale Teologie wat veral sterk beïnvloed is deur die Verligting, wat enersyds begrond is in die wetenskaplike Kritiese Teologie (Hoër kritiek) van die Skrif, maar andersyds ook deur verskeie variasies van die post-modernisme en sosiale geregtigheidsteologie.

Die probleem is dat dosente met hierdie vertrekpunt, hermeneutiese bril en begronding jong en nuwe predikante oplei en kweek daarin, wat dan weer op kansels van gemeentes met hierdie liberale invloed en vloeibare waarheid as die regte siening van waarheid verkondig. So verwar hulle lidmate, want meeste het glad nie die teologiese agtergrond of kennis om die geleerde predikante aan te vat nie. Die kerklike media en ander vorme van sosiale mediaplatforms word deur sommige dosente en leiers in die kerklike strukture ingespan om hierdie liberale agenda te dryf, maar hulleself duld nie teenstand van iemand met 'n ander mening nie.

As gevolg van hierdie onverkwiklike stryd en misleiding in die NG-kerk oor jare heen, het dit nou finaal tyd geword om dit te stuit. Verskeie besluite van die AS het ons as gemeente genoop om die Sinode van die Vrystaat te vra om ons gewete te ondersoek en mekaar op te roep tot aksie. Die groot probleem is, dat terwyl ons Gereformeerde Leer en die Drie Formuliere van Eenheid ons ooreenkoms met mekaar in die kerkverband is waarmee ons ons eenheid uitleef, ons nie meer kan saamstem dat daar net een waarheid is oor die maagdelike geboorte, Jesus se liggaamlike opstanding, saamwoon, die bestaan van die duiwel en SGV nie. Dus, as gevolg van vasgelooptheid, het ons eenheid verbrokkel.

Die Vrystaatse Sinode kan tot geen ander gevolgtrekking kom nie, as dat ons vasgeloop is met die AS. Daar kan niks goeds verder uit 'n verhouding met die AS kom nie – dit bring soveel verdeeldheid, tweespalt, verdagmakery en nydigheid na ons eie Sinode, Ringe en gemeentes, omdat ons nou ook hier in eie geledere dieselfde stryd en konflik het. Die AS se goedgekeurde SGV-besluit in 2019, wat voorgestel is deur die Algemene Kuratorium se voorsitter en 'n dosent aan 'n Teologiese Fakulteit, het die finale skeuring in die kerk veroorsaak en ons Sinode kan nie langer deel wees daarvan nie.

Daar is 'n groep gemeentes in die Vrystaatse Sinode wat Doleer (waarvan ons gemeente deel is) juis agv hierdie situasie en dis hierdie gemeentes wat nie langer kan stilbly en niks doen nie. Die evangelie van die Here Jesus is op die spel en die tweespalt en vasgelooptheid het daartoe gelei dat ook die kerk in die Vrystaat besig is om te skeur. Hierdie Dolerende gemeentes in die Vrystaatse Sinode wil graag terugkeer na 'n Ortodokse siening van die gesag van Bybel deur die lens van ons Gereformeerde Teologie nl. Die 5 solas. Daarom bevestig ons ook opnuut dat ons die Belydenisskrifte (Formuliere van Eenheid) volledig onderskryf ***omdat*** dit ooreenkom met die Skrif.

**Aanbeveling:**

1. **Die Sinode van die Vrystaat neem kennis dat die drie kweekskole van die NG kerk by die Teologiese Fakulteite onder verdenking is t.o.v. onderrig van dosente, o.l.v. die Algemene Kuratorium, wat die Liberale Teologie aanhang en studente daarin onderrig.**

2. Die Sinode van die Vrystaat stel 'n taakspan aan, om onafhanklik van die Algemene Kuratorium, die saak te ondersoek met die doel om 'n alternatiewe kweekskool te nader wat wel Behoudende, Skrifgetroue teologiese opleiding aanbied. Die taakspan moet terugvoer gee aan die Moderamen teen 30 Julie 2022.
3. Die Sinode van die Vrystaat besluit om ander Gereformeerde teologiese fakulteite of -privaatinstellings wat voldoen aan die Sinode van die Vrystaat se vereistes en kwalifikasies vir teologiese opleiding, geleentheid te gee om 'n voorlegging te doen aan die taakspan t.o.v. Skrifgetroue teologiese opleiding.
4. Die Sinode van die Vrystaat besluit om die taakspan en Moderamen toestemming te gee om studente wat behoudend is, te laat inskryf by so 'n goedgekeurde Teologiese Fakulteit.
5. In die lig van die bewering dat die NG kerk se drie kweekskole gekaap is deur die Liberale teologie en die onvermoë en onwilligheid van die AS om dit reg te stel, besluit die Sinode van die Vrystaat om Art 37 goed te keur as 'n proses, om sodoende die band los te maak van die AS.
6. Die Sinode van die Vrystaat besluit om genoemde inligting, nl dat Dolerende gemeentes hierdie voorstel van Artikel 37 gemaak het en die redes waarom hulle Doleer en die voorstelle aan die Sinode, aan al die gemeentes in die Vrystaat bekend te maak aan die hand van 'n proses, deurdat individuele lidmate en Kerkrade van gemeentes tyd gegee word tot 31 Desember 2022 om te besluit of hulle die Vrystaatse Sinode wil verlaat of wil bly.
7. Die Sinode van die Vrystaat besluit, dat indien Art 37 nie goedgekeur word nie, gemeentes, leraars of lidmate wat nie langer hulle tuis voel in die Vrystaatse Sinodale verband nie, kan aansluit by 'n ander streeksinode wat Art 37 goedgekeur het.

VOORSTELLER: Ds Dubois du Toit
(Voorsitter van die Kerkraad)

5/01/2022
Datum

SEKONDANT: Hennie Storm
Leier ouderling

5/01/2022
Datum

# VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN AKTUELE EN LEERSAKE (STALS)

## 1 SAMESTELLING

STALS bestaan tans uit die volgende lede: Dawie Botes, Gerber Roux en Pieter Prinsloo. Pieter Prinsloo tree as waarnemende voorsitter op nadat Pieter van Heerden in 2021 emeriteer het.

**Aanbeveling:**
- Die Sinode neem kennis daarvan dat STALS hierdie huidige lede aanbeveel om weer op STALS te dien saam met nog lede soos aangevul deur die Sinode.

- Die aanbeveling word verwys na die Tydelike Kommissie vir Kommissies.

## 2 WERKSAAMHEDE

STALS het verskeie vergaderings gehou voor en te midde van die Covid-pandemie. Aktuele temas is in verskeie Vrypos-uitgawes aangespreek. Die sinode en Moderamen het ook die volgende sake na STALS verwys vir verslagdoening:

Beskrywingspunte voor 2021:

- Reitz
- Bloemvallei

Sinodale besluit 2017 (Skrif, Belydenis en Kerkorde soos in die hieropvolgende verslag bespreek)

STALS ontvang ook in Januarie 2022 die volgende opdrag van die Moderamen:

"Die Moderamen het verskeie beskrywingspunte ontvang en die Interimkomitee bring, na aanleiding van die gewysigde Reglement van Orde, die volgende beskrywingspunte onder STALS se aandag vir verslagdoening aan die komende Sinode." (Hierdie beskrywingspunte is elders in die agenda ingebind) -

- NG Bloemvallei en Leeuwberg
- NG Kestell (2)
- NG Petrus Steyn
- Ring van Heilbron (2)
- Ring van Smithfield

STALS neem kennis daarvan dat die tydelike taakspan: Kerkverband en dolering verslag doen aangaande al hierdie beskrywingspunte (Bloemvallei en Leeuwberg; Kestell; Ring van Heilbron) wat te make het met versoeke dat die Vrystaat se Sinode uit die algemene sinodale verband moet tree. Daarom doen STALS nie verslag oor daardie beskrywingspunte nie. STALS oordeel ook dat die beskrywingspunt (Kestell) wat fokus op "saamwoon en seks buite die huwelik" gedagtes aanraak wat wel in die hieropvolgende verslag oor Skrif, Belydenis en Kerkorde aangespreek word. Die Ring van Smithfield se beskrywingspunt oor selfdegeslagverbintenisse word eweneens aangespreek in die hier- opvolgende verslag. NG Petrus Steyn se beskrywingspunt is ontvanklik en kan bloot in die agenda afgehandel word vir besluitneming.

Die hieropvolgende verslag van STALS spreek dus die kwessies aan wat in die 2022 beskrywingspunte na vore kom, asook die sinodale besluit van 2017 en die twee genoemde beskrywingspunte uit vorige sinodes.

## 3 VERSLAG: BESKRYWINGSPUNTE EN SINODALE BESLUIT

STALS wou dit maklik maak vir die Sinode om die gesprekvoering te bestuur, en het daarom die beskrywingspunte asook die sinodale besluit van 2017 se raakvlakke met mekaar in ag geneem en 'n geïntegreerde verslag voorberei. STALS se motivering om die skrywes in 'n geïntegreerde verslag te hanteer is die volgende:

## 4 TEMAS IN TALLE VAN DIE BESKRYWINGSPUNTE, ASOOK DIE SINODALE BESLUIT, OORVLEUEL

DIE SKRYWES RAAK DIE TEMA VAN HOMOSEKSUALITEIT/ SELFDEGESLAGVERBINTENISSE (SGV) AAN

- STALS beoordeel gevolglik dat al drie skrywes se vrae oor SGV, asook die tema van saamwoon, gesamentlik in die eerste gedeelte van STALS se verslag aangespreek kan word.

## 5 ANDER TEMAS UIT REITZ SE BESKRYWINGSPUNT

TEOLOGIESE OPLEIDING

- STALS neem kennis dat die kuratorium reeds aspekte van Reitz se vrae oor teologiese opleiding met hulle opgeneem het.

PETISIES ENS

- STALS beoordeel dat hierdie sake op ander gespreksplatforms hanteer kan word.

LEERSTELLIGE VERDEELDHEID

- Reitz se beskrywingspunt verwys na leerstellige verdeeldheid in die NGK rakende die temas van SGV, asook die bestaan van die Bose. Die sinodale besluit waaroor STALS verslag moet doen, vra ook vrae oor die leerstellige verdeeldheid oor die bestaan van die Bose. STALS se verslag gee daarom in die tweede gedeelte aandag aan die NGK se leerstellige verdeeldheid rakende die bestaan van die duiwel.

EIETYDSE UITLEG VAN DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

- STALS beoordeel dat die dokument 'n gespreksdokument was, waaroor gesprek gevoer is sonder bindende besluitneming. Gevolglik is verdere gesprekvoering hieroor tans onnodig.

## 6 DIE FORMAAT VAN HIERDIE VERSLAG

- STALS se verslag bespreek eerstens of die Kerkorde en Belydenis van die NGK dit toelaat dat die Algemene Sinode (AS) ruimtes mag skep vir persone wat SGV wil bevestig.

- STALS se verslag bespreek daarna of die Kerkorde en Belydenis van die NGK dit toelaat dat die Algemene Sinode (AS) ruimtes mag skep vir persone om binne die NGK te verkondig dat die Duiwel en geeste nie bestaan nie.

- STALS se verslag maak laastens sekere praktiese afleidings (soos versoek in die besluit van 2017 - Sien besluit van 2017 hieronder).

**SINODALE BESLUIT 2017 VERWYS NA STALS DEUR DIE MODERAMEN:**

1. Die Sinode versoek die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake (STALS), om 'n verslag op te stel waar die belydenisskrifte van die NG Kerk gebruik moet word om eietyds en verhelderend saam te vat wat die NG Kerk Vrystaat glo, aangaande die volgende sake waaroor daar tans verwarring in die NG Kerk is:

1.1 Die gesag van die Bybel

1.2 Die Persoon van Christus

1.3 Christus se heilswerk en die lewe van geloof

1.4 Die regte verstaan van genade in Christus

1.5 Die eietydse implikasies van die sondeval wat ons bely

1.6 Skrifvertolking

1.7 Christus, die wet en die liefde

1.8 Die belydenis oor die Bose

1.9 Die Kerk en die mense wat deel het aan die genadeverbond

1.10 Die huwelik

1.11 Selfdegeslagverhoudinge

1.12 Enige ander sake wat STALS uit die belydenis eietyds wil herbevestig.

1. Die Sinode versoek dat die verslag rondom hierdie sake ook bestaande afwykings van die belydenis sal aantoon.

2. Die Sinode versoek, voortspruitend uit punt 1, dat STALS se verslag 'n ondersoek moet insluit na die Skrifvertolking en funksionering van die belydenis, asook die Kerkordelikheid van onlangse besluite van die Algemene Sinode oor veral sake soos selfdegeslagverhoudinge, die bestaan van die Bose, asook die besluit oor streeksinodes en Belhar.

3. Die Sinode versoek dat die verslag deur die Moderamen na die Algemene Sinode verwys word as beskrywingspunt. Die inhoud van die beskrywingspunt sal dus die volgende bevat:

3.1 Die eietydse herbevestiging van die belydenis van die NG Kerk aangaande sake in punt 1 beskryf.

3.2 Indien van toepassing, uitwysing van besluite van die Algemene Sinode wat onkerkordelike ruimte skep vir Skrifverstaan wat bots met ons formele belydenis.

4. Die Sinode versoek dat, in die lig van hierdie werkswyse en uitkomste, die NG Kerk Vrystaat sal besin oor toekomstige bande met die Algemene Sinode.

## GRENSE VAN KERKLIKE RUIMTE -

**('n Verslag oor die NGK, Skrif, Belydenis, Kerkorde en selfdegeslagverbintenisse.)**

## OPSOMMING VAN HIERDIE VERSLAG

**STALS GEE VERVOLGENS EERS 'N OPSOMMING VAN DIE HELE VERSLAG OOR SGV OP DIE VOLGENDE TWEE BLADSYE –**

**<u>DIE SKRIF, BELYDENIS EN KERKORDE VAN DIE NGK LAAT GEEN MOONTLIKHEID DAT DIE ALGEMENE SINODE RUIMTE MAG SKEP VIR TWEE WEERSPREKENDE EVANGELIES IN DIE NGK NIE.</u>**

Hierdie verslag bespreek selfdegeslagverbintenisse (SGV) in die lig van die Skrif, Belydenis en Kerkorde van die NGK. Die bevindinge word dan gebruik om aan te toon dat die Algemene Sinode (AS) in 2019 'n onwettige besluit geneem het aangaande SGV (Sien die volledige besluit van 2019 in die eindnota ).

Die AS het in 2019 besluit om ruimte te skep vir gemeentes om self te besluit of hulle selfdegeslagverbintenisse wil bevestig of nie. Die AS 2019 het onder andere besluit:

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.

2. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid **nie verbrokkel** wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.

Voorts besluit die AS:

8. Die Algemene Sinode erken dat daar:

8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,

8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.

9. Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig ...

Hierdie verslag sal vervolgens aantoon dat die AS sy kerkordelike besluitnemingsbevoegdheid/magte oorskry het met die 2019 besluit, en dat die besluit gevolglik onwettig is. Daar sal aangetoon word dat die AS onwettig besluit het dat gemeentes ruimtes het om **die evangelie op verskillende maniere te vertolk** rondom die saak van SGV; die verslag sal aantoon dat die AS nie aan gemeentes ruimtes mag gee om SGV kerklik te bevestig nie; die AS se besluitnemingsbevoegdheid is immers kerkordelik beperk tot besluite wat **uitdrukking gee aan die NGK se Kerkorde en Belydenis**.

Die ruimte vir verskillende Skrifvertolkings binne die NGK is immers nie onbegrens nie, maar word begrens/beperk deur die NGK se gemeenskaplike en bindende Belydenis; SGV word binne hierdie bindende Belydenis as sonde bely. Lidmate verbind hulle vrywillig tot hierdie Belydenis by belydenisaflegging, en leraars verbind hulle daarna weereens vrywillig tot hierdie Belydenis by legitimasie. Die AS het gevolglik nie die reg/bevoegdheid om ruimtes te skep wat nie binne die grense van die NGK se bindende Belydenis en Kerkorde toegelaat word nie. Die verslag sal voorts aantoon dat die AS foutiewelik en misleidend besluit het dat die eenheid van die NGK **nie verbrokkel** met hierdie besluit nie.

Die AS moet in situasies waar 'n vasgeloopheid van lidmate se Skrifverstaan ontstaan, bloot besluit volgens die Skrifverstaan wat in die Belydenis van die NGK geleer word. Ontevrede lidmate mag egter 'n kerkordelike proses inisieer waarin gevra word dat die Belydenis verander word. Alternatiewelik mag ontevrede lidmate hulle voeg by ander kerkgroeperinge wat hulle Skrifverstaan deel indien hierdie proses van beswaar onsuksesvol is. **Ontevrede lidmate kan egter nie aandring op ruimtes wat nie toegelaat word binne die bindende Belydenis en Kerkorde van die NGK nie.**

**VERGELYKENDE VOORBEELD:** Sou dit onwettig wees vir die AS om te besluit dat daar ruimte in die NGK is vir kerkrade en predikante wat nie hulle weg oopsien om kinders te doop nie? Die antwoord is duidelik dat die AS nie die bevoegdheid het om so 'n ruimte te skep nie, want die Skrifverstaan wat in die NGK se bindende Belydenis geleer word is duidelik dat die kinders van gelowiges gedoop moet word. Op soortgelyke wyse is dit onwettig vir die AS om te besluit dat daar ruimte kan wees vir kerkrade en predikante wat hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig. Die Skrifverstaan wat in die NGK se bindende Belydenis geleer word, maak dit immers duidelik dat SGV (wat seks buite die Godgegewe huwelik tussen man en vrou impliseer) sonde is.

**INTERPRETASIE OF FEIT?** Soos aangetoon sal word, is die stelling dat SGV volgens die Belydenis sonde is, nie een van talle moontlike interpretasies van die Belydenis nie, maar die onteenseglike bedoeling van die bindende Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word.

**KORTOM – DIE SINODE HET ONWETTIG BESLUIT OM RUIMTE TE SKEP VIR KERKRADE EN PREDIKANTE WAT HULLE WEG OOPSIEN OM BURGERLIKE VERBINTENISSE TUSSEN PERSONE VAN DIESELFDE GESLAG TE BEVESTIG:** Die evangelie, onderliggend aan pro-SGV teologie, is 'n volkome ander evangelie as die Skrifverstaan **wat in die NGK se Belydenisskrifte geleer word**. Die Skrif se kosbare evangelie van SONDE, VERLOSSING EN DANKBAARHEID (soos veral saamgevat in die Heidelbergse Kategismus) is op die spel met hierdie besluit van AS 2019 oor SGV. Die besluit oor SGV is daarom beslis ook nie 'n randsaak van die Christelike geloof nie.

## TWEE ONVERSOENBARE EVANGELIES OOR SONDE, VERLOSSING EN DANKBAARHEID

| | DIE EVANGELIE SOOS GELEER DEUR DIE PRO-SGV GROEPERING IN DIE NGK | DIE SKRIFGETROUE EVANGELIE SOOS GELEER IN DIE NGK SE BELYDENIS |
|---|---|---|
| MENSLIKE NATUUR | Homoseksuele oriëntasie (en ander LGBTIQ+ oriëntasies) is deel van die menslike natuur wat 'n aangebore, goeie gawe van God is | Die neiging tot SGV (en ander seksuele oriëntasies) is die gevolg van die sondige natuur van die mens. Mense moet daarom weergebore word. |
| GENADE | Genade behels dat God sondige mense (ook mense in SGV) aanvaar net soos hulle is | Genade behels dat God sondige mense (ook mense in SGV) nie bloot aanvaar nie, maar tot Sy eer weergebore laat word, en lei op 'n pad waar aangebore, sondige begeertes daagliks gekruisig word vanuit 'n geloofseenheid met Christus. |
| GENADEVERBOND | Alle mense is ingesluit by die genadeverbond | Alle mense is nie ingesluit by die genadeverbond in Christus nie |

| | | |
|---|---|---|
| GOD SE GEBOOIE | Die liefdesgebod word verhef bo ander gebooie. Mense in SGV moet net die liefdesgebod uitleef in hulle selfdegeslaghuwelike. | Die liefdesgebod kom tot uitdrukking in God se ander gebooie. LIEFDE vir God en Sy Koninkryk kom daarom tot uitdrukking in 'n Godverheerlikende huwelik tussen een man en een vrou. Mense in SGV leef dus nie liefde vir God en Sy Koninkryk uit nie want hulle breek sy gebod oor die eg. |
| BEKERING | Verlostes in SGV moet hulle bloot in dankbaarheid bekeer van liefdelose optrede teen mekaar in hulle selfdegeslaghuwelike | Verlostes moet hulle in dankbaarheid bekeer van hulle sondige neiging om selfdegeslaghuwelike goed te praat ten koste van God se gebod oor die eg tussen een man en een vrou |
| GESAG VAN DIE WOORD | Die Bybel bevat tydgebonde menslike idees oor die definisie van 'n huwelik. Die veranderende tydsgees vereis die aanvaarding van eietydse vorme van huwelike, asook eietydse leefpatrone waarbinne seksuele begeertes uitgeleef kan word (soos bv beskryf deur die LGBTIQ+ beweging). | Die Bybel is God se Woord. God se Woord leer dat die huwelik 'n Goddelike instelling tussen een man en een vrou is. Seks is 'n gawe wat binne die Godgegewe huwelik tussen man en vrou mag geskied. (Sien ook laaste besluit van die Vrystaatse Sinode) |

HIERDIE OPSOMMING TOON DAT DIEGENE WAT RUIMTE SOEK VIR DIE ERKENNING VAN SGV IN DIE NGK, TEN DIEPSTE VRA VIR RUIMTE OM 'N AFWYKENDE EVANGELIE IN DIE NGK TE AANVAAR, WAT BOTS MET DIE SKRIFVERSTAAN WAT IN DIE NGK SE BELYDENIS OOR SONDE, VERLOSSING EN DANKBAARHEID GELEER WORD. (SIEN OOK DEEL 2 VAN DIE VERSLAG, WAT AANTOON DAT DIE NGK SE BELYDENIS SGV OOK PERTINENT EN ONDUBBELSINNIG AS SONDE BESKRYF)

**VERKLARING AANGAANDE DIE FORMAAT VAN STALS SE HIEROPVOLGENDE VERSLAG**

**- KERKORDE EN BELYDENIS TEN KOSTE VAN DIE SKRIF?** In STALS se hieropvolgende verslag word die NGK se Kerkorde en die belydenisskrifte eerder as die Bybel gereeld aangehaal. Wat is die rede hiervoor? Aangesien die tweede verslag van AS 2007 **reeds volledige Skrifverklaring** rakende die kwessie van SGV bevat, waarin duidelik aangetoon word dat die Bybel ongetwyfeld leer dat SGV sonde is, is dit onnodig om die deeglike Skrifverklaring van 2007 hier te herhaal. In hierdie verslag val die fokus dus eerder op die NGK se Kerkorde en Belydenis wat, **in diens van die Skrif**, duidelik uitspel waarom die AS nie die bevoegdheid het om ruimte te skep vir SGV binne die NGK nie. **Dit is uiters belangrik dat Sinodegangers vooraf sal kennis neem dat die Belydenis van die NGK – wat hierna dikwels aangehaal word - in volkome harmonie is met die Skrifverklaring wat in 2007 se tweede verslag geleer word.** Sinodegangers word daarom aangemoedig om die tweede verslag van 2007 in samehang met hierdie verslag oor Kerkorde en Belydenis te lees – sodoende sal sinodegangers self kan sien dat die Belydenis van die NGK in volkome harmonie met die Skrif is in die afwysing van SGV as sonde.

**- VERWYSINGS NA SPESIFIEKE BRONNE:** STALS besef dat sinodegangers soms ongemaklik is wanneer Sinodale verslae krities omgaan met bronne. Aan die ander kant vereis 'n verslag soos hierdie dat STALS nie bloot vae, kritiese bewerings kan maak sonder om met duidelike bronverwysings te staaf dat vasgelooptheid in die NGK werklik en nie bloot denkbeeldig is nie. STALS oordeel gevolglik dat die aard van hierdie verslag dit noodsaak om pertinent bronne aan te haal en dit dan krities te bespreek.

## VOLLEDIGE VERSLAG – BEOORDELING VAN DIE 2019 BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE RAKENDE SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (SGV) IN DIE LIG VAN DIE SKRIF, BELYDENIS EN KERKORDE VAN DIE NGK.

**INHOUDSOPGAWE**

**DEEL 1**

**- INLEIDING**

**- KERKORDE: DIE BEPERKTE BESLUITNEMINGSBEVOEGDHEID/ MAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE IS OORSKRY IN 2019**

**- DIE NGK SE BELYDENIS: WARE EVANGELIE VS AFWYKENDE EVANGELIE**

o Natuur van die mens
o Genade
o Genadeverbond
o Liefde en die wet
o Bekering
o Skrif en Openbaring

**- ALGEMENE SINODE 2007, DIE SKRIF EN SGV**

**- AANGAANDE DIE SEKSUELE ORIëNTASIE VAN GAYS: DAAR IS VOLKOME HARMONIE TUSSEN DIE NATUURLIKE OPENBARING (SOOS DEUR DIE MODERNE WETENSKAP BEVIND) EN DIE SKRIFTUURLIKE OPENBARING OOR DIE VERDORWE, AANGEBORE MENSLIKE NATUUR**

**- OPSOMMEND**

**DEEL 2: DIE NGK SE BINDENDE BELYDENIS IS DUIDELIK DAT SGV SONDE IS.**

## DEEL 1

### 1 INLEIDING

Die Algemene Sinode (AS) van die NGK het sedert 1986 talle studies, vanuit verskillende invalshoeke, gedoen oor die saak van selfdegeslagverbintenisse (SGV). Die verwagting sou wees dat die verslae en besluite van die AS - wat oor ongeveer 30 jaar strek - die Belydenis van die NGK duidelik sou reflekteer; die Kerkorde bepaal immers dat alle besluite van die AS (wat veral leerstellige besluite insluit) uitdrukking moet gee aan die Skrif, soos bely in die saambindende Belydenis van die NGK. STALS het egter in 'n nagaan van hierdie verslae en besluite van die AS tot die slotsom gekom dat daar geen deeglike studie bestaan, waar SGV in die lig van die Belydenis van die NGK ondersoek is nie. Die gevolgtrekking van hierdie verslag is dat die 30 jaarlange onsekerheid oor die NGK se "standpunt"

oor SGV, voorkom kon gewees het indien die AS in 1986 reeds volstaan het met 'n besluit wat uitdrukking gegee het aan die NGK se Belydenis. **Hierdie verslag toon immers dat die NGK se Belydenis duidelik is rakende die saak van SGV, en dat die AS kerkordelik verplig is om uitdrukking te gee aan hierdie Belydenis. Immers, wanneer die AS te make kry met die krisis van twee weersprekende Skrifverklarings aangaande 'n saak, is die AS kerkordelik verplig om slegs uitdrukking te gee aan daardie Skrifverklaring wat in lyn is met die NGK se Belydenis. Ongelukkig het hierdie jarelange afwesigheid van nadenke oor die NGK se Belydenis, veroorsaak dat die AS in 2019 'n besluit oor SGV sou neem, waar ruimte geskep word vir 'n Skrifverstaan wat die NGK se Belydenis volkome weerspreek.**

Die dilemma vir die NGK Vrystaat is voorts dat die Vrystaat Sinode se bestaande besluit nie ruimte laat vir SGV nie, maar dat die AS 2019 se besluit veroorsaak het dat Vrystaatse predikante en gemeentes reeds SGV bevestig in weerwil van die Vrystaatse Sinode se besluit. Die Vrystaatse Sinode moet gevolglik hierdie spanning tussen die besluit van die AS en die besluit van die Vrystaatse Sinode dringend aanspreek.

## 2 KERKORDE: DIE BEPERKTE BESLUITNEMINGSBEVOEGDHEID/MAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE IS OORSKRY IN 2019

Lidmate van die NGK begryp nie altyd dat die AS baie beperkte besluitnemingsbevoegdheid het nie. Die afgevaardigdes na AS 2019 was skynbaar onbewus van hierdie beperkinge in hulle besluitnemingsbevoegdheid, soos in die Kerkorde van die NGK uitgestip. Gevolglik het hulle in 2019 'n besluit geneem wat die perke van die AS se besluitnemingsbevoegdheid oorskry het. Vervolgens moet nagedink word oor hierdie kerkordelike grense of beperkinge van besluitnemingsbevoegdheid van die AS.

## 3 DIE BEPERKTE BESLUITNEMINGSBEVOEGDHEID VAN DIE AS

Die Kerkorde van die NGK spel duidelik uit wat die grense / beperkinge van die AS se besluitnemingsbevoegdheid is:

*Artikel 43.1*

*Tot die taak van die AS behoort:*

*43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid.*

*Sien ook Artikel 23*

*23.1 Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigdes* ***is bindend, in soverre dit nie in stryd is met die Woord van God, die belydenis van die kerk en die Kerkorde nie*** *(sien Artikel 1 en 2).*

*23.2. Alle ampsdraers en lidmate van die kerk word daartoe opgeroep om voortdurend met die Woord van God, die belydenis en die Kerkorde* ***as maatstaf*** *die werk van vergaderings en ampsdraers te beoordeel.*

Dit is uiters belangrik om uit die staanspoor te verstaan dat die AS se afgevaardigdes, in die lig van KO 43, beperk is om slegs besluite te neem wat ... ***uitdrukking gee*** aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid. Sien ook weer die uiters belangrike formulering in KO 23: Besluite van vergaderings is net "bindend in soverre dit nie in stryd is met die ***Woord van God, die belydenis van die kerk en die Kerkorde nie"***

Die Belydenis en Kerkorde gee dus 'n nadere omlyning van die Alle gelowiges verbind hulle immers met 'n ***vrywillige*** eed tot 'n Skrifverstaan wat in die Belydenis van die NGK geleer word. Dit is belangrik om hierdie eed weer onder oë te neem – die leraar vra tydens belydenisaflegging:

*"... Daarom versoek ek julle om voor God en sy gemeente op die volgende vrae opreg te antwoord:*

*Ten eerste: Glo jy dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament e**n in die artikels van die Christelike geloof vervat is** en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?*

*Ten tweede: Beloof jy om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die* ***belydenis van die leer tot die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?***

*Ten derde: Bely jy dat die Here Jesus Christus jou persoonlike Verlosser is en dat jy Hom liefhet? Beloof jy om Hom te dien, sy Naam getrou te bely voor die mense en om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem?*

*Ten slotte: Beloof jy dat jy jou onderwerp aan die kerklike opsig en tug?*

Lidmate verbind hulle hiermee tot die aanvaarding van die boodskap van die Bybel ***soos saamgevat in die artikels van die Christelike geloof (die drie geloofbelydenisse en drie belydenisskrifte)***. Lidmate verbind hulle ook daartoe ***om alle leringe wat hiervan afwyk te verwerp***. BELANGRIK: 'n Lidmaat of leraar kan dus nie vereis dat die AS ruimte moet gee vir 'n Skrifverstaan wat bots met die bindende Belydenis van die NGK nie. Die Kerkorde bepaal immers die volgende:

*DIE BELYDENIS, AARD EN ORDE VAN DIE KERK Artikel 1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe-en-dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.* (Sien veral 6.1.3)

*2.2 PREDIKANTE Artikel 6*

*6.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis 6.1.1 geskiktheid vir die amp; 6.1.3 ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.*

Dit is belangrik om te besef dat leraars en lidmate hulle verbind tot 'n Skrifverstaan soos saamgevat in die Belydenis van die NGK. In hierdie verslag se latere bespreking sal aangetoon word dat die NGK se Belydenis SGV ondubbelsinnig as sonde beskryf. In 2019 het die AS dus die onwettige besluit geneem om ruimte te gee aan lidmate en leraars om ***nie verbind te bly tot die bindende Belydenis van die NGK nie!*** Daarmee het die AS die grense van sy besluitnemingsbevoegdheid volkome oorskry. Die AS het hulle nie laat lei deur die bindende Belydenis en Kerkorde van die NGK nie, maar deur emosionele pleidooie dat onkerkordelike ruimtes binne 'n vasgeloopte situasie geskep moes word.

Dit kan prakties as volg verduidelik word:

- EMOSIE EN BESLUITE:

o Kerkordelik mag afgevaardigdes na die vergadering van die AS net besluite neem in ooreenstemming met die Skrif, ***soos saamgevat in die NGK se bindende Belydenis***, en beslis nie op gronde van afgevaardigdes se wisselende emosies of gevoelens tydens die vergadering nie. Goeie orators kan afgevaardigdes wat die Belydenis nie deeglik ken nie, maklik op emosionele wyse probeer oorhaal tot besluite wat nié uitdrukking gee aan die Belydenis van die NGK nie.

o Kerkordelik mag afgevaardigdes dus, wanneer daar 'n vasgelooptheid tussen afgevaardigdes se Skrifverstaan oor 'n saak bestaan of ontstaan, slegs besluite neem in ooreenstemming met dié groep se Skrifverstaan ***wat in ooreenstemming is met die bindende belydenisskrifte***.

Afgevaardigdes na die Sinode mag dus nie demokraties stem, ***asof daar nie 'n bindende belydenis is nie***. (Illustrasie: Dit kan vergelyk word met ons regering wat 'n besluit sou neem om die land se grondwet te ignoreer; ons regering sou byvoorbeeld heeltemal buite hulle grondwetlike reg/bevoegdheid optree indien hulle op 'n dag die volgende besluit in die openbaar sou afkondig[1]:

*'Ons as regering besef Suid-Afrikaners het gekom by 'n vasgelooptheid rondom die grondkwessie. Die regering erken dat daar landsburgers is wat nie hulle weg oopsien om grond te beset nie. Die regering erken dat daar landsburgers is wat wel hulle weg oopsien om grond te beset. Die regering wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig. Die regering bely egter dat die eenheid van die land gefundeer is in ons eenheid as reënboognasie en ons grondwet. Hierdie eenheid verbrokkel nie wanneer daar oor grondkwessies verskil word nie.'*

Dit sou tog irrasoneel wees om te dink dat die regering grondwetlik kan wegkom met so 'n mooiklinkende stuk misleiding, waarin hulle ruimte skep vir grondvergrype. Waarom dink mense dan dat die AS kan wegkom met die mooiklinkende maar misleidende besluit om, in weerspreking van die NGK se Belydenis en Kerkorde, ruimte te skep vir selfdegeslagverbintenisse?)

o Afgevaardigdes mag boonop ook nie stem (veral rakende sake oor die leer van die Kerk) op grond van 'n "mandaat" van 'n leerafwykende groep wat hulle verteenwoordig nie. Besluite van afgevaardigdes mag immers slegs geneem word in die lig van die *"Christelike leer soos in die Ou en Nuwe Testament* ***en in die artikels van die Christelike geloof vervat is".***

- BELYDENIS EN LIDMATE WAT VERSKIL:

o Afgevaardigdes wie se Skrifverstaan afwyk van die Skrifverstaan soos saamgevat in die belydenisskrifte, het die kerkordelike reg tot gravamina waarin versoek word dat die belydenisskrifte verander moet word soos beskryf in Kerkorde artikel 44. (Illustrasie: Net soos 'n land se grondwet deur 'n sekere ordelike proses gewysig kan word.)

Die onwettigheid van die AS se besluit om ruimtes te gee aan gemeentes wat SGV wil bevestig, kan ook nog verder prakties geïllustreer word deur die volgende vergelykende voorbeelde:

- Net so min as wat die AS die reg het om ruimte te gee aan gemeentes wat nie hulle weg oopsien om kinders te doop nie, net so min het die AS die reg om ruimte te gee aan sekere gemeentes wat SGV wil bevestig.

- Net so min as wat die AS die reg het om ruimte te gee aan sekere gemeentes om die opstanding van Christus te ontken, net so min het die AS die reg om ruimte te gee aan sekere gemeentes wat SGV wil bevestig.

- Net so min as wat die AS die reg het om ruimte te gee aan sekere gemeentes om te verkondig dat mense wat nie in Christus glo nie, ook gered sal word, net so min het die AS die reg om ruimte te gee aan sekere gemeentes wat SGV wil bevestig.

***Die Skrifverstaan wat in die bindende Belydenis van die NGK geleer word, is immers duidelik aangaande hierdie sake, en die AS kan nie ruimtes skep vir 'n leer wat verskil van die bindende Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word nie.***

Teen hierdie agtergrond is dit nou nodig om te besin oor 'n misleidende stelling in die besluit van AS 2019...

## 4 VERHELDERING OOR 'N MISLEIDENDE STELLING VAN ALGEMENE SINODE 2019

In 2019 besluit die AS:

2. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid ***nie verbrokkel*** wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak (selfdegeslagverbintenisse) verskil word nie, maar verryk en verdiep word.

Die AS se bewoording van die eerste gedeelte is korrek, naamlik ... "dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus ***en die belydenisgrondslag***". Ongelukkig besluit die Sinodegangers volkome verkeerdelik "dat hierdie eenheid ***nie verbrokkel*** wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak (selfdegeslagverbintenisse) verskil word nie".

Die Sinode maak 'n mooiklinkende bewering wat bloot onwaar is. Die kerk se eenheid verbrokkel beslis wanneer twee "vasgeloopte Skrifvertolkings" onder een sambreel gehuisves wil word, in weerwil van die duidelike en bindende Belydenis van die kerk. Dit kan illustreer word deur 'n nadenke oor die redes waarom gelowiges lidmate van die NGK word, en nie byvoorbeeld lidmate van die AGS,

Metodiste, Anglikane of watter ander kerkgroepering ook al nie -

Al genoemde kerkgroeperinge (NGK, AGS, ens) het immers een gemenedeler, naamlik dat lidmate van hierdie kerkgroeperinge almal saam 'n eenheid in Christus bely. Maar wat bind lidmate ***van die NGK*** tot 'n eenheid, ***in onderskeiding van hierdie ander kerkgroeperinge?*** Die antwoord is eenvoudig: Die NGK se ***belydenisgrondslag bind NG lidmate tot 'n unieke eenheid***, in onderskeiding van lidmate van ander kerkgroeperinge. NG lidmate deel dus 'n gemeenskaplike Skrifverstaan soos uitgedruk in ons belydenisskrifte. ***Sonder eenheid in Belydenis is daar eintlik geen rede vir die bestaan van die NGK as kerkgroepering nie.*** Die implikasie is dus dat NGK lidmate se eenheid in Skrifverstaan ***inderdaad verbrokkel*** indien die AS besluit om ruimtes te skep vir 'n alternatiewe leer in die NGK, wat lynreg in weerspreking is met die bindende Skrifverstaan wat in die NGK geleer word; dit is immers juis om verbrokkeling van die NGK se eenheid in Skrifverstaan te voorkom dat lidmate by belydenisaflegging as volg belowe:

Ten eerste: Glo jy dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament ***en in die artikels van die Christelike geloof vervat is*** en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?

Ten tweede: Beloof jy om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die ***belydenis van die leer tot die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?***

Dit is gevolglik belangrik om te besef dat die NGK se eenheid ***beslis verbrokkel*** as ons nie meer 'n bindende eenheid in Belydenis oor 'n saak soos SGV het nie. Daarom is dit belangrik om te begryp – soos aangetoon sal word – dat die NGK se saambindende Belydenis duidelik leer dat SGV sonde is. Dit kan ook uit 'n ander hoek verduidelik word: Waarom moet die NGK nog enigsins 'n Kerkverband wees as sekere gemeentes ruimtes ontvang om 'n leer te verkondig wat afwyk van die NGK se bindende Belydenis? Hierdie Belydenis is immers bindend en nie opsioneel nie. Elke kerkgroepering se unieke eenheid berus in 'n gemeenskap- like bindende Skrifverstaan, uitgedruk in 'n gemeenskaplike Belydenis. Wat hou ons as NGK lidmate dan nog bymekaar, in onderskeid van ander kerkgroepringe soos die AGS of die Metodiste, as dit nie 'n bindende eenheid in Skrifverstaan is nie, soos uitgedruk in ons Belydenis?

***Indien die AS van 'n Kerkverband gevolglik besluite neem wat grenslose ruimtes aan gemeentes toelaat – in weerwil van die bindende Belydenis van daardie kerkgroepering – tree daardie AS nie net onwettig op nie, maar hulle ondermyn ook die kerkgroepering se unieke eenheid wat saamgevat word in 'n formele Belydenis. Dit is presies wat AS 2019 gedoen het met hulle onwettige besluit om ruimtes te gee aan gemeentes wat anders wil leer oor SGV as wat die bindende Belydenis van die NGK leer,*** die bindende eenheid van die NGK – in onderskeid van ander kerkgroeperinge - laat verbrokkel wanneer daar ruimte geskep word vir gemeentes om verskillend te leer oor die saak van Skrifhantering, Skrifuitleg en SGV. Die aantoonbare verbrokkeling van die NGK se eenheid word dan ook sigbaar in die groeiende getal dolerende gemeentes binne die NGK.

## 5 NGK - WARE EVANGELIE VS AFWYKENDE EVANGELIE:

Vervolgens sal nog verder aangetoon word, dat die AS 2019 verkeerdelik die volgende besluit het:

2. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak (selfdegeslagverbintenisse) verskil word nie, maar verryk en verdiep word.

Hierdie besluit is bloot onwaar, omdat die onderliggende evangelie wat lei tot 'n bereidheid om mense in SGV te bevestig, die Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word, weerspreek. Dit sal vervolgens bespreek word hoe die 2019 besluit dus die NGK se eenheid in Skrif en Belydenis laat verbrokkel (en die eenheid beslis nie "verryk en verdiep" soos AS 2019 beweer nie). Hier volg nou eers 'n samevatting van hierdie afwykende evangelie[2] waarvoor AS 2019 ruimte wil skep, gevolg deur 'n samevatting van die duidelike en Skrifgetroue evangelie wat in die NGK se belydenisgrondslag geleer word:

AFWYKENDE EVANGELIE VAN DIEGENE WAT SGV KERKLIK WIL BEVESTIG

o NATUUR VAN DIE MENS: Die mens se aangebore natuur, insluitende seksuele oriëntasie[3], is volgens diegene wat 'n afwykende evangelie verkondig, 'n gawe van God en daarom moet mense met 'n homoseksuele oriëntasie aanvaar word vir wie God hulle gemaak het.

o GENADE: Genade behels volgens die afwykende evangelie dat God mense aanvaar soos hulle is en nie diskrimineer[4] teen mense nie.

[1]vergelyk die ooreenkomste in hierdie bewoording met die 2019 besluit se bewoording

[2] STALS besef dat die pro-SGV groepering geringe onderlinge verskille het in hulle verstaan van die evangelie, maar die kern van hulle verstaan van die evangelie word sigbaar in die 2007 pro-SGV se eerste verslag (Twee verslae het in 2007 gedien – die eerste verslag het probeer aantoon dat SGV nie sonde is nie, en die tweede verslag het verduidelik dat SGV sonde is.)

[3] In 2007 se eerste verslag (wat pro-SGV was) word pertinent geskryf dat homoseksuele persone se seksuele oriëntasie 'n gawe van God is: "... Dat 'n Bybels-gefundeerde pastorale model daarop gerig moet wees om homoseksuele persone tot sinvolle integrasie van hulle **Godgegewe seksuele oriëntasie** in die uitlewing van 'n Christelik-eties verantwoordelike leefstyl te begelei (2007:145)."
Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die Algemene Sinodale Moderamen, beweer byvoorbeeld in 'n ander skrywe: "Ek is oortuig dat seksuele oriëntasie 'n goeie gawe uit God se hand is wat ons met dankbaarheid mag ontvang en met sorg moet koester. Gay mense moet versoen word met die gawe van hulle seksuele oriëntasie. Hulle is net so deel van God se skepping soos heteroseksuele mense. (http://kerkbode.christians.co.za/2018/09/17/die-kerk-se-gesprek-oor-seksualiteit/ )

[4] Dr Nadia Marais, pro-SGV dosent in sistematiese teologie aan die Universiteit Stellenbosch beweer byvoorbeeld: "Jesus diskrimineer nie. Die goeie nuus van die evangelie is juis dat Christus nié diskrimineer nie. Wanneer Jesus kán diskrimineer – teen belastingontduikers soos Saggeus, of skeptici soos Thomas, of lafaards soos Petrus, of verraaiers soos Judas; teen siekes, teen kinders, teen vroue, teen vyande – diskrimineer Jesus nié". ( http://kerkbode.christians.co.za/2018/09/03/jesus-diskrimineer-nie/ )

o GENADEVERBOND: Alle mense is volgens hierdie afwykende evangelie ingesluit in die genadeverbond in Christus (universa- lisme). Die 2015 Algemene Sinode van die NGK, het 'n Taakspan gevra om 'n verslag oor selfdegeslagverhoudings op te stel. Hierdie verslag meld vroeg reeds die opstellers se verstaan van die genadeverbond, en hoe hulle verstaan van die genadeverbond hulle denke oor selfdegeslagverhoudings raak. Die verslag meld: "Die NG Kerk se verknorsing, waarvoor daar nie 'n maklike oplossing is nie, is volgens ons: Indien ons selfdegeslagverhoudinge aanvaar, sal dit vir talle lidmate en evangelikale groepe 'n bewys wees van ons ongehoorsaamheid aan, wat hulle beskou as, die direkte Skrifuitsprake teen homoseksualiteit. Indien ons egter hierdie lidmate en groepe rustig en tevrede in die kerk wil hou deur selfdegeslagverhoudinge af te keur, sal ons ontrou wees aan die Skrifboodskap van Christus oor die menswaardigheid van alle mense en die aanvaarding van alle mense en hul insluiting in God se genadeverbond" (Aanvullende agenda van die 2015 Algemene Sinode: 84). Die Taakspan se vertrekpunt was dus ... dat alle mense ingesluit is in God se genadeverbond. Die taakspan skryf, op grond van hulle verstaan van die genadeverbond, dat die Kerk ontrou aan die Skrif sal wees, indien "ons egter hierdie lidmate en groepe rustig en tevrede in die kerk wil hou deur selfdegeslagverhoudinge af te keur". Die taakspan sukkel dus om ruimte in die NGK te vind vir mense wat ontken dat alle mense in die genadeverbond ingesluit is.

o LIEFDE EN DIE WET: Liefde is volgens die afwykende evangelie die verhewe blywende gebod[5], wat ten koste van God se ander gebooie beklemtoon moet word. Liefde kan gevolglik herdefinieer word deur die kultuur- en tydsgees[6] se denke oor die huwelik. Gehoorsame liefde aan God kan gevolglik binne hierdie afwykende evangelie ook in homoseksuele verbintenisse sigbaar wees (sien punt 4 van 2015).

o BEKERING: Bekering word in die afwykende leer verskraal tot 'n soort bekering om altyd in liefde op te tree ... soos liefde binne die tydsgees verstaan word, en nie volgens dit wat die afwykende leer beskryf as die Bybel se sogenaamde tydgebonde wette nie (Sien weer voetnotas).

o DIE SKRIF EN OPENBARING: Die Bybel se leer oor bv die huwelik is volgens die afwykende leer 'n tydgebonde produk van primitiewe mense wat nagedink het oor God[7]. Die Bybel het daarom tydgebonde wette wat nie vandag meer geldig is nie. Al wat belangrik is, is om in liefde op te tree soos die tydsgees dit vereis, en dat ons daarom maar stamelend moet praat oor die onbekende God en Sy wil omdat ons nie veel weet van Hom nie. Streng gesproke wil voorstanders van SGV daarom homoseksuele persone in die huwelik bevestig, en nie bloot in "verbintenisse" bevestig nie[8].

---

[5] Die pro-SGV gedeelte van 2007 se verslag, verdraai die bedoeling van die Bybel deur 'n valse spanning tussen die liefdesgebod en God se spesifieke gebooie te skep. Die liefdesgebod is nie soos die eerste verslag beweer verhef, ***ten koste van die ander gebooie nie***, maar liefde vir God en naaste kom juis tot nadere uitdrukking in Christelike lewenspatrone waar die huwelik/eg op God se bepaalde wyse geheilig word. Die eerste verslag van 2007 skep dus 'n onvanpaste spanning tussen die liefdesgebod en God se gebod oor die huwelik wanneer die volgende beweer word :

***"Die sentrale liefdesgebod as die beslissende norm***

*Jesus self het die dubbele liefdesgebod (liefde vir God en liefde vir die naaste) tot die beslissende norm vir die beoordeling van tussenmenslike verhoudings verhef (Matt 22:37-40; Mark 12:30-31; Luk 10:27) (Wink 1999:44-45; Gibson 2000:72-73). Hierdie herinterpretasie van die wet het 'n paradigmaskuif verteenwoordig van 'n wettiese godsdiens na 'n persoonlike verhoudingsgodsdiens. Daarom kan dit aanvaar word "dat ons primêr in die Nuwe Testament te make het met 'n verhoudingsteologie van liefde tussen God en mens (en tussen mense onderling), en nie met 'n wettiese verhouding wat deur voorskrifte en strawwe afgedwing moet word nie" (Steyn 2006: 29). Terselfdertyd het Jesus die definisie van die naaste en daarmee die draagwydte van die liefdesgebod verbreed om alle mense sonder uitsondering in te sluit (Luk 10:29-37; Matt 5:43-48). Die implikasie hiervan is dat die toepassing van die liefdesgebod nie afhanklik is van enige kwaliteit of verdienste aan die kant van die ander persoon nie, maar alleen bepaal word deur die menswees van die persoon. Toegepas op die homoseksuele naaste beteken dit dat hy/sy sonder inagneming van sy/haar seksuele oriëntasie aanspraak kan maak op die onvoorwaardelike liefde van die Christelike geloofsgemeenskap. Waar persone op grond van hulle seksuele oriëntasie gemarginaliseer word, behoort die Christelike geloofsgemeenskap in die naam van Christus daarteen te protesteer. (2007:148)*

[6] Sien bv die 2007 pro-SGV verslag wat met 'n vreemde redenasie suggereer dat die veranderende tydsgees vereis dat huwelike anders definieer moet word as die huwelik tussen man en vrou:

***" 'n Nuwe situasie***

*Hoewel die tradisionele verstaan van die huwelik en gesinstruktuur nog 'n belangrike deel uitmaak van die samelewing, is dit lank nie meer die enigste vorm van gesinsamestellings nie. Daar is vandag enkelouergesinne (wat gevorm is hetsy deur egskeiding, of die dood van 'n lewensmaat, of ongehude swangerskappe), sowel as gesinne wat gevorm is waar mense van dieselfde geslag wat in verbintenisse van liefde en trou saamwoon. Langtermyn, gevestigde verhoudings tussen persone van dieselfde geslag word meer en meer sigbaar en dit geniet nou burgerlike en wetlike erkenning in ons samelewing. Daar het met ander woorde 'n verruiming in die verstaan van die samestelling van gesinne en huwelike gekom. Uit 'n teologiese oogpunt is die vraag egter tot watter mate hierdie verhoudings enige morele en ideologiese basis het? Dit noop die kerk ook om weer te dink oor sy tradisionele siening van die huwelik en die gesin en opnuut te soek na 'n Bybelse verstaan van die nuwe hedendaagse verskynsels." (2007:153)*

[7] Die pro-SGV verslag van 2007 reduseer Gen 1-3 tot verhale waarin Israel getuig, eerder as die geïnspireerde Woord van God: "Ons moet Genesis 1 en 2 ruimer lees. Dit is beslis nie 'n "huweliksformulier" wat uit die hemel geval het nie. Dit is verhale waardeur Israel getuig het van wat hulle glo oor hulle skepping en hulle verantwoordelikheid teenoor mekaar en die omgewing" en "Ons moet ook aanvaar dat die 'huwelik' waaroor dit in Genesis gaan nie net eenvoudig met ons huidige konsep van die huwelik ooreenkom nie." (https://ngkok.co.za/selfdegeslag/2007-Uittreksel-Agenda-Homoseksualiteit.pdf 2007:156). Omdat Gen 1-3 volgens hierdie 2007-verslag bloot menslike getuienis bevat, kan geen blywende en Goddelike lering rakende die huwelik in die skeppingsvertelling gevind word nie. Die pro-SGV groepering ignoreer hiermee Jesus se NT bevestiging van die tydloosheid van die huwelikspatroon soos oor eeue deur die Kerk bely; In Mat 19 verwys Jesus immers na die tydlose skeppingsbepaling oor man en vrou wanneer Hy Gen 1-3 aanhaal in 'n konteks waar die destydse kerkleiers die oorspronklike Goddelike eenheidsband tussen man en vrou wou verwater deur Moses verkeerdelik aan te haal.

[8] Sien in die pro-SGV verslag: "… dat lewensverbintenisse tussen persone van dieselfde geslag dieselfde legitimiteit as die huwelik behoort te geniet." (https://ngkok.co.za/selfdegeslag/2007-Uittreksel-Agenda-Homoseksualiteit.pdf 2007:145)

SGV IN DIE LIG VAN ***DIE WARE EVANGELIE*** SOOS BELY IN DIE NGK SE BELYDENISSKRIFTE.

Daar is nou aangetoon hoe die afwykende evangelie (met sekere onderlinge verskille) praat oor die natuur van die mens, genade, liefde en die wet, bekering asook die Skrif. Vervolgens die belangrikste: **Wat is die ware leer oor die natuur van die mens, genade, bekering, ensovoorts wat onderliggend is aan die NGK se belydenis dat SGV sonde is?**

• NATUUR VAN DIE MENS: Die mens se aangebore natuur is die gevolg van die mag van sonde wat alle mense beheers en ***beslis nie 'n gawe van God nie***. Daarom moet mense met 'n homosekuele oriëntasie, ***net soos alle ander mense met sondige***, aangebore neigings, geleer word dat alle mense onder die oordeel van God staan. (Sien die Heidelbergse Kategismus oor die menslike natuur, asook die sonde en ellende van alle mense: HK vraag 3-7. Sien ook NGB artikel 14-15 en DL hoofstuk 3 en 4). Ons bely daarom: "Alle mense word daarom ***in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in sonde en slawe van die sonde***. Sonder die genade van die Heilige Gees, wat die ***weergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle verdorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie***."

• GENADE: Genade is dat 'n regverdige God wat toornig is oor sonde en dit moet straf (HK vraag 10), Sy Seun in hulle plek straf (HK vraag 12-18). Genade is veel anders as dat God mense bloot aanvaar soos hulle is; genade is dat God sy uitverkorenes wat in sonde ***gebore*** is, saam met Christus laat ***weergebore*** word tot 'n nuwe lewe vir God, deur die kragtige werk van die Heilige Gees. (Sien weer aanhaling oor genade uit Dordt in vorige paragraaf: *"die **genade** van die Heilige Gees wat die weergeboorte skenk"* aan mens wat met 'n sondige natuur gebore is, asook die Kategismus oor die verlossing en opstanding van die nuwe mens in Christus, sien ook NGB artikel 24, asook DL hoofstuk 5 oor weergeboorte). Dit is daarom 'n valse evangelie wat leer dat God mense aanvaar soos hulle is en nie teen enige mens diskrimineer nie. Die bewering is byvoorbeeld dat God mense onvoorwaardelik aanvaar net soos hulle is. Hy aanvaar dan hiervolgens, mense ongeag hulle seksuele oriëntasie, en aanvaar hulle dade sonder diskriminasie[9]. Ons bely egter duidelik vanuit die Skrif, dat God nie bloot mense aanvaar soos hulle is nie, maar dat daar mense is wat verlore gaan onder God se oordeel of "diskriminasie" (sien bv HK vraag 20, NGB 37).

• GENADEVERBOND: Die Taakspan SGV van AS 2015 was sterk aanduidend van die denkwyse van lidmate wat SGV wil bevestig. Die taakspan het dit duidelik gestel dat hulle vertrekpunt oor genade is ***"... dat alle mense ingesluit is in God se genadeverbond."*** Die taakspan skryf, op grond van hulle verstaan van die genadeverbond, dat die Kerk ontrou aan die Skrif sal wees, indien "ons egter hierdie lidmate en groepe rustig en tevrede in die kerk wil hou deur selfdegeslagverhoudinge af te keur". Die taakspan sukkel dus om ruimte te vind vir mense wat ontken dat alle mense in die genadeverbond ingesluit is.

Die skokkende van hierdie opmerking van die Taakspan, is die volgende:

Die NGK se formele belydenis, aan die hand van die Dordtse Leerreëls (DL), staan lynreg teenoor die Taakspan se genadeverbondkonsep. In die DL bely ons: "Die Sinode ***verwerp die dwaling*** van hulle wat leer: *Alle mense is in die staat van die versoening en in die genade van die verbond opgeneem, sodat niemand vanweë die erfsonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie, maar dat alle mense van hierdie sondeskuld vry is. Die Sinode leer: Hierdie mening is in stryd met die Skrif wat verklaar dat ons van nature kinders van die toorn is (Ef 2:3)."* (DL; hoofstuk 2 – verwerping van die dwalings, punt 5).

Die vraag is nou: Hoe is dit moontlik dat die taakspan van 2015 toegelaat kon word om 'n verslag op te stel waarin hulle verklaar dat daar eintlik nie ruimte in die NGK behoort te wees vir lidmate wat SGV afkeur nie, omdat sulke lidmate nie wil saamgaan met die Taakspan se idee dat alle mense by die genadeverbond ingesluit is nie? ***Dit is bloot ondenkbaar dat die opstellers toegelaat is om in 'n formele verslag opmerkings te maak wat nie net die NGK se formele belydenis oor die genadeverbond ontken nie, maar selfs beweer dat lidmate wat nie met hierdie valse genadeverbondkonsep van die Taakspan saamgaan nie, eintlik nie meer rustig in die NGK verdra kan word nie! Hierdie afwykende denkwyse oor die genadeverbond is onderliggend aan die leer van diegene wat in 2019 ruimte ontvang het om SGV te bevestig.***

• LIEFDE EN DIE WET: Liefde vervang nie die ander gebooie, soos beweer word deur diegene wat 'n valse evangelie verkondig nie. Boonop word liefde nie definieer deur die tydsgees nie. Liefde het nie die ander gebooie ***vervang nie***, maar die woord liefde is 'n ***samevatting*** van die ander gebooie volgens die Bybel (sien daarom HK vraag 4). Daarom bely ons ook uitvoerig in die Kategismus (HK vraag 92 – 115 oor die tien gebooie) hoe wedergeborenes in dankbare onvolmaaktheid "met 'n ernstige voorneme begin ***om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe"*** (sien HK vraag 114 -115). Maar is alle gebooie van die wet vandag nog geldig? Ons bely dat daar in die Skrif 'n duidelike onderskeiding is tussen die tydsgebonde seremonies en voorskrifte van die Ou Testament, teenoor die blywende gebooie van God. Ons bely ***"dat die seremonies en heenwysings van die wet met die koms van Christus opgehou het"... "Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan – in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens Sy wil in te rig,"*** (NGB artikel 25)

Gehoorsame liefde aan God kan daarom ook nie in homoseksuele verhoudings sigbaar wees nie, soos punt 4 van 2015

[9] Die pro-SGV verslag van 2007 sien dit selfs as die werk van die Heilige Gees om mense te lei om bloot eties volgens hulle aangebore natuur op te tree, eerder as om hulle aangebore natuur te kruisig rakende onnatuurlike begeertes soos selfdegeslagaantrekking – die verslag redeneer: "In Efesiërs 5 word die werk van die Gees die basis vir 'n oproep tot 'n nuwe uitdrukking van verhoudings. Verhoudinge wat ontwikkel onder leiding van die Heilige Gees, word die plek waar mense gewillig is om weergebore te word. Deur die werk van die Gees wat ons lei in die dinamika van die weergeboorte word ons herstel om die beeld van God te dra en uit te leef. Dit kom na vore in die verantwoordelikheid wat ons vir mekaar neem. Vaste verhoudings tussen persone van dieselfde geslag kan nie hiervan uitgesluit word nie." (https://ngkok.co.za/selfdegeslag/2007-Uittreksel-Agenda-Homoseksualiteit.pdf 2007:154)

beweer nie, want dit oortree die sewende gebod rakende die eg; die seksuele is vir die huwelik en huwelike slegs tussen man en vrou volgens die Bybel. Seks binne SGV is dus buite-egtelike seks, ongeag talle pogings om die waarheid hieroor te probeer versag.

• BEKERING: Bekering is die gevolg van die Heilige Gees se werking. Bekering is om nie langer volgens jou sondige, ***aangebore*** natuur op te tree nie, maar om daagliks te onthou dat God ons in Christus ***wedergebore*** laat word het sodat ons in Christus die lewe van die nuwe mens moet leef (HK vraag 88 - 91), ***"sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons ná hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik"*** (HK vraag 115). Bekering is daarom om jou aangebore, vleeslike natuur met sy neigings (soos homoseksuele neigings) daagliks te kruisig[10], en as wedergeborene daarna te jaag om vernuwe te word na die beeld van God.

• DIE SKRIF: Die Skrif is beslis nie tydgebonde menslike woorde oor God nie, maar God se Woord wat tot ons kom deur openbaring áán, en inspirasie ván menslike skrywers. In die NGB bely ons voorts: ***"Ons glo dat die Bybel die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe is, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die heilige Skrif geleer word nie..." "alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self."*** (NGB artikel 7). Ons verwerp daarom die lering dat die Bybel tydgebonde is – spesifiek ook wat die leer oor die huwelik betref - hoewel ons beslis die tydlose lering oor God se Koninkryk, versigtig moet leer ken binne die konteks van die Goddelike Woord se tydsbetrokke genres en gerigtheid aan spesifieke eerste lesers. ***Die belydenisskrifte het die tydlose evangelie van die Skrif mooi uitgelig en saamgevat sodat ons God en Sy wil duidelik kan ken vanuit Sy Woord, en saam met die res van Christus se Kerk in die wêreld, met vrymoedigheid Sy wil kan bely. Dit is daarom onnodig om te beweer dat die NGK by vasgelooptheid kan kom wat die saak van SGV betref; die belydenisskrifte – waartoe lidmate hulle verbind – bevat 'n volkome ander leer as die afwykende leer van diegene waarvoor die AS in 2019 ruimte geskep het om SGV te bevestig.***

Ons het hierdie gedeelte van die verslag begin met 'n nadenke oor die besluit van AS 2019 wat lui:

*"2. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid **nie verbrokkel** wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak (selfdegeslagverbintenisse) verskil word nie, maar verryk en verdiep word."*

Die bespreking hierbo het egter duidelik aangetoon dat die eenheid van die NGK inderdaad verbrokkel "...wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak (selfdegeslagverbintenisse) verskil word". ***Die leer onderliggend aan SGV wyk immers volkome af van die leer van die Belydenis van die NGK oor sake soos die natuur van die mens, genade, bekering ens.*** In deel 2 van hierdie verslag word dit nog duideliker dat die NGK se eenheid verbrokkel as die AS ruimte skep vir hierdie afwykende leer oor SGV; in deel 2 word immers pertinent aangetoon dat die NGK se Belydenis SGV in geen onduidelike terme nie, as sonde bely.

## 6 ALGEMENE SINODE 2007, DIE SKRIF EN SGV:

Hierdie verslag verwys lesers ook graag na AS 2007 se tweede verslag rakende SGV wat eksegeties duidelik aangetoon het dat SGV sonde is. Daardie verslag het ook aangetoon dat SGV ***nie 'n randsaak*** van die evangelie is nie, en dat die eenheid van die NGK gevolglik op die spel is as ruimte geskep word vir 'n Skrif- en Belydenisafwykende leer oor SGV.

Vervolgens word kortliks stilgestaan by die valse bewering van diegene wat SGV wil bevestig, dat die wetenskap die Skrif en Belydenis se tydgebondenheid ontbloot het.

### 6.1 AANGAANDE DIE SEKSUELE ORIëNTASIE VAN GAYS: DAAR IS VOLKOME HARMONIE TUSSEN DIE NATUURLIKE OPENBARING (SOOS DEUR DIE MODERNE WETENSKAP BEVIND) EN DIE SKRIFTUURLIKE OPENBARING OOR DIE VERDORWE, AANGEBORE MENSLIKE NATUUR:

Dit is 'n onwaar as iemand beweer dat die Kategismus se veroordeling van SGV 'n tydsgebonde formulering en uitspraak is wat in die lig van die moderne wetenskap oor genetika vervang moet word. Die bewering word dikwels gemaak dat die

[10] Die pad van daaglikse selfkruisiging vir mense met homoseksuele oriëntasie, is ondenkbaar vir die opstellers van 2007 se eerste verslag wat ten gunste is van SGV; hulle beskryf hulle weersin teen die oproep tot daaglikse selfkruisiging met woorde soos "dwaalleer" en "ongenaakbare pastoraat". Die verslag redeneer (2007:159): "DIE DWAALLEER VAN VERPLIGTE SELIBAATSKAP (1 Tim 4:1-3) word 'n ongenaakbare "pastoraat" wat lei tot verontmensliking. Sulke pastors sal gewoonlik van die cliché gebruik maak wat min of meer soos volg klink: "Ek het die sondaar lief, maar haat die sonde" of "Ek aanvaar jou met die liefde van Jesus, maar die Bybel laat my geen ander keuse as om van jou te verwag om jou homoseksuele aard op geen manier uit te leef nie." (https://ngkok.co.za/selfdegeslag/2007-Uittreksel-Agenda-Homoseksualiteit.pdf 2007:159). Dit is tog duidelik dat die NGK se belydenis, anders as die 2007 se pro-SGV verslag, alle mense oproep tot daaglikse selfkruisiging, ongeag of dit alkoholiste, gierigaards, kwaadsprekers of homoseksuele is. Sien weer NGB 29: "Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheld najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig. Hiermee sê ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie; inteendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het." Duidelik het diegene wat pro-SGV is, 'n volkome ander Skrifverstaan as dit wat geleer word in die NGK se Belydenis rakende die daaglikse stryd teen die sondige natuur deur die krag van die Gees. Terloops, die vreemde, buite-konteks verwysing na 1 Tim 4 in hierdie aangehaalde opmerking van die pro-SGV verslag verstom en dit sou interessant wees om te hoor wat die taakspan bedoel met hulle verwysing na hierdie Skrifgedeelte.
(Dit is voorts belangrik om daarop te let dat hierdie pro-SGV verslagopstellers van 2007, diegene wat SGV beskryf as sonde waarvan die mens hom moet bekeer, as dwaalleraars beskryf – duidelik was die tekens van 'n verbokkelde geloofseenheid in die NGK reeds in 2007 duidelik sigbaar gewees waar die ernstige beskuldiging van "dwaalleraarskap" die geloofseenheid laat verbrokkel het, hoewel die NGK se strukturele eenheid nog gehandhaaf was – die 2019 verklaring dat die eenheid van die NGK nie verbrokkel weens verskille oor SGV nie, is gevolglik 'n onverklaarbare ontkenning van 'n opsigtelik-bewysbare verbrokkelde geloofseenheid waar die opstellers van 'n Sinodale verslag andersdenkende NG lidmate in 'n Sinodale verslag brandmerk as dwaalleraars)

wetenskap wys dat mense gebore word met 'n neiging tot 'n sekere seksuele oriëntasie, en dat mense daarom toegelaat moet word om daarvolgens te leef. ***Die wetenskap bevestig egter met sulke ontdekkings oor die genetika[11] juis die Skrif en belydenisskrifte se lering dat mense gebore word met 'n verdorwe natuur wat die noodsaak van 'n Goddelike wedergeboorte beklemtoon!*** Die Skrif en Belydenis is dus in harmonie met die wetenskap wat leer dat alle mense van geboorte af 'n natuur het wat neig tot dade wat deur God verbied word (dit is daarom nie net homoseksuele mense wat van geboorte af met begeertes en neigings worstel wat deur God verbied word nie). Die Belydenis is in harmonie met die wetenskap wat leer dat sondige optrede nie bloot ontstaan uit navolging nie. In die Dordtse Leerreëls bely ons immers: *"... Net soos die mens ná die val was, so was ook die kinders wat hy voortgebring het. As verdorwene het hy verdorwe kinders voortgebring ... Net Christus is hierin 'n uitsondering*. ***Die verdorwenheid van die mens ontstaan dus nie deur navolging, soos die Pelagiane vroeër beweer het nie***, maar deur die voortplanting van die verdorwe natuur. Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde. Sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle verdorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie." (DL hoofstuk 3 en 4) Die Skrif en belydenisskrifte leer daarom dat God mense wat gebore word met 'n verdorwe natuur, kom wederbaar om nuwe mense te word wat hulle aangebore natuur daagliks kruisig, omdat die Gees hulle daartoe dring. Die argument van diegene wat SGV wil verdedig agv die wetenskap se bevindings oor die aangebore natuur van die mens, wyk dus volkome af van die NGK se Belydenis dat mense in sonde ontvang en gebore word – in lyn met die wetenskap - en daarom weergebore moet word.

**6.2 OPSOMMEND:**

- Afgevaardigdes van die AS 2019 het gevolglik, in die lig van die Skrif, die Belydenis, asook die Kerkorde van die NGK, ***nie die bevoegdheid gehad*** om 'n besluit te neem wat ruimte skep vir gemeentes van die NGK om SGV te bevestig nie.

- Afgevaardigdes kan nie sodanig be- sluit, tot tyd en wyl die NGK sou besluit om die belydenisskrifte ***se belydenis oor die evangelie van sonde, verlossing en dankbaarheid*** ingrypend te wysig nie.

## DEEL 2 (SGV)

## 1 DIE NGK SE BINDENDE BELYDENIS IS DUIDELIK DAT SGV SONDE IS

**1.1 BELYDENIS EN SGV:**
Hierdie verslag het nou reeds aangetoon dat diegene wat pro-SGV is, eintlik 'n heeltemal ander verstaan van die evangelie het, as dit wat in die NGK se Belydenis oor die ware evangelie geleer word.

In die gedeelte wat nou volg, word nader ingegaan op die volgende: Die krisis vir die NGK is nie net daarin sigbaar dat diegene wat pro-SGV is, 'n ander evangelie verkondig as die evangelie wat in die NGK se Belydenis na vore kom nie, maar:

- Die NGK se belydenis is boonop ondubbelsinnig duidelik daaroor dat SGV sonde is. In die tyd toe die belydenis- skrifte ontstaan het, was SGV weens fatsoenlikheid nie by name in ordentlike geselskap genoem nie. Gevolglik het die vrome opstellers van die Kategismus gekies om bloot by implikasie na SGV te verwys, eerder as om dit by die naam te noem.

- Daarom, sal aangetoon word, vind ons in die Kategismus bloot 'n parafrase van 1 Kor 6:9-10, eerder as 'n volle aanhaling daarvan (sien voorlopig die 1983 verta- ling van 1 Kor 6:9 en 10):

> *Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die konin- kryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers* ***of mense wat homoseksualiteit beoefen*** *of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.*

In die Heidelbergse Kategismus (vraag en antwoord 87) word 'n parafrase van 1 Kor 6:9 en 10 aangehaal in die Kategismus. Ursinus, die opsteller van die Kategismus, het dit onnodig gevind om die hele sondelys van 1 Kor 6:9 en 10 oor te skryf, aangesien die hele lysie ***impliseer*** word deur die verwysing na die teksgedeeltes wat deel uitmaak van die Kategismus en daarom telkens onder elke antwoord as Skrifverwysigings gegee word. Daarom is dit doodlogies dat al die dade wat in 1 Kor 6:9 en 10 genoem word, in die Kategismus se parafrase impliseer word, sonder dat dit woordeliks aangehaal word. Die Kategismus se opsomming van 1 Kor 6:9 en 10 praat gevolglik bloot van "en sulkes". Die "en sulkes" impliseer dus duidelik ál die sake wat in 1 Kor 6:9 en 10 voorkom. Ons kyk vervolgens na die gedeelte in die Kategismus (HK) waarna verwys word:

> *"Vraag 87: Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie? Antwoord: Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower* ***en sulkes*** *die koninkryk van God sal beërwe nie (a). (a) 1 Kor 6:9, 10; Ef 5:5, 6;1 Joh 3:14" (HK SONDAG 32, vraag 87)*

**1.2 VERTALINGS VAN DIE BYBEL AS EERSTE OMSTANDIG -HEIDSGETUIENIS DAT DIE HK MET "EN SULKES" VERWYS NA SGV**

Bloot die feit dat ons belydenisskrifte 1 Kor 6: 9 en 10 as verwysing opgee in vraag 87, bewys dat homoseksualiteit as sonde in ons belydenis opgeneem is. Hiermee kan eintlik volstaan word.

Tog sal dit vir die doeleindes van duidelikheid goed wees om die konteks waar- binne vraag en antwoord 87 geskryf is, verder te ondersoek. Uit sodanige ondersoek word dit nog duideliker dat vraag 87 inderdaad bedoel om SGV as sonde te beskryf.

Die rede vir hierdie verdere bespreking is - soos genoem - dat vraag 87 bloot 'n parafrase van 1 Kor 6:9 en 10 verskaf, waarin die woorde "mense wat homoseksualiteit beoefen" nie pertinent aangehaal word nie. Die omstandigheidsgetuienis sal dit duidelik maak dat SGV in

[11] Dit is onnodig om hier te spekuleer oor die bestaan, al dan nie, van 'n "homoseksuele geen" (wat in wetenskapskringe ernstig betwis word). Die belangrike is dat die wetenskap se beskrywing van die menslike natuur nie in spanning is met die Belydenis wat getuig van 'n aangebore menslike natuur wat uitmond in leefpatrone wat nié volgens God se doel vir die mens is nie. Die menslike natuur, wat neig tot allerlei sonde, mag dus nie beskou word as Goddelike gawe wat kerklik erken moet word nie.

die belydenis se verwysing na 1 Kor 6, onteenseglik beskou word as sonde.

### 1.3 REFORMATORIESE VERTALINGS VAN 1 KOR 6 (Die konteks van die Kategismus se ontstaan)

Die eerste stuk omstandigheidsgetuienis is dat die vertalings en kommentare van die reformatore, duidelik was dat "arsenokoites en malakos" in 1 Kor 6:9 en 10 verwys na die beoefening van homoseksuele verhoudings. (sien bv later die mede-opsteller van die HK, Ursinus, se vertaling van 1 Kor 6:9 en 10 in sy kommentaar op die HK). Dit is dus 'n moderne tendens om "arsenokoites en malakos" in 1 Kor 6:9 en 10 anders te wil vertaal (Sien bv die volgende gereformeerd amptelik-erkende vertalings wat selfs hedendaags dit steeds nie anders vertaal nie - NAV, OAV, KJV, NIV, NRSV, NLT,NCV, ASV, ens).

Met hulle aanhaal van 1 Kor 6:9 en 10 het die opstellers dus onteenseglik dit in ons belydenisskrifte laat opneem dat selfdegeslagverhoudings sonde is. Alle gereformeerd amptelik-erkende vertalings (in alle tale) tot vandag toe, vertaal 1 Kor 6:9 en 10 anders as die groep in die NGK wat beweer dat hierdie teksvers nie dui op die beoefening van homoseksuele verhoudings nie.

In die lig van hierdie 16de eeuse konteks (alle vertalings en kommentare van die reformatore verstaan "arsenokoites en malakos" in 1 Kor 6:9 en 10 as verwysend na selfdegeslagverhoudings), is dit belangrik dat die belydenisskrifte van die NGK (Heidelbergse Kategismus in hierdie geval) 1 Kor 6:9 en 10 se "sondelys" aanhaal as voorbeelde van "goddelose, ondankbare" leefpatrone in vraag en antwoord 87. Dít is 'n onweerlegbare bewys dat ons belydenisskrifte selfdegeslagverhoudings as sonde veroordeel.

*(Terloops: Die 2007 verslag het duidelik aangetoon dat die teksverse in die Bybel wat na SGV verwys, dit **beslis nie bloot teen perverse seksuele dade van mense van dieselfde geslag gehad het nie)***

### 1.4 BESPREKING: DIE OPSTELLERS VAN DIE HK SE PARAFRASE VAN 1 KOR 6

Vervolgens word meer uitvoerig bespreek waarom die opstellers van die HK verkies het om die sondelys van 1 Kor 6:9 en 10 noukeurig te herhaal, behalwe wat twee woorde betref, naamlik malakos en arsenokoites (wat vertaal word as "mense wat homoseksualiteit beoefen" - NAV, OAV, KJV, NIV, NRSV, NLT, NCV, ASV, ens). Waarom het mense soos Ursinus, wat opstellers van die Ka- tegismus was, besluit om juis mense wat homoseksualiteit beoefen, nie pertinent in die Kategismus te noem nie, ***ten spyte daarvan dat Ursinus in sy kommentaar op die HK, duidelik maak dat dit in 1 Kor 6 gaan oor mense wat homoseksulaiteit beoefen?*** Waarom kies hy om eerder by wyse van implikasie, bloot na "en sulkes" te verwys?

Het die reformatore dalk tog, teen die genoemde omstandigheidsgetuienis dat hulle Bybelvertalings verwys het na homoseksuele verhoudings, gevoel dat mense wat homoseksualiteit beoefen nie by hierdie lys van 1 Kor 6 hoort nie (maw wou hulle die formele vertalings van hulle tyd en ons tyd ignoreer om homoseksuele verhoudings nie meer as sonde te bely nie)? Was die reformatore dalk versigtig om weerstand te ontketen deur homoseksualiteit as sonde te erken, soos die NGK vandag? Nee! Die opstellers van die Kategismus het nie te kampe gehad met 21ste eeuse menslike weerstand as daar teen homoseksuele praktyke "diskrimineer" is nie. In die lig van dit wat nou volg, sal dit duidelik word dat die reformatore in die opstel van ons belydenisskrifte geen twyfel gehad het dat homoseksuele gedrag sonde is nie. Hulle was ook geensins bang vir weerstand wat sou aandring dat daar nie diskrimineer kan word teen homoseksuele gedrag nie. Wat was dan die baie goeie redes waarom homoseksualiteit nie pertinent genoem is in die Kategismus nie?

### 1.5 DIE GOEIE REDES WAAROM DIE HK SELFDEGESLAGVERHOUDINGS NIE BY DIE NAAM NOEM NIE

**Die tydsgees van die 1500's het die opstellers waarskynlik weerhou daarvan om die woord "homoseksualiteit" pertinent in die HK uit te spel, hoewel homoseksuele verhoudings impliseer was deur die verwysing na 1 Kor 6.** Wat was die aard van die tydsgees? Die omslagblad van 'n boek wat 'n in-diepte studie gemaak het van homoseksualiteit in die 1400 – 1600 era beskryf hierdie destydse tydsgees mooi:

*"During the late Middle Ages, a consi- derable number of men in Germany and Switzerland were executed for committing sodomy. Even in the seventeenth century, simply speaking of the act was cause for censorship. Here, in the first history of sodomy in these countries, Helmut Puff argues that accusations of sodomy during this era were actually crucial to the success of the Protestant Reformation. Drawing on both literary and historical evidence, Puff shows that speakers of German associated sodomy with Italy and, increasingly, Catholicism (Sien bv ook Ursinus se opmerking oor Italië en die Katolieke Kerk – opsteller). As the Reformation gained momentum, the formerly unspeakable crime of so- domy gained a voice, as Martin Luther and others deployed accusations of sodomy to discredit the upper ranks of the Church and to create a sense of community among Protestant believers. During the sixteenth century, reactions against this defamatory rhetoric, and **fear that mere mention of sodomy would incite sinful acts, combined to repress even court cases of sodomy.**"*

http://press.uchicago.edu/ucp/books/book/chicago/S/bo3626663.html

Die sonde van homoseksualiteit was dus een van die "slaanmiddels" van die gereformeerdes teen die RKK. Belangriker egter: Tydens die era waarin die Ka- tegismus opgestel is, was die sonde van homoseksualiteit beskou as so veragtelik dat vroom mense dit nie eers by die naam wou noem nie. Ursinus het daarom waarskynlik weens vrome oorwegings nie homoseksualiteit in sy opsomming van 1 Kor 6:9 en 10 pertinent genoem nie, maar bloot van "en sulkes" gepraat.

### 1.6 URSINUS SE KOMMENTAAR OP DIE KATEGISMUS BEVESTIG DAT SGV DIE BYNA ONNOEMBARE WAS:

Ursinus se kommentaar by die sewende gebod (HK vraag en antwoord 108) bevestig dat homoseksuele dade gesien is as sonde wat so erg was, dat daar nie in goeie geselskap daaroor gepraat is nie:

*"... En vooral de zonde van Sodom of homoseksualiteit. Want hoewel deze zonde te schandelijk is om eraan te denken, **veel meer nog om ze uit te spreken**, en ervan te wensen was, dat niet alleen de daad, maar ook de herinnering eraan van de aarde weggenomen ware, heeft echter de trouwe Wetgever, onze God - aangezien zo 'n onmenselijke zonde bij de heidenen gevonden werd - niet nagelaten, om Zijn volk Israël getrouw daarvoor te waarschuwen, opdat zij zich met zulke gruwelijke zonde niet zouden inlaten (Lev. 18 : 22 en 25; vgl. ook Rom. 1 : 26v.). Ook is de Roomse kerk zo verhard geworden in de zonden, dat zij zeer weinig om deze gruwelijke zonde geeft;*

*zodat zij in de graden van verwantschap en zwagerschap dispensatie verleent, of verlof geeft om te trouwen, en zij in die andere, gemene onreinheid, gedurende tal van eeuwen, in Italië en Griekenland maar al te veel gebruikelijk, haar behagen heeft. Ja, de aartsbisschop van Beneventum, Joh. Casa,'s pausen nuntius te Venetië, heeft zich niet ontzien om in Venetië in openbare druk uit te geven: de lof op de zonde van Sodom (Sleid. Comment., lib. 2. Werkelijk! „het gelaat huns aangezichts getuigt tegen hen en hun zonden spreken zij vrijuit, gelijk Sodom; zij verbergen ze niet. Wee hunlieder ziel; want zij doen zichzelven kwaad." Jes. 3:9. Och, laat ons deze gruwelen toch van ganser harte vervloeken, in de wetenschap, dat het geroep ervan opklimt voor het aangezicht des HEEREN (Gen. 18 : 20 en 19 : 1, en dat haar vuilheid zo groot is, dat het land Kanaän vroeger haar inwoners om die reden heeft uitgespuwd (Lev. 18 : 25 en 2. Ja, laat ons te meer, volgens die hemelse waarschuwing aan Gods volk, uit dat Babylon gaan, Openb. 18 : 4, omdat het ook is het Sodoma", id. 11 : 8, vanwege de gruwelijke ontucht, die daar heerst."*

http://www.theologienet.nl/documenten/UrsinusCathZ34-52.pdf p141

Ander reformatore het Ursinus se sentimente gedeel. Dit was nie net Ursinus (opsteller van dit wat ons formeel bely oor homoseksualiteit) wat homoseksuele dade beskou het as onuitspreeklike dade nie. Calvyn se kommentaar oor 1 Kor 6:9 en 10 wys ook sy ongemak om homoseksualiteit by die naam te noem. Sien sy versigtige bewoording oor die sondelys van bogenoemde teks, en hoe hy homoseksualiteit nie graag by die naam noem nie:

> *"The fourth description of crime (dit is "malakos" en word in bestaande verta- lings met beoefening van homsoseksualiteit vertaal – opsteller) is the most abominable of all — that monstrous pollution which was but too prevalent in Greece."*
>
> *http://www.ccel.org/ccel/calvin/comment3/comm_vol39/htm/xiii.ii.htm*

Eweneens, in Calvyn se kommentaar oor Rom 1:26,27 sien ons weer hoe sorgvul-dig hy is om homoseksuele dade nie by die naam te noem nie, aangesien dit net te veragtelik was om dit openlik te verwoord:

> *"God therefore gave them up, etc. After having introduced as it were an intervening clause, he returns to what he had before stated respecting the judgment of God: and he brings, as the first example, the dreadful crime of unnatural lust; and it hence appears that they not only abandoned themselves to beastly lusts, but became degraded beyond the beasts, since they reversed the whole order of nature."*
>
> *http://biblehub.com/library/calvin/commentary_on_romans/romans_1_24-32.htm*

In Lev 18:22 staan: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie." Calvyn se kommentaar oor Lev 18:22 toon duidelik dat die reformatore seks tussen persone van dieselfde geslag nie net as sonde beskou het nie, maar dat hulle dit in lyn met Rom 1 beskou het as 'n onnatuurlike lus, asook dat hulle ongemaklik was om hierdie onnatuurlike vorm van seks nie eens openlik by die naam wou noem nie ter wille van welvoeglikheid (sien beklemtonings):

> *"We learn from these passages that the people were not only prohibited from adultery, but also from all sins **(61)** which are repugnant to the modesty of nature itself. In order that all impurity may be the more detestable, He enumerates two species of unnatural lust, from whence it is evident that when men indulge themselves in this respect, they are carried away by an impulse, which is more than beastly, to defile themselves by shameful wickedness. **The beasts are satisfied with natural connection; it is therefore a gross enormity that this distinction should be confounded by man endowed with reason; for what is the use of our judgment and intelligent faculties if it be not that greater self-restraint should exist in us than in the brute animals?** It is plain, therefore, that they must be blinded in a horrible manner who so shamefully defile themselves, as Paul says. (Romans 1:28.) The madness of lust has, however, invented several monstrous vi-ces, **whose names it would be better to bury**, if God had not chosen that these shameful monuments should exist, to inspire us with fear and horror. It has at length advanced to such excesses, that men created in God's image, both male and female, have had connection with brutes." (https://www.studylight.org/commentaries/cal/leviticus-18.html )*

Kortom: Die opsteller van die Kategismus, asook die reformatore wat sy tydgenote was, het dit as onvanpas beskou om homoseksualiteit by die naam te noem, en daarom word dit eerder net impliseer met "en sulkes", terwyl die duidelike verwysing na 1 Kor 6:9 en 10 onteenseglik wys dat ons formeel-ooreengekome belydenis is dat homoseksuele dade sonde is.

### 1.7 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS, KINDERS EN DIE KATEGISMUS.

Indien enige persoon nog twyfel of ons belydenis regtig 1 Kor 6:9 en 10 aanhaal met die bedoeling om homoseksuele dade te veroordeel, kan bloot verder gekyk word na die opstellers van die Kategismus se kommentaar op vraag 87. Daarin word 1 Kor 6:9 en 10 pertinent en onverkort aangehaal deur Ursinus:

> *"Daarom, allen die van de boze werken niet tot God bekeerd worden, maar die in de zonden volharden, worden in eeuwigheid verdoemd, zoals er geschreven staat in 1 Kor. 6 : 9: „Of weet gij niet dat de onrechtvaardigen het Koninkrijk Gods niet zullen beërven?" en vers 10: „Dwaalt niet: noch hoereerders, noch afgodendienaars, noch overspelers, noch ontuchtigen, noch die bij mannen liggen, noch dieven, noch gierigaards, noch dronkaards, geen lasteraars, geen rovers zullen het Koninkrijk Gods beërven"; http://www.theologienet.nl/documenten/UrsinusCathZ15-33.pdf P 160*

Weereens: Waarom sou Ursinus in sy kommentáár op vraag 87, 1 Kor 6:9 en 10 aanhaal, met die pertinente noem van "die bij mannen liggen", maar in die parafrase van 1 Kor 6:9 en 10 in die Kategismus self, word homoseksualiteit nie uitgespel nie?

Kevin DeYoung is heeltemal korrek as hy motiveer waarom die HK 1 Kor 6:9 en 10 bloot opsom, sonder om die hele sondelys weer te herhaal, en terwyl dit doelbewus homoseksualiteit níe by die naam noem nie:

> *"The Catechism was meant first of all for children, and children, it was thought, should not be corrupted by exposure to such unnatural behavior. Adults would have understood that Answer 87 forbids all the vices mentioned in 1 Corinthians 6:9-10, including the ones left out or too unseemly to mention." https://blogs.thegospelcoalition.org/kevindeyoung/2012/03/16/does-the-heidelberg-catechism-have-anything-to-say-about-homosexuality/*

Homoseksuele beoefening is in die Kategismus se parafrase van 1 Kor 6:9 en 10 nie genoem nie, om die kinders nie bloot te stel aan sulke lelike invloede nie. Dit kan vergelyk word met mense se vroeëre gebruik om glad nie voor kinders te praat oor 'n ongetroude meisie wat swanger is nie. Dit was 'n onuitspreeklike taboe, en as daar verwys is na so 'n meisie, sou die saak nie by die naam genoem word nie, maar gepraat word van "sy is in die ander tyd" ens. Kinders moes nie weet van sulke dinge nie. (sien ook weer: *"During the sixteenth century, reactions against this defamatory rhetoric, and fear that mere mention of sodomy would incite sinful acts, combined to repress even court cases of sodomy.")*

Samevattend kan die redes waarom vraag 87 van die HK homoseksuele verhoudings impliseer, eerder as om dit uit te spel, soos volg verduidelik word:

- Destydse volwassenes (en ons vandag) sou met HK vraag 87 se verwysing na 1 Kor 6:9 en 10 begryp dat homoseksuele dade deel van die dinge was wat daartoe lei dat mense nie die Koninkryk kan erf nie. Dit was immers so vertaal in destydse Bybels wat deur die reformatore gebruik was. Dit was dus nie nodig om dit uit te spel dat homoseksualiteit sonde is nie, trouens dit was die onnoembare sonde.

- Hierbo is dus aangetoon dat twee baie gewigtige redes aanleiding gegee het daartoe dat homoseksualiteit nie by die naam genoem is in HK vraag 87 nie:

• In goeie geselskap was homoseksuele sonde bloot nie genoem nie (wat nog te sê die kerk se formele belydenis!)

• Kinders moes nie aan hierdie sonde blootgestel word deur die kerk nie. Twv die kinders wat die Kategismus as leerboek gebruik het, het Ursinus bloot 'n parafrase van 1 Kor 6:9 en 10 opgeteken.

Dit moet weereens herhaal word dat die teksverse wat pertinent na SGV verwys, deeglik bespreek is in die 2007 verslag en dat hierdie verslag daarom nie duplikerend wil wees deur daardie gedeeltes weer te bespreek nie. Die 2007 verslag het ook aangetoon dat die sonde van SGV geen randsaak van die evangelie is nie (sien ook weer hierdie gravamen se onderskeid tussen die ware en valse evangelie)

In die lig van hierdie bespreking, asook die 2007 verslag, is dit duidelik dat SGV deur God as sonde beskryf word in die OT en die NT. SGV was deur Calvyn ea reformatore soos Ursinus bely as sonde. Binne hierdie konteks ontstaan ons belydenis. Dit is daarom duidelik dat vraag 87 van die HK binne hierdie konteks gelees moet word.

### 1.8 WEEREENS: HET DIE MODERNE WETENSKAP DIE SONDELEER VAN SKRIF EN BELYDENIS KOM ONTMASKER?

Sommige Skrifverklaarders beweer valslik dat die moderne wetenskap die leer van die Skrif en belydenis aangaande die menslike natuur kom ontmasker het as pre-wetenskaplik. Hulle redeneer dat die wetenskap ons leer dat homoseksuele mense aanvaar moet word omdat hulle nie anders kan as om volgens hulle gene op te tree nie. Die bewering is dan voorts dat die belydenisskrifte dateer uit 'n tyd voor die wetenskap kennis van genetika en die menslike natuur gehad het, en dat die belydenis aangepas en herinterpreteer moet word in die lig van die wetenskap.

Die Skrif en belydenis is egter baie duidelik in harmonie met die moderne wetenskap. Die Skrif en belydenis leer dat mense in sonde ontvang en gebore word. In die HK bely ons dat die menslike natuur, ná sonde die mensdom begin beheers het, veroorsaak het dat *"ons natuur so verdorwe is dat ons almal in sonde ontvang en gebore word"* (HK vraag 7). Ons bely verder dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is, "behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word." (HK vraag 8). In die NGB (15) bely ons dat hierdie verdorwe natuur *"allerhande sondes laat uitspruit"*, en dat *"die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein."* (Sien ook DL hoofstuk 3 en 4 oor die verdorwenheid van die mens)

MAAR WAT DOEN DIE WEDERGEBOORTE AAN DIE VERDORWE NATUUR WAARMEE ONS GEBORE WORD? Ons bely dat *"sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle verdorwe natuur verbeter nie (DL hoofstuk 3 en 4.3). Ons bely dat "hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in mense werk asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie, en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand kry ... Inderdaad, as die goeie Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, dan sou die mens glad geen hoop hê om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie."*

*Die belydenis is dus beslis nie pre-wetenskaplik wat die verdorwe na- tuur van alle mense betref nie, maar bevestig juis wat die moderne wetenskap leer dat mense gebore word met 'n verdorwe natuur wat maak dat God mense moet wederbaar, sodat hulle teen hulle aangebore natuur in begin optree.*

### 1.9 DIE ONWETTIGE BEREIDHEID VAN 2019 SE AFGEVAARDIGDES OM RUIMTE VIR 'N VALSE EVANGELIE NAAS DIE BELYDENIS TOE TE LAAT

Die skokkende besluit van 2019 word juis in die lig van hierdie bespreking duidelik - 'n saak (selfdegeslagverhoudinge) wat duidelik in 2007 se verslag as sonde aangetoon is, en in ons formele ooreengekome belydenis twv fatsoenlikheid nie eers by die naam genoem was nie, en ook as onuitspreeklike sonde deur die reformatore gesien is, is in 2019 deur afgevaardigdes ingestem as 'n soort alternatiewe aanvaarbare oortuiging binne gemeentes van die NGK. So 'n besluit, soos geformuleer in die 2019 Algemene Sinode, druis dus lynreg in teen dit waartoe lidmate van die NGK hulle verbind, naamlik "...die leer soos in die Ou en Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word ..." Die Sinode het dus 'n skokkende besluit geneem wat hoegenaamd nie geneem is in die lig van ons formele belydenis nie. Dit is boonop skokkend dat daar sommiges is wat valslik beweer dat die Skrif en belydenis pre-wetenskaplik is rakende die saak van die verdorwe menslike natuur. Die besluit van 2019 kan gevolglik nie wettig geld in die NGK voordat die belydenis verander is nie. Die besluit ignoreer die Kerkorde wat bepaal:

> Artikel 43
>
> 43.1 Tot die taak van die Algemene Sinode hoort: 43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die Kerk se gemeenskap- like identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid;

### 1.10 GAAN HOMOSEKSUELE MENSE VERLORE?

Alle mense (alkoholiste, egbrekers,

kwaadpraters, bedrieërs ens) wat volhardend hulle vleeslike begeertes laat botvier ten koste van die evangelie, gaan verlore. Mense in SGV is nie in 'n unieke groepering van sondaars wat deur die Skrif toegelaat sal word om hulle begeertes te laat botvier ten koste van die evangelie van die Koninkryk van God nie. Dieselfde Koninkryksbeginsels geld vir ***alle volhardende*** sondaars:

*"Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksua- liteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.*

In die 2007 verslag is duidelik aangetoon dat hierdie vertaling heeltemal korrek verwys na mense wat homoseksualiteit beoefen. Beteken dit dat alle homoseksuele mense onomwonde verlore is? Dit is duidelik uit die teks dat Paulus in vers 11 so 'n misverstand opklaar. Hy noem in vers 11 dat *sommige van hulle **so was***, maar dat hulle hulle sonde laat afwas het, geheilig is, en daarom vrygespreek is in die Naam van Jesus Christus en deur die Gees. Dit is duidelik dat die dief wat sy sonde laat afwas en ophou steel, nou geheilig is; die dronkaard wat sy sonde laat afwas en hom bekeer, nou geheilig is; asook die persoon wat homoseksualiteit beoefen het, maar nou sy sonde laat afwas het en geheilig is, nie verlore gaan nie. Die teendeel spreek egter ook onteenseglik ... Dit gaan in die groter prentjie van die Bybel daaroor dat iemand kan struikel in diefstal of watter ander sonde ook, en steeds gered word omdat die persoon ***nie volhard in sonde nie***. Die sondaar kruisig die ou mens en beklee hom/haar met die nuwe mens in Christus. In die lig hiervan moet ons sy woorde in 1 Kor 6 verstaan - Ons belydenisskrifte help ons nog duideliker om die groter prentjie van die Skrif te verstaan, en te bely. Dit verwys spesifiek na 1 Kor 6:9,10 as dit die volgende opsomming gee:

*"Vraag: Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie? Antwoord: Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a). (a) 1 Kor 6:9, 10; Ef 5:5, 6;1 Joh 3:14"* (HK SONDAG 32, vraag 87)

Ons bely dus dat iemand wat volhárd in sy sonde en dit nie bely as sonde nie, en nie daarvan breek nie, verlore gaan. Toegepas op die misdadiger aan die kruis, sien ons hoe hy sy skuld in diepe berou bely en Jesus met groot verering erken as die Here wat tog aan hom moet dink, en dan genade ontvang. Die beginsel geld vir alle sondaars. Die beoefening van homoseksualiteit is hierin beslis nie 'n unieke of spesiale groepering nie. Mense wat hulle lewe in sonde verdedig, en hulle nie in dankbaarheid bekeer van dit wat die Woord beskryf as sonde nie, gaan verlore – ongeag of dit 'n lewe van diefstal of kwaadpraat of beoefening van homoseksualiteit is. Dit bring ons dan vanselfsprekend by die volgende saak...

### 1.11 DIE KERK EN SGV:

Die kerk se taak is dus om alle sondaars op te roep tot skuldbelydenis en bekering vanuit die genade aan ons bewys in Christus. Ons bely baie duidelik wat die Woord ons leer oor die lang en versigtige pad met die sondaar binne die kerk:

*"Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra eers herhaalde kere broederlik (lees: liefdevol) vermaan. As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelike lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitge- sluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloof en bewys (a). (a) Matt 18:15-17; 1 Kor 5:4, 5, 11; 2 Kor 2:6-8.* (HK V&A 85)

Die kerk moet dus met fyn onderskeid, deur herhaaldelike gesprekvoering en vermaning met die sondaar, sien waar daar 'n ontkenning van die skuld aan sonde, en 'n onbekeerlike liefde vir, en goedpraat van die eie sonde in iemand se lewe teenwoordig is, en dan daarvolgens handel in gehoorsaamheid aan die Here van die kerk. Daar moet gekyk word of die persoon waarlik streef na die lewe van dankbaarheid omdat die persoon leef uit die wonder van God se genade. Die tekens van hierdie verbetering in lewe word in aansluiting by bogenoemde bespreking, as volg deur ons bely:

*"Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam? Antwoord: Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid (a), maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe (b).*

*(a) 1 Joh 1:8; Rom 7:14, 15; Pred 7:20; 1 Kor 13:9. (b) Rom 7:22; Ps 1:2. 115* (HK SONDAG 44)

*Vraag: Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie? Antwoord: Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (a), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek (b). Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik (c). (a) Rom 3:20; 1 Joh 1:9; Ps 32:5. (b) Matt 5:6; Rom 7:24, 25. (c) 1 Kor 9:24; Fil 3:12-14"* (HK SONDAG 44)

*Die sondaar (ook die homoseksuele sondaar) wat dus uit dank vir God se genade in Christus, "met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe", al is die persoon nog vol swakhede, gaan dus nie verlore nie, en mag nie afgesny word van die gemeente nie. Die persoon wat kies om selektief met God se Woord om te gaan om sy sonde goed te praat, en daarin te volhard, gaan verlore.*

*Teen hierdie agtergrond moet die gemeente met fyn onderskeiding optree teenoor alle sondaars, ook die homoseksuele sondaar.*

Daarom lui die 2007 Sinode se besluit dat lidmate van die NGK onderwerp is aan die belydenis en tug.

### 1.12 DIE NGK EN DIE GEVAARLIGTE

Die NGK bely formeel vanuit die Woord (NGB artikel 29):

> *Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer*

*preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf -kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken*

asook

*Wat die valse kerk betref: dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf. Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word.*

Die NGK se gemeentes sal moet waak om nie valse kerke te word nie. Die ware kerk maak erns met die suiwer evangelie-prediking, die suiwer bediening van die sakramente en die gebruik die tug om die sondes te straf; kortom – die ware kerk maak erns met die Woord ... en vervolg nie die *"wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf."*

## 2 SAMEVATTEND

In hierdie verslag is aangetoon dat die AS – volgens die Kerkorde - slegs besluite mag neem wat uitdrukking gee aan die Skrif en die NGK se Belydenis. Die AS het dus nie die besluitnemingsbevoegdheid om ruimte vir gemeentes te skep om SGV kerklik te bevestig, indien aangetoon sou word dat die onderliggende Skrifverstaan verbonde aan SGV nie uitdrukking gee aan die Belydenis van die NGK nie.

Hierdie verslag het daarna aangetoon dat dit in die vasgelooptheid oor SGV gaan oor twee evangelies; die onderliggende Skrifverstaan van diegene wat SGV kerklik wil bevestig, is in volkome weerspreking van die Christelike leer soos saamgevat in die NGK se Belydenis rakende sake soos die aangebore menslike natuur, genade, genadeverbond, liefde en die wet, bekering asook die tydlose en gesaghebbende aard van die Skrif rakende die huwelik – waarbinne die seksuele mag plaasvind.

Laastens het die verslag aangetoon dat dit nie net die onderliggende Skrifverstaan van diesulkes is wat die NGK se Belydenis weerspreek nie, maar dat hulle ook in ontkenning is daarvan dat die NGK se Belydenis SGV duidelik as sonde beskou. Die verslag het immers aangetoon wat die konteks was waarbinne die opstellers van die Kategismus 1 Kor 6 aanhaal:

- Dit was 'n konteks waar daar die absolute oortuiging was dat SGV sonde was

- Dit was 'n konteks waar die kommentare van die reformatore SGV beskou het as 'n gruwelike daad wat weens welvoeglikheid nie by die naam genoem moes word nie.

- Dit was 'n konteks waar kinders se blootstelling aan die Kategismus, die opstellers genoodsaak het om 1 Kor 6 eerder net te parafraseer met "en sulke dinge", met die duidelike implikasie dat "en sulkes" na die onuitspreeklike daad van SGV verwys.

- Dit is 'n moderne tendens, geskep deur die liberale tydsgees, om 1 Kor 6 anders te wil verstaan as verwysend na SGV.

**Interpretasie of feit?** Dit is belangrik om daarop te let dat STALS se verslag aanhaal wat die Belydenis glashelder leer. Die pro-SGV groep in die NGK sou gevolglik oneerlik wees indien hulle sou beweer dat STALS slegs 'n aanvegbare interpretasie van die Belydenis gegee het. Net soos die NGK se Belydenis glashelder leer dat kinders van gelowiges gedoop moet word – dit is nie 'n aanvegbare interpretasie van die Belydenis nie - net so leer die Belydenis van die NGK glashelder dat SGV sonde is.

Dit is hieruit duidelik dat ruimte vir SGV nie geskep kan word binne die NGK se Belydenis en Kerkorde nie. NG lidmate het hulle vrywillig verbind tot die Belydenis van die NGK. Indien die Belydenis nie eers ***ingrypend*** deur 'n ordelike proses gewysig word nie, kan daar nie deur die AS ruimte geskep word vir gemeentes wat SGV wil erken of bevestig nie. Diegene wat SGV wil erken en bevestig, verkondig 'n volkome ander evangelie as die evangelie wat in die NGK se Belydenis na vore kom.

Aangesien die 2007 verslag reeds duidelik aangetoon het dat selfdegeslagverhoudings sonde is, en dat dit blywend deur die eeue as gruwelike sonde beskou is, asook dat sonde nie 'n periferiese/randsaak in die Skrif is nie, is dit onhoudbaar dat die 2019 sinode selfdegeslagverhoudings wil hanteer as 'n randsaak waaroor gemeentes kan verskil tot op die vlak waar een gemeente se leraar mense in SGV se verbintenisse in God se naam bevestig, en in die buurgemeente van dieselfde kerkverband word persone in SGV van die gemeente getug weens volharding in sonde. Dit is gevolglik ondenkbaar hoe AS 2019 kon besluit dat "...die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid ***nie verbrokkel*** wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak (SGV) verskil word nie". ***Die eenheid van die kerk wat gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, verbrokkel beslis as een gemeente bely dat Christus gesterf het vir die sonde van SGV, terwyl die volgende gemeente bely dat SGV in Christus Naam bevestig kan word.***

UIT DIE VERSLAG VIR GROEPSGESPREK:

DIE BEPERKTHEID VAN DIE AS SE BESLUITNEMINGSBEVOEGDHEID (10 minute)

**- BESPREEK:** Kyk gerus weer na die verslag; Waarom bestaan daar iets soos 'n kerkverband? Wat is die saambindende saak wat NG gemeentes saambind en onderskei van gemeentes in ander kerkverbande?

**- BESPREEK:** EMOSIE, RUIMTES EN KERKORDE

Afgevaardigdes na Sinodes gebruik soms emosionele argumente om te pleit dat hulle Skrifverstaan ruimte moet ontvang binne die NGK. Bespreek hierdie saak in die lig van die volgende twee stellings uit die verslag:

*"Die ruimte vir verskillende Skrifvertolkings binne die NGK is immers nie onbegrens nie, maar word begrens/beperk deur die NGK se gemeenskaplike Belydenis; SGV word binne hierdie Belydenis as sonde bely. Lidmate verbind hulle vrywillig tot hierdie*

*Belydenis by belydenisaflegging, en leraars verbind hulle daarna weereens vrywillig tot hierdie Belydenis by legitimasie. Die AS het gevolglik nie die reg/bevoegdheid om ruimtes te skep wat nie binne die grense van die NGK se Belydenis en Kerkorde val nie."*

Asook -

**- BESPREEK: VERGELYKENDE VOORBEELD -** Sou dit onwettig wees vir die AS om te besluit dat daar ruimte in die NGK is vir kerkrade en predikante wat nie hulle weg oopsien om kinders te doop nie? Die antwoord is duidelik dat die AS nie die bevoegdheid het om so 'n ruimte te skep nie, want die Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word is duidelik dat die kinders van gelowiges gedoop moet word. Op soortgelyke wyse is dit onwettig vir die AS om te besluit dat daar kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig, omdat SGV volgens die Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word, dit duidelik maak dat SGV (wat seks buite die Godgegewe huwelik tussen man en vrou impliseer) sonde is.

1. ONVERSOENBARE EVANGELIES (30 minute)

- BESPREEK DIE STELLING DAT DIE PLEIDOOI VIR SELFDEGESLAGVERBINTENISSE VOORTVLOEI UIT 'N AFWYKENDE EVANGELIE WAT IN BOTSING IS MET DIE NGK SE BELYDENIS AANGAANDE DIE WARE EVANGELIE RAKENDE ...

• Die Natuur van die mens
• Genade
• Genadeverbond
• Liefde en die wet
• Bekering
• Skrif en Openbaring

***(Sien weer die opsommende tabel in die verslag)***

## VERSLAG EN GESPREKSDOKUMENT – KAN KERKORDELIKE RUIMTE GESKEP WORD VIR DIEGENE WAT NIE GLO IN DIE BESTAAN VAN DIE DUIWEL EN BOSE GEESTE NIE?

### 1 AFKORTINGS IN HIERDIE VERSLAG:

AS – Algemene Sinode; ATLAS – Algemene Sinode Taakspan vir Leer en Aktuele Sake; STALS (Vrystaatse) Sinode Taakspan vir Leer en Aktuele Sake.

Die moderamen het STALS versoek om 'n gespreksdokument op te stel, in die lig van 'n 2017 beskrywingspunt van NGK Reitz asook nav 'n goedgekeurde voor- stel by Sinode 2017. Die genoemde twee skrywes versoek die Vrystaatse Sinode om in die lig van die NGK se Belydenis, te ondersoek of die AS die kerkordelike bevoegdheid gehad het om ruimte te gee vir lidmate wat ontken dat die duiwel en bose geeste bestaan. Reitz se beskrywingspunt voer byvoorbeeld aan dat die 2011 en 2015 besluite van die AS onkerk- ordelik is omdat die Bybel en die bindende Belydenis van die NGK duidelik is dat die duiwel en bose geeste bestaan.

HIERDIE VERSLAG MOET IN SAMEHANG GELEES WORD MET DIE VORIGE VERSLAG WAAR DIE VOLGENDE REEDS UITVOERIG AANGETOON IS:

*"Die ruimte vir verskillende Skrifvertol- kings binne die NGK is immers nie onbegrens nie, maar word begrens/beperk deur die NGK se gemeenskaplike Belydenis ... Lidmate verbind hulle vrywillig tot hierdie Belydenis by belydenisaflegging, en leraars verbind hulle daarna weereens vrywillig tot hierdie Belydenis by legitimasie.* ***Die AS het gevolglik nie die reg/bevoegdheid om ruimtes te skep wat nie binne die grense van die NGK se Belydenis en Kerkorde val nie."***

asook

*"Net so min as wat die AS die reg het om ruimte te gee aan sekere gemeentes om die opstanding van Christus te ontken, net so min het die AS die reg om ruimte te gee aan sekere gemeentes wat SGV wil bevestig. Nog 'n voorbeeld: Net so min as wat die AS die reg het om ruimte te gee aan sekere gemeentes om te verkondig dat mense wat nie in Christus glo nie, ook gered sal word, net so min het die AS die reg om ruimte te gee aan sekere gemeentes wat SGV wil bevestig.* ***Die Belydenis van die NGK is immers duidelik wat die NGK oor al hierdie sake bely, en die AS kan nie ruimtes skep vir 'n alternatiewe leer wat bots met die NGK se Belydenis nie."***

Hierdie gespreksdokument/verslag het nie ten doel om die sinvolheid van die Kerkorde, en die Skrifgetrouheid van die NGK se Belydenis te bespreek nie. Die verslag se uitgangspunt is bloot, soos in die vorige verslag oor selfdegeslagverbintenisse, die volgende:

- Die NGK het 'n Belydenis waartoe le-raars[12] en lidmate hulle vrywillig verbind.

- Die Kerkorde van die NGK is duidelik dat die Algemene Sinode se magte/be- voegdheid beperk is daartoe om Sinodale besluite te neem ***wat uitdrukking gee aan die NGK se Belydenis***[13].

IN HIERDIE VERSLAG WORD BESPREEK WAT BOGENOEMDE PRAKTIES BETEKEN VIR DIE VRAAGSTUK RAKENDE DIE ALGEMENE SINODE SE BESLUIT OM KERKLIKE RUIMTE TE SKEP VIR LIDMATE WAT ONTKEN DAT SATAN EN GEESTE BESTAAN.

In hierdie verslag word in die lig van die Kerkorde die volgende aangetoon:

- Die AS se 2011 en 2015 besluite, waarin ruimte geskep word vir diegene wat verkondig dat die duiwel en bose geeste nie bestaan nie, was inderdaad onwettig soos in verskeie beskrywingspunte sedert 2011 aangetoon.

- Die AS was in 2011 en 2015 onder andere gekonfronteer met die vraag of die AS mag ruimte gee aan NG lidmate om te verkondig dat die duiwel en bose geeste nie bestaan nie. ATLAS het 'n verslag opgestel wat aanbeveel het dat sulke ruimtes vir lidmate geskep moes word. Die taakspan wat hieroor 'n verslag moes opstel het egter 'n onkerkordelike

[12] KO 6.1
[13] KO 43.1

benadering gevolg, en dit het gelei tot 'n onkerkordelike besluit deur die Sinode, waarin ruimte geskep sou word vir NG lidmate om te verkondig dat die duiwel en bose geeste nie bestaan nie.

MOTIVERING:

Aangesien die kerkorde bepaal dat be- sluite van die AS uitdrukking moet gee aan die NGK se bindende Belydenis, het dit sekere konsekwensies vir taakspanne van die AS:

1. Taakspanne wat verslae opstel rakende kerkleerstellige kwessies, moet die NGK se Belydenis as vertrekpunt neem in hulle verslae (Sien weer KO 23.2)

2. Taakspanne van Sinodes wat kerkordelik optree, sal gevolglik daarna streef om, met inagneming van die bedoeling van die Belydenis, akkurate uitdrukking te gee aan die Belydenis, soos deur die Kerkorde bepaal.

3. Taakspanne wat kerkordelik optree, sal nie die Belydenis onder verdenking probeer plaas nie.

4. Taakspanne wat oortuig is dat die Belydenis verkeerd is, het die verantwoordelikheid om die AS te bedien met 'n verslag waar die gewaande foute uitgewys word, waarna die AS dan 'n kerkordelike proses[14] kan inisieer waarin gevra word dat die Belydenis verander moet word.

Dit is daarom opmerklik dat ATLAS 2011 se verslag aangaande die bediening van bevryding, asook die bestaan van bose geeste, geensins poog om die bindende Belydenis van die NGK as vertrekpunt te neem nie. Die verslag het gevolglik glad nie gepoog om uitdrukking te gee aan die Belydenis nie, maar soos genoem, die Belydenis vir alle praktiese doeleindes buite rekening gelaat.

Die taakspan se verslag doen wel groot moeite om te bespreek watter uiteenlopende standpunte daar in die geskiedenis, asook in verskillende kerkgroeperinge, bestaan het oor die bestaan van geeste, asook die bediening van bevryding. Die verslag verwys egter net op uiters kriptiese wyse na die Heidelbergse Kategismus Sondag 1, sonder veel bespreking[15] daaroor. Die feit dat die verslag tallose Skrifverklaarders se opinies pynlik akkuraat weergee sonder om hierdie Skrifverklaarders se standpunte te weeg in die lig van die NGK se belydenisskrifte, laat dadelik die gevaarklokkies lui. Die doodlogiese uitvloeisel van ATLAS se werkswyse was gevolglik dat hulle 'n aanbeveling aan die AS sou maak waarin geen poging aangewend word om uitdrukking te gee aan die NGK se Belydenis nie. Die verslag beveel bloot aan:

> **"14.7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.**

Met hierdie aanbeveling ignoreer die taakspan die duidelike en bindende Belydenis van die NGK wat onder andere die volgende leer (om slegs die duidelikste plek in die Belydenisskrifte aan te haal):

> *Artikel 12: Die skepping van alle dinge, veral van die Engele*
>
> *Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.*
>
> *Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is.*
>
> *Soos moordenaars loer hulle op die kerk - ook op elke lidmaat - om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes.* ***Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.***

Dit is opvallend dat NGB 12 hier volkome duidelik is dat geeste en engele bestaan. Die NGB vra immers nie óf daar geeste is nie, maar besin bloot Skrifgetrou oor die oorsprong van hierdie engele en geeste. Die NGB is dan ook uiters duidelik in die belydenis dat diegene wat ontken dat daar geeste is, 'n verfoeilike dwaling verkondig. Die vraag is daarom hoe AS 2011 enigsins kon gedink het dat hulle – in weerwil van die NGK se duidelike en bindende Belydenis - ruimte kon skep vir diegene wat ontken dat geeste bestaan? **Die enigste afleiding wat gemaak kan word, is dat die afgevaardigdes van 2011, onder die invloed van ATLAS se verslag, die Belydenis van die NGK bloot ignoreer het of bloot onbewus was van die duidelike Belydenis van die NGK.**

Die AS keur daarom die aanbeveling goed sonder om dit te bevraagteken dat die verslag geen aandag gee aan die Belydenis van die NGK nie. Taakspan en Sinode het duidelik geen rede gesien om 'n besluit te neem wat ***uitdrukking gee aan die Belydenis van die NGK nie***. Die besluit van AS 2011 ignoreer dus die Kerkordelike bepaling dat die AS se bevoegdheid/magte beperk is daartoe om besluite te neem wat uitdrukking gee aan die Belydenis. Die taakspan en die AS mag nie bloot die Belydenis ignoreer en aanbevelings goedkeur asof die NGK nie 'n Belydenis het nie. Soos ook reeds genome: Indien die taakspan ongemaklik was met die Belydenis kon die taakspan aanbeveel het dat die Belydenis gewysig word, wat dan weer daartoe sou kon lei dat 'n sekere kerkordelike proses geïnisieer sou word.

---

[14] Soos beskryf in KO 44

[15] 2011: '**11.7** Dit is van die grootste belang dat dié klem in die nadenke oor die stryd teen die Bose in gedagte gehou word. Ons enigste troos in lewe en in sterwe (verseker die Heidelbergse Kategismus vr 1 ons) is dat ons nie aan onsself behoort nie maar aan ons Verlosser, Jesus Christus wat vir ons sonde met sy bloed betaal het en ons "uit alle heerskappy van die duiwel verlos het".' Dit is opvallend dat die verslag nalaat om erkenning te gee daaraan dat die Belydenis hier pertinent na die duiwel as 'n persoon verwys.

## 2 GEVOLGE VAN 2011 SE BESLUIT: TALLE BESKRYWINGSPUNTE SEDERT 2011 TEEN HIERDIE BESLUIT

Dit is geensins verrassend dat die AS ná 2011 se onkerkordelike besluit gekonfronteer sou word deur talle beswaarskrifte uit streeksinodes, ringe en gemeentes nie. Die Sinode Hoëveld was een van 'n aantal groepe wat gevolg- lik tereg 'n beswaarskrif ingedien het waarin die volgende gevra word:

> Die Algemene Sinode besluit om die volgende paragraaf (punt 7) in sy besluite oor die Bediening van Bevryding te skrap: *"Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. <u>Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer".</u>*

Die Sinode Hoëveld (en ander beswaarskrifte) redeneer tereg dat hierdie besluit van die AS in stryd is met die Belydenisskrifte van die NGK. Tallose plekke in die Belydenisskrifte word aangehaal in hierdie beswaarskrif[16].

**AS 2015 BREEK AAN WAAR BESKRYWINGSPUNTE DIEN**

In 2015 reageer ATLAS op beskrywingspunte waarin onder andere na NGB artikel 12 verwys word. Let wel, eers in 2015 gee ATLAS nou aandag aan die belydenisskrifte omdat hulle daartoe gedwing word deur hierdie groot aantal beswaarskrifte.

Die vraag was nou in 2015: Sou ATLAS poog om korreksies te maak in die lig van die Belydenis, of sou die taakspan poog om hulle belydenislose verslag van 2011 te verdedig, sodat ruimtes in die NGK geskep kon word vir diegene wat die duidelike Belydenis van die NGK aangaande die bestaan van geeste ontken? Dit word duidelik in 2015 dat ATLAS nie poog om, soos die Kerkorde vereis, uitdrukking te gee aan die Belydenis nie. Inteendeel, ATLAS sou in 2015 poog om verwarring te skep oor ondubbelsinnige formulerings in die Belydenis soos in die volgende aanhaling uit ATLAS 2015 verslag na vore kom:

> "Met ander woorde, om dit eenvou- dig en duidelik te stel: die teks van die NGB kan nie as rasionele bewys (in die wetenskaplike sin van die woord) dien vir die bestaan van allerhande geestelike en hemelse wesens nie. ***Dit is ook nie die bedoeling van die teks om dit te doen nie.*** Die bedoeling van die teks is om die geloof in die werklikheid en destruktiewe aard van die boosheid op aarde sonder twyfel te bely."

Met hierdie stelling doen ATLAS die bedoeling van die opstellers van die NGB 'n reuse onreg aan. Die volgende is reeds hierbo aangetoon:

> *"Dit is opvallend dat NGB 12 hier volkome duidelik is dat geeste en engele bestaan. Die NGB vra immers nie óf daar geeste is nie, maar besin bloot Skrifgetrou **oor die oorsprong** van hierdie engele en geeste. Die NGB is dan ook uiters duidelik in die belydenis dat diegene wat ontken dat daar geeste is, 'n verfoeilike dwaling verkondig."*

Sien gerus weer hoe ondubbelsinnig die NGB se belydenis is –

> ***Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is;*** ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie

Duideliker kon die opstellers van die NGB nie gewees het nie. ATLAS se bewering dat die opstellers van die NGB geen bedoeling gehad het om die bestaan van geestelike en hemelwesens te erken nie, is bloot verstommend en oneerlik.

ATLAS 2015 REDENEER DAT DIE NGB BELY OP GROND VAN PRE-WETENSKAPLIKE ONKUNDE

ATLAS 2015 gaan dan nog verder om die Belydenis onder verdenking te plaas, deur te beweer dat die NGB se duidelike Belydenis oor die bestaan van bose geeste, toe te skryf is aan die opstellers se tydgebonde, pre-wetenskaplike onkunde (ATLAS 2015:285). ATLAS skryf dat die Belydenis allerlei onjuisthede bevat weens pre-wetenskaplike onkunde, en noem dan 'n paar voorbeelde. ATLAS konkludeer:

> *"Daar word egter nie (meer in ons tyd) oorweging daaraan gegee om hierdie onjuisthede reg te maak nie, omdat die behoud daarvan juis dui op eerbied en respek vir die teks binne sy eie historiese ontstaansgeskiedenis. Dan besef 'n mens dat dit nie "foute" is nie, nee. Die skrywer(s) van die teks het hulle kennis en konsepte ontleen van die bestaande kennis en beskouinge van daardie betrokke tydvak. Hulle het/kon nog nie met die kennis van die moderne wetenskap skryf nie – omdat dit nog nie bestaan het nie. Hierdie is 'n baie belangrike insig om aan vas te hou in die vertolking van geskrifte uit die voor-wetenskaplike tyd in ons tyd, vir ons tyd."*

ATLAS wys heeltemal tereg daarop dat die Belydenis nie probeer antwoorde gee oor wetenskaplike sake nie, asook dat die Belydenis sekere pre-wetenskaplike formulerings bevat. ATLAS fouteer egter in die verslag wanneer die voorbeelde aangaande pre-wetenskaplike formu- lerings in die Belydenis, met 'n reuse en onvanpaste gedagtesprong deurgetrek word om te suggereer dat die Belydenis aangaande die bestaan van geeste bloot pre-wetenskaplike onkunde aan die kant van die NGB se opstellers was. ***Die vraag sou tereg aan ATLAS gevra kon word waar die moderne wetenskap bewyse ingebring het dat daar geen bose geeste bestaan nie?*** Die Skrif asook die NGK se Belydenis oor die bestaan van bose geeste is daarom beslis nie deur wetenskaplikes ontmasker as pre-wetenskaplike onkunde – soos deur ATLAS 2015 gesuggereer - nie.

## 3 GEVOLGTREKKING:

ATLAS is in 2015 deur talle beskrywingspunte op onaangename wyse daaraan herinner dat hulle verslag in 2011 die bindende Belydenis volkome geïgnoreer het. Die bespreking hierbo wys dat ATLAS daarom in 2015 eerder gepoog het om die bedoeling van die Belydenis te bevraagteken en selfs te verduister, omdat hulle die belydenislose aanbevelings van 2011 moes probeer verskoon en verdedig in die lig van talle beswaarskrifte. ATLAS poog dus nie in 2015 om hulle Kerkordelike taak na te kom deur uiteindelik na vier jaar van beswaarskrifte, te kom by die punt waar

---

[16] Aanhaling uit die verslag – "Sien ook:
Nederlandse Geloofsbelydenis Artikels 12, 13, 14, 34, 37
Heidelbergse Kategismus vrae: 1, 9, 32, 34, 112, 123, 127
Dordtse Leerreëls Hoofstukke 1.7, 3.1, 4.7, 5.3, 5.4 en 5.15."

hulle sou ***"uitdrukking gee aan die NGK se Belydenis"*** nie. Soos hierbo aangetoon het ATLAS veel eerder gepoog om in 2015 twyfel en verwarring te skep oor die eenvoudige en ondubbelsinnige erkenning van die NGK se Belydenis dat bose geeste bestaan – soos duidelik in die Skrif geleer. ATLAS het met hierdie verslae daarin geslaag om die 2011 en 2015 afgevaardigdes na die AS te begelei daartoe om – in direkte weerspreking van die NGK se bindende Belydenis – onkerkordelike ruimte te skep vir diegene wat nie wil vashou aan die NGK se ondubbelsinnige Belydenis dat bose geeste bestaan nie.

AS 2015 sou dus, grootliks te wyte aan ATLAS se 2015-verslag, die beskrywingspunte ignoreer en voortgaan om op onkerkordelike wyse ruimtes te gee aan diegene wat die NGK se Belydenis weerspreek. Hiermee sou die NGK op 'n glybaan beland waar die saambindende Belydenis van die NGK, grootliks 'n historiese dokument sonder bindende waarde vir lidmate van die NGK sou word. Die NGK word sodoende 'n kerkverband waar 'n eenheidsband, gegrond op 'n sekere belyde Skrifverstaan waartoe lidmate hulle met belydenisaflegging vrywillig verbind, begin verdwyn. Die waarheid van God se Woord rakende kernsake van die evangelie kom hiermee in gedrang, omdat op onkerkordelike wyse ruimtes gelaat word vir diegene wat 'n ander Skrifverstaan oor hierdie kernsake van die Skrif in die NGK wil bely.

Soos reeds in die verslag oor Belydenis, Kerkorde en selfdegeslagverhoudings aangetoon, het die AS bloot nie die bevoegdheid om ruimtes te skep vir diegene wat hulle ontuis voel binne die Skrifverstaan wat in die NGK se bindende Belydenis geleer word nie.

Die AS besluit van 2011 en 2015 om die volgende ruimtes te skep -

> *"Daar is lidmate wat die persoonlike aard van die duiwel en demone aanvaar, en daar is lidmate wat die nie-persoonlike aard van die duiwel en demone aanvaar."*

... is gevolglik bloot onkerkordelik en onwettig.

TAFELGESPREK (30 minute)

1) Kyk weer na die bespreking in hierdie verslag.

- Bespreek dan kortliks hoe 'n verantwoordelike taakspan van die Sinode, kerkleerstellige verslae moet opstel.

- Stem u saam met die bevinding van hierdie verslag dat ATLAS 2011 en 2015 se werkwyse nie in diens van die NGK se Belydenis was nie, soos die Kerkorde bepaal?

*(Gaan gerus deur die volgende gedeeltes in die Belydenisskrifte indien daar tyd is:*

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikels 12, 13, 14, 34, 37

Heidelbergse Kategismus vrae: 1, 9, 32, 34, 112, 123, 127

Dordtse Leerreëls Hoofstukke 1.7, 3.1, 4.7, 5.3, 5.4 en 5.15.)

**Aanbevelings:**

*1. Die Vrystaatse Sinode neem kennis dat die AS 2019 se besluit oor SGV verskil van die bestaande besluit van die Vrystaat Sinode oor SGV. Die bestaande besluit kan slegs gewysig word nadat vooraf kennis gegee is van revisie (hersiening) en aan die kerkordelike vereistes in dié verband voldoen is.*

*2. Die Vrystaatse Sinode herbevestig dat Kerkvergaderinge soos die Algemene Sinode se besluite slegs bindend en wettig is indien dit in ooreenstemming is met die duidelike bepaling van Kerkorde artikels 1[17], 23[18] en Artikel 43.1[19]*

*3. Die Sinode bevestig dat alle NG lidmate en predikante[20] hulle vrywillig onderwerp aan 'n Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word.*

*4. Die Sinode bevestig in die lig van punt 2 en 3 dat besluite van die AS wat ruimte skep vir 'n Skrifverstaan wat nie in die NGK se Belydenis geleer word nie, en daarmee bots, ongeldig en daarom ook onwettig is.*

*5. Die Sinode bevestig dat lidmate wat 'n ernstige beswaar het teen die Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word, die kerkordelike reg het om op een van twee wyses te reageer:*

*a. om as lidmate te bedank uit die NGK*

*b. om by wyse van 'n gravamen die Algemene Sinode te versoek om die Belydenis te wysig.*

*6 Die Sinode bevestig dat die AS geen ruimte kan skep vir enige Skrifverstaan wat afwyk van die bindende leer wat in die NGK se Belydenis geleer word nie, tot die Belydenis op 'n kerkordelike wyse gewysig is.*

*7. Die Sinode besluit dat die bindende Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word, duidelik is dat die huwelik (waarbinne die seksdaad mag plaasvind)*

---

*[17] DIE BELYDENIS, AARD EN ORDE VAN DIE KERK Artikel 1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.*

*[18] KO 23.1 Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigdes **is bindend, in soverre dit nie in stryd is met die Woord van God, die belydenis van die kerk en die Kerkorde nie (sien Artikel 1 en 2).***

23.2. Alle ampsdraers en lidmate van die kerk word daartoe opgeroep om voortdurend met **die Woord van God, die belydenis en die Kerkorde as maatstaf die werk van vergaderings en ampsdraers te beoordeel.**

*[19] Tot die taak van die AS behoort:*

*43.1.1 **dit wat uitdrukking gee** aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid.*

*[20] PREDIKANTE Artikel 6*

*6.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis 6.1.1 geskiktheid vir die amp; 6.1.3 ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.*

slegs tussen man en vrou mag wees, en dat SGV daarom sonde is.

8. Die Sinode besluit daarom dat AS 2019 nie die kerkordelike bevoegdheid gehad het nie, om in weerwil van die bindende Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word, te besluit dat daar ruimte kan wees vir kerkrade en predikante wat hulle weg oopsien om SGV te bevestig.

9. Die Sinode besluit om dieselfde redes wat in die vorige punt genoem word, dat die AS ook nie die kerkordelike bevoegdheid gehad het nie, om in weerwil van die bindende Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word, te besluit dat daar ruimte kan wees vir kerkrade en predikante wat verkondig dat bose geeste nie bestaan nie.

10. Die Sinode dring daarop aan dat die AS hierdie vorige besluite moet herroep, en besluite sal neem wat uitdrukking gee aan die bindende Skrifverstaan wat in die NGK se Belydenis geleer word.

11. Die Sinode besluit dat hierdie saak so dringend is dat die AS versoek word om 'n buitengewone sinode voor einde Oktober 2022 byeen te roep om hierdie besluite te herroep.

---

[i] DIE 2019 BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE LUI AS VOLG:
1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.
2. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.
3. Die sinode is verbind tot 'n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.
4. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:
4.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;
4.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en
4.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.
5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.
6. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:
6.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
6.2 toegang tot die sakramente,
6.3 integriteit van verhoudings en
6.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem
6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.
7. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:
7.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
7.2 toegang tot die sakramente,
7.3 integriteit van verhoudings en
7.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag te neem, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit.
8. Die Algemene Sinode erken dat daar:
8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,
8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.
9. Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig. Ook dat daar 'n span saamgestel word wat elke streeksinode sal besoek om hierdie saak duidelik en deeglik deur te werk. Dit kan ons help om 'n ingeligte besluit te neem.
10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.
11. Die Algemene Sinode
11.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwar en seergemaak het;
11.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;
11.3 verbind hom daartoe om in die gees van hierdie besluit ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.
11.4 Die Algemene Sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.
12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.

Die volgende besluite is saam met die bogenoemde besluit, steeds geldende besluite van die NG Kerk:
HUWELIK, Promiskuïteit EN SELFDEGESLAG VERHOUDINGS
Die AS 2007 het die volgende besluite bevestig:
1. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
2. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
3. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
(uit Handelinge AS 2007, pp 204-205, pte 12.2 en 12.3)

# BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011 OOR DIE BEDIENING VAN BEVRYDING EN OOR DIE BOSE

Uittreksel uit die Agenda van die Algemene Sinode 2011

**ATLAS BYLAAG 2**

**BEDIENING VAN BEVRYDING**

## 1 OPDRAG

### 1.1 SINODE VAN WES- EN SUID-KAAP OKTOBER 2007

Enkele leraars en lidmate het in 2006, na besoeke aan Mosambiek waar hulle in aanraking gekom het met die sogenaamde "bediening van bevryding", dr Pierre Goosen (Sinodale Kommissie vir Predikantebediening) genaderom van sinodale kant leiding oor hierdie saak te gee. Daar is aan die versoek voldoen en 'n ad hoc-kommissie, met die hulp van Buvton (Buro vir verdere teologiese opleiding en navorsing- nou Communitas), is byeengebring om die saak te bespreek. SKLAS is ook genooi om betrokke te wees. By die sinode van 2007 het SKLAS gerapporteer: "Ds Heerden van Niekerk sal voortaan as sameroeper van die navorsingsgroep optree. Daar sal op SKLAS se begroting vir die werksaamhede van die navorsingsgroep plek ingeruim word" (Voorlegging 8.5.1).

1.2 ALGEMENE SINODE JUNIE 2007:

Die Algemene Sinode herhaal sy opdrag aan die Taakspan Leer en Aktuele Sake om voort te gaan met die studie oor die bediening van bevryding. Beskikbare dokumentasie van die bevrydingsbediening moet oorweeg word.

1.3 ALGEMENE TAAKSPAN LEER EN AKTUELE SAKE (ATLAS-VERGADERING 18 MEI 2009)

"Aangesien SKLAS Wes- en Suid-Kaapland besig is met hierdie studie, besluit ATLAS om nie tyd en energie te dupliseer nie maar om die rapport en besluite van SKLAS Wes- en Suid-Kaapland af te wag en dan na bevind van sake op te tree."

## 2 BEGRIPSVERKLARING

2.1 Die "bediening van bevryding" verwys na die praktyk om bose geeste of demone uit mense te dryf of hulle daarvan te bevry.

2.2 Meeste NG leraars wat pleit vir die erkenning van die bediening van bevryding verkies om nie te praat van "duiwel- of demoonbesetenheid" en daarom ook nie van "duiwel- of demoonuitdrywing" nie. "Hierdie uitdrukkings dui op heeltemal te veel beheer" (André O'Kennedy, 'n Getuienis, bl 5). Hy verkies die term "gedemoniseer wees".

Dit is beslis te betwyfel of 'n gelowige Christen werklik deur die duiwel of 'n demoon beset of besit kan word. Die Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 1 leer ons tog dat ons enigste troos ook daarin lê dat ons "aan Christus behoort" en dat Hy "met sy kosbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal en ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos het".

2.3 Aan die ander kant waarsku die Bybel dat selfs na Christus se oorwinning oor die Bose in sy dood en opstanding, die duiwel steeds soos 'n brullende leeu rondloop (1 Pet 5:8), dat hy strikke vir gelowiges stel (2 Tim 2:26), dat hy hom voordoen as die engel van die lig (2 Kor 11:14), dat die boodskapper van satan Paulus met die vuis slaan (2 Kor 12:7). In Ef 4:27 word gelowiges gewaarsku: "Moenie die duiwel vatkans gee nie". Dit is dus tog wel moontlik dat die Bose inderdaad 'n groot invloed selfs oor gelowiges kan kry – en in sommige gevalle selfs 'n houvas op 'n gelowige.

2.4 In hierdie dokument word dus ds André O'Kennedy se voorgestelde terminologie gebruik deur te praat van mense wat "gedemoniseer" was of is, op spoor van die Nuwe Testament se gebruik van die Griekse woord daimonizomai, om daarmee aan te dui mense – insluitende Christene – wat, om watter oorsaak ook al, in een of verskeie aspekte van hulle lewe buitengewoon sterk onder die invloed van die Bose is – op wie die Bose 'n houvas het.

2.5 Die bediening van bevryding verwys dus na die praktyk om mense van die buitengewone invloed van die duiwel of demone te bevry. Dié demone word – deur die voorstanders van die bediening van bevryding – gesien as in diens van die duiwel. Dit is dus nodig om aan die begin uitsluitsel te kry oor die duiwel/satan.

## 3 OU TESTAMENT

3.1 Die Hebreeuse woord satan word meestal vertaal met "teenstander". In die OT word satan dikwels gebruik as beskrywing van 'n mens wat bloot iemand se teenstander is, byvoorbeeld Hadad, Salomo se teenstander (1 Kon 11:14, 1 Sam 29:4), Haman die teenstander van die Jode (Ester 8:1). Vier keer verwys die OT na "satan" as 'n bomenslike wese (Day 1999:727). In Numeri 22 word Bileam voorgekeer deur 'n malak JHWH, 'n "engel van die Here", wat ook beskryf word as 'n satan. Bileam se donkie wil nie verder loop nie, maar Bileam sien eers die satan na die donkie begin praat. In hierdie vertelling is die satan nie die hoogste manifestasie van boosheid nie, trouens hy is 'n boodskapper van die Here.

3.2 In Job 2 (waarskynlik geskryf in middel van 6de eeu vC) verskyn ha-satan (Job 1:6) by 'n vergadering van hemelwesens ("seuns van God"). Die lidwoord "die" maak dit byna seker dat satan hier nie 'n eienaam is nie – dus steeds "die teenstander" of "die satan", volgens Day (1999:727). Ander geleerdes meen dat "satan" hier verwys na 'n titel wat in die regspraak van die tyd gebruik is, iets soos "die aanklaer", maar hieroor is daar nie konsensus nie. Hoewel Van der Hoeven meen dat ons nie hier met die "eigenlijke Satan" te doen het nie ("hij is nog te dicht bij 175 God en is veeleer tegenstander van mensen dan van God" (1998:152), en Day meen dat ha-satan hier nie "an independent, inimical force" is nie, erken Day self dit tog wel dat dit uit die vertelling duidelik is dat ha-satan hier 'n bo-menslike wese is wat die geldigheid van God se morele orde in twyfel trek en dit wil toets (1999:728) – dus op bo-menslike vlak God se uitdager of teenstander is.

3.3 In Sagaria 3 (waarskynlik geskryf na herbou van die tempel in 520 vC, vgl Rogerson 2003:721) word 'n toneel beskryf waar twee opponerende partye voor "die engel van die Here" staan: aan die een kant Jesua, die hoëpriester, en aan die ander kant, ha-satan. Die engel van die Here tree op as God se boodskapper en bestraf ha-satan, wat duidelik hier optree as die Groot Teenstander. Die engel van die Here laat die hoëpriester sy vuil klere uittrek en skoon klere aanttrek – 'n simbool van reiniging. Ha-satan is hierteen gekant. In die Bileam-verhaal in Numeri 22 is God se boodskapper en satan een persoon, maar in Sagaria 3 is hulle twee opponerende partye. Sou dit dalk dui op 'n ontwikkeling by Israel oor die begrip van die bose en Satan?

3.4 In 1 Kronieke 21:1 (finale redigering en te boekstelling volgens Day, 73, kort na 520 nC), lees ons "Satan was teen Israel. Hy het Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou" (volgens die parallelle gedeelte in 2 Sam 24:1:"Op 'n keer was die Here vertoorn op Israel. Hy het Dawid teen hulle aangehits ...: 'Gaan tel die Israeliete en die Judeërs'.) Volgens meeste uitleggers wou die Kroniekskrywer misverstande wat uit 2 Samuel se weergawe voortgespruit het, korrigeer en duidelik maak: Dit was nie God wat Dawid aangehits het nie, maar sy teenstander, Satan.

3.5 Reflekteer dit 'n ontwikkeling in die denkwyse van die skrywers van die OT, en dus in Israel se verstaan, van die rol van die Bose en Satan? Peggy Day (1999:730) ontken dit omdat sy meen: 1) dwarsdeur die OT is satan nie 'n eienaam wat dui op 'n bomenslike persoon nie, 2) Numeri en Sagaria verskil oor of satan die engel van die Here is of sy teenstander – dus word hier nie van dieselfde persoon gepraat nie, en 3) die finale te boekstelling van Numeri, Sagaria en 1 Kronieke almal waarskynlik in die sesde eeu vC plaasgevind het en dat daar nie genoeg tydsverloop vir ontwikkeling was nie.

3.6 Die argument teen Day is egter sterk as aanvaar sou kon word dat agter die finale te boekstellings tekste en tradisies lê wat uit verskillende tye dateer: eers word in Numeri van satan gepraat as 'n boodskapper van die Here, dan praat Job 2 van 'n teenstander, wat tog steeds afhanklik van God is. In Sagaria 3 is die satan 'n teenstander van die engel van die Here, en in 1 Kronieke werk satan duidelik teen God se bedoeling. Of dit 'n bewuste ontwikkeling was, is moeilik om te verklaar maar 'n ontwikkeling word baie sterk gesuggereer.

## 4 TYDPERK TUSSEN OU EN NUWE TESTAMENT

4.1 So 'n ontwikkeling word nog verder gesuggereer as 'n mens na die tydvak tussen die Ou en Nuwe Testament kyk. Die woord satan kom min voor in Joodse geskrifte uit die Tweede Tempel Periode (ongeveer 500 vC – 70 nC) maar hy verskyn tog wel, byvoorbeeld in 3 Henog 23:16 en in die Qumran-geskrif 4 Qber (Day 1999:730). In die Griekse vertaling van die OT, die LXX, word die Griekse woord diabolos (teenstander) verkies (Riley 1999:244), ook as 'n vertaling van satan in byvoorbeeld Job 1 en 2 en 1 Kronieke 21:1), en word so spesifiek gebruik dat dit wel soms die gewig dra van 'n eienaam, Die Teenstander. Riley is oortuig van 'n ontwikkeling wat na sy mening versnel is in die tydperk tussen die twee testamente deurdat die Jode in daardie tyd beïnvloed is deur die Zoroastrianisme-godsdiens wat sy oorsprong in Iran gehad het. In daardie tyd was daar 'n sterk Joodse gemeenskap in Iran. Die uitruil van idees is vergemaklik deurdat Grieks sedert Alexander die Grote se suksesvolle militêre veldtogte in die jare 334-330 vC die lingua franca van daardie tyd geword het.

4.2 Die Zoroastrianisme-godsdiens was 'n half-monoteïstiese godsdiens. Dit het een groot kenmerk gehad: 'n skeppergod wat teengestaan is deur 'n duiwelfiguur (in Griekse geskrifte diabolos, die "teenstander" genoem). 'n Belangrike element in die Zoroastrianisme was die idee van 'n finale geveg tussen die skeppergod en die diabolos waarin die diabolos in 'n hel van vuur gegooi sou word. Volgens Riley (1999:245) het hierdie idees vanuit die Zoroastrianisme invloed uitgeoefen op sommige Joodse denkers in die tussen-testamentêre tyd. In die Zoroastrianisme, byvoorbeeld, speel die mite van die oorsprong van die Geeste van Lig en Duisternis 'n belangrike rol, en dit kon aanleiding gegee tot soortgelyke taal en denke in die Judaïsme van dié tyd, miskien in sommige van die Qumrangeskrifte – in een van dié geskrifte Die Oorlog tussen die Kinders van die Lig en die Kinders van die Duisternis (in die geskrif beskryf as "die krygsmag van Belial").

4.3 Ander navorsers wys egter daarop dat die oorsprong van die gebruik van sulke terme soos die kontras tussen Lig/Duisternis, Belial, Beëlsebul nie noodwendig in die Zoroastrianisme te vind is nie. Dit is wel duidelik dat die terminologie van die Zoroastrianisme soms gebruik is (bv Beëlsebul, Mk 3:22), maar dat intertestamenêre Judaïsme nooit gedink het in terme van die twee magte, God en Satan, wat ewe magtig is nie. Die Ou Testament en in die Joodse geskrifte wat tussen die twee testamente geskryf is, is eenstemmig dat die mag by God gesetel is wat op sy tyd die magte van die Bose sal vernietig.

4.4 Die oorsprong van 'n meer uitgebreide Joodse denke oor die Satan en sy bose magte lê waarskynlik veral in die apokaliptiese geskrifte. Dié geskrifte, wat meestal dateer uit die tydperk 200 vC – 100 nC, is almal geskryf in 'n tyd toe Israel deur 'n ander land of ryk beheer is. Dikwels is die Jode deur die vreemde heersers onderdruk en is daar hard probeer om hulle godsdiens te verander of uit te delg, soos byvoorbeeld gebeur het onder Antiochus Epiphanes se inname van Jerusalem in 167 vC (en die Makkabese opstand wat daarop gevolg het). In dié tye van onderdrukking deur vreemde heersers het die apokaliptiese geskrifte ontstaan, dikwels as 'n openbaring (Grieks: apokalips) wat die skrywer gesien het van Israel se verdrukking en uiteindelike verlossing. In dié apokaliptiese geskrifte is die vreemde oorheersers dikwels beskryf as bo-menslike bose figure of gevalle engele. (Vir Christene, vertroud met die boek Openbaring, is die bekendste voorbeeld hiervan die verwysing na die Romeinse keiser 176 (waarskynlik Domitianus) van dié tyd as "die dier" en "die anti-Chris".) Van der Hoeven (1998:159) verwys na die Joods-apokaliptiese boek 1 Henog waarin die name van die tien bose engele genoem word.

4.5 Volgens Meier (1999:89) het die lang tye van verdrukking die Jode as 't ware gedwing om onwillekeurig meer oor die bose na te dink, met die gevolg dat gevalle engele, heidense heersers as manifestasies van die bose (soos die Dier in Openbaring) al hoe meer profiel in die Joodse apokaliptiese literatuur vanaf 200 vC begin kry het. In die tweede deel van 1 Henog (die sg Similitudines) is daar byvoorbeeld reeds sprake van "de preëxistente hemelse 'zoon des mensen', die recht op aarde zal brengen en de bozen alsmede ook die gevalle engelen zal richten" (Van der Hoeven 1998:161), en in 1 Henog 53:3 word die bose engele gelys as "werktuie van Satan" In 'n ander apokaliptiese geskrif, Jubileë, is Mastema, malak JHWH, "die engel van die Here", die hoof van die bose engele. JB Russell (1977:204) skryf oor Mastema: "Jubilees set up Mastema as someone instantly recognisable to later generations of Christians, a force for evil whose power might not quite match that of Yahweh but who remains at least semidetached from the omnipotent God".

4.6 Dit is belangrik om te let dat hoewel hier ooreenkomste is met die Persiese Zoroastrisme, die Joodse apokaliptiek geensins die dualisme van die Zoroastrisme (naamlik dat die skeppergod en die bose ewe sterk is en voortdurend in 'n magstryd betrokke is) reflekteer nie. Russell stel so: "...for if the Lord created darkness and allows it to rule, for whatever length of time, He must have ultimate responsibility for it. Satan is still the mal'ak Yahweh, no matter how head strong, envious and hostile" (214).11

4.7 In die Qumran-geskrifte (waarskynlik geskryf in die 2de-1ste eeu vC), vind ons dieselfde beskouing: "geen absoluut dualisme (anders dan in het Zoroastrisme): die Vorst van de duisternis blijft een schepsel Gods" (Van der Hoeven 1998:163).

4.8 Die ontwikkeling van die konsep van Satan in die tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament is dus dat die ondervinding van Israel van "wreedheid, ongelijkheid, pijn en lijden" op 'n geweldige skaal (Schillebeeckx 1975:101) – en daarby kan 'n mens voeg: ballingskap buite en binne Israel – die smeltkroes is wat lei tot die oortuiging dat die Bose groter en magtiger is as die boosheid in mense.

## 5 DIE DUIWEL EN DEMONE IN DIE NUWE TESTAMENT

5.1 Die gevolg van die ontwikkeling in die konsep van die Bose in die tussentestamenêre tydperk is duidelik in die NT. Die duiwel en bose geeste word baie meer in die NT as in die OT ge- noem. As ons Markus, waarskynlik die eerste evangelie, lees, is dit duidelik dat Jesus se stryd van die begin af nie net teen vlees en bloed is nie maar teen die satan en sy trawante. Reg aan die begin van Jesus se bediening "het die Gees Hom weggevat die woestyn in, waar Hy veertig dae lank gebly en deur satan (nou 'n figuur) versoek is" (Mk 1:12). Onmiddelik na Jesus sy eerste dissipels by die meer geroep het, leer hy in Kapernaum waar hy onderbreek word deur " 'n man wat van 'n onrein gees besete was' (Mk1:23). Jesus dryf die gees uit die man uit, tot groot verbasing van die omstanders: "Wat gaan hier aan? Dit is 'n nuwe leer, en dit kom met gesag! Hy gebied selfs die onrein geeste, en hulle gehoorsaam hom" (Mk 1:27). Daarna volg daar talle genesings maar ook spesifiek uitdrywing van duiwels en demone.
5.2 Prof Hermie van Zyl (2000:9) behandel in sy artikel, Die duiwel ontmasker – 'n Nuwe-Testamentiese perspektief, die gegewens uitvoerig. Hy verdeel die voorstellings van die Bose in die NT in drie kategorieë:
*1 Die aanvoerder van die bose magte: Onder verskillende name – diabolos (Mt 4:1), satan (Mt 4:1), Beëlsebul (Mt 10:25), Beliar, die aanvoerder van die demone (Mt 9:34), die owerste van hierdie wêreld (Jh 12:31, 1 Kor 2:,6,8), die god van hierdie wêreld (2 Kor4:4), die vors van die onsigbare magte (Ef 2:2) – verlei hy mense, veroorsaak siektes, kla en straf sondaars. Uiteindelik sal hy saam met al die demone en boosdoeners in die poel van vuur gewerp word (Mt 25:41; Op 20:9-10. "Tot dan kan hy egter baie skade aanrig" (1 Pt 5:8; Op 12:12) (Van Zyl 2000:12).
*2 Boosaardige demone: Van Zyl wys daarop dat die NT onderskei tussen die "hoofduiwel" en "demone" (Grieks: daimonia)/ bose geeste. In die Sinoptiese evangelies (Mt, Mk, Lk) lees ons veral van die demone wat as bose geeste deur Jesus uit mense gedryf word. In dié evangelies is die verband tussen demoon-uitdrywing en genesing van siekte baie sterk. Van Zyl beskryf demone as "nie-menslike, geestelike wesens" (2000:12). In Johannes lees ons nie van uitdrywings nie, maar word na satan as die "vader van die leuen" (Jh 8:44), die "owerste van die wêreld" (Jh 16:11) verwys. Die prentjie wat van satan in die Johannes-evangelie geskilder word, is nie soseer die oorsaak van siektes nie, maar die "argetipe van sondige opstand teen God en daarom as oorsaak en bewerker van sonde" (2000:15).
*3 Onpersoonlike magte: Dit is veral in die Pauliniese briewe waarin ons lees van "bonatuurlike, onpersoonlike mag(te) waaraan die mens uitgelewer is" (2000:13). Die Griekse woorde in gebruik is woorde soos aragai, eksousia, of die begrip "antichris".
*4 Die duiwel magtig maar oorwonne: Verder wys Van Zyl daarop, dat hoewel die NT, in vergelyking met die OT, meer oor die duiwel praat, daar tog in die NT, in vergelyking met buite-Bybelse geskrifte, "weer 'n terughoudendheid is in die wyse waarop oor die duiwel geskryf word (2000:16). Daar word byvoorbeeld geen verklaring gebied vir die oorsprong van die Bose of die duiwel nie. Verder word daar duidelik gemaak dat die duiwel magtig is – magtiger as die mens – maar tog beperk deur God se mag; dat die duiwel 'n oorwonne vyand is11 H Haag 1974:268: "Vor allem hat die jüdische Religion nie einem widergottlichen Prinzip irgendwelche schopferische Funktionene zugescrieben, wie die zarathustrische Religion dem Angra Manyu." 177
– hy het soos 'n weerligstraal uit die hemel geval (Lk 10:18), en alle bose magte is aan die gekruisigde en opgestane Christus onderwerp (Ef 1:22, Flp 2:9-11, Kol 1:15-20, 2:10.)

## 6 MITOLOGIESE TAAL WAT ONTMITOLOGISEER MOET WORD?

6.1 By die lees van die Bybel ontstaan die vraag: in hoeverre is die taal van die Bybel mitologiese taal wat onmitologiseer moet word? Is dit nie 'n geval dat die mense van Jesus se tyd nie die kennis en begrippe gehad het om sekere siektetoestande te beskryf nie – en dus die logiese weg geneem het om van 'n siek persoon te sê dat 'nbose gees in hom gevaar het? Dit is tog 'n verskynsel wat ons in ander voorwetenskaplike kulture aantref. Mense – in verskillende kulture – wat nie die mediese kennis het om 'n epileptiese aanval te diagnoseer en so te beskryf nie, beskryf so 'n gebeurtenis gewoonlik as 'n bose gees wat iemand in besit neem. Dit is die voor die hand liggende verklaring binne 'n wêreldbeeld wat Van Peursen (1972:26) 'n mitologiese wêreldbeeld noem.
6.2 By die lees van die Sinoptiese evangelies – waar die uitdrywing van bose geeste by uitstek beskryf word – sien ons dat dit soms wel die geval is: daar is duidelike gevalle in die Sinoptiese evangelies waar ons gevalle kry van mense wat aan siektes ly wat ons vandag ken – maar wat die mense in Bybelse tye nie as siektes geken het nie, en waarvoor hulle dus die mees beskikbare beskrywing gebruik het – hulle is "van die duiwel besete". 'n Voorbeeld hiervan is die seun wat dikwels aanvalle gekry het wat hom laat val het, soms in die vuur (Matt 17:14-20). Dit lyk oënskynlik na 'n duidelike voorbeeld van wat ouer mense "vallende siekte" genoem het en wat ons vandag epilepsie noem.
6.3 As ons dit erken (sê baie Bybelverklaarders), word Jesus se wondergenesing nie in twyfel getrek nie. Daar word net gesê dat hy die seun van epilepsie genees het en dat die omstanders dit op die enigste manier waaroor hulle daaroor kon praat, beskryf het – deur te sê dat Jesus 'n demoon uit die seun gedryf het.
6.4 Nog 'n voorbeeld hiervan is die genesing van Petrus se skoonma. In Lukas 4:38 lees ons dat Jesus die koors bestraf het – en "dit het haar verlaat, en sy het onmiddellik opgestaan" (v 39). Hier word nie van 'n demoon gepraat nie, maar die ander elemente van bevryding is daar: die koors word as 'n "persoonlike" mag aangespreek en"bestraf" – waarop die koors (soos 'n gehoorsame demoon) die vrou verlaat. Die interessante is egter dat in Matteus se weergawe van dieselfde gebeure die genesing nog altyd wonderlik is maar die vertelling is sonder enige demoniese of bevrydingstaal: "Toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy Petrus se skoonma siek lê met 'n hoë koors. Hy het haar hand gevat, en die koors het haar verlaat. Sy het opgestaan en Hom bedien" (Matt 8:14- 15).
6.5 Dié voorbeelde bevestig die indruk dat baie van die demoon-uitdrywings in wese genesings was, en dat die mense bloot van "demoon-uitdrywings" gepraat het omdat hulle nie ander taal en begrippe vir die verskynsels gehad het nie. As 'n mens die verwysing na die demone of die duiwel uitlaat, verloor die gebeure niks van sy trefkrag nie. Dalk was die verwysings

na demone en duiwels en na bevryding slegs 'n tydsgebonde manier van praat oor genesing – en is die bose geeste wat "uitgedryf word" nie wesenlik deel van die wonder nie. Dit is slegs die taalgebruik waarin die genesing beskryf word.

6.6 Maar is alles mitologiese taalgebruik?

6.6.1 Die probleem is egter dat daar in NT ander materiaal is wat nie so maklik as 'n tydsgebonde "manier van praat" verklaar kan word nie. Daar is gevalle in die evangelies wat die omstanders beleef het dat iemand nie alleen genees is nie maar dat een of ander bose mag in die persoon verbreek is. Ge- beure waarin die bose geeste klaarblyklik nie net 'n tydsgebonde wyse van praat oor epilepsie is nie maar wesenlik deel is van die gebeure. Neem byvoorbeeld die verhaal van die besetene van Gerasa (Mk 5:1). Die man tussen die grafte "het Jesus al van ver af gesien en nader gehardloop. Hy het voor Hom neergeval en hard geskreeu: 'Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste?' " – en toe Jesus hom na sy naam vra, antwoord hy "Legio", waarop die man Jesus "ernstig gesoebat het om hulle (die bose geeste) nie uit die landstreek weg te stuur nie". Jesus het die versoek toegelaat en die bose geeste het in 'n trop varke ingevaar.

6.6.2 Dan is daar die uitspraak van Jesus in Lukas 11:20: "Maar as Ek deur die vinger van God die duiwels (daimoniai) uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom" – wat die indruk gee dat Jesus se demone-uitdrywing gesien is as direkte oorwinning oor Satan en sy magte.

6.6.3 Die indruk by die lees van hierdie tekste is nie dat "die uitdryf van demone" bloot 'n tydsgebonde manier is om 'n genesing van 'n onbekende siekte te beskryf nie. Dié uitspraak van Jesus in Lukas 11:20 kom juis voor in 'n twisgespek met die Fariseërs wat beweer dat Jesus "met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels (daimoniai)", die duiwels uitdryf. Jesus se optrede en woorde hier klink eerder as 'n teregwysing van die Fariseërs oor die oorsprong van sy mag.

6.6.4 Die verwysing na bose geeste is in hierdie gedeeltes nie net 'n manier van praat oor 'n diagnoseerbare siektetoestand nie. In hierdie gedeeltes is dit duidelik dat Jesus se woorde en optrede, soos neergeskryf deur Lukas, in hierdie stuk intensioneel van aard is – Jesus dryf met opset die bose geeste uit – om so duidelik te maak dat Hy sterker as die bose is en dat sy koninkryk groter is as die mag van die bose (Adrio Konig in sy boek, Een wat sterker is12.) 12 Konig skryf (1972:27): "Dit is dus volkome duidelik waarom die duiwelsuitdrywing so 'n oorheersende plek in Jesus se optrede inneem: so kom die koninkryk van God, so word openbaar dat God (Jesus) die herstel en syskeppingsdoel deurvoer: om die mens in sy gemeenskap op aarde te laat woon en sy vreugde en geluk te laat smaak."178

6.6.5 Dit is ook duidelik dat 'n mens nie die optrede teen die bose magte in ander dele van die NT buite die Sinoptiese evangelies as genesings kan verklaar nie. Wanneer Paulus in Kol 2:15 skryf: "Hy (God) het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer", is dit duidelik dat dit vir hom en sy lesers nie gaan om genesing van een of ander siekte nie maar om bomenslike magte en kragte wat deur Christus oorwin is (so ook Ef 1:21, Filip 2:9-11, Kol 1:15-20). In Op 12 lees ons van die kwaad wat veroorsaak word deur die vrou en die draak – dus boosheid wat nie 'n projeksie is van die mens se gees nie, maar sy oorsprong het buite die mens.

## 7 BESTAAN DIE DUIWEL REGTIG? DIE POSISIE VAN DIE KLASSIEKE TEOLOGIE

Wie oor die bediening van bevryding wil praat, moet duidelikheid kry of daar wel 'n duiwel bestaan – in die sin van Jaap Durand se omskrywing: " 'n Godvyandige, bose mag wat bo die individueel menslike uitgaan en ten slotte gestalte kry in die persoon van die duiwel" (1978:89). In die klassieke ortodokse teologiese tradisie was daar tot en met die Verligting13 in die 18de eeu min of meer eenstemmigheid dat die duiwel wel bestaan het. Volgens H-M Barth (1974:124) is die eerste teologiese verhandeling oor die Non-Existenz des Teufels in 1778 geskryf. Hierbo is probeer aantoon dat wat die skrywers van die OT betref, maar veral van die NT, daar wel 'n Godvyandige bose mag bestaan het. Die vraag is nou: kan ons dié oortuiging van die Bybelskrywers deel, of is dit nodig dat ons dit moet erken as hulle tydsgebonde mitologiese taalgebruik wat ons as verantwoordelike Christene nie in die 21ste eeu kan herhaal nie?

Daar is ten minste twee argumente wat aangevoer word waarom ons vandag nie meer van die duiwel kan praat nie:

7.1 DIE DUIWEL EN BOSE MAGTE IS PRE-MODERNE TAALGEBRUIK WAT DIE WARE BOODSKAP VAN DIE EVANGELIE VERDUISTER

7.1.1 Die begrippe van 'n "duiwel", "Satan", bose geeste of demone was inherent deel van die pre-moderne wêreldbeeld. CA van Peursen (1972:26) noem dit 'n "mitologiese wêreldbeeld" – 'n perspektief op die omgewing rondom jou waarin alle voorwerpe wat met die oog waargeneem kan word (mense, bome, huise) deur onsigbare magte beweeg of beset is. In elke rivier wat jy moes oorsteek, was daar 'n riviergees wat besweer of oorwin moes word vir 'n veilige oortog. Die Bybelse wêreldbeeld van gelowiges het hulle van meeste sulke vrese bevry omdat hulle geglo het die aarde (met al sy riviere, bosse, huise en mense) behoort aan en is ondergeskik aan die God van Abraham. Tog het die bevryding nie gelowiges 'n ander taal laat praat nie – hulle het, soos hulle heidense tydgenote, gedink en gepraat in terme van voorwerpe en mense wat deur geeste beïnvloed of beset is hoewel hulle oortuig was dat God dié geeste oorwin het en hulle daarom nie die "bose geeste" hoef te vrees nie.

7.1.2 Vandag, met ons wetenskaplike kennis vir natuurverskynsels, weet ons ook dat dit wat mense beweeg nie "bose geeste" is nie maar hulle eie sielkundige samestelling en hulle sosiologiese verbinding (of gebrek daaraan) met ander mense. Derhalwe is dit nie net onnodig om in "die duiwel" of "bose geeste" te glo nie, maar ook onwys – want so vervreem ons onsself en ons Goeie Boodskap van ons moderne medemense wat moontlik nog in ons boodskap van en oor Jesus belangstel, maar afgesit word deur ons pre-moderne, vreemde en mitologiese gepraat oor "die duiwel" en "bose geeste" – wat nog te sê bose geeste uit mense te dryf.

7.1.3 In antwoord op hierdie argument sou 'n mens die volgende kan sê:

7.1.3.1 Ons kan nie ontken nie dat ook die NT se skrywers kinders van hulle tyd was, en dus tuis was in 'n wêreldbeeld waarin verskynsels wat hulleself nie kon verklaar nie toegeskryf is aan die werking van die bonatuurlike.

Dié besef maan ons om ons eie oordele krities te oorweeg – sou dit dalk wees dat ons dieselfde doen: dat ons verskynsels (bv sielkundige toestande waarmee ons onbekend is) toeskryf aan die werking van 'n bose gees of demoon? Dit is op grond van hierdie argument dat sommige Christene oortuig is dat iets soos die bediening van bevryding nie 'n Christelike pastorale opsie is nie want die bestaan van iets soos bose geeste of die duiwel is 'n denkwyse wat vasgevang is in 'n pre-moderne denk-

skema.
7.1.3.2 Maar die teenoorgestelde is natuurlik ook waar: dat ons ons nadenke oor wat vir God moontlik is, laat indruk in 'n keurslyf van 'n empiries-aanwysbare oorsaak-en-gevolg-skema, en dat ons God slegs beweegruimte toelaat binne dit wat na ons mening, binne die beperkinge van oorsaak-en-gevolg, moontlik is. Dit is juis een van die punte van kritiek van diegene wat 'n bediening van bevryding beoefen op hulle kritici, naamlik dat dié kritici vasgevang is in 'n positivistiese wêreldbeskouing waarin rasionalisme en empirisme die laaste woord het.
7.1.4 Tussen dié Scylla en Charibdis moet ons deurvaar. As moderne mense kan ons nie anders om te erken dat dit juis die kritiek van die Verligting sedert die 18de eeu is wat ons samelewing vandag vrygemaak het van bygelowe en vrese, waarvan baie godsdienstig van aard was. Aan die ander kant is dit ook so dat, as ons die empiriese kriteria van die aanduibare oorsaak-en-gevolg sou aanvaar as die grense van ons teologiese nadenke en praktyk, ons nie in Jesus se wonders, sy opstanding uit die dood glo nie en sou ons ook nie met vrymoedigheid vir die genesing van siekes kon bid nie.
13 Volgens H-M Barth (1974:124) is die eerste teologiese verhandeling oor die Non-Existenz des Teufels in 1778 geskryf. 179
7.2 DIT IS ETIES ONVERANTWOORDELIK OM DIE OORSAKE VIR MENSE SE OPTREDE BUITE HULLESELF
TE LOKALISEER
7.2.1 Die tweede argument teen die herhaling van Bybelse "pre-moderne taalgebruik" rakende die duiwel en bose geeste lui so:
As ons die duiwel en bose magte aanwys as die oorsake vir mense se a-sosiale gedrag, geneigdheid tot perverse seks, wreedheid of wat ook al, verskuif ons ons eie en hulle verantwoordelikheid. Dit is soos 'n drankverslaafde wat verduidelik dat hy drink "omdat die duiwel my laat drink". Solank hy so dink, aanvaar hy nie verantwoordelikheid vir sy gedrag nie, en ook nie vir die moontlike verandering in sy gedrag nie – met die gevolg dat hy in meeste gevalle voortgaan om te veel te drink. 'n Bediening aan bevryding (so word geargumenteer) doen – onbedoeld, maar nogtans – dieselfde: in plaas daarvan om mense met sielkundige probleme te begelei om hulle persoonlikheidstekorte en gebrek aan sosiale vaardighede te erken en, saam met ander ondersteuners, daaraan te begin werk, word die oorsaak van hulle probleme as 'n eksterne demoon geïdentifiseer en dan uitgedryf. Die katarsis wat in so 'n geval veroorsaak word deur die emosionele uitdrywingsessie (en die voorbereiding wat dit voorafgaan) bring 'n verligting wat in meeste gevalle egter kortstondig van aard is. Wanneer die persoon dan weer later dieselfde gedrag begin openbaar, is sy nog verder van genesing af, want nou is sy oortuig dat die demoon haar weer in besit geneem het.
7.2.2 In antwoord op hierdie argument moet die waarskuwing teen die verskuiwing van verantwoordelikheid ernstig geneem word. Dit geld nie net vir diegene wat pleit vir 'n goedkeuring van 'n bediening van bevryding nie maar ook diegene wat in die algemeen geneig is om die oorsaak vir sonde buite die mens te soek. So word die Bybelse les dikwels vergeet: die mens self is die grootste oorsaak van sy eie sonde. "So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte" (Rom 7:21). CS Lewis het beroemd geword vir sy Screwtape Letters waarin die duiwel se raad aan sy vakleerling-duiwel is om nie sy prooi te probeer mislei met 'n tromp-op versoeking nie maar eerder die mens se eie selfsugtige neigings bloot aan te wakker. Maar NP van Wyk Louw het dit miskien die raakste gesê in sy Ballade van die bose: "Ken jy my nou?/ Het jy die spieël gesien/ en ken jy jou?... Die veles meen/ hulle ken my gesig,/ maar ek skuil te glansryk,/ te na aan die lig, / en as jul wil waarsku/ en wysheid gee, / dan praat ek reeds / in die woordklank mee..."

## 8 DIE 20ste EEU: DIE DUIWEL KOM WEER

Maar hoewel dit waar is dat die bose dikwels binne ons self skuil, is daarmee nie genoeg gesê oor die reikwydte van die bose nie.
8.1 IN DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIE
8.1.1 Dit was 'n kenmerk van die hoofstroom Gereformeerde tradisie dat die mens se sondigheid as oorsaak van sy selfsug en sondige optrede nooit onderskat moet word nie. Daarom was daar 'n sekere terughoudendheid om te veel oor die duiwel te spekuleer ingeval dit ons aandag van ons eie sondige neigings sou aflei. Desnieteenstaande was daar in dié tradisie in die verlede min twyfel dat daar wel 'n duiwel/satan bestaan het. Vir Karl Barth is die bose die moeilik vertaalbare "das Nichtige" (die Nietige, the Nothingness) – want "das Nichtige" is beslis nie niks, "Nichts" (Weber 1975:145) nie. Das Nichtige is die bose wat nie deur God geskep is nie en tog deel van God se skepping is, en verkry sy "ontiese samehang" deurdat dit teen God handel – 'n "genadevreemde, genadeontkennende, genadelose bestaan" (Weber 1975:145). 'n Mens sou miskien kon sê die Bose kry en maak sy bestaan slegs deurdat hy/dit teen God handel. Dit sou verkeerd wees om hiervan af te lei dat Barth meen die duiwel bestaan nie. Dit is eerder dat hy so duidelik as moontlik wil sê dat die duiwel as die groot Negatief slegs bestaan omdat hy teen God optree.
8.1.2 Otto Weber wys daarop dat ons nie "in" die duiwel glo nie, maar "teen" die duiwel – maar die mag teen wie ons glo, is 'n realiteit (Weber 1959:539). Die bose in onsself sluit aan by die Bose, maar die Bose kan nie gelykgestel word met die boosheid in onsself nie. "Niemand kan die bestaan van die duiwel 'bewys' nie. Maar die gelowige ken sy Vyand" (Weber 1959:539). Dieselfde argument vind ons by Berkouwer (1958:90-119, "het bijbels getuigenis deze 'macht' self reken met een Ander",106) en Johan Heyns (1978:166). Beide Berkouwer en Heyns beklemtoon dat, ten spyte van die Bose se mag, dit nie 'n outonome mag is nie maar funksioneer binne "ruimte wat God in sy Raad aan Satan afgestaan het... nie 'n ruimte om in te lewe nie, maar om in te sterwe" (Heyns 1978:168.
In sy boek Die Sonde (1978:99) praat Jaap Durand goedkeurend van die Gereformeerde tradisie van "'n Godvyandige, bose mag wat bo die individueel menslike uitgaan en ten slotte gestalte kry in die persoon van die duiwel".
8.1.3 Maar iemand sou kon sê dat dit is wat 'n mens van Gereformeerde teoloë verwag. Maar wat van ander denkers?
8.2 BY CHARISMATE EN ATEÏSTE
8.2.1 Aan die een kant is dit waar dat vir 'n groot deel van die 20ste eeu die modernistiese denkwyse geweldig invloedryk geraak het en dat daar al hoe minder ruimte gegun is vir wat beskou is as enige "bo-natuurlike" denkpatrone. In die hoofstroom-teologie is daar 'n geregverdige reaksie teen 'n prediking uit vorige tye waar die duiwel dikwels gebruik is as bangmaker om mense na God toe te laat vlug. Die gevolg is dat dit waar is dat al hoe minder oor die duiwel en demone gepraat word.
8.2.2 Aan die ander kant is dit ook waar dat, vanaf ongeveer 1970, daar veral deur die groeiende invloed van die charismatiese beweging, al hoe groter aandag vir die stryd teen die

duiwel en demone, vir duiweluitdrywing en 180 "geestelike oorlogvoering" gevra word. Maar selfs voor die charismatiese belangstelling in die duiwel en demone was daar vroeër in die 20ste eeu 'n groeiende belangstelling in die werking van die "demoniese".

8.3 DIE 20STE EEU: DIE DUIWEL IN DIE STRUKTURE VAN DIE SAMELEWING

8.3.1 Nadat die 19de eeuse Protestantse hoofstroom-teologie geneig was om al hoe 'n kleiner rol aan die bose toe te ken, het die oortuiging in die tweede helfte van die 20ste eeu verander – hoofsaaklik weens hulle ontnugtering dat, eerstens, ten spyte van 'n ryk kultuur die Weste in die 20ste eeu twee wêreldoorloë beleef het, en tweedens, die ontdekking dat die Weste se eie proses van kolonisasie nie deur die ontvangers daarvan as 'n beskawing ervaar is nie, maar as 'n daad van magsmisbruik en lyding. Nie net teoloë nie maar ook filosowe en geskiedkundiges het 'n nuwe ontsag gekry vir die omvang van menslike lyding – en die boosheid wat daaragter lê.

Durand (1974:81) skryf hieroor: "Die openbaring van die kwaad in die moderne samelewing, veral in en na die tyd van die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, het sulke afmetings aangeneem en sulke afgronde van ongeregtigheid het oopgegaan, dat die mens van hierdie eeu vir homself moes rekenskap gee van die vraag of ons hier met verskynsels te doen het waarvoor 'n uitsluitende menslike verklaring gegee kan word. Gevolglik klink meer en meer stemme op waarin blyke geee word van 'n erkenning dat die kwaad oor 'n mag is wat bopersoonlike trekke kan aanneem. Juis rondom die verskrikkinge wat hierdie eeu beleef het, hoor ons weer begrippe soos "demonies" en "satanies", wel hoofsaaklik as byvoeglike naamwoorde om die handelinge van mense daarmee aan te dui, maar dan tog ook om uitdrukking te gee aan die oortuiging dat die bose ook iets buite die mens is wat van hom besit neem."

8.3.2 Voorbeelde hiervan is die Hervormde teoloog Hendrikus Berkhof se boek Christus en de machten, en die sendingwetenskaplike Johannes Verkuyl (1992:270) wat praat van "stromingen, ideologieën en religiueze bewegingen... (waardeur) worden hele volkeren a.h.w. met blindheid geslagen... door demonische machten die sterker zijn dan individuele mensen".

8.3.3 'n Tweede, baie interessante voorbeeld is die sonderlinge essays deur Ernst Bloch, Joods-gebore neo- Marxistiese filosoof, oor die demoniese in die Duitse samelewing van die 1920s (aangehaal deur Berger 2000:24). Sonderling omdat Bloch, 'n ateïs, self nie in die persoonlike bestaan van God of die duiwel geglo het nie maar nogtans oortuig was dat daar 'n onverklaarbare boosheid in die struktuur van die samelewing van sy tyd gesetel was. Dieselfde punt maak 'n ander ateïs, die neo-Marxis Leszek Kolakowski in 1970s, wat meen die moderne mens se slaafse navolging van die modernistiese patroon wat geen plek vir enige bo-natuurlike gegewe soos die duiwel maak nie is insigself demonies van aard omdat dit so magtig is (aangehaal deur Thielicke 1982:448).

Die feit dat kultuurkritici en filosowe in die 20ste eeu ons aandag vestig op wat hulle "die demoniese" in ons samelewings noem, is natuurlik nie 'n bevestiging van die tradisionele geloof in die duiwel en in duiweluitdrywing nie. Wanneer baie van hierdie denkers – soos die neo-Marxiste Bloch en Kolakowski, en die Hervormde teoloog Berkhof14 – van die demoniese in die samelewing praat, dink hulle nie aan die duiwel en sy demone nie maar gebruik dit as metafore vir wat hulle beskou as strukture van boosheid in die samelewing (bv die wapenwedloop in die 1970s en 1980s). Aan die ander kant weer skryf ander denkers in dieselfde tyd soortgelyke boeke waarin hullewel van die duiwel as 'n metafoor praat maar tog ook van die duiwel en demone as werklikhede praat – soos byvoorbeeld die bekende Franse skrywer Denis Rougemont in sy The Devil's Share geskryf net na die TweedeWêreldoorlog.

8.3.4 Nog 'n stap verder gaan Walter Wink, professor in die teologie aan die Auburn Teologiese Seminarium in New York, in sy boeke Naming the Powers (1982) en Unmasking the powers (1986). Wink identifiseer drie tipes van "demoniese manifestasies": a) kollektiewe besetenheid – waarin hy soos die skrywers hierbo waarsku oor die strukture van boosheid in die samelewings (ideologieë, konstellasies van magsgroepe ens), b) innerlik-persoonlike besetenheid, waarmee hy eintlik nie besetenheid deur demone bedoel nie maar eerder die "demone" in die sin van sielkundige wanaanpassings en c) uiterlik-persoonlike besetenheid, waarin hy skryf oor gevalle in sy bediening wat, na sy mening, inderdaad op geen ander manier verklaar kan word nie as dat hulle van demone besete was.

Enkele kenmerke van hierdie gevalle is: 'n "evil presence or personality" wat in die betrokke persoon aanwesig is, die persoon wat in stemme of tale praat wat aan homself onbekend is, 'n ongebreidelde sug om teen "God and everything sacred" te laster en "onmoontlike kontorsies" in die liggaam van die persoon. Die bekende sielkundige en skrywer M Scott Peck bepleit in sy People of the Lie (1983) 'n instituut om sulke derglike gevalle (met wie hy oor jare in sy praktyk te doen gehad het) te dokumenteer en bestudeer.

## 9 'N PERSOONLIKE DUIWEL?

9.1 Sou dit dan beteken dat daar tog 'n duiwel as 'n persoonlike wese bestaan? Helmut Thielicke, Lutheraanse teoloog, meen (in sy Evangelical Theology vol 1, 1982:) daar is net een rede waarom ons nie in die werklikheid van die duiwel kan glo nie – en dit is dat ons tydsgees ons dit nie toelaat nie. Hy meen dit sou oneerlik wees om die mag van die duiwel en die demoniese in die samelewing te erken (soos baie teoloë na die Tweede Wêreldoorlog gedoen het) maar die persoonlike karakter van die demoniese te ontken. Hy skryf: "If we speak decidedly only of a power of the demonic without emphasizing its personal character, the question necessarily remains whether we are not innocent victims of usurpation of their own personality" (1982:450).

14 H Berkhof, Christelijk Geloof (1973:214) verstaan die duiwel as "ideeënmateriaal van een cultuur of periode" waartoe ons nie vandag gebind is nie.181

9.2 Klaus Berger, professor in NT aan die Universiteit van Heidelberg, skaar hom in sy boek Zit de duivel achter alle kwaad? by die neo-Marxis Ernst Bloch se pleidooi om die demoniese trekke in die moderne samelewing te erken en om nie, onder die invloed van "die rasionalisme of sosiologie of psigologie", die mag van die bose in ons samelewing te onderskat nie (2000:23). Dit is vir Berger "onbewist dat het bij de duivel (= de boze) gaat om een verschrikkelijke, onzichtbare werkelijkheid" (2000:153). Vir Berger is die duiwel "een vorm van intelligentie", maar hy is huiwerig om van die duiwel as "persoon" te praat, nie omdat hy die werklikheid van die Bose wil geringskat nie, maar omdat hy meen die term "persoon" –"in onzer zeer beperkte, westerse betekenis van indvidualiteit" (2000:153) – is 'n moderne begrip wat nie van toepassing is op die duiwel en demone nie. Daarom verkies hy om nie te praat van die duiwel as 'n persoon nie, maar dit moet nie misverstaan word nie – asof hy daarmee die werklikheid van die duiwel bevraagteken: "De duiv-

el van de Bijbel is dus machtig en intelligent, fassinerend en via taal te bereiken, maar hij is geen persoon in onze betekenis" (Berger 2000:154).

9.3 Jaap Durand erken die werking van die duiwel in die bose strukture van die samelewing – so sterk beklemtoon na die Tweede Wêreldoorlog – en wys daarop dat veral in die Pauliniese taalgebruik hierdie werking van die Bose erken word, byvoorbeeld wanneer in Ef 1:21 Christus se oorwinning van "elke mag en gesag, elke krag en heerskappy" in sy opstanding 'n werklikheid word (vgl ook Kol 1:13, Ef 2:2, Ef 6:12, Gal 1:4, Rom 3:16, 2 Kor 5:19).

Maar, vervolg Durand, dit beteken nie dat dit al manier is waarop die Bose sy mag uitoefen nie. Die duiwel is ook "'n reële mag wat personale gestalte kry in die persoon van satan en sy ryk van demone" (Durand 1978:90).

9.4 Die Suid-Afrikaanse Lutherse teoloog Klaus Nürnberger verkies om nie van die duiwel as persoon te praat nie maar wel van die duiwel as 'n "mitologiese gestalte", maar dit beteken "geensins dat die krag van boosheid, waarvoor hierdie figuur staan, nie werklik is nie!" (1975:267).

9.5 Selfs Michael Green, bekend as 'n evangeliese en behoudende Britse skrywer, wat geen twyfel het dat daar 'n duiwel is nie, meen in sy I believe in Satan's downfall (1981) dat 'n mens in Christelike kringe nie moet praat van die duiwel as persoon nie: "But what do we mean by saying that Satan is a personal devil? What most people mean by that is to claim that Satan is an organising intellect, a single focus and fount of evil inspiration. That seems to me to be a very proper inference to draw from the teaching of the Bible. But it is doubtful if we can call him 'personal' in any other sense".

9.6 Die probleem met die begrip "die duiwel as persoon" is dat dit 'n mens byna onwillekeurig daartoe bring om te dink aan 'n rooi wese met 'n mens se lyf, 'n bok se pote, 'n vampier se vlerke en 'n pylstert wat sy slagoffers in 'n poel van vuur gooi. Dit is egter die Middeleeuse beeld van die duiwel maar nie die Bybel s'n nie – en sal op baie ewewigtige mense in die 21ste eeu nie groot indruk maar nie.

9.7 Miskien help dit ons om te onthou dat daar nie 'n Bybelse leer is dat die duiwel soos 'n mens lyk of soos 'n mens 'n figuur is nie. Dit is so dat die duiwel wel moontlik in 'n menslike gestalte aan Jesus verskyn het by sy versoeking in die woestyn, maar dit is belangrik om te onthou dat die versoeking net sowel 'n visioen kon gewees het. Dié ervaring word nie beskryf asof dit 'n ontmoeting in gewone tyd en ruimte plaasgevind het nie. By die eerste versoeking is Jesus in die woestyn, by die tweede versoeking bring die duiwel Hom "in 'n oogwink" op 'n hoogte en net daarna staan hulle altwee skielik "op die hoogste punt van die tempel" (Lk 4:5-9). Die gegewens dui daarop dat hier 'n visioen of droom beskryf word. Dit sou verkeerd wees om uit hierdie gegewens af te lei dat die duiwel 'n figuur soos dié van 'n mens was omdat hy hier praat soos 'n mens praat.

## 10 "GLO JY AAN 'n PERSOONLIKE DUIWEL?' IS NIE DIE REGTE VRAAG NIE

10.1 Hierdie bespreking van verskillende standpunte oor "die persoonlike duiwel" het 'n belangrike punt na vore gebring – naamlik dat die vraag: "Glo jy aan die duiwel as persoon?" nie geskik is om mense se geloofsoortuigings oor die Bose te toets nie. Die rede daarvoor is dat die term "as persoon" baie meer onduidelik is as wat ons vermoed. Dit is heel moontlik dat twee teoloë wat dieselfde standpunt oor die duiwel huldig, verskillend op die vraag sal antwoord. Jaap Durand en Michael Green glo albei dat daar iets soos die duiwel bestaan. Altwee glo dat die mens se eie sondige neigings die groot rede is waarom ons sondig – maar albei meen dat die werking van die Bose ook hierin 'n belangrike rol speel. Albei glo die Bose het hom tuisgemaak in die bose strukture van die samelewing, en albei glo dat die duiwel net so fluks werksaam is in ons as individue. Albei glo dat die Bose manifesteer as 'n mag soos in 'n valse en gevaarlike ideologie, maar albei glo ook dat die Bose 'n "single focus and fount of evil inspiration" (Green:266) is. Maar waar Durand praat van 'n "reële mag wat 'n personale gestalte kry", wil Green nie praat van 'n "devil as a person" nie.

10.2 Die verskil lê egter nie daarin dat Durand en Green verskillend oor die Bose dink nie, eerder dat hulle verskillende opvattings oor die term "persoon" het. Durand gebruik die woord "personale" om te beklemtoon dat dieBose 'n werklike mag is, maar Green vermy die woord "persoon" omdat hy meen dit bring ons onwillekeurig daartoe om aan die Bose te dink as 'n persoon in menslike terme – 'n bose persoon met 'n menslike liggaam.

Dikwels word die vraag gestel, "Glo jy in die duiwel as 'n persoon?". Dit is egter te betwyfel of dit die regte vraag is. Die kwessie waarom dit gaan is nie of ons glo die Bose het 'n kop, hande, voete en dalk 'n pylstert nie, maar of ons glo dat die Bose 'n werklike wese is.

10.3 Dit is belangrik om te onthou dat Christene wel bely dat God in Jesus mens geword het maar hulle bely nie dat die duiwel mens geword het nie. Die geloofsartikel dat God in Jesus van Nasaret 'n menslike persoon geword het, is vir die Christen ononderhandelbaar – maar daar is nie so 'n geloofsartikel oor die Bose se vleeswording nie.

Christene glo wel dat die Bose 'n werklikheid is, maar dit is verwarrend om daarop te staan dat die duiwel 'n persoon is – want dan klink dit asof ons sê dit is 'n wesenlike geloofsartikel van die Christelike geloof dat die Bose hom as 'n menslike figuur manifesteer – wat nie die geval is nie. Christene glo in die werklikheid van die Bose, en182 dat die Bose in Christus oorwin is maar dat ons nog nie volkome van hom verlos is nie – maar nie noodwendig dat die Bose hom as persoon manifesteer nie.

10.4 Dit sal dus beter wees om nie aan te dring op die term "'n persoonlike duiwel" nie maar eerder te beklemtoon dat ons hier praat van 'n selfstandige wese wat werklik bestaan.

Maar wat dan van demone en hulle demonisering van mense?

## 11 "GLO JY AAN 'N PERSOONLIKE DUIWEL?' IS NIE DIE REGTE VRAAG NIE

11.1 As die werklikheid van die Bose erken word wat oor bomenslike mag beskik, is dit waarskynlik dat die Bose ook oor die mag beskik om individue op 'n buitengewone manier onder sy invloed te kry.

11.2 Daar is in die Bybel getuienis dat Jesus se stryd teen die Bose nie met sy kruisiging en opstanding afgehandel is nie. Dié getuienis is duidelik: met Jesus se kruisiging en opstanding is "die owerste van hierdie wêreld uitgegooi... buitentoe" (Joh 12:31). 'n Deurslaggewende oorwinning is behaal, maar die Bose is nie finaal vernietig nie. Hy loop steeds rond soos 'n brullende leeu (1 Pet 5:8), soos die engel van die lig (2 Kor 11:14): daarom is sommige se "verstand deur die god van hierdie wêreld verblind" (2 Kor 4:4), daarom waarsku Johannes teen "die werk van die duiwel" (1 Joh 3:8), en Paulus: "Moenie die duiwel vatkans gee nie" (Ef 4:27). Die mens is voortdurend in stryd met sy eie sondige vlees, maar daarby is daar ook nog 'n stryd teen "aanslae van die duiwel" (Ef 6:12); en dié "stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug" (Ef 6:12). Daarom moedig Paulus sy lesers aan

om “die volle wapenrusting... wat God julle gee” aan te trek en so as Christene teen die duiwel en sy magte op “julle pos kan bly staan” (Ef 6:13).

11.3 Dit is duidelik: die Bose sal al sy magte aanwend om die gelowiges te keer om ootmoedig met God te wandel. Dit sal dwaas wees om sy mag te onderskat en te meen dat hy nie al sy magte sal inspan om ‘n wig tussen gelowiges en God in te dryf nie.

11.4 Die Bose sal beslis dié destruktiewe werk probeer doen – en dit sou naïef wees om te dink hy sou nie bose geeste gebruik nie. Die Bose sal doen wat ook al moontlik is om mense van God te vervreem – en dit is heel moontlik dat hy soms selfs gelowiges stewig in sy magsgreep sal kry. Die Bybel erken die moontlikheid – maar dan is dit steeds belangrik om te onthou dat die Bybel dit nie as die gewone gang van sake sien nie.

11.5 Die Bybel laat blyk wel dat dit moontlik is dat die Bose – miskien aangehelp deur ‘n reeks donker gebeurtenisse – wel ‘n gelowige so in sy mag toegespin kan kry dat ons kan praat van iemand wat onder die magvan die Bose is, wat “gedemoniseer” is. Al is dit iets wat selde gebeur en daarom vir baie gelowiges vreemd, kan ons nie die Bybelse getuienis oor die moontlikheid daarvan en die getuienis van gelowiges dat hulle dit ervaar het, ontken nie. Alhoewel dit buite die ervaringsveld van meeste van sy lidmate en leraars lê, behoort die NG Kerk dit nie te ontken dat, as gevolg van buitengewone omstandighede, sommige mense, ook gelowiges, so in die mag van die Bose toegespin kan word dat ons wel van hulle kan praat as mense wat gedemoniseer is.

11.6 Wanneer dit toegegee word, is dit egter van belang om te onthou dat ons hier van uitsonderlike gevalle praat. Juis in dié gedeelte van sy briewe waarin Paulus die duidelikste oor die mag van die bose praat – Efes 6:10-20 – is Paulus vas oortuig dat die gelowiges, bemagtig deur die Gees, die aanvegting van die Bose sal kan weerstaan. Hulle het tog die “volle wapenrusting” van God ontvang. Paulus verwag ‘n felle aanslag maar ook dat die gelowiges “die brandpyle van die Bose (sal) kan afweer” (Ef 6:16). Met Paulus se waarskuwing teen die Bose “gaan ook gepaard die troosryke versekering dat Satan al reeds oorwin is, en dat daar grense aan sy verwoestingswerk gestel is” (Heyns 1978:168).

11.7 Dit is van die grootste belang dat dié klem in die nadenke oor die stryd teen die Bose in gedagte gehou word. Ons enigste troos in lewe en in sterwe (verseker die Heidelbergse Kategismus vr 1 ons) is dat ons nie aan onsself behoort nie maar aan ons Verlosser, Jesus Christus wat vir ons sonde met sy bloed betaal het en ons “uit alle heerskappy van die duiwel verlos het”.

11.8 Dié geloofsartikel waarsku ons, dat, indien ‘n bediening van bevryding toegelaat sou word, dit nie die gewone, roetine bediening van die leraar en kerkraad sou kon wees nie. Dit sou slegs by uitsondering kan geskied, as ‘n buitengewone maatreël, vir die gelowige wat deur buitengewone omstandighede uit die oog verloor het dat die duiwel oorwin is.

11.9 Voor ‘n besluit oor die bediening van bevryding geneem sal word, is dit belangrik om die konteks waarin die NG Kerk die besluit sal neem, in gedagte te hou. Daar is veral twee aspekte wat ons aandag vra: die konteks van diversiteit onder ons lidmate en die konteks van Afrika waarbinne die NG Kerk die evangelie wil verkondig.

## 12 DIE KONTEKS VAN DIE GESPREK IN ONS KERK

Vir die gesprek is dit belangrik om die konteks van ons gesprek te onthou. Ten minste drie kontekste is hier vanvan belang: 1) Die diversiteit van opvattinge onder NG lidmate, 2) die konteks van kerk van Afrika en 3) die nadenke van sekulêre geesteswetenskaplikes oor die verskynsel van geesuitdrywing.

### 12.1 DIVERSITEIT ONDER NG LIDMATE

12.1.1 Die ondersteuning wat die betrokke Ring van Tulbagh-gemeentes van NG lidmate gekry het (nadat hulle ‘n bediening van bevryding begin beoefen het), is ‘n aanduiding dat hulle nie alleen is in hulle simpatieke oordeel oor ‘n bediening van bevryding nie. Pieter en Helene Theron, ‘n egpaar met ‘n soortgelyke landswye bediening, het hulle ondersteun, en leraars en lidmate uit een gemeente (in die Ring van Tulbagh) het ‘n seminaar oor die 183 bediening van bevryding by die NG Kerk Moreletapark bygewoon. Dit kom dus voor dat daar heelwat ander NG lidmate is wat soortgelyke ondervindinge gehad het of wat glo in die bestaansreg van ‘n bediening van bevryding. Ds André O’Kennedy gee inligting oor verskillende mense wat landswyd verskillende soort bedieninge vanbevryding beoefen, ook onder NG lidmate (Navorsingsgroep, bl 5).

12.1.2 Vir die meerderheid van NG lidmate is die bediening van bevryding waarskynlik nie iets wat ‘n groot rol in hulle lewens speel nie. Meeste van hierdie lidmate glo in die bestaan van die duiwel maar is onseker tot skepties oor die bediening van bevryding aan gedemoniseerdes. Hulle het in hulle geloofslewe nog nooit daarmee te doen gehad nie en het ook nie die begeerte om daarby betrokke te raak nie. Hulle glo in die bestaan van die duiwel, dat hy soos ‘n brullende leeu op soek is na sy prooi en dat hy hom soms soos ‘n engel van die lig voordoen. Juis daarom is baie lidmate skepties oor die bohaai wat meestal met die uitdrywing van demone gepaard gaan.

Sommige van hulle wonder of dit nie dalk ‘n slim set van die duiwel self is nie – om Christene om die bos te lei om hulle tyd en energie te mors op die opspoor van watter demoon vir watter sonde verantwoordelik is nie, eerder as om hulle sonde te bely, vergifnis van God en hul naaste te vra, reg te doen, liefde te bewys en ootmoedig met God te wandel nie (Miga 6:8).

12.1.3 Maar dan is daar ‘n derde groepering lidmate wat sterk daaroor voel dat enige geloof in demone en selfs die duiwel nie in pas is met hulle moderne lewensbeskouing nie. Wat hulle betref, is die oorsaak van abnormale menslike gedrag gesetel in die brein of psige van die individu, hoewel sy abormale gedrag deur die sosiale konteks beïnvloed kan word. Derhalwe moet die oplossing vir die abnormale gedrag en genesing van die individu kom uit ‘n korrekte diagnose en ‘n korrekte mediese of sielkundige behandeling van die individu. Een lid van die besprekingsgroep oor bevryding, ‘n psigiater, het dié benadering so opgesom: “Reën is afkomstig van waterdamp wat styg, kondenseer en reën vorm – depressie word veroorsaak deur ‘n tekort aan seretonien in die brein, skisofrenie is ‘n neurodegeneratiewe siekte, suikersiekte is ‘n tekort aan insulien, epilepsie ‘n versteuring van breingolwe, ensovoorts...” Geen abormale gedrag kan toegeskryf word aan die invloed van die duiwel of sydemone nie – dit is ”psigiatriese siektes soos skisofrenie, depressie, middel-intoksikasie, somatovorme steurings, dissosiatiewe steurings, impulskontrole-steurings, neuropsigiatriese siektes, byvoorbeeld Tourette-sindroom ofepilepsie.” Daarom is dié persoon gekant teenoor die “premoderne praktyk van bevryding” en was hy van mening dat dit nie toegelaat moet word voordat daar 1) psigiatries diagnostiese vaardighede, 2) bewysde kriteria vir besetenheid en 3) langtermyn positiewe resultate beskikbaar was nie. Vanuit hierdie perspektief is daar dus die oortuiging dat geestesbesetenheid niks anders as ‘n psigotiese steurnis is nie, meestal gevalle van meervoudige persoonlikheidsteurnis (“multiple personality disorder”).

12.1.4 'n Mens sou verder kon noem dat daar oor die kwessie van bevryding waarskynlik ook drie reaksies onder predikante is: (1) Een groep wys die bediening van bevryding ten sterkste af. Hulle wys op die gevaar van diebediening. Hoewel goed bedoel, mag verkeerde diagnoses gedoen word met katastrofale gevolge vir die "gedemoniseerde pasiënt" en pastor. Die groot gevaar van suggestie tydens bevrydingsessies is ook 'n bron van kommer. Hierdie groep steun in hulle beoordeling van 'n bediening van bevryding sterk op die lig wat die mediese wetenskap op sodanige verskynsels gee. (2) 'n Tweede groep lê groot klem op die verlossing van Christus en die implikasies daarvan vir 'n bediening van bevryding. Hulle glo in die bestaan van die duiwel as 'n selfstandige wese en sluit nie die moontlikheid uit nie dat die duiwel ook demone kan aanwend in sy aanslag op die mens – maar is bekommerd oor die gevare vir beide pastor en gedemoniseerde wanneer verkeerde diagnoses gemaak word in 'n bediening van bevryding. (3) 'n Derde groep is positief oor die bediening van bevryding – dit is vir hulle God se oorwinningsantwoord vir almal wat gedemoniseerd is. Hulle is bekommerd dat die mag van die duiwel en demone uit die Bybel "wegverklaar" word en is bekommerd dat die destruktiewe rol wat die duiwel en bose demone speel as deel van 'n tydgebonde wêreldbeeld wegverklaar word. Hulle wys nie mediese en sielkundige diagnoses af nie, maar meen dat daar mense is wie se abnormale gedrag nie bloot die gevolg van sielkundige of sosiale faktore isnie maar dat hulle onder die buitengewone invloed van Satan en sy magte gekom het, waarvan hulle bevry moet word.

12.2 KERK IN AFRIKA

12.2.1 Die NG Kerk is steeds hoofsaaklik 'n wit kerk. Lidmate van kleur kom meestal uit die bruin gemeenskap. NG lidmate wat in 'n swart Afrika-kultuur grootgeword het, is 'n klein groep lidmate, meestal lidmate van die agt Engelssprekende NG gemeentes. Dit neem egter nie weg dat die NG Kerk haar voortdurend daaraan moet herinner dat sy in die eerste plek kerk in Afrika is nie. Daarby moet onthou word dat die situasie dramaties sal verander na die hereniging van die NG Kerkfamilie. Dit is dis belangrik by die besluitneming hoe daar in 'n tradisionele swart kultuur en swart kerke oor die kwessie van die duiwel en sy bose geeste gedink word.

12.2.2 Prof Gerrie ter Haar is professor in godsdienswetenskap en menseregte aan die Instituut voor Sociale Studie in Den Haag, Nederland. Sy is 'n deskundige oor veral die Christelike godsdiens in Afrika. Sy beklemtoon in haar boek, How God became African (2009), dat vir die meeste mense in tradisionele Afrika-kulture die interaksie van die geesteswêreld vanselfsprekend is, en dat Afrika-kulture nie die materiële en geestelike sfere van die lewe skei nie, soos dikwels in die intellektuele tradisies in die Weste gebeur nie. Sy skryf: "African traditions of thought tend to view reality not in terms of binary oppositions and mutually exclusive categories – in other words, in terms of either/or. Rather, they tend to view reality in categories that are inclusive – in terms of and/and. Hence, in African discourses, a person can be considered as being dead while physically alive, like a zombie, a living person who is spiritually dead. Vice versa, a person can be physically dead, but considered to be spritually alive, like an 184 ancestor... The same logic applies in African Christianity, in which the invisible world is perceived to have a real existence and to interact with humans in the visible, material world" (2009:19).

12.2.3 Die gevolg van hierdie wêreldbeskouing is dat in meeste Afrika-kulture die slegte invloed vanuit die geesteswêreld as 'n vanselfsprekende moontlikheid aanvaar word. Dit kan met bykans enigeen gebeur – en dus word diegene wat slegte invloede uit die geesteswêreld kan keer of beheer soveel meer waardeer. In die inheemse Afrika-kerke is die stryd teen die bose invloed uit die geesteswêreld 'n baie belangrike deel van hulle bediening,terwyl dit in die historiese hoofstroom-kerkgenootskappe dikwels deur die kerkleierskap met wantroue bejeën word.

Hierdie verskil in hulle bedieningstyle is, na die mening van Ter Haar, die hoofrede waarom die inheemse kerke soveel vinniger groei as die historiese kerkgenootskappe. Sy illustreer die gevolge van die hoofstroom-kerke se gebrek aan 'n bediening wat die invloede uit die geesteswêreld aanspreek deur te verwys na die voorbeeld van Emmanuel Milingo, voormalige aartsbiskop van die Rooms-Katolieke Kerk in Zambië, wat in die jare 1970-1980, ten spyte van teenkanting van Rome, 'n baie suksesvolle bediening van genesing en eksorsisme in Zambië beoefen het maar uiteindelik die Katolieke Kerk verlaat het.

12.2.4 Sonder om in detail hierop in te gaan, kan hier slegs gemeld word dat in die kultuur waarbinne ons susterskerk, die VGKSA, funksioneer die werklikheid van die nadelige mag en invloed van bose geeste op die lewens van mense deur baie algemeen aanvaar word. Leraars in die Reformed Church in Africa is deur hulle eie ervaring van die bediening aan mense wat veral uit 'n Hindoe-agtergrond kom, sterk oortuig van die noodsaaklikheid om dié (vermeende en werklike) invloed uit die geesteswêreld met 'n kerklike bediening die hoof te bied.

12.2.5 Hoewel die NG Kerk hoofsaaklik 'n wit kerk is, is dit belangrik om hierdie konteks te onthou, veral waar ons op 'n pad van kerkhereniging is. Verder is belangrik om te onthou hoe die saak van 'n bediening aan bevryding op SKLAS se agenda gekom het: 'n Groep lidmate en leraars uit verskillende gemeentes in die Ring van Tulbagh het by verskeie besoeke aan Mosambiek (ongeveer in die jare 2000-2004) en die noorde van Kwazulu-Natal te doen gekry met gelowiges wat na hulle mening gedemoniseer was en wat van hierdie toestand bevry is deur 'n bediening van bevryding. By hulle terugkeer in Suid-Afrika het hulle hieroor nagedink en toe hulle in hulle pastorale bediening met erge probleemgevalle te doen gekry het, het hulle gewonder of dié persone nie dalk gedemoniseer was nie. Hulle het in verbinding gekom met ander mense in die NG Kerk wat wel so 'n bediening beoefen het en uiteindelik het al dié ervaringe gely tot 'n beoefening van die bediening van bevryding in veral die Goudini-gemeente.

12.2.6 Dit is dus belangrik dat die Afrika-element as 'n integrale deel van ons kultuurkonteks onthou moet word wanneer ons oor 'n bediening van bevryding nadink.

12.3 DIE PERSPEKTIEWE VAN DIE PSIGOLOGIE, PSIGIATRIE EN ANTROPOLOGIE

12.3.1 Die psigiater in die besprekingsgroep was oortuig dat die meerderheid van sy kollegas nooit abormale gedrag sou toeskryf aan die invloed van die duiwel nie – dit is "psigiatriese siektes soos skisofrenie, depressie, middel-intoksikasie, somatovorme steurings, dissosiatiewe steurings, impulskontrole-steurings, neuropsigiatriese siektes, byvoorbeeld Tourette-sindroom of epilepsie" (Pienaar 2008:3).

12.3.2 Ons moet aanvaar dat dié siening deur die meeste van sy kollegas gedeel word. Tog is dit nodig om daarop te let dat daar sielkundiges en antropoloë is wat 'n so 'n rigiede rasionalistiese interpretasie en beoordeling van die geesteswêreld bevraagteken. Twee sulke voorbeelde is die Suid-Afrikaanse sielkundige Gavin Ivey (Universiteit Witwatersrand) en die Amerikaanse antropoloog Felicitas Goodman. Hoewel beide Ivey en Goodman 'n duiwel en demone as "mitologiese" (en dus

nie werklike) wesens beskou, glo hulle tog dat 'n bediening van bevryding (of soos hulle dit noem: eksorsisme) wel terapeuties en helend kan werk.

*1 Gavin Ivey, sielkundige

Gavin Ivey is 'n psigo-analitiese sielkundige en professor aan die Departement Sielkunde van die Universiteit van Witwatersrand. Een van sy navorsingsgebiede is die psigodinamiese aspekte van demoon-besetenheid. As sekulêre sielkundige is die duiwel en demone vir hom mitologiese verskynsels, maar die duiwel en demone is vir hom belangrike "metafore" wat help om die rol van die bose te beskryf. Dit is vir hom belangrik want, in ons huidige Westerse samelewing, is die normale taalgebruik van die sielkunde nie in staat om al die dimensies van die bose te beskryf nie. In 'n artikel, Diabolical discourses: demonic possession and evil in modern psychopathology (2002), skryf hy: "Evil... implies not simply the absence or the diminution of good, but an active principle seemingly bent on the negation or destruction of goodness, and ultimately, life itself" (Ivey 2002:54). Hy sê verder: "If, as I believe, evil and its demonic personifications are a supernatural portrayal of human otherness, then this otherness has to beclaimed and reclaimed as an aspect of our identities" (2002:54).

Ivey is van mening dat die taalgebruik van demone en besetenheid die psigologie kan help om die omvang van die bose te beskryf. Gewone taal is nie hiervoor voldoende nie, soos hy dan ook in die beskrywing van twee gevallestudies aantoon (2002:56-58)15. Hy erken dat hy dié taalgebruik net in 'n metaforiese sin gebruik en nie as beskrywing van "literal spiritual entities" (2002:58) nie. Maar, vra Ivey, is dit nie ook waar van die kernbegrippe van die psigoanalitiese sielkunde nie? Hy argumenteer dan dat sekere kernbegrippe in die psigoanalise soos instinkte, 15 Ivey 2002:57: "It is interesting to note that in both of the case studies mentioned, the individuals concerned experienced the presence of an evil demon, controlling their thoughts and actions from within their own minds. We could say that the mythological figure of Satan is this evil part of the mind, split off and projected, which offers omnipotence, omniscience, sensual gratification, and freedom from all moral authority..." 185 fiksasie op objekte en "introjects" self niks anders as metafore is nie. Sy artikel vra dus of die begrippe waarmee die psigoanalitiese sielkunde ontologies (dus: werklik, in hul wese) anders is as die "mitologiese" begrippe soos "demone", "besetenheid" en "demoon-uitdrywing". Hy skryf: "I raise this point to question the ontological status of the psychoanalytic concepts employed" (2002:58).

Ivey vra 'n belangrike vraag: is dit werklik so eenvoudig om te onderskei tussen taalgebruik wat iets beskryf wat "werklik" is en dit wat "metafories" is? En laat sy lesers met die volgende suggestie: Die vraag na die ontologiese werklikheid van "metafore" (soos hy dit sien) soos gebruik deur sekere behandelingsprosedures is nie al belangrikevraag wat gevra moet word nie. 'n Belangriker vraag is dalk of die begrippe en behandelinge (soos gebruik en toegepas deur psigoanalise of eksorsisme) uiteindelik 'n positiewe genesingsuitkoms lewer of nie. Volgens Ivey is die vraag ten opsigte van eksorsisme dat dit wel kan gebeur16.

Dieselfde vraag word van 'n ander hoek gevra deur Gerrie ter Haar, professor in godsdienswetenskap in haar boek How God became African (2009) en deur Felicitas Goodman, 'n Amerikaanse antropoloog. Ons het alreeds na Ter Haar verwys; Goodman vra ons aandag.

*2 Felicitas Goodman, antropoloog

Maar is geestesbesetenheid nie bloot meervoudige persoonlikheidsteurnis ("multiple personality disorder") nie? Is dit nie soortgelyk aan epilepsie, wat in kulture wat daarmee onbekend is, ook as geestesbesetenheid beskou word nie?

Ter Haar verwys na Felicitas Goodman (1992), 'n Amerikaanse antropoloog, wat op hierdie vraag 'n interessante antwoord gee. In haar navorsing vergelyk sy meervoudige persoonlikheidsteurnis met geestesbesetenheid. Volgens Goodman vertoon die twee verskynsels op oppervlak dieselfde kenmerke (die persoon neem, soms blitssnel, verskillende personasies aan), en dit is ook so dat die neurofisologiese veranderinge in die brein tydens die toestande van besetenheid en meervoudige persoonlikheidssteurnis baie dieselfde is17.

Daar is egter een belangrike verskil: "societies that culturally approve of spirit possession submit it to ritual control, which is not the case with behaviour seen as psychiatric" (Ter Haar 2009:40). Dié "ritual control" word meestal uitgeoefen deur "spirit mediums" wat deur die gemeenskap erken word. In die geval van inheemse Afrika-kerk en sommige hoofstroomkerke (soos biskop Milingo se bediening) funksioneer die bevrydingsessie onder leiding van kerklike ampsdraers binne die gekontroleerde ruimte van die kerk as 'n instrument van kontrole – en bring dit dikwels genesing, nie in die sin dat die persoon vir altyd van die steurnis verlos is nie, maar wel 'n tydelike verligting.

Dié tydelike verligting is nie net 'n geval dat die persoon deur 'n katarsis emosioneel ontlaai het, ontspanne is en dus beter in staat om stres te hanteer nie. Daar is, volgens Ter Haar, sterk aanduidings dat die trans-toestand waarin die persoon verkeer gedurende die uitdrywingsessie, neurofisiologiese veranderinge kan aanbring ( "a change in the brain map of the sufferer", 2009:41) – soortgelyk aan die verandering wat die toepaslike medikasie sou aanbring. Goodman (1992:14) verwys na die duiweluitdrywer (die "spirit medium") as "the 'turner', the one who is called on to wipe the injurious map off the slate, so that health may be restored". Met ander woorde, die bevrydingsessie, toegepas in 'n situasie van kontrole (deur kerklike ampsdraers, in die ruimte van 'n genesingserediens) kan soortgelyke genesing bring wat medikasie sou bring.

Dié bewering klop met die indruk wat selfs lede van die besprekingsgroep wat skepties teenoor die bediening van bevryding staan, gekry het: dat dit nie ontken word dat die toepassing van bevryding ten minste soms terapeuties werk nie.

12.3.3 Om dus die gesigspunte van dié afdeling saam te vat: in hulle beoordeling van duiwelbesetenheid en godsdienstige uitdrywingsrituele deel drie internasionale wetenskaplikes ('n Suid-Afrikaanse sielkundige, 'n Nederlandse godsdienskundige en 'n Amerikaanse antropoloog) die volgende gevolgtrekkings: Nie een van hulle 16 Dit is insiggewend wat Gys du Plessis, mediese dokter en verantwoordelik vir hoofstukke oor verband tussen besetenheid en psigiatriese versteurings in die boek Bestaan die duiwel regtig? oor hierdie saak skryf. In die grootste deel van sy stuk bepleit Du Plessis dat psigiatriese versteurings nie met besetenheid verwar moet word nie. Die teologie moet die psigiatrie respekteer. Maar in die laaste deel van sy boek wys hy daarop dat die teenoorgestelde ook waar is: "Hoewel baie deskundiges in die psigiatrie en sielkunde die bestaan van demone afskiet, is dit interessant dat die DSM IV-TR se hersiene uitgawe (Diagnostic Statistical Manual of Mental Disorders) nie totaal daarvan wegskram nie. Trouens, dié uitgawe beskryf 'n versteuring genaamd Dissosiatiewe transversteuring. Die beskrywing daarvan is baie tipies wat... Christengelowiges sou beskou as duiwelbesetenheid: Enkel- of episodiese versteurings in die bewussyn-

staat van die persoon, of die persoon se identiteit of geheue, wat kenmerkend van enige persoon in 'n bepaalde plek of kultuur is. Dit wil sê, die veranderde bewussynstaat is in stryd met wat as normaal gesien word in enige bepaalde kultuurgroep... Dit behels onder andere die vervanging van 'n persoon se gewone belewenis van persoonlike identiteit deur 'n nuwe identiteit wat toegeskryf word aan die invloed van 'n gees, krag of goddelike wese of ander persoon. Hierdie is die algemeenste dissosiatiewe versteuring in byvoorbeeld Asië. Voorbeeld sluit in amok (Indonesië), bebainan (Indonesië)... Hierdie transversteuring verskil, wat die diagnosering daarvan betref, van die veelvuldige persoonlikheidsteuring (multiple personality disorder). Mense met dié patologiese besetenheidstransversteuring meld meestal dat dit geeste of entiteite van buite is wat in hulle liggame inkom en beheer van hulle oorneem" (Du Plessis 2009:111). 17 Ter Haar 2009:40: "It has been established that observable changes take place in the brains of persons with a multiple personality syndrome. A similar type of neurophysiological change of the brain is believed to take place during spirit possession.."186 glo dat daar ontologies wesens soos 'n duiwel of demone bestaan nie. Nogtans is hulle van mening dat sommige bevrydingsessies (onderwerp aan kontrole van gemeenskapsgroep) terapeutiese resultate mag voortbring, soortgelyk soos die terapeutiese resultate voortgebring deur sielkundige of mediese behandeling.

12.4 SAMEVATTING: BEOORDELING TE MIDDE VAN DIVERSITEIT

12.4.1 Uit die paragrawe hierbo blyk duidelik die wye diversiteit van opvattings oor die duiwel en 'n bediening van bevryding, ook onder NG lidmate. By die beoordeling van dié verskynsel wil die kerk sover moontlik ruimte skep vir verskillende skakerings van spritualiteite sonder om sy belydenis en roeping te ondermyn. Dit is hier belangrik om in gedagte te hou dat ons by die bediening van bevryding nie te doen het met 'n geloofsartikel of 'n sakrament nie.

Dit gaan hier om 'n interpretasie van hoe gelowiges die oorwinning in Christus oor die Bose in hulle lewens moettoepas en aan ander moet bedien. Ons is dus op 'n terrein waar daar meer ruimte vir verskillende interpretasie en toepassing van die Bybelse boodskap toegelaat behoort te word as waar geloofsartikels ter sprake is. Daarom kan ons nie hier argumenteer dat, net soos die kerk nie twee doopbeskouinge kan toelaat nie, sy ook moet kies tussen of 'n toelating of verbod op die bediening van bevryding. Hier is dit nodig en moontlik dat ruimte gegee word aanverskillende vorme van bediening. Ons het hier te doen met 'n kwessie wat sterk beïnvloed word deur die tipe spiritualiteit wat by sekere gelowiges of in 'n bepaalde gemeente die botoon voer.

12.4.2 Met ander woorde, die kerk behoort by sy beoordeling van 'n bediening van bevryding groter vryheid van interpretasie te gee as byvoorbeeld by die beoordeling van 'n duidelike leerkwessie. Daarom behoort daar eenheid te wees in die handhawing van dit wat almal in die kerk saam bely, naamlik dat "ons nie aan onsself nie, maar aan ons getroue Verlosser, Jesus Christus behoort, Hy wat met sy kosbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal het en ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos het" (Heid Kategismus vr 1) – maar groter vryheid oor die konkrete bediening van hierdie belydenis.

12.4.3 Toegepas op die bediening van bevryding beteken dit dat riglyne van sinodale kant aan gemeentes eerder moet fokus op grense waarbinne so 'n bediening moet bly as op die voorskryf van 'n formaat waarby almal moet inpas. Sinodale riglyne moet wys op slaggate wat vermy moet word eerder as op stappe wat gedoen moet word om so 'n bediening te beoefen.

12.5 GEVARE WAT VERMY MOET WORD, GRENSE WAT NIE OORSKRY MOET WORD NIE

Wat is dan die gevare wat vermy moet word, grense wat nie oorskrei moet word nie? Ons noem die belangrikstes:

12.5.1 Dat psigiatriese versteurings as demoniese besetenheid verstaan sou word.

*1 Die psigiater in die besprekingsgroep het 'n lys versteurings genoem wat dikwels met "besetenheid" verwar word: "skisofrenie, gemoedsteurings – depressie en manie, dwelm- of middel-intoksikasie en onttrekking, somatovorme steurings, dissosiatiewe steurings, impulskontrole-steurings, neuropsigiatriese siektes, bv Tourettesindroom,
epilepsie" (Pienaar 2007:2). Gys du Plessis, mediese dokter en medeleraar van Mosaïek-gemeente, skryf 'n hele hoofstuk hieroor in Bestaan die duiwel regtig? Hy wys daarop dat die mediese wetenskap in die laaste 30 jaar so groot vordering gemaak het op die gebied van kontrolering van psigiatriese versteurings dat epilepsie en endogene depressie, byvoorbeeld, baie goed deur medikasie beheer kan word. Selfs "skisofrenie is nou 'n "beheerbare toestand... waar hospitalisasie slegs nodig is vir minder as twee weke per aanval" (2009:96).

*2 'n Persoon kan groot skade berokken word deurdat gelowiges hom probeer genees deur demone uit te dryf en die persoon so die geleentheid ontneem word om die regte behandeling en medikasie te kry. Sou daar 'n bediening van bevryding toegepas word, rus daar 'n swaar verantwoordelikheid op die berader om seker te maak dat die persoon nie aan enige vorm van psigiatriese versteuring ly nie.

12.5.2 Dat die Christen se vryheid haar ontneem word.

*1 Vir iemand wat baie maak van die bediening van bevryding sal dit 'n groot versoeking bly om in alles wat rondom hom gebeur die duiwel se hand te sien. As pa nie kan slaap nie, is dit die Japanese skets teen sy muur wat die duiwel 'n vasstrapplek gee. Is die kind opstandig, is die oorsaak die "demoniese" strokiesprente of speelgoed se skuld. Breek ma se kar, wonder sy of dit nie 'n demoon is wat deur die "heidense" nekhangertjie haarself besoedel het nie. Daarom moet die huis gereinig word en alles wat in die Ooste gemaak is mee weggedoen word (behalwe die Sony DVD-speler). Is daar moeilikheid in die familie, is dit omdat oupa 'n Vrymesselaar was en die familie langs die bloedlyn vervloek is. Is Ouboet in seksuele versoeking, is dit 'n demoon van wellus wat hom beheers.

*2 Die gevolg van so 'n denkwyse is dat Christene eerstens vrygestel word van verantwoordelikheid vir hulle eie optrede ("dis die duiwel wat my maak drink het") en tweedens vasgevang word in 'n heidense vrees vir die die Bose en vir die wêreld rondom hulle – in plaas daarvan om as vrygemaakte en vry sondaars met dankbaarheid te leef, om as "verloste mense te lewe... as ligdraers te midde van ontaarde en korrupte mense" (Fil 2:12,16)... "uit genade... gered... saam met Christus Jesus opgewek" (Ef 2:5,6)... In al ons swaarkry steeds "meer as oorwinners deur Hom wat vir ons liefhet" (Rom 8:37,39).

*3 Daar moet dus 'n waaksaamheid en maatreëls wees wat Christene sal help om hierdie gevare te vermy. In hierdie verband is dit goed om te verneem van hoe ander kerke vorme van die bediening van bevryding reguleer.

## 13 POSISIE VAN ANDER KERKE

13.1 DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK
187

13.1.1 In die Katolieke Kerk word 'n bediening van bevryding

("eksorsisme") in sekere buitengewone omstandighede, en onderhewig aan streng reëls, toegelaat. Volgens die Katolieke dogma is eksorsisme 'n ritueel en nie 'n sakrament nie (The Original Catholic Encyclopedia, art exorcism by PT Toner). 'n Eksorsisme verkry dus nie sy legitimiteit deur die gebruik van 'n voorgeskrewe rite nie, maar van twee ander elemente, naamlik: a) toestemming van die regte kerklike strukture en b) die geloof en posisie van die eksorsis. Eksorismes word vandag selde gedoen. Daar is ten minste drie voorwaardes vir 'n eksorsisme: a) slegs 'n priester mag dit doen, en slegs na

b) 'n mediese ondersoek en c) na die plaaslike biskop toestemming gegee het.

13.1.2 In geval van 'n eksorsisme word 'n voorgeskrewe rite gebruik. Die nuutste weergawe, De Exorcismus et supplicationibus quibusdam (Aangaande eksorsismes en sekere gebede), is in Oktober 1998 deur Pous Johannes Paulus goedgekeur. Die rite bestaan uit 'n inleidende lang litanie (wat insluit die Onse Vader, Ps 53 en noglofgebede), wat dan uitloop op die eksorsisme-bevel:

"I command you, unclean spirit, whoever you are, along with all your minions now attacking this servant of God, by the mysteries of the incarnation, passion, resurrection, and ascension of our Lord Jesus Christ, by the descent of the Holy Spirit, by the coming of our Lord for judgment, that you tell me by some sign your name, and the day and hour of your departure. I command you, moreover, to obey me to the letter, I who am a minister of God despite my unworthiness; nor shall you be emboldened to harm in any way this creature of God, or the bystanders, or any of their possessions. Amen."

13.2 DIE ANGLIKAANSE KERK

13.2.1 Eksorsismes vind selde plaas, maar die Church of England het 'n voorgeskrewe prosedure ingeval dit nodig is: "The ministry of exorcism and deliverance may only be exercised by priests authorized by the bishop, who normally requires that permission be obtained from him for each specific exercise of such a ministry." Inligting verkry van Church of England se webblad: (http://www.cofe.anglican.org/worship/liturgy/commonworship/texts/healing/protection.peace.html)

13.2.2 Volgens die "diocesan manual" wat deur die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika gebruik word, mag 'n priester 'n eksorsisme doen, maar net met sy biskop se toestemming (e-pos aan ds Roy Thorne, lid van die SKLASgespreksgroep oor die bediening van bevryding, April 2010). Die formulier wat by dié geleentheid gebruik kan word, is die volgende:

"In the name of Jesus Christ our Lord, I command you, evil spirit, to come out of this person (or N), and to harm no one but to depart to the place appointed you and remain there for ever. Amen!"

13.3 DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING (AGS)

Volgens prof Jan Hattingh, prinsipaal van die Auckland Park Teologiese Seminarie, vind die "bevryding van bose geeste" wel in die AGS plaas hoewel dit baie minder voorkom as genesings. Hy verkies om nie te praat van 'n "bediening van bevryding" nie maar eerder 'n "bediening van evangelisasie waartydens genesing deur bevryding plaasvind" (e-pos aan ds Daan Wium, 16 April 2010). In die AGS is daar geen voorgeskrewe formule vir bevryding nie, want "situasies verskil", maar 'n mens kan tog praat van 'n "tipiese gebed" wat die gedemoniseerde persoon gevra word om te bid:

"Here, ek bely my sonde van... Ek breek nou daarmee. Ek vra dat U my sal vergewe. Ek bestraf enige bose gees/geeste wat op grond van hierdie sonde in my lewe werk, en ek beveel julle om onmiddellik en heeltemal te gaan, in die naam van Jesus! Amen!"

## 14 AANBEVELINGS: BEDIENING VAN BEVRYDING

14.1 Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duiwel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld.

14.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat hierdie oorwinning in baie gevalle nog nie ten volle sigbaar is nie, dat ons dikwels oorweldig is deur hierdie boosheid wat groter is as onsself, ook juis weens die swakheid van die mens, die verleiding van die sonde en die gebroke werklikheid.

14.3 Die Algemene Sinode aanvaar daarom dat ons as kinders van God nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die boosheid in al sy manifestasies in die wêreld, maar veral teen die kwaad wat in elke mens skuil.

14.4 Die Algemene Sinode bevestig weer eens dat dit van uiterste belang is dat die kerk sal leef vanuit die geloofsperspektief dat, hoewel die Bose gelowiges steeds bedreig soos 'n brullende leeu en versoek soos 'n engel van die lig, die bose deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus en die uitstorting van God se Gees oorwin en aan bande gelê is.

14.5 Daarom meen die Algemene Sinode dat enige sogenaamde bediening van bevryding wat die geloofswaarheid oor die lewe en werk van Jesus en die Gees van God misken, geen bediening van die evangelie is nie en ook geen vryheid bring nie.

14.6 Die Algemene Sinode moedig daarom alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees (in die gees van die oorwinning van Jesus) die boosheid die stryd aan te sê deur spesifiek te fokus op die genadige verlossingswerk van Christus sodat die kerk die ware kenmerke van Evangeliese gehoorsaamheid (liefde, genade, vergifnis en versoening) sal vertoon.

14.7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir 188 lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

14.8 Die Algemene Sinode oordeel dat die getuienis van leraars en lidmate van die NG Kerk dat hulle in hulle bediening wel mense teëgekom het van wie hulle oortuig was dat hulle deur bose magte of demone gedemoniseer was – en ook hulle getuienis dat 'n bediening van bevryding baie van hierdie mense van kwellings, vreesagtigheid, haat teenoor God en sy gebod bevry het – nie sonder meer afgewys moet word nie. Die Sinode aanvaar dat daar verskillende interpretasies is oor die werklikheid al dan nie van gedemoniseerdheid. Dit geld ook vir die interpretasie oor wie en wat agter bepaalde bevrydinge lê.

14.9 In die lig daarvan is dit die oordeel van die Algemene Sinode dat 'n bediening van bevryding as 'n buitengewone bedieningshandeling onder bepaalde voorwaardes toegelaat sou kon word eerder as om dit geheel en al te verbied. Die voorwaardes waaronder so 'n bediening toegelaat sou kon word, hou in dat:

14.9.1 die bediening van bevryding as 'n buitengewone bediening beoefen sal word en nie as deel van 'n roetine-pastoraat nie;

14.9.2 dit onder toesig van en met rapport aan die kerkraad en die ring gedoen word;

14.9.3 die persoon ook vir mediese evaluering verwys moet word. Daar rus 'n swaar verantwoordelikheid op persone wat so 'n bediening beoefen om mense nie skade te berokken deur siekte (onder meer psigiatriese versteurings) as besetenheid of gedemoniseerdheid te behandel nie;

14.9.4 daar met sorg gewaak word teen ‘n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe; teen lang konfronterende gesprekke met bose magte en afgestorwenes, asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding;
14.9.5 daar verreken moet word dat die Gees van Christus in mense wat aan Christus behoort en sy Naam bely, leef. Bedieningspraktyke wat die algenoegsaamheid van die werk van Christus minag en daarmee die gereformeerde belydenis van die volkome verlossingswerk van die genadige God in Jesus op die spel plaas, word afgewys.
14.10 Die Algemene Sinode besef dat die verskillende kulture in ons land ons duidelik bewus gemaak het van die veel-fasettige aard van die siening oor die Bose; dat daar kontekste is waarin daar ‘n werklike vrees vir eksterne bose magte is wat baie mense se lewens oorheers en dat hierdie lewenservaring ernstig opgeneem behoort te word. Die Algemene Sinode moedig daarom sy eie ampsdraers en lidmate aan, wat in sulke kontekste werk, om op verantwoorde wyse besondere aandag hieraan te gee met die doel om die radikale verlossingswerk van Christus met oorgawe te verkondig.

Bibliografie

Barth, H-M (& H Flügel, R Riess) 1974: Der emanzipierte Teufel. München: Claudius Verlag.
Barth, K 1957: Church dogmatics, vol 3, part 3.
Berger, K 2000: Zit de duivel achter alle kwaad? Kampen: Kok.
Berkhof, H 1973: Christelijk Geloof. Nijkerk: Callenbach.
Berkhof, H 1952: Christus en de machten. Nijkerk.
Berkouwer, GC 1958: Dogmatische studiën, De Zonde vol 1. Kampen: Kok.
Day, Peggy L 1988: An adversary in heaven. Satan in the Hebrew Bible. (Ph D Harvard University). Atlanta: Scholars Press.
Durand, JJF 1978: Die sonde. Wegwysers in die dogmatiek vol 3. Pretoria: NG Kerk-boekhandel.
Erickson, Millard J 1992: Christian Theology. Grand Rapids: Baker.
Goodman, Felicitas D 1992: How about demons? Possession and alternate reality: religion in a pluralistic world. Bloomington: Indiania University Press.
Green, Michael 1981: I believe in Satan’s downfall. Grand Rapids: Eerdmans.
Haag, H 1974: Teufelsglaube. Tübingen: Katzmann.
Heyns, JA 1978: Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Ivey, Gavin 1993: Psychodynamic aspects of demonic possession and satanic worship, in South African Journal of Psychology 23, 186-194.
Ivey, Gavin 2002. Diabolical discourses: demonic possession and evil in mod O’Kennedy, André 2007: Navorsingsgroep
Peck, M Scott1983: People of the lie. New York: Simon & Schuster.
Pienaar, Willie 2007: Die beoefening van bevryding – ‘n psigiatriese perspektief, Voorlegging by SKLASbesprekingsgroep oor die Bediening van Bevryding.
189
Riley, GJ 1999: Devil, in Dictionary of deities and demons in the Bible (DDD), ed K van der Toorn, B Becking, PW van der Horst. 2nd existensively revised edition. Leiden: Brill. 244-249.
Rogerson, JW 2003: Zechariah. In Commentary on the Bible (JDG Dunn & JW Rogerson, ed). Grand Rapids: Eerdmans.
Russell, JB 1977: The Devil, perceptions of evil from antiquity to primitive Christianity. Ithaca: London.
Russell, JB 1981: Satan, the early Christian tradition. Ithaca/London.
Schillebeeckx, E 1975: Jezus, het verhaal van het levende. Baarn.
Ter Haar, Gerrie 2009: How God became African. African spirituality and Western secular thought. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
Thielicke, H 1982: The evangelical faith, vol 3. Grand Rapids: Eerdmans.
Toner, PT 1904: Art. Exorcism in The Original Catholic Encyclopedia.
Van der Hoeven, TH 1998: Het imago van Satan. Een cultuur-theologisch onderzoek oor een duivels tegenbeeld. (DTh-dissertasie). Kampen: Kok.
Van Peursen, CA 1972: Strategie van de cultuur. Een beeld van de veranderingen in de hedendaagse denk- en leefwêreld. Elsevier: Amsterdam
Van Zyl, HC 2000: Die duiwel ontmasker – ‘n Nuwe-Testamentiese perspektief, in Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes (red JH Smit). Universiteit van die Vrystaat Teologiese studies no 6, 9-22.

Verkuyl, Johannes 1992: De kern van het Christelijke geloof. Kampen: Kok.
Weber, Otto 1959: Grundlagen der Dogmatik vol 1. Neukirchen: Buchhandlung des Erziehungsvereins.
Weber, Otto 1975: Karl Barths Kirchliche Dogmatik. Ein einführender Bericht. Neukirchen: Neukirchener Verlag.

**Uittreksel uit die Handelinge van die Algemene Sinode 2011**

## 18 BEDIENING VAN BEVRYDING

BEDIENING VAN BEVRYDING (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 2 bl 187 pt 14) – goedgekeur

14.1 Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duiwel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld.

14.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat hierdie oorwinning in baie gevalle nog nie ten volle sigbaar is nie, dat ons dikwels oorweldig is deur hierdie boosheid wat groter is as onsself, ook juis weens die swakheid van die mens, die verleiding van die sonde en die gebroke werklikheid.

14.3 Die Algemene Sinode aanvaar daarom dat ons as kinders van God nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die boosheid in al sy manifestasies in die wêreld, maar veral teen die kwaad wat in elke mens skuil.

14.4 Die Algemene Sinode bevestig weer eens dat dit van uiterste belang is dat die kerk sal leef vanuit die geloofsperspektief dat, hoewel die Bose gelowiges steeds bedreig soos 'n brullende leeu en versoek soos 'n engel van die lig, die bose deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus en die uitstorting van God se Gees oorwin en aan bande gelê is.

14.5 Daarom meen die Algemene Sinode dat enige sogenaamde bediening van bevryding wat die geloofswaarheid oor die lewe en werk van Jesus en die Gees van God misken, geen bediening van die evangelie is nie en ook geen vryheid bring nie.

14.6 Die Algemene Sinode moedig daarom alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees (in die gees van die oorwinning van Jesus) die boosheid die stryd aan te sê deur spesifiek te fokus op die genadige verlossingswerk van Christus sodat die kerk die ware kenmerke van Evangeliese gehoorsaamheid (liefde, genade, vergifnis en versoening) sal vertoon.

14.7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

14.8 Die Algemene Sinode oordeel dat die getuienis van leraars en lidmate van die NG Kerk dat hulle in hulle bediening wel mense teëgekom het van wie hulle oortuig was dat hulle deur bose magte of demone gedemoniseer was – en ook hulle getuienis dat 'n bediening van bevryding baie van hierdie mense van kwellings, vreesagtigheid, haat teenoor God en sy gebod bevry het – nie sonder meer afgewys moet word nie. Die Sinode aanvaar dat daar verskillende interpretasies is oor die werklikheid al dan nie van gedemoniseerdheid. Dit geld ook vir die interpretasie oor wie en wat agter bepaalde bevrydinge lê.

14.9 In die lig daarvan is dit die oordeel van die Algemene Sinode dat 'n bediening van bevryding as 'n buitengewone bedieningshandeling onder bepaalde voorwaardes toegelaat sou kon word eerder as om dit geheel en al te verbied. Die voorwaardes waaronder so 'n bediening toegelaat sou kon word, hou in dat:

14.9.1 die bediening van bevryding as 'n buitengewone bediening beoefen sal word en nie as deel van 'n roetine-pastoraat nie;98

14.9.2 dit onder toesig van en met rapport aan die kerkraad en die ring gedoen word;

14.9.3 die persoon ook vir mediese evaluering verwys moet word. Daar rus 'n swaar verantwoordelikheid op persone wat so 'n bediening beoefen om mense nie skade te berokken deur siekte (onder meer psigiatriese versteurings) as besetenheid of gedemoniseerdheid te behandel nie;

14.9.4 daar met sorg gewaak word teen 'n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe; teen lang konfronterende gesprekke met bose magte asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding (soos geamendeer deur Tydelike Leer en Aktuele Sake);

14.9.5 daar verreken moet word dat die Gees van Christus in mense wat aan Christus behoort en sy Naam bely, leef. Bedieningspraktyke wat die algenoegsaamheid van die werk van Christus minag en daarmee die gereformeerde belydenis van die volkome verlossingswerk van die genadige God in Jesus op die spel plaas, word afgewys.

14.10 Die Algemene Sinode besef dat die verskillende kulture in ons land ons duidelik bewus gemaak het van die veel-fasettige aard van die siening oor die Bose; dat daar kontekste is waarin daar 'n werklike vrees vir eksterne bose magte is wat baie mense se lewens oorheers en dat hierdie lewenservaring ernstig opgeneem behoort te word. Die Algemene Sinode moedig daarom sy eie ampsdraers en lidmate aan, wat in sulke kontekste werk, om op verantwoorde wyse besondere aandag hieraan te gee met die doel om die radikale verlossingswerk van Christus met oorgawe te verkondig.

BEDIENING VAN BEVRYDING (T.10.1 bl 1pt 2.3) – goedgekeur
Die kommissie volstaan met verslag en aanbevelings, behalwe14.9.4 waar die woorde "en afgestorwenes" geskrap word.
AMENDEMENT: BEDIENING VAN BEVRYDING (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 2 bl 187 pt 14) (AL O'Kennedy / RC Thorne ) – nie goedgekeur nie

1. Wysig 14.7 om soos volg te lees en maak dit 14.1:
Die Algemene Sinode neem kennis dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. VERWERP
2. Wysig 14.9 om soos volg te lees:
14.9 In die lig daarvan oordeel die Algemene Sinode dat 'n bediening van bevryding met groot verantwoordelikheid binne die volgende riglyne moet plaasvind:
3. Skrap 14.9.1
4. Wysig 14.9.2 om soos volg te lees:
14.9.2 dit onder toesig van die kerkraad gedoen word;
5. Wysig 14.9.3 verander die eerste sin om soos volg te lees en die res bly dieselfde:
Dit gedoen word in samewerking met ander dissiplines soos die sielkunde, psigiatrie ens..
6. Verdeel 14.9.4 in twee aparte punte soos volg:
daar met sorg gewaak word teen 'n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe;
7. Wysig die tweede sin om soos volg te lees:
daar gewaak word teen lang konfronterende gesprekke met bose magte, asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding;

# BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2013 OOR DIE BEDIENING VAN BEVRYDING EN OOR DIE BOSE

Uittreksel uit die Agenda van die Algemene Sinode 2013

## 8 BEDIENING VAN BEVRYDING

8.1 Die volgende beskrywingspunte/ beswaarskrifte is hier ter sprake: NG Gemeente Wonderboom-Suid; NG Gemeente Doornkloof; Sinode Hoëveld; NG Gemeente Oos-Londen-Wesheuwels: Sinode Vrystaat; SinodeNoord-Kaapland; Ring van George; NG Gemeente Vryheid-Wes.

8.2 AANBEVELINGS: BEDIENING VAN BEVRYDING
8.2.1 Die Algemene Sinode neem die besware wat oor hierdie saak handel (punt 7 van die besluit oor die Bediening van Bevryding) baie ernstig op en verseker lidmate en gemeentes dat die sinode hierdie saak op geen manier wil ontduik nie.
8.2.2 Weens die kompleksiteit van die saak – asook die groot behoefte aan 'n diepgaande gesprek oor die hermeneutiek (in terme van die vertolking van die Bybel en Belydenisskrifte) – gee die Algemene Sinode aan die nuutgevormde Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake (ATLAS) opdrag om na afloop van hierdie Sinode die kerk hiermee te help sodat ons met 'n dieper verbondenheid aan God en mekaar sal leef.
8.2.3 Die Algemene Sinode is eenstemmig oor die bestaan van die bose. Daar is egter duidelik 'n verskeidenheid van perspektiewe in die NG Kerk oor die persoonlike of nie-persoonlike aard van diebose/duiwel. Daarom doen die Algemene Sinode 'n ernstige beroep op lidmate en predikante van die kerk, wat juis draers van die liefde van God moet wees, om nie mekaar se bona fides in twyfel te treken mekaar verdag te maak as daar nie met die ander saamgestem word nie.
8.2.4 Die Sinode oordeel dat die bewering in die beskrywingspunt van Vryheid-Wes nie reg is dat daar in die besluite van die Sinode afgewyk word van ons Gereformeerde geloof in die krag van Godse Woord wat mense bevry nie. Die standpunt van die Sinode propageer nie allerlei slagspreuke of formules vir bevryding nie.

Uittreksel uit die Handelinge van die Algemene Sinode 2013

18. BEDIENING VAN BEVRYDING

AMENDEMENT: BEDIENING VAN BEVRYDING (A.10.1 bl 91 pt 8.2, B.3 – B.12 bl 283-299) (JA Kritzinger / DJ Malan) – goedgekeur:

Die Algemene Sinode vervang die huidige punt 7 van die 2011-besluit met die verbeteringsvoorstel (aangepas) wat die Oostelike Sinode in hul beswaarskrif stel, te wete: Die AS aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is lidmate wat die persoonlike 34 aard van die duiwel en demone aanvaar, en daar is lidmate wat die nie-persoonlike aard van die duiwel en demone aanvaar. Albei standpunte erken die realiteit van die bose.

BEDIENING VAN BEVRYDING (A.10.1 bl 91 pt 8.2, B.3 – B.12 bl 283-299) – soos volg goedgekeur:
8.2.1 Die Algemene Sinode neem die besware wat oor hierdie saak handel (punt 7 van die besluit oor die Bediening van Bevryding) baie ernstig op en verseker lidmate en gemeentes dat die Sinode hierdie saak op geen manier wil ontduik nie.
8.2.2 Weens die kompleksiteit van die saak – asook die groot behoefte aan 'n diepgaande gesprek oor die hermeneutiek (in terme van die vertolking van die Bybel en Belydenisskrifte) – gee die Algemene Sinode aan die nuutgevormde Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake (ATLAS) opdrag om na afloop van hierdie Sinode die kerk hiermee te help sodat ons met 'n dieper verbondenheid aan God en mekaar sal leef (nie goedgekeur nie).
8.2.3 Die Algemene Sinode is eenstemmig oor die bestaan van die bose. Daar is egter duidelik 'n verskeidenheid van perspektiewe in die NG Kerk oor die persoonlike of nie-persoonlike aard van die bose/duiwel. Daarom doen die Algemene Sinode 'n ernstige beroep op lidmate en predikante van die kerk, wat juis draers van die liefde van God moet wees, om nie mekaar se bona fides in twyfel te trek en mekaar verdag te maak as daar nie met die ander saamgestem word nie (nie goedgekeur nie).
8.2.4 Die Sinode oordeel dat die bewering in die beskrywingspunt van Vryheid-Wes nie reg is dat daar in die besluite van die Sinode afgewyk word van ons Gereformeerde geloof in die krag van God se Woord wat mense bevry nie. Die standpunt van die Sinode propageer nie allerlei slagspreuke of formules vir bevryding nie.

VOORSTEL: BEDIENING VAN BEVRYDING (B.10 bl 296) (H Theunissen / FJ van der Merwe) – goedgekeur:

Die Algemene Sinode verwys B.10 (Bediening van Bevryding: Vryheid-Wes) na die Algemene Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake vir hantering.

BEDIENING VAN BEVRYDING (T.14.3 bl 3 pt 3.2, A.10.1 bl 91 pt 8.2) – nie goedgekeur nie:

3.2.1 Die Algemene Sinode
3.2.1.1 neem kennis 8.2.1 – 8.2.4;
3.2.1.2 oordeel dat die beswaarskrifte nie voldoende hanteer is nie;
3.2.1.3 besluit om pt 7 van die besluit in 2011 te skrap omrede die besluit strydig geag kan word met die Kerkorde Artikel 1 (NGB 12).

# BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2019 OOR SELFDEGESLAGVERBINTENISSE

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
## DUTCH REFORMED CHURCH

✉ 13528
HATFIELD, 0028, SA

☎ +27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

www.ngkerk.org.za
gustavc@ngkerk.org.za

---

Die NG Kerk se Algemene Sinode is daartoe verbind om geloofsonderskeidend wysheid te vind oor moeilike etiese sake. Die Bybel, as die Woord van God, is die basis van ons nadenke oor ons identiteit en dissipelskap.

Na ‘n lang en moeisame proses van studie, gesprek, luister en onderskeiding het die Sinode nou die volgende besluit oor selfdegeslagverhoudings geneem:

1. om die 2015-besluit van die Sinode op grond van prosedurele redes ter syde te stel;
2. dat

**1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.**
**2. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in ’n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.**
**3. Die sinode is verbind tot ’n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.**
**4. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:**
**4.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;**
**4.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en**
**4.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.**
**5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.**
**6. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:**
**6.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,**
**6.2 toegang tot die sakramente,**
**6.3 integriteit van verhoudings, en**
**6.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem**
**6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.**
**7. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:**
**7.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,**
**7.2 toegang tot die sakramente,**
**7.3 integriteit van verhoudings, en**
**7.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag te neem, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit.**
**8. Die Algemene Sinode erken dat daar:**
**8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van**

**dieselfde geslag te bevestig nie,**
**8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.**
**9. Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig. Ook dat daar 'n span saamgestel word wat elke streeksinode sal besoek om hierdie saak duidelik en deeglik deur te werk. Dit kan ons help om 'n ingeligte besluit te neem.**
**10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.**
**11. Die Algemene Sinode**
**11.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwar en seergemaak het;**
**11.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;**
**11.3 verbind hom daartoe om in die gees van hierdie besluit ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.**
**11.4 Die Algemene Sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.**
**12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.**

Die volgende besluite is saam met die bogenoemde besluit, steeds geldende besluite van die NG Kerk:

**HUWELIK, PROMISKUÏTEIT EN SELFDEGESLAG VERHOUDINGS**
**Die AS 2007 het die volgende besluite bevestig:**

1. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.

2. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

3. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

(uit Handelinge AS 2007, pp 204-205, pte 12.2 en 12.3)

**Die volgende aanbevelings is ook verder goedgekeur:**

Die Algemene Sinode
1 bevestig dat vorige besluite insake homoseksualiteit, selfdegeslag verbintenisse en huwelike gewysig en/of vervang is met nuwe besluite;
2 bevestig dat vorige besluite oor die huwelik en promiskuïteit steeds die geldende besluite is;
3 versoek dat hierdie besluite volledig in die Kerkordeboek opgeneem word;
4 neem kennis dat besluite oor selfdegeslag verbintenisse vir gemeentes buite die RSA onderworpe is aan daardie land se wetgewing;
5. besluit dat hierdie verslag met die oog op persverklarings die boodskap is wat die Algemene Sinode aan die wêreld bekend sal maak as die huidige amptelike standpunt van die Algemene Sinode.

Die Algemene Sinode is daarvan bewus dat al hierdie besluite op verskillende maniere toepaslik is in die lande waarin ons gemeentes teenwoordig is.

Die Algemene Sinode onderneem om met behulp van 'n taakspan sinodes te ondersteun wanneer daar

verder nagedink word oor die betekenis en waarde van die bostaande besluite. Die Sinode hoop dat die bostaande besluite lewegewende ruimte sal bied vir gelowiges met verskillende oortuigings oor die aangeleentheid.

Die vergadering van die Algemene Sinode het in 'n baie goeie gees plaasgevind. Die lede is daartoe verbind om die besluit oor Selfdegeslagverbintenisse ten volle te ondersteun.



**Dr Gustav Claassen**
Algemene Sekretaris / General Secretary
Nederduitse Gereformeerde Kerk / Dutch Reformed Church
Posbus 13528 ✉ PO Box 13528
Hatfield, 0028 Hatfield, South Africa, 0028
☎ +27 (12) 342 0092
+27 (12) 342 0380
+27 82 856 1943
gustavc@ngkerk.org.za
info@ngkerk.org.za



# GESPREKSDOKUMENT VAN DIE ALGEMENE SINODE SE MODERAMEN (ASM) OOR KONTOERE VIR DIE VERSTAAN VAN DIE 2019-BESLUIT EN DIE HANTERING DAARVAN

**Ter Inleiding:**

Die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) het by sy vorige vergadering in November 2022 besluit dat 'n opvolggesprek oor die verstaan van die Algemene Sinode (AS) se 2019-besluit oor selfdegeslagverbintenisse gevoer sal moet word (sien Notule, 3.1.2 en 3.1.3). Daar lê ook in die AS-2019 se besluit self 'n veronderstelling dat die gesprek hieroor in die NG Kerk voortgesit sou word en dat terugvoer daaroor by die komende Algemene Sinode (Oktober 2023) gegee sal word. Die Dagbestuur van die ASM wil daarom die volgende kontoere aan die hand doen vir die vertolking van die AS-2019 se besluit:

## 1 AS-2019 HET 'N VOORTGAANDE PROSES VAN GELOOFSONDERSKEIDING VOORSIEN

1.1 Die AS-2019 se besluit het 'n proses van geloofsonderskeiding in konstruktiewe- en veilige ruimtes in gemeentes, ringe, taakspanne en sinodes oor die kwessie van selfdegeslagverbintenisse en menslike seksualiteit voorsien. Die AS het gehoop dat hierdie gespreksruimtes inklusief en divers sal bly; dat daar nie óór ander gepraat sal word nie, maar mét mekaar, eerlik en broos vanuit die eie posisie.
1.2 Die AS was bewus daarvan, en dit is in die 2019-besluit so uitgedruk, dat daar in die NG Kerk verdeeldheid oor hierdie aangeleentheid heers wat ten diepste teruggaan na ten minste twee vertolkings van die Skrif hieroor en die hermeneutiek daarrondom, maar was ook oortuig dat die eenheid van die kerk in Christus en ons belydenisgrondslag geleë is (Artikel 1 van ons Kerkorde) en dat ons daarom verbind is tot 'n voortgaande en nederige luister na mekaar met wedersydse respek vir uiteenlopende standpunte, benaderings en Skrifhantering.
1.3 Die AS het beklemtoon dat die Bybel as Woord van God vir ons, onder leiding van die Heilige Gees, die norm in hierdie geloofsonderskeidende gesprekke moet wees.

## 2 AS-2019 HET ADVIES VAN 'N PRINSIPIËLE AARD AAN DIE KERKVERAND GEGEE

2.1 Die AS-2019 het in gevolge ons gereformeerde kerkbegrip en verstaan van ons belydenis, geoordeel dat kerkrade en gemeentes in die eerste instansie geroepe en bemagtig is deur die Woord en Gees van God, om selfstandig besluite oor teologies-etiese sake te kan neem en met ander kerkrade en gemeentes in rings- of sinodale verband in gesprek kan tree. Die AS het daardie reg en verantwoordelikheid van kerkrade, gemeentes en sinodes prinsipieel erken.
2.2 Die AS-2019 het nie 'n finale besluit ten gunste of teen selfdegeslagverbintenisse geneem nie, maar ruimte geskep vir meervoudige standpunte in ons kerkverband oor hierdie aangeleentheid. Die ruimte wat geskep is, "dat daar leraars en kerkrade is wat te vinde is vir die kerklike bevestiging van selfdegeslagverbintenisse en ander leraars en kerkrade wat nie daarvoor te vinde is nie," het inderdaad praktiese implikasies en dit ís so dat dit vir sommige lidmate hierdie diversiteit van sieninge nie aanvaarbaar is nie.
2.3 Die AS-2019 se besluit het dit wel duidelik gestel dat kerkvergaderings in hul pastorale bediening aan lidmate en die verkiesing van gelowiges tot die besondere ampte in kerklike bediening, asook met die oog op die legitimasie van voornemende bedienaars van die Evangelie, die volgende oorwegings moet laat geld:

a) die doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis in leer en lewe van lidmate;
b) toegang tot die sakramente;
c) integriteit van verhoudings; en
d) die geskiktheid vir die spesifieke bediening ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.

## 3 AS-2019 HET VORIGE PRINSIPIËLE BESLUITE VAN DIE NG KERK GEHANDHAAF

3.1 Die AS van 2019 het die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word, herbevestig.
3.2 Die AS van 2019 het ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele- as homoseksuele promiskuïteit afgekeur word, herbevestig.
3.3 Die AS van 2019 het herbevestig dat die besluit van 2007 dat, in die lig wat tans tot ons beskikking is, selfdegeslagverbintenisse nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

## 4 AS-2019 HET TWEE VERDERE OPDRAGTE/VERSOEKE GERIG

4.1 Die AS van 2019 het haarself verbind tot voortgaande studie oor die aard en wese van die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode(s) en hierdie besluit as 'n versoek na ATLAS vir leiding in die verband verwys.
4.2 Die AS van 2019 het ATLAS ook versoek om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag. By die vergadering van die ASM in Mei 2022 het ATLAS hieroor terugvoer gegee en gestel dat daar in die lig van Art. 48.2 van ons Kerkorde, eerder volstaan moet word met die ontwikkeling van liturgiese grondlyne aan die hand waarvan kerkrade dan self die inrigting van hul eredienste met verantwoordelikheid en in oorleg met ander kerkvergaderinge kan onderneem.

## LAASTE OPMERKINGS

Die ASM het deur die afgelope vier jaar terdeë onder die indruk daarvan gekom dat die AS- 2019 se besluit oor selfdegeslagverbintenisse uiteenlopende reaksie in ons kerkverband ontlok het. Daar was gemeentes waarin die "ruimte geskep" positief ontvang is en die bediening aan homoseksuele lidmate op 'n nuwe manier vergestalt is, én daar was gemeentes en ringe waar oor hierdie besluit van die AS "getreur" is. Alhoewel daar in opdrag van AS 2019 voortgegaan is om 'n taakspan saam te stel wat die sinodebesluit in en saam met ander kerkvergaderings sou vertolk, en 'n Gids hiervoor ook die lig gesien het, was die rol wat hierdie taakspan kon speel, om 'n verskeidenheid van redes beperk. Die ingrypende ontwrigting wat deur die Covid 19-pandemie meegebring is, het ook ons voortgaande besinning oor die AS 2019-besluit belemmer. Daar het nogtans konstruktiewe gesprekke ín sinodes en ook tussen sinodes soos dié van Goudland en Namibië en die ASM plaasgevind. Al hierdie gesprekke en terugvoer wat vanuit sinodes en ringe ontvang is, hét die ASM gehelp om tot groter helderheid oor die betekenis en implikasies van die 2019-besluit te kom.

# VERSLAG VAN DIE STUDIEGROEP SKRIFBESKOUING EN -HANTERING AAN DIE NG KERK VRYSTAAT (STREEKSKONFERENSIE NOVEMBER 2022)

## 1 AGTERGROND

Die Studiegroep Skrifgesag en Skrifvertolking is deur die Vrystaat Sinode (Maart 2022) aangewys om vorige en staande besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk oor Skrifgesag, Skrifvertolking en Skrifhantering te herbesoek en opnuut daaroor te besin. In hul besinning as gelowiges is versoek dat hul 'n verantwoorde omgang met die Skrif en 'n verantwoorde hermeneutiek sal nastreef, en 'n kort samevatting daarvan saamstel wat toeganklik en bevatlik is vir leraars, lidmate en ander lesers in en rondom die NG Kerk Vrystaat. So 'n samevatting moes dan ná goedkeuring deur die Moderamen in die kerkverband en gemeentes vir verdere gesprek versprei word.[1] Die dokument hoop om van waarde te wees in gesprekke oor Selfdegeslagverbintenisse (SGV) en die Algemene Sinode se besluite van 2019.

## 2 DIE SINODE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT (2022) SE STANDPUNT OOR DIE GESAG VAN SKRIF

[Die Vrystaat Sinode] bely dat die Skrif die geskrewe Woord van God is, wat die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word en daarom is dit ook heilig, volmaak, onfeilbaar en vir ons gesagvol (NGB Art. 3, 5, 7).
Bely voorts dat ons die geskrewe Woord van God lees in samehang met hoe God Homself bekendmaak in die Skepping en onderhouding van alle dinge (NGB Art. 2), in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe (Johannes 1:1-14, NGB Art. 10), en omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hierdie Woord in al die gestaltes daarvan (Johannes 16:13-14, NGB Art. 5), inderdaad "van God is."
Bevestig dat vanweë 'n verskeidenheid van eietydse kontekste waarin ons die Skrif lees en verskillende benaderings in die lees van die Skrif, maar ook vanweë ons gebroke menslikheid en beperkte insigte, daar van tyd tot tyd nie net een vertolking van 'n Skrifgedeelte na vore kom nie; dat dit dikwels verwarring onder gelowiges en in kerke meebring; en dat ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar na die lig van die Skrif en die boodskap van God aan ons, sy Kerk, te soek.[1]

## 3 VERSLAE VAN DIE ALGEMENE SINODE WAT VORIGE EN BESTAANDE BESLUITE BEVAT

In hierdie soeke na verheldering oor hoe die NG Kerk die gesag van die Skrif moet verstaan en die Skrif moet lees, ook in etiese sake, het verskeie verslae sedert 1986 by Algemene Sinodes gedien: Skrifgesag en Skrifgebruik (1986); Skrifberoep in etiese sake (1990); Gesag van die Skrif (2002); en Skrifgebruik en Skrifgesag (2004).[2]
Die etiese vraagstuk rondom die Bybelse beoordeling van homoseksualiteit (en later Selfdegeslagverhoudings en Selfdegeslagverbintenisse) het gelei tot drie Algemene Sinode verslae: Homoseksualiteit: Wat sê die kerk? (1986); AKLAS (Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake) se verslag Homoseksualiteit (2004); en ATLAS (Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake) se verslag Homoseksualiteit (2007).[3]

## 4 DIE HUIDIGE AMPTELIKE STANDPUNT VAN DIE NG KERK OOR SKRIFGEBRUIK EN SKRIFGESAG

(aanvaar by Algemene Sinode 2004) vind ons in die Vrystaatse Kerkorde 2022.[4]

**1. BYBEL**
1.1 Skrifgebruik en Skrifgesag
Die Algemene Sinode keur die volgende verklaring goed en verwys dit na gemeentes en ringe vir bespreking:
1.1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom:
1.1.1.1 gesag het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;
1.1.1.2 betroubaar is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;
1.1.1.3 duidelik is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;
1.1.1.4 voldoende is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vergelyk NGB Artikel 7). Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.
1.1.2 Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié:
1.1.2.1 dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat 'n gawe van God is, moet opoffer nie;
1.1.2.2 dat die Bybel gesien kan word as 'n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;
1.1.2.3 dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;
1.1.2.4 dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.
1.1.3 Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van 'n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:
1.1.3.1 die klem wat van die begin af gelê is op 'n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;
1.1.3.2 die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;
1.1.3.3 die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeelde van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit

gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);

1.1.3.4 die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat 'n verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);

1.1.3.5 die dankbare, maar kritiese luister na die manier waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;

1.1.3.6 die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;

1.1.3.7 en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrifboodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.

1.1.4 Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons 'n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onsself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.

1.1.5 In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellinge en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10).

## 5 DIE UITDAGING VIR DIE NG KERK: 'N GESPREK OOR DIE SKRIF EN SELFDEGESLAGVERBINTENISSE

### 5.1 **Eksegese en Hermeneutiek**

In die verklaring van die Algemene Sinode (AS) van 2019 oor Selfdegeslagverbintenisse, erken die AS dat verskille in die NG Kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot "vasgelooptheid" gelei het en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg nodig is.[5]

Dis dikwels in die praktyk van interpretasie of vertolking van die Skrif – hermeneutiek – waar gelowiges ernstig van mekaar verskil en mekaar verloor, en nie omdat hul nie ernstig is oor die gesagvolheid van God se Woord nie. Sommige lees die Skrif meer letterlik, met ander woorde hulle aanvaar die woorde soos dit in die betrokke vertaling voorkom en neig daartoe om dit direk op ons tyd en lewe vandag toe te pas. Ander gelowiges weer – wat ook sterk voel oor die gesag van die Skrif – lees die Bybel sterker in die lig van die oorspronklike kultuur en konteks waarin dit ontstaan het en is versigtiger in hul toepassing daarvan op vandag. Beide groepe sou byvoorbeeld met die AS saamstem "dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit die hart van die evangelie van Jesus Christus verstaan moet word" – en dan nógtans by twee of meer interpretasies van 'n teks uitkom. Waarom gebeur dit?

In die proses van Skrifverklaring onderskei ons twee prosesse, eksegese en hermeneutiek, wat soos twee kante van 'n muntstuk is: Dit bepaal mekaar oor en weer. Eksegese word altyd vanuit 'n bepaalde verstaansraamwerk gedoen met sekere (bekende of verskuilde) vooronderstellings. Selfs al sou eksegetiese resultate as suiwer aangebied word, is dit dikwels die uitkoms van bepaalde hermeneutiese vertrekpunte.[6] Soos wat ons kennis van en insig in die teks vermeerder (dalk as gevolg van beter en meer betroubare bronne, of beter insig in die wêreld van die skrywer), verander ons verstaan van die teks ook. In 'n artikel van Potgieter (1988) beklemtoon hy dat korrekte Skrifvertolking primêr met die eer van God te doen het en dat die teologiese dissipline van Hermeneutiek beslag gekry het in die soeke na betroubare sleutels vir die korrekte ontsluiting van die Bybel.[7]

Die vraag na 'n betroubare hermeneutiese sleutel vir die ontsluiting van die Skrif in sy ware bedoeling is van deurslaggewende belang vir die kerk en teologie. Dit is dus 'n onontkombare en selfs blywende opdrag vir die teologie om ernstig te soek na reëls wat by die bestudering van die Bybel toegepas kan word ter wille van korrekte Skrifverstaan.[7]

Hermeneutiek laat die teks in vandag tuiskom, inkorporeer dit in ons eie wêreld op 'n kognitiewe en eksistensiële manier. Die betekenis van die teks word met die wêreld van die leser geïntegreer en deur hom of haar toegeëien.

Gelowiges sou kon vra of die waarhede in die Bybel dan nie absoluut en tydloos is nie. Is daar nie 'n "oorspronklike bedoeling" van die teks wat in alle omstandighede gehandhaaf moet word nie? Hierdie aanspraak op die "oorspronklike bedoeling" van 'n teks moet egter altyd weer getoets word. Vir eeue het die kerk Paulus se woorde in Efesiërs en Korintiërs aanvaar dat Christenslawe goeie slawe moet wees en dat dít die norm is vir ons nadenke oor 'n algemeen aanvaarde praktyk. Toe mensekennis en kultuurbeskouings egter in die 17e en 18e eeu uitbrei en verander, het daar stemme opgegaan téén hierdie praktyke. Veranderende tye het nuwe vrae aan die kerk gevra wat uiteindelik in die lig van die hele Skrif nuwe antwoorde gegee het. Dit het meer as drie eeue geneem en ook in ons eie land 'n groot impak op menseverhoudinge gehad, maar die Heilige Gees het gaandeweg die kerk met nuwe oë laat kyk na die verskriklike vergrype en uitbuiting van slawerny; die kerk moes leer om ánders en nuut na mense as beelddraers van God te kyk. Vandag word dieselfde tekste in Efesiërs en Korintiërs oor slawe heeltemal ánders gelees. [6]

In 'n publikasie oor die evaluering van eksegetiese en hermeneutiese argumente in die debat oor selfdegeslagverhoudings, met spesifieke verwysing na Romeine 1:26-27, hanteer Van Zyl (2016) die eksegetiese argumente afsonderlik van die hermeneutiese argumente. Die slotsom waartoe die skrywer in die beredenering kom, is dat dit die hermeneutiese insigte is – "die bril waardeur ons lees" – wat in die debat die deurslag gee en nie soseer die eksegese nie.[6]

Dit ís so dat daar oor tyd ook 'n verandering gekom het in die NG Kerk se leeswyse van die Skrif. Ons lees eenvoudig nie meer die Bybel op dieselfde (dikwels letterlike of fundamentalistiese) wyse as wat dit in die 1930's en 1940's gedoen is nie. Dink byvoorbeeld aan ons siening oor die rol van vroue in die kerk en samelewing, oor kultuurgebruike in dié verband en die huweliksverhouding tussen mans en vroue – dit lyk anders vandag en steeds neem ons die Bybel as bron vir ons nadenke oor en soeke na 'n Christelik-etiese norm waarvolgens vroue én mans behoort te leef. FE Deist het hierdie verskuiwinge in sy boek Ervaring,

Rede en Metode in Skrifuitleg – 'n Wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840-1990 uitgewys.[8] Om tot geldige vertolkings van die Skrif in ons tyd te kom, merk Cronje (2022)[9] op:
Wanneer die kerk dan in veranderende tye tot ander besluite as vroeër kom, beteken dit nie dat die gesag van die Skrif misken word, dat vroeëre geslagte verkeerd gehoor het, óf dat die kerk wisselvallig in haar besluite is nie. Dit beteken ook nie dat die Bybel verander het nie. Dit is ons wat verander en dit is ons kennis en omstandighede wat verander het. Ons mag en sal soms tot ander besluite as vorige geslagte kom. Dit gebeur omrede ons verder en anders as hulle sien. Ons sien soms verder en anders as ons voorgangers, want ons staan op hulle skouers.[9]

5.2 **Die Algemene Sinode, Hermeneutiek en Homoseksualiteit**
In die Algemene Sinode 2020 se Gids – Agtergrond en Inligting, Die Algemene Sinode se 2019-besluit oor selfdegeslagverhoudings, vind ons meer volledig die historiese verloop in "'n Storielyn: Die pad van die NG Kerk met selfdegeslagverhoudings sedert 1986", asook meer inligting oor "Skrifhantering: 'n Geskiedenis van onderlinge verskil".[10] Enkele perspektiewe daaruit kan hier gedeel word.

5.2.1 **AKLAS se verslag Homoseksualiteit (2004)3 – twee verstaansmoontlikhede**
In die debat oor selfdegeslagverhoudings is daar verskeie verstaansmoontlikhede rondom die Bybelse beoordeling van homoseksualiteit, beide kante met duidelike eksegetiese en hermeneutiese argumente. In AKLAS se verslag Homoseksualiteit wat in 2004 voor die AS gedien het, is hoofsaaklik twee verstaansmoontlikhede genoem: aan die een kant persone wat oortuig is dat die Bybel 'n sterk negatiewe oordeel uitspreek oor tekste wat beskou word as verwysings na die verskynsel van homoseksualiteit. Aan die ander kant persone wat dieselfde tekste beskou as verwysing na spesifieke, geperverteerde vorme van homoseksualiteit en wat op grond daarvan meen dat dit nie as veroordeling van homoseksualiteit as sodanig beskou word nie.[11]

5.2.2 **ATLAS se verslag Homoseksualiteit (2007)12 – 'n verslag met twee afsonderlike bylae**
Met die oog op 2007 se verslag Homoseksualiteit het ATLAS (Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake) reeds vanaf hul eerste ontmoeting besluit om in twee te verdeel. Hulle het besef dat hulle nie dieselfde oor homoseksualiteit dink nie en mekaar ook nie gaan oortuig nie. Die taakspan het gevolglik 'n verslag bestaande uit twee bylaes aan die AS 2007 voorgelê. Aspekte van belang waaroor verslag gelewer moes word, was: Vertolking van Skrifgegewens; Kerklike lidmaatskap; Toegang tot die besondere ampte; Verhoudings en huwelike tussen persone van dieselfde geslag; Pastorale ondersteuning; en Promiskuïteit. 'n Werkswyse gerig op grootste moontlike eenstemmigheid is gevolg.

5.2.2.1 **In die proses is daar breë konsensus oor die volgende sake bereik:12**
• Die Skrif – Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke en besluite oor homoseksualiteit soek ons eerlik om die Bybelse waarhede betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
• Mensgerigtheid – Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer moet word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing van Christus is vir alle mense en die Heilige Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
• Inklusiewe lidmaatskap – Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit by God se liefde en hulle behoort op grond van hulle doop en geloof as volwaardige lidmate van die kerk van Christus aanvaar te word. Onder volwaardige lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
• Huwelik – Alhoewel daar ook verskil van mening oor die huwelik bestaan, is daar konsensus dat die huwelik tussen 'n man en 'n vrou 'n belangrike instelling van God is.
• Promiskuïteit – Sowel heteroseksuele en homoseksuele promiskuïteit word as destruktiewe en sondige gedrag afgekeur.
• Pastorale ondersteuning – Die kerk behoort ondersteuningsisteme daar te stel en pastorale sorg, waar nodig, te verskaf aan persone wat op die een of ander wyse die werklikheid van homoseksualiteit beleef.[12]
TYG

5.2.2.2 **Daar was egter duidelike hermeneutiese verskille in die twee bylaes van 2007:12**
Die groot verskil in standpunt in 2019 en daarna, kan teruggevoer word na die 2007-verslag se twee bylaes oor homoseksualiteit. Die een standpunt het gelui dat homoseksuele persone ten volle aanvaar moet word op dieselfde basis as heteroseksuele persone; die ander dat homoseksuele verhoudings afgekeur moet word en dat homoseksuele persone "gerehabiliteer" kan word.

***Bylaag Een se benadering:***
Die eerste bylaag het geargumenteer dat homoseksuele gedrag binne vaste verhoudings van liefde en trou Christelik-eties aanvaarbaar is. Die volgende oortuigings is gestel:
(i) Die Skrifgegewens oor homoseksualiteit moet nie verstaan word as 'n afkeur van homoseksualiteit nie, maar eerder as bepaalde ongesonde en afbrekende vorme van seksuele gedrag;
(ii) Vaste verhoudings tussen persone van dieselfde geslag is Christelik-eties aanvaarbaar as dit gerig is op die vorming van 'n vaste verbintenis van liefde en trou;
(iii) Lewensverbintenisse tussen persone van dieselfde geslag behoort dieselfde legitimiteit as die huwelik te geniet;
(iv) Homoseksuele persone in nie-promiskue, vaste verhoudings van liefde en trou kan tot die besondere ampte in die kerk toegelaat word;
(v) 'n Bybels-gefundeerde pastorale model moet daarop gerig wees om homoseksuele persone te begelei om ook volgens 'n Christelik-etiese verantwoordelike leefstyl te leef;
(vi) Die menswetenskappe (die mediese wetenskap, die psigiatrie, sielkunde, ens.) ondersteun toenemend die gevolgtrekking dat mense se seksualiteit nie 'n doelbewuste keuse is nie, maar die gevolg is van 'n komplekse ontwikkelingsproses;
(vii) Seksuele oriëntasie kan nie terapeuties verander word nie, hoewel dit in sommige gevalle moontlik is om die seksuele gedrag van 'n persoon, anders as sy/haar seksuele oriëntasie, kunsmatig te manipuleer;
(viii) Die kerk word vanuit haar verbondenheid aan die boodskap van die evangelie geroep om die kulturele en sosiale vooroordele teen homoseksualiteit as sonde uit te wys;
(ix) Die kerk word verder geroep om die Godgegewe menswaardigheid van alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, te erken.[10]

Bylaag Een was meer positief oor die pluraliteit wat in die Bybel

gevind kan word, m.a.w. dat verskillende interpretasiemoontlikhede in gedagte gehou moet word wanneer oor homoseksualiteit gepraat word. Die groep het onderskeid getref tussen "hoofsake van die Bybelse leer" en "middelmatige sake" wat nie die eenheid van die kerk in gedrang moet bring nie. Hulle wou in ag neem dat daar tussen die tyd van die Bybelskrywers en die moderne leser eeue verloop het en dat nuwe wetenskaplike kennis voortdurend ontwikkel. Vir Bylaag Een hoort seksualiteit nie tot die sentrum van die Bybelse boodskap en ons geloofsleer nie, maar is dit 'n saak van die periferie. Die hermeneutiese raamwerk waarbinne hierdie bylaag na homoseksualiteit kyk, rus op die bedieningspatroon van Jesus met spesifieke verwysing na sy omgang met gemarginaliseerdes en die sentrale liefdesgebod as beslissende norm daarvoor.[11]

***Bylaag Twee se benadering:***

Die tweede bylaag het geargumenteer dat homoseksuele gedrag nie Bybels regverdigbaar is nie. Hierdie groep was oortuig dat die Bybelskrywers kennis gedra het van permanente homoseksuele verhoudings tussen mans sowel as vroue en dit verwerp het. Hulle logiese afleiding was daarom dat Jesus volstaan het by die tradisionele wetsvoorskrifte oor die huwelik en seksualiteit (en per implikasie dan ook oor homoseksualiteit). Bylaag Twee het ook die argument bespreek dat ons nie moet vra na die uitsprake van enkele tekste in die Bybel nie, maar na die gang van die Bybel.
Om te kies vir die saak van liefde en in die lig daarvan te sê dat ons eerder die homoseksuele persone so moet aanvaar soos hulle hulleself uitleef en nie enige liefdelose voorskrifte, gebaseer op enkele tekste, moet gee nie, is om uit die oog te verloor hoe 'n mens die etiese boodskap van die Bybel lees. Ons moet nie net lees wat daar geskryf staan nie, maar ook wat nié daar staan nie. Dit is duidelik dat vir die Bybelskrywers en eerste lesers dit vanselfsprekend was dat seksuele verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag verkeerd was. God het man en vrou gemaak om bymekaar te pas. Van ander verbintenisse het die mense van die Bybel wel geweet, maar dit is duidelik dat hulle oortuig was dat dit teen die Here se wil was.[10]

Bylaag Twee vra na Wat sê die Skrif? Die hermeneutiese uitgangspunt met betrekking tot homoseksualiteit is dat die hele Bybel se getuienis rakende seksualiteit bekyk moet word. Hiervolgens is seksualiteit 'n saak wat tot die sentrum hoort. Die konsekwente getuienis in die Skrif dat seksualiteit slegs binne die verbintenis van een man en een vrou, binne die huwelik uitgeleef kan word, is vir Bylaag Twee bepalend.[11]

### 5.3 'n Diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse

Die vraagstuk oor Skrifhantering en selfdegeslagverhoudings het verder by die Algemene Sinodes van 2013, 2015, 2016 en 2019 gedien waar bepaalde besluite daaroor geneem is. Dit het in die afgelope twee dekades duidelik geword dat daar 'n groot verskeidenheid van sieninge hieroor in die NG Kerk bestaan. Die "vasgelooptheid" in etiese gevolgtrekkings oor homoseksualiteit terwyl ons dieselfde Bybel lees, soos wat die 2019 AS-besluit dit uiteindelik gestel het, is daarvan tekenend. Daar is ook al gesuggereer dat ons in plaas van "vasgelooptheid", sou kon praat van 'n "verstrengeldheid". Verstrengeling kan ontknoop word.10 Daarvoor sou dit ons kon help om te onthou dat daar agter die verskillende standpunte oor selfdegeslagverhoudings 'n diep respek en agting vir God en sy Woord lê.
Onder diegene wat 'n ernstige kommer oor en 'n afwysende reaksie op die Algemene Sinode 2019 se besluit het, is dit hulle liefde vir God en medemens wat daartoe lei dat hulle nie ruimte kan maak vir enige iets wat na hulle oortuiging volgens die Bybel teen God se wil ingaan nie. Hulle is oortuig dat hulle God sal verloën en hulle medemens sal mislei wanneer hulle dit doen.
Vir diegene wat ruimte wil maak vir gelowiges uit die LGBTQI-gemeenskap om hulle seksualiteit met verantwoordelikheid teenoor God uit te leef, is dit juis ook hulle liefde vir God en medemens wat hulle dring. Daarom verwelkom hulle 'n besluit wat dit aan mindere kerkvergaderings oorlaat om in hulle eie konteks en in die lig van die Skrif, hieroor etiese besluite te kan neem.[10]

## 6 'N SLOTWOORD

Die persone wat hierdie verslag opgestel het beskou dit as 'n voorlopige verslag met die oog op sinvolle, konstruktiewe gesprek wat kan help om die "verstrengeldheid" wat ontstaan het te ontknoop. Die gebed is dat dit sal help dat die gesprekke wat hierop vol al meer helderheid kan bring oor wat voor- en teenstanders van die besluite oor SGV presies bedoel, hoe hulle tot daardie oortuigings kom, en dat ons so almal saam, onder leiding van die Heilige Gees en in die lig van die Skrif, al meer duidelikheid kan kry oor wat ons Here vir sy kerk wil sê oor hierdie saak. Indien enige persoon voel dat daar in hierdie verslag nie reg geskied is aan sy of haar siening nie, of selfs 'n wanvoorstelling geskep is, vra ons verskoning en nooi ons u om ons in kennis te stel en reeds die gespreksgeleenthede te gebruik om dit reg te stel.

***Bronnelys***


1.https://www.ngkerkvrystaat.co.za/portal/login/documents/165_Handelinge%20Vrystaat%20Sinode%202022.pdf
2.http://ngkerk.net/wp-content/uploads/2020/09/Algemene-Sinodebesluite-oor-SKRIF-1986-1990-2002-2004.pdf
3.https://www.kerkargief.co.za/doks/navorsing/Selfdegeslag1982_2015.pdf
4.https://www.ngkerkvrystaat.co.za/portal/login/documents/223_DIE%20KERKORDE%20VS%202022%20-%20VOLLEDIG.pdf (p.242 ev)
5.https://ngkerk.net/wp-content/uploads/2020/10/HANDELINGE-ALG-SIN-OKT-2019-FINAAL-VOLKLEUR-GETEKEN-1.pdf (p.200)
6.Van Zyl, H.C., 2016. 'Romeine 1:26-27: Evaluering van eksegetiese en hermeutiese argumente in die debat oor selfdegeslagverhoudings', In die Skriflig 50(2), a2072.
7.Potgieter, P.C., 1988. Selfgetuienis en interpretasie. HTS Teologiese Studies 44(2):420-433.
8.Deist, F.E., 1994. Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg – 'n Wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840-1990. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
9.Cronje, F. 2022. Om tot geldige vertolkings van die Skrif in ons tyd te kom. Kerkbode 3 Augustus 2022.
https://kerkbode.christians.co.za/2022/08/03/om-tot-geldige-vertolkings-van-die-skrif-in-ons-tyd-te-kom/
10.Algemene Sinode 2020: Gids: Agtergrond en Inligting, Die Algemene Sinode se 2019-besluit oor selfdegeslagverhoudings. Konsepdokument vir bespreking deur ASM, Maart 2020.
https://kerkbode.christians.co.za/2020/03/04/selfdegeslag-besluit-nuwe-gids-wil-sinodes-en-lidmate-help/
11.Van der Westhuizen, H., 2020. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, hermeneutiek en etiek? (1986-2019). Stellenbosch Theological Journal 2020, Vol 6, No 3, 79-109.

DOI: https://doi.org/10.17570/stj.2020.v6n3.a2

12.https://ngkerk.net/wp-content/uploads/2020/10/HANDELINGE-ALG-SIN-OKT-2019-FINAAL-VOLKLEUR-GETEKEN-1.pdf

# VERSLAG VAN DIE STUDIEGROEP BELYDENNISGRONDSLAG AAN DIE NG KERK VRYSTAAT (STREEKSKONFERENSIE NOVEMBER 2022)

"My enigste troos in lewe en dood
is dat ek aan Jesus Christus behoort –
dis my anker, my vaste hoop.
Ek behoort aan die Here."
(Lied 292, na die Heidelbergse Kategismus, Sondag 1)

## 1 INLEIDING

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat het in Maart 2022 die volgende besluit geneem:

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat,
1. Neem kennis van die verslag van die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake;
2. Bevestig dat die opdrag wat deur die Sinode van die NG Kerk Vrystaat in 2017 aan die taakspan gegee is, sake van belang vir ons kerkverband en gemeentes aanspreek;
3. Bevestig ook dat die NG Kerk Vrystaat haar in sake van teologiese- en etiese belang, wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf;
4. Bevestig ook dat soos daar in ons lees en vertolking van die Skrif behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, so ook in ons lees en vertolking van die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie in ons omstandighede vandag;
5. Is bewus daarvan dat daar by leraars en lidmate 'n behoefte is aan sekerheid en 'n bondige en bevatlike uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-Enig; sy skeppingswerk; Christus as ons Verlosser in sy persoon en werk; ons regverdiging en heiligmaking uit genade en deur geloof alleen; die Kerk as een, heilig, algemeen en Christelik; en die bede om verlossing van die bose;
6. Besluit daarom dat die oorspronklike opdrag en die verslag van die Taakspan vir Aktuele en Leerstellige Sake verwys word na 'n tydelike studiegroep uit die geledere van die NG Kerk Vrystaat saamgestel, om in oorleg met die Moderamen,
i. 'n kort uitleg aan die hand van die Apostoliese Geloofsbelydenis en ons belydenisskrifte oor die aspekte hierbo genoem, voor te berei;
ii. Dit vir goedkeuring aan die Moderamen voor te lê, en indien aanvaar, dit in die kerkverband vir gesprek in gemeentes versprei;
7. Versoek die studiegroep en Moderamen om hierdie opdrag en dokument teen nie later as September 2022 te voltooi en aan gemeentes van die NG Kerk Vrystaat vir bespreking beskikbaar te stel nie.

**Voorsteller:** Ds FH Lamprecht
**Sekondant:** Dr A Mostert

By sy eerste vergadering in April het die Moderamen hierdie opdrag bespreek en bevestig dat so 'n verslag oor ons belydenisgrondslag in samehang met die ander besluite van die Sinode oor Skrifgesag en -hantering, kerkverband, teologiese opleiding en kwessies rakende die 2019-besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverbintenisse gelees en hanteer moet word. 'n Studiegroep onder leiding van ds Charles James is hiervoor saamgestel (ander lede: di JH Venter, A van Rooyen, D de Beer, C Viljoen, J Venter, F Lamprecht, dr M Laubscher en prof LOK Lategan). Ds. Francois Lamprecht, Jan Venter van Clarens en dr. Martin Laubscher het van die taakspan onttrek. Die studiegroep kon weens 'n verskeidenheid van faktore waaronder ook die omvang van die opdrag en tydsdrukte, nog nie voldoende vorder om 'n afgeronde verslag hieroor te voltooi nie en volstaan voorlopig deur enkele bronne en perspektiewe met die oog op 'n breër gesprek in die NG Kerk Vrystaat voor te lê.

## 2 ENKELE HISTORIESE AANTEKENINGE: ONS KOM 'N LANG PAD, EN STEEDS... LEIDING

In 1865, toe die eerste sinode van die NG Kerk in die Vrystaat byeengekom het, is 'n kerkorde saamgestel waarvan die eerste artikel gelui het:

"De Nederduitsche Gereformeerden Kerk van den Oranje-Vrijstaat grond zich op de leer en tucht, vastgesteld door de Synode van Dordrecht in 1618-1619, en uitgedrukt in de belijdenisschriften en formulieren van Eenigheid onzer Kerk, welke zij aanneemt als overeenkomstig met Gods Woord."
(Wetten en Bepalingen van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in den Oranjevrijstaat, 186: Artikel 1).

Deur die eeu-en-'n-half sedert daardie eerste sinode, het die NG Kerk in die Vrystaat meermale en in verskillende kontekste hierdie formulering van haar belydenisgrondslag herlees en bedink – soos tans weer in 'n aktuele gesprek oor wie ons is en wat ons roeping hier behels. In die dertigerjare van die vorige eeu, byvoorbeeld, te midde van 'n felle teologiese stryd rondom prof. Johannes du Plessis, het die Vrystaatse sinode bepaal dat voornemende predikante by hul bevestiging hier 'n aanvullende verklaring sou moes aflê: Nie net die belydenisskrifte nie, maar óók...

"Ek verklaar en bely opregtelik en met goeie gewete voor die Here:
1) dat die Bybel die Woord van God is; (en nie dat die Woord van God ín die Bybel is nie);
2) dat die Bybel in al sy dele van God ingegee en daarom in al sy dele onfeilbaar is;
3) dat die wondere van die Bybel nie deur menslike rede verklaar kan word nie, maar alleen met kinderlike geloof aanvaar moet word;
4) dat die verhaal van die Skepping en van die sondeval, soos in Genesis vervat, onfeilbaar geïnspireerde heilsgeskiedenis is;
5) dat die geskiedenis soos die Ou Testament self ons dit voorhou tot ons heil gehandhaaf moet word teenoor die ewolusio-

nistiese rekonstruksie-teorie van die Hoër Kritiek;
6) dat Jesus Christus in sy aardse omwandeling nie alleen in etiese sin heilig en sonder sonde was nie, maar dat Hy ook intellektueel sonder dwaling, leuen of bedrog was;
7) dat die leer van Jesus Christus oor Moses as skrywer van die Pentateug, oor Jona in die vis, oor Dawid as skrywer van Psalm 110, oor die ganse Skrif onfeilbaar is; en
8) dat Jesus Christus altyd die Waarheid is.

*(Wette en Verordeninge vir die bestuur van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1948; Artikel 10/Bepaling 6 1972).*

Uit dieselfde geledere waar op hierdie hermeneutiese uitgangspunte aangedring is vir ons lees van die Skrif en belydenis, het ongelukkig ook 'n tipiese standpuntstelling soos dié van ds. CR Kotzé gekom: "Ons leer van die Bybel, die geskiedenis en praktiese ondervinding dat nie vermenging nie, maar apartheid waarlik Christelik is" ("Uit die Vrystaat", Kerkbode, 22 September 1948). Ironies genoeg is sulke standpunte nie in die lig van ons belydenisskrifte – soos die Heidelbergse Kategismus Sondag 21 oor die kerk, Sondag 40 oor respek vir die lewe van my naaste sowel as die Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 oor die waardigheid van alle mense voor God – verantwoord nie. Die historikus MCE van Schoor, sou nietemin in die Vrystaatse Gedenkboek van 1964 met klarigheid stel:

"... moontlik die allervernaamste kenmerk van die NG Kerk in die Vrystaat (is) dat sy predikante, ouderlinge, diakens en lidmate altoos daarop bedag was om die gereformeerde kerkleer suiwer te bewaar en vanuit hierdie suiwer leer te leef en te wandel. Nie met die dowwe flikkerende lig van mense nie, maar met die suiwer Lig van God..."
Kort daarná het die moderator van die 39ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat dit as volg beaam:
"... Oor al die jare heen bewys Sinodale besluite dat daar koersvastheid was en dat daar steeds behoudendheid beoefen is. Die Bybel was steeds die norm en van die belydenisskrifte moes nie afgewyk word nie."
Dít was die voedingsbodem waaruit besluite gekom het om 'n eie teologiese opleiding in Bloemfontein aan die Universiteit van die Vrystaat te begin, in 1978. Twee dekades later, is daar egter juis uit dié Fakulteit gevra of "die NG Kerk nog die NG Kerk is?" Ten opsigte van ons belydenisgrondslag skryf die kerkhistorikus RM Britz dan:
"Hierdie belydenisskrifte wil derhalwe niks anders wees nie as woorde onder die Woord... Hulle put uit die Skrif, maar vervang nie die Skrif nie... In pas met die Skrif, gaan dit in die gereformeerde belydenis oor die soewereine genade van God... Die vraag is waarom die belydenisskrifte, ten spyte van hulle aktualiteit, tog in 'n gereformeerde kerk in die vergeethoekie beland? Allereers gebeur dit as die kerk die Skrif en sy gesag as openbaring van die Vader ter syde stel. Sonder die Skrif kan die gereformeerde belydenis hom nie handhaaf nie."
Teen die einde van die 20ste eeu wás daar dus in die NG Kerk Vrystaat 'n gesprek oor haar gereformeerde identiteit aan die gang, sodat die 50ste Sinode van dié kerk in 2005 hieroor 'n spesifieke besluit sou neem:

1 Ons glo dat die Bybel God se skrifgeworde openbaring is. Ons bely daarom dat die Bybel God se woord in mensetaal is wat deur die Heilige Gees geinspireer is en God se norm vir ons lewe is. Die Bybel moet na sy aard en bedoeling vertolk en verklaar word, met dien verstande dat die Bybel sy eie uitlegger is en dat elke gedeelte in sy verband uitgelê moet word. Ons glo dat 'n lewende, persoonlike verhouding met God belangrik is vir die verstaan van die bedoeling van die Skrif.
2 Ons erken dat die post-moderne tydsgees daartoe lei dat waarhede gerelativeer word. Ons het begrip dat dit tot identiteitskrisisse en tot onsekerheid kan lei. Daarom verklaar ons opnuut ons gehegtheid aan ons gereformeerde belydenisskrifte: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leereëls. Ons aanvaar hierdie belydenisskrifte as bindend omdat dit ooreenstem met die Bybel as die Woord van God. Die inhoud van die belydenisskrifte moet in ons harte leef. Ons vra leraars om die inhoud van die Belydenisskrifte weer op 'n nuwe, vars manier in gemeentes bekend te stel.
3 Ons sien ons eredienste as ontmoetings met die lewende God waar Hy deur sy Woord en Gees teenwoordig is. Hierdie waarheid maak dat elke byeenkoms gekenmerk word deur 'n diepe respek vir God. Ons erken dat daar verskillende spiritualiteite in ons kerk is wat in die diversiteit van ons aanbidding sigbaar geword het. Ons verklaar egter dat daar geen plaasvervangers kan wees vir deeglik voorbereide eredienste waar Skrifgefundeerde prediking, die wet van God en die belydenis sy plek kry nie. Ons staan daarby dat daar sekere hoekstene is wat ons eredienste kenmerk maar erken dat daar op Skrifgetroue, verantwoordelike en stylvolle wyse met die boustene op daardie hoekstene gebou kan word.
4 Ons verstaan ons roeping dat ons "Lig in die duistemis" is: "Hier vir God, vir mekaar en vir die wêreld'. Ons glo dat die waarhede van die Bybel in ons konteks moet tuiskom. Daarom aanvaar ons die uitdaging om gestuurde gemeentes te wees; mense wat diep onder die indruk is dat ons uit genade gered is en nou uit dankbaarheid 'n verskil wil gaan maak in die gebroke wêreld rondom ons. Die besinning oor gereformeerde identiteit is 'n noodsaaklike en voortgaande gesprek. Daarom onderneem ons om voortdurend hieraan aandag te gee.

In 2014 en 2015 sou dié "noodsaaklike gesprek" in die Vrystaat voortgaan toe gemeentes en die sinode oor 'n moontlike wysiging van Artikel 1 oor die belydenisgrondslag van die NG Kerk om die Belydenis van Belhar daarin te akkommodeer, moes besluit. Verskillende standpunte en perspektiewe oor die interpretasie van ons belydenisgrondslag is gestel. Daar is gewys op die onderskeid tussen die vroeë ekumeniese credo's (Nicea, Apostolicum en Athanasius) en die 16e eeuse Reformatoriese belydenisskrifte, en hoe laasgenoemde telkens weer in 'n ander konteks, wou getuig van die waarheid in die oorspronklike credo's opgesluit. Soos wat WD Jonker tewens ook in sy nadenke oor die "Gereformeerde belydenis vandag", die Belydenis van Belhar toegelig het en dan stel:
"Die hoofkenmerke van die Belhar-belydenis is die eenvoud en doksologiese styl daarvan, die opneem van 'n groot aantal Bybelse uitdrukkings, frases en sinspelings in die teks, die akkurate en vloeiende woordgebruik en die aansluiting by die tradisionele gereformeerde konfessionele styl."
Die vraag na hoe die NG Kerk in die Vrystaat vandag haar belydenisgrondslag verstaan en in watter mate dit in haar teologiese besinning en -opleiding, eredienste en kategese, haar kerkorde en getuienis in 'n gesekulariseerde land funksioneer, is dus wesenlik en aktueel. Dit is teen daardie agtergrond dat ons die versoek van die Sinode in Maart 2022 verstaan en verdere riglyne sou wou ontwikkel.

## 3 'N HERMENEUTIEK VIR SKRIF ÉN BELYDENIS

Uit die kort historiese oorsig en enkele aantekeninge hierbo, is dit duidelik dat die lees van die Skrif en ons gereformeerde belydenisskrifte onlosmaaklik saamhang. Anders gesê: Ons lees sowel die Bybel as die Kategismus deur dieselfde bril, en die keuse vir daardie spesifieke bril word weer bepaal deur 'n dieper oortuiging oor beide – wat ís die Bybel vir jou, en die belydenis? Hieroor word daar tans wyd in die NG Kerk nagedink. Verskillende studieprojekte is in die Wes-Kaap en Namibië aan die gang oor die hermeneutiek en eksegese van ons belydenisskrifte, soos waartoe trouens ook die gesprek in die Vrystaatse NG Kerk kan bydra. Die "herontdekking" van ons gereformeerde belydenis in die afgelope twee dekades in die breëre NG Kerk spreek boekdele. Dit het duidelik geword uit die besinning oor die Nagmaal aan dooplidmate en die verband tussen die twee sakramente van Doop en Nagmaal (1998 en daarná); uit die groter gesprek rondom die Belydenis van Belhar (1990 tot 2015) en in die voortgaande besinning oor die gesag van die Skrif (verskeie verslae sedert 2004). Vir hierdie studiegroep en sy opdrag deur die Vrystaatse Sinode gegee, lê daar nog 'n hele weg voor.
Ons is wel dankbaar om op hierdie stadium, 'n gespreksdokument van ATLAS uit 2017 vir ons plaaslike gesprekke in ringe, gemeentes en kerkrade beskikbaar te hê en vir verdere gesprek aan te beveel – ons sluit dit daarom as BYLAAG 1 by ons verslag in.

## 4 'N KORT VERKENNING VAN DIE WEG VORENTOE

Die Vrystaatse Sinode van 2022 se opdrag rondom ons belydenisgrondslag het met drie hoofsake verband gehou: 'n Versoek van die vorige sinode (2017) dat die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake (STALS) 'n ondersoek sal doen na hoe ons ons belydenisskrifte verstaan in die lig van algemene sinodale besluite oor die Bose (2011) en selfdegeslag-verbintenisse (2015 en 2016), en dan ook 'n behoefte dat daar weer 'n keer duidelik gesê sal word hoe ons in die NG Kerk die kern van ons geloofsbelydenis oor God Drie-Enig verstaan, spesifiek veral rondom Christus in sy Persoon en werking, vleeswording en opstanding. Hierdie is omvangryke sake.
Oor laasgenoemde – ons Credo, nl. die Geloofsbelydenis van Nicea en Apostolicum – het daar in die onlangse verlede verskeie publikasies verskyn waarna ons belangstellende lidmate sou kon verwys. Ons sal graag verder hierop wil ingaan. Voorlopig herinner ons mekaar daaraan dat dít wat Sondae in ons eredienste uit hierdie ekumeniese belydenisse gehoor en deur die gemeente bevestig word, ook by die doopvont en Nagmaalstafel, inderdaad die essensie van ons Christelike geloof is. Korter en duideliker kan ons dit nie bely nie.
Oor die kwessie van selfdegeslag-verbintenisse is die verslag van STALS – wat vir verdere bestudering na onder andere hierdie studiegroep verwys is – 'n illustrasie van die noue verband tussen ons vertaling en vertolking van die Skrif en hoe dit inderdaad ons vertaling en vertolking van die belydenisskrifte sal beïnvloed. Nadat die STALS-verslag tereg uiteensit wat die breër strekking van die belydenisskrifte se boodskap is oor die natuur van die mens, God se genadeverbond, liefde en die wet van God en die oproep tot bekering, gaan dit uitgebreid in op die "parafrase" van 1 Korintiërs 6:9 en 10 wat in Sondag 32 Vraag 87 van die Heidelbergse Kategismus gegee is: Wie in 'n "goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie" – "sulkes" – sal die koninkryk van God nie beërwe nie. Die interpretasie van die Skrifteks – wat volgens die verslag oor "die sonde van homoseksualiteit" handel – voed gevolglik ook die verstaan van wat die Kategismus op hierdie punt bedoel; dit kan nie anders nie. Dit lê op die dieper vlak van die hermeneutiek – "die bril" – waarmee die leser Skrif én belydenis vanuit sy of haar eietydse konteks en oorwegings benader en moet soek na die oorspronklike bedoeling van 'n Paulus of 'n Ursinus, alvorens dit na ons 21ste eeu oorgebring kan word. Ons meen dat wanneer die NG Kerk in die Vrystaat oor haar belydenisgrondslag besin, sy haarself ook sal moet verantwoord oor Skrifgebruik in die 16e eeuse belydenisskrifte. Daarvoor het ons studiegroep nog meer tyd nodig.
Dieselfde uitdaging word duidelik wanneer ons oor die derde kwessie – dit wat ons as gelowiges oor die Bose glo en bely – moet sê. Dit is 'n belangrike vraag waarom daar nie in enige van die drie vroeë Credo's van die Christelike Kerk enige verwysing na die Bose is nie: Nóg Nicea, nóg die Apostolicum òf die Geloofsbelydenis van Athanasius nie. Dit, terwyl daar wél sterk uitsprake in die Vroeë Kerk oor die duiwel en die oorsprong van sonde en boosheid gemaak is. Geloof het egter met Gód te doen; gelowiges word deur profete en apostels opgeroep om hul oog gerig te hou op Christus en in die ligkring van sý teenwoordigheid en oorwinning te leef – en oor dáárdie "Lig uit Lig" gaan dit in ons oudste Christelike geloofsbelydenisse, nié oor die duisternis nie. Dit is van die Skrif ook waar: Ons vind min tussen Genesis en Openbaring oor die identiteit, herkoms of wese van die Bose self – 'n "uiterste soberheid" (JA Heyns). En boonop is daar 'n "duidelike ontwikkeling" in die Bybelse sieninge rakende Satan "tussen Job en Jesus", dit wil sê vanuit die Ou- na die Nuwe Testament anderkant die Ballingskap. Wat ons veel meer en dringender teëkom in veral die Nuwe Testamentiese briewe, is waarskuwings teen die werkinge van die Bose in die werklikheid waarin ons leef en in ons onderlinge verhoudinge. Daar ís "teenspraak en weerstand teen God se heerskappy"; Karl Barth noem dit "das Nichtige" – die "nee" wat uitgeroep word téénoor God se "ja" in sy goeie Skepping, in Christus en in sy verlossing en herskepping van mense. In hierdie verband bied die verslag van ATLAS wat in 2011 voor die Algemene Sinode gedien het oor 'n "Bediening van Bevryding", 'n lesenswaardige oorsig van Skrifgegewens oor die Bose en die sieninge van teoloë uit die geskiedenis van die Christelike Kerk tot in die 20e eeu. Dit was 'n ondersoek na aanleiding van vrae uit gemeentes oor praktyke om "demone en bose geeste uit mense te dryf"; praktyke waaroor daar ook kommer by pastorale terapeute bestaan het. Wat wel opval, is dat die verslag van ATLAS in hul beredenering nie na die gereformeerde belydenisskrifte uit die 16e eeu verwys het nie, met één uitsondering – Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus oor ons enigste troos in Jesus Christus. In 'n volgende verslag aan die Algemene Sinode van 2015 het dit egter wél gebeur, moontlik ook in reaksie op kritiek wat teen die vorige verslag ingebring is; hierdie keer spesifiek ten opsigte van Artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die bestaan van die Bose en demoniese magte. In hierdie verslag word 'n belangrike hermeneutiese perspektief gestel:
"... die teks van die NGB kan nie as rasionele bewys (in die wetenskaplike sin van die woord) dien vir die bestaan van allerhande geestelike en hemelse wesens nie. Dit is ook nie die bedoeling van die teks om dit te doen nie. Die bedoeling van die teks is om die geloof in die werklikheid en destruktiewe aard van die boosheid op aarde sonder twyfel te bely..."
Ons is daarom oortuig dat dit wat die Nederlandse Geloofsbe-

lydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls wél oor die Bose, "geeste en engele", "die duiwels" en ons "drie doodsvyande" getuig, ons verdere aandag verg en sal graag daaroor meer aan die Sinode wil voorlê.

Daar is laaste aspek aan ons opdrag verbonde en wat ook in die verslag van STALS aangespreek is, en dit is die vraag óf besluite van die Algemene Sinode soos dié van 2011 en 2019 ons verband as kerke met mekaar op grond van Artikel 1 van ons Kerkorde – oor die Bybel en ons belydenisgrondslag – verbreek? Hierdie vraag is essensieel vir ons besinning oor die pad van die NG Kerk Vrystaat vorentoe, dit hang saam met ons Skrifbeskouing en -hantering én moet sonder twyfel ook vanuit ŉ kerkregtelike perspektief (ekklesiologies) beantwoord word. Verskillende stemme sal in so ŉ gesprek gehoor moet word, en daarvoor het ons nog tyd nodig.

## 5 TOT SLOT, VOORLOPIG

Wanneer die Heidelbergse Kategismus op Sondag 7 vra "Wat moet ŉ Christen glo?", wil dit deurdring na die essensiële, die kern van ons geloof – en volg die antwoord dan:

"Alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer."

Miskien kan dit ons help om in hierdie gesprekke wat nou in die NG Kerk Vrystaat gevoer word, óók met mekaar te praat oor wat dáárdie "in hoofsaak" beteken. Ons bedien in gemeentes en tussen lidmate wat daagliks ŉ stryd te voer het, om oorlewing, maar ook om hul getuienis van die Lig wat nie deur die duisternis oorwin kon word nie, vol te hou. Ons landstreek vra na ŉ boodskap van hoop. Laat ons mekaar dan herinner aan Hóm oor Wie dit ter aanvang en ten slotte altyd weer in ons belydenis gaan:

**"Enigste Here, enkele Wese,**
**ons glo in U met ons hele hart.**
**Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons:**
**U is vir ewig God en Heer.**
**U, onbegryplik, U is onsienlik,**
**altyd dieselfde, oneindig groot.**
**U is almagtig, wys en regverdig –**
**U is die bron van alle goed."**

**(Lied 265, na die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 1)**

---

"Die NG Kerk in die Vrystaatse Republiek, 1862-1902", in Oberholzer, JJ. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein: NG Kerk in die OVS, 1964:109.

"Vergeetboeke? Die aktualiteit van die gereformeerde belydenisskrifte", in Snyman, SD. Is die NG Kerk nog die NG Kerk, Wellington: Hugenote Uitgewers, 1998:89-96. Sien ŉ soortgelyke stelling in die bekende publikasie van WD Jonker uit 1994, Bevrydende Waarheid. Die karakter van die gereformeerde belydenis: "Hoewel die gesprek oor die betekenis van die belydenisskrifte in ons land nog nie op die voorgrond getree het nie, is mens daarvan bewus dat die belydenisse nie altyd in die kerklike lewe funksioneer soos dit die geval behoort te wees nie. Onbekendheid met die belydenisskrifte en ŉ bepaalde bevooroordeeldheid daarteen kom by baie lidmate voor" (pp 152-153).

Bevrydende Waarheid..., 1994:169.

Sien o.a. die drieluik van DJ Smit, Vernuwe! Na die beeld van ons Skepper (2003), Lig uit Lig. Wat Christene bely oor Jesus Christus (2001) en Wat Here is en lewend maak. Wat Christene bely oor die Heilige Gees (2001) – aldrie by Lux Verbi uitgegee; asook So glo ons. Gelowig nagedink oor God, die Bybel en ons leefwêreld (Piet Meiring, red. e.a., 2001) en The Apostle's Creed for Today (Justo L Gonzalez, 2007).

In sy "Dogmatiek" (1978:166-174).

Aldus prof A König in sy meer populêre hantering van die tema in Fokus op die 300 Geloofsvrae wat mense die meeste vra (2001:202-203, 208-209, 246-247, 255-257 en 372-373).

Barth, aangehaal in die diepgaande beredenering oor die Bose deur JJF Durand, Die Sonde, 1978:64-94.

Te lees by https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2011.pdf ; dit is pp 174-189 in die Agenda van die Algemene Sinode en bied ook ŉ omvattende bronnelys van teologiese werke oor hierdie tema.

Te lees by https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2015.pdf ; dit is pp 283-292 in die Agenda van die Algemene Sinode, aangedui as Bylaag 4 in die verslag van ATLAS.

# VERSLAG VAN DIE STUDIEGROEP KERKVERBAND EN ARTIKEL 37: AAN DIE NG KERK VRYSTAAT (STREEKSKONFERENSIE NOVEMBER 2022)

## 1 OPDRAG EN WERKSWYSE

Die NG Kerk in die Vrystaat het tydens haar 54ste sinodesitting in Maart 2022 in Bloemfontein geoordeel dat daar nie genoegsame inligting oor die betekenis en implikasies van 'n Artikel 37-besluit – naamlik om uit die verband met die Algemene Sinode te tree, soos deur 'n aantal beskrywingspunte aan die Sinode versoek – voor die vergadering is nie, en is dit na die Moderamen verwys vir verdere hantering. Die besluit het gelui:

"Die Sinode versoek die Moderamen om met alle inligting ter tafel en alle besluite deur die Sinode geneem wat daarop betrekking het, en in oorleg met die Taakspan en die reg tot koöpsie, 'n inligtingstuk oor Artikel 37 en kerkverband saam te stel en dit na gemeentes en Ringe vir bespreking te verwys, met terugvoer na die Moderamen voor September 2022. Op grond van die terugvoer ontvang, word die Moderamen dan versoek om te besluit oor die noodsaak om voor die volgende sitting van die Algemene Sinode, 'n buitengewone sitting van die Vrystaatse Sinode saam te roep."

Die Moderamen het hierdie opdrag in April 2022 aan drie tydelike studiegroepe opgedra, en ons groep versoek om veral inligting oor die kerkregtelike implikasies van 'n Artikel 37-besluit te versamel. Die "Studiegroep Kerkverband en Artikel 37" het drie vergaderings via Zoom gehad, asook 'n uitgebreide werksessie saam met die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) op 4 Augustus in Winburg. Ons gesprekke was openhartig en intens, en dokumentasie is gereeld tussendeur per e-pos gewissel. 'n Omsendskrywe is op 20 Junie 2022 na alle gemeentes en leraars in die Vrystaat uitgestuur om die proses van oorlegpleging te verduidelik.
Ons gee hiermee graag as volg terugvoer aan die Moderamen en gemeentes.

## 2 DIE BETEKENIS VAN ARTIKEL 37 IN DIE KERKORDE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT (2022)

"Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig."

Ons heg hierby aan (BYLAAG A), die volledige advies van die STK oor die strekking, betekenis en implikasies van Artikel 37 vir kennisname deur gemeentes van die NG Kerk Vrystaat. Die drie belangrikste punte uit die advies, is die volgende:
2.1 Die "samestellende kerke" waarna verwys word, is nie onderskeie gemeentes van die NG Kerk nie, maar die onderskeie selfstandige "sinodes" of dan die NG Kerk in die Vrystaat en ander (Kaap, Natal, "Transvaal", Namibië ens.). Hierdie artikel is dus op 'n kerk soos die NG Kerk Vrystaat van toepassing en sal 'n sinode van hierdie kerk kan besluit oor uittrede "uit die algemene sinodale verband" al dan nie.
2.2 Die "behoud van alle regte, voorregte, besittings en naam" beteken dat 'n uittredende sinode steeds as die NG Kerk (bv. Vrystaat) bekend sou staan en alle funksies en bevoegdhede soos in Artikels 32 tot 36 van die Kerkorde selfstandig kon behartig. Artikel 32 bepaal dat 'n sinode "saamgestel (word) uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader", en dat so 'n samestelling deur die Algemene Sinode gewysig kan word op versoek van die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat.
2.3 Die STK en ons as Studiegroep voel sterk daaroor dat die Sinode (en gemeentes) sal kennisneem dat Artikel 37 nie bloot om 'n kerkregtelike prosedure gaan nie, maar primêr op 'n teologiese beslissing neerkom: "wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig." Dit beteken dat alvorens die NG Kerk Vrystaat sou kon besluit om op grond van Artikel 37 uit die algemene sinodale verband te tree, daar duidelikheid oor die teologiese gronde hiervoor verkry sou moes word. Met só 'n besluit getuig ons immers teenoor mekaar en die wêreld wat ons glo oor die waarheid van God se Woord en die boodskap daarvan in ons tyd en konteks. In hierdie opsig is só 'n stap nie dieselfde as besluite wat vroeër op geografiese-, demografiese- of organisatoriese redes geneem is om die voormalige "NG Kerk in Suid-Afrika" in Wes-, Oos- en Noordkaapse sinodes te verdeel of die "NG Kerk in Transvaal" in vier streeksinodes nie. Dit gaan volgens ons in Artikel 37 om 'n belydeniskwessie wat verband hou met Artikels 1 en 2 van ons Kerkorde en Artikels 27, 28 en 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.
Hierdie punt vra vir verdere oorweging.

## 3 TEOLOGIESE GRONDE VIR 'N UITTREDE UIT DIE ALGEMENE SINODALE VERBAND VAN NG KERKE

Die betrokke artikels in ons Kerkorde en die Nederlandse Geloofsbelydenis waarna verwys is, lui as volg:

**Artikel 1 en 2 van die Kerkorde:**

"Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe-en-dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls."

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus."

**Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 27:**

"Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning... Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig.

**Artikel 28:**

"Ons glo... dat niemand, wat sy stand of status ook al is, in selftevredenheid hom van hierdie vergadering afsydig mag hou nie. Inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie... Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God."

**Artikel 29:**

"Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is... Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf. Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. ... Wat die valse kerk betref: Dit skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf. Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word."

Ons was nie in ons studiegroep eenstemmig oor waar die NG Kerk haar in algemene sinodale verband óf dan die NG Kerk Vrystaat haarself teen die agtergrond van hierdie geloofsartikels en bepalinge in ons Kerkorde, tans bevind nie. Sommige lede pleit vir 'n behoud van die eenheid van ons kerkverband en vra daarom vir verdere gesprek in die NG Kerk Vrystaat en met die Algemene Sinode, om verskille in byvoorbeeld ons vertolking van die Skrif oor sekere etiese- en teologiese sake te kan hanteer. Ander lede in ons studiegroep voel baie sterk daaroor dat die eenheid van ons kerkverband in algemene sinodale sin reeds verbreek is deur besluite van die Algemene Sinode in 2019 (en vroeër). Volgens hulle staan die Algemene Sinode as kerkvergadering nie meer gegrond op "die Bybel as heilige en onfeilbare Woord van God nie" en dít is waarom daar gemeentes is wat doleer ("treur").

Ons studiegroep het daarna gestreef om na beide kante in hierdie gesprek te bly luister en is van mening dat die NG Kerk Vrystaat dit ook in haar sinodevergaderings, ringe én gemeentes behoort te doen. Die eerste uitdrukking van kerkverband – die "een, heilige, algemene Christelike Kerk" wat ons bely – is die plaaslike gestaltes daarvan in 'n gemeente en ring. Dit is dáár dat ons glo Christus sy Kerk "deur sy Woord en Gees in die eenheid van die ware geloof vergader, beskerm en onderhou" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21) en op 'n "geestelike bestuurswyse regeer" (NGB, Art. 30). Ons het daarom versoek dat die waardes wat tydens die Vrystaatse Sinode vir 'n geloofsonderskeidende gesprek gestel is, opnuut aan gemeentes deurgegee word met die oog op ons komende byeenkomste en 'n buitengewone sinodesitting (**BYLAAG 1,** elders hierby).
In dieselfde gees, het ons geoordeel dat dit nodig is om aan gemeentes wat doleer, geleentheid te bied om self hul versoek om uittrede uit die algemene sinodale verband, aan die NG Kerk Vrystaat te motiveer. Die dokument – "Hoe regverdig sommige gemeentes dit voor God in die lig van sy Woord, dat hulle uit die verband met die Algemene Sinode wil tree?" – is deur lede van ons studiegroep opgestel en word vir verdere bespreking hierby aangeheg as **BYLAAG B.**

## 4 PROSES VIR EN IMPLIKASIES VAN 'N ARTIKEL 37-BESLUIT DEUR DIE NG KERK VRYSTAAT

Ons het in die studiegroep uitgebreid besin oor die proses rondom en implikasies van 'n Artikel 37-besluit deur die NG Kerk Vrystaat. Ons wys op die volgende punte (sien ook die advies van die STK):
4.1 Ons aanbeveling aan die Moderamen was dat op grond van die Kerkorde en die sinodebesluit in Maart 2022, 'n buitengewone sinodesitting deur die Moderamen byeengeroep behoort te word om vóór die volgende vergadering van die Algemene Sinode (Oktober 2023), uitsluitsel oor die posisie van die NG Kerk Vrystaat te verkry. Op grond van die Kerkorde en kragtens die besluit van die Sinode in Maart 2022, is die Moderamen hiertoe gemagtig. Kennisgewing van die vergadering geskied soos gebruiklik.
4.2 Die afvaardiging van gemeentes na so 'n buitengewone sinodesitting, moet dieselfde wees as dié van Maart 2022 óf dan met 'n aanvaarbare motivering, die sekundi-afgevaardigdes soos toe reeds aangewys.
4.3 Lidmate, kerkrade of ringe kan beskrywingspunte vir die buitengewone sinodesitting instuur, maar aangesien dit in hierdie geval afgestem is op 'n besluit oor Artikel 37 al dan nie, word almal versoek om daarop te fokus en die Moderamen versoek om die sakelys vir die vergadering in die lig daarvan voor te berei.
4.4 Daar bestaan in ons studiegroep ten minste die volgende perspektiewe of voorstelle oor 'n uittrede uit die algemene sinodale verband op grond van Artikel 37:
4.4.1 Daar was eenstemmigheid daaroor dat ons saam met mekaar en as Sinode 'n welwillende weg behoort te soek waarop daar vir mekaar ruimte gegee sal word om sonder gewetensdwang getrou aan Skrif en belydenis met ons bediening hier waar ons geroep is, voort te kan gaan.
4.4.2 Ons het in die studiegroep kennis geneem dat gemeentes wat nie meer in verband met die Algemene Sinode wil staan nie, by uittrede wel hul naam as NG Kerk(e) wil saamneem ten einde hul eiendom, regte en voorregte te behou en dat met die oog dáárop, verdere kerkregtelike besinning nog nodig is.

4.4.3 Daar is 'n mening dat die NG Kerk Vrystaat in die lig van die teologiese implikasies daarvan, nie 'n besluit oor Artikel 37 behoort of hoef te neem nie aangesien daar wel binne die Kerkorde ruimte is om ons verhouding met die Algemene Sinode uit te klaar, waar nodig daaraan te verstel én om gesprek oor verskilpunte te kan voortsit sónder om die verband te verbreek.
4.4.4 Daar is 'n mening dat die NG Kerk Vrystaat 'n besluit op grond van Artikel 37 moet neem wat dolerende gemeentes sal help om vry te kom van die band met die Algemene Sinode, deur te besluit om in twee kleiner sinodes te verdeel (elk met behoud van regte en voorregte, eiendomme, fondse en verpligtinge) en waarvan die een NG Kerk Vrystaat ("sinodaal") dan binne verband met die Algemene Sinode kan voortgaan en die ander NG Kerk Vrystaat ("vrygemaak") buite verband met die Algemene Sinode op haar eie verder funksioneer.
4.4.5 Dit was vir die studiegroep duidelik dat die NG Kerk Vrystaat as sinode en in gemeentes, kerkregtelike advies oor 'n welwillende weg "ánderkant Artikel 37" nodig sal hê om voorsiening te maak vir gemeentes wat hul na watter kant toe ookal, in die minderheid van 'n sinodebesluit mag bevind. Die Moderamen en STK word versoek om sulke weë vooraf kerkregtelik te ondersoek en is ons as studiegroep bereid om daartoe mee te werk, ten einde 'n moontlike konsensusdokument hieroor aan die buitengewone sinodesitting te kan voorlê. Ons is ook oortuig dat nadat die sinode 'n Artikel 37-besluit geneem het al dan nie, daar 'n grasietydperk vir gemeentes wat hulself in die minderheid bevind, gegun moet word om oor hul toekomstige kerklike verband te kan besluit (dit wil sê: hul verhouding met die NG Kerk Vrystaat).

**21 Oktober 2022.**

Ds. Jan Lubbe (voorsitter)
Drr. Dawie Botes en Leon Foot, di. Adrie Potgieter en Christo Weideman (Interimkomitee)
Dr. Bertus Celliers en ds. Gerber Roux (nms. Sinodale Taakspan Regte)
Di. Pieter Prinsloo en Dubois du Toit (vorige Taakspan Kerkverband)
Di. Etienne Nolte, Gert Oosthuizen en oudl. Willem Ellis (uit die Moderamen).

# ADVIES VAN DIE SINODALE TAAKSPAN KERKORDE (STK) AANGAANDE ARTIKEL 37 (NOVEMBER 2022)

## 1 OPDRAG EN AGTERGROND

Die Vrystaat sinode het tydens sy sitting in Maart vanjaar die volgende besluit geneem ten opsigte van Artikel 37.

"... met alle inligting ter tafel en alle besluite deur die Sinode geneem wat daarop betrekking het, en in oorleg met die Taakspan en die reg tot koöpsie, 'n inligtingstuk oor Artikel 37 en kerkverband saam te stel en dit na gemeentes en Ringe vir bespreking te verwys, met terugvoer na die Moderamen voor September 2022. Op grond van die terugvoer ontvang, word die Moderamen dan versoek om te besluit oor die noodsaak om voor die volgende sitting van die Algemene Sinode, 'n buitengewone sitting van die Vrystaatse Sinode saam te roep."

## 2 WERKSWYSE

Die Moderamen het 'n studiegroep byeengeroep om aan hierdie opdrag te werk. Verskeie ontmoetings is gehou en tydens een ontmoeting is die STK versoek om 'n gesprek te reël waarin die studiegroep en die STK mekaar kan ontmoet om veral oor al die kerkordelike implikasies van 'n Artikel 37 optrede deur die sinode, te bespreek. Die STK is deur die Moderamen versoek om 'n advies voor te berei om uitvoering aan hierdie opdrag te gee. Wat hierna volg is dus die STK se advies aan die moderamen van die Vrystaat Sinode vir die NG Kerk in die Vrystaat (soos saamgestel deur gemeentes, ringe en die sinode) ten opsigte van alle aspekte van hierdie artikel.

## 3 ARTIKEL 37

"Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig

## 4 ADVIES

"4.1 Die STK stem saam met die ATR se interpretasie soos in die voetnota by Artikel 37 in die AS Kerkorde, 2019, naamlik Die ATR interpreteer Artikel 37 soos volg: Artikel 37 is nie van toepassing op gemeentes nie; en die samestellende kerke waarna Artikel 37 verwys, is tans die 10 sinodes waaruit die Algemene Sinode saamgestel is. Hieruit is die duidelik dat dit verwys na die onderskeie selfstandige NG Kerke ("sinodes") wat in 1962 en daarna besluit het om tot 'n algemene sinodale verband toe te tree, soos onder andere die NG Kerk in die Vrystaat ook gedoen het.

4.2 Die Algemene Sinode is dus 'n "sinode van sinodes" ('n meerdere of breër kerkvergadering), terwyl die sinode van die NG Kerk Vrystaat "'n sinode van gemeentes" is wat op grond van hul gedeelde belydenis, historiese verwantskap en geografiese ligging met mekaar in verband getree het. Van daardie verband, is die ringe 'n eerste uitdrukking en gestalte (KO Art. 29).

4.3 Die Algemene Sinodale verband is 'n baie hegter vorm van kerkverband as die Federale raad, waartoe die vyf NG Kerke voor 1962 behoort het, naamlik 'n organisatoriese eenheid as uitdrukking van die organiese eenheid op grond van 'n gedeelde belydenis en dieselfde kerkregtelike oortuigings. Indien die NG Kerk Vrystaat (streeksinode in die volksmond), dus uit verband met die Algemene Sinode sou tree, word hierdie organisatoriese eenheid en verband met die Algemene Sinode verbreek. Dit sluit die ander NG Kerke (streeksinodes in die volksmond) wat steeds deel van die algemene sinodale verband is, in. So 'n "uitgetrede" NG Kerk is dus 'n kerkverband wat organisatories los van die algemene sinodale kerkverband staan met die volgende implikasies:

4.3.1 Verhoudings met ander kerke, kerkgenootskappe, die Raad van Kerke en ander ekumeniese verhoudings wat tans deur die Algemene Sinode aangegaan, in stand gehou en gereël word (KO, Art 70-21), sal opnuut deur die uitgetrede kerk met hierdie instansies aangeknoop kan/moet word. Die situasie en verhoudinge van voor 1962 – soos in die destydse Federale Raad van NG Kerke – bestaan nie meer nie en sou nie eenvoudig na teruggekeer kon word nie.

4.3.2 Terwyl die oordrag van lidmaatskap tussen gemeentes van die uitgetrede NG Kerk, asook binne die NG Kerk in algemene sinodale verband vanselfsprekend bly, is die oordrag van lidmaatskap tussen die uitgetrede NG Kerk se gemeentes en die gemeentes wat steeds in die NG Kerk in algemene sinodale verband, is nie meer vanselfsprekend nie. Die Algemene Sinode het 'n reglement goedgekeur wat onder andere die oordrag van lidmaatskap vanaf ander kerke reël (Reglement 26). Dit is 'n vraag of die uittrede uit algemene sinodale verband nie 'n kerkregtelik-organisatoriese afstand skep waar die oordrag van lidmaatskap van die Algemene Sinode se kant gesien, opnuut in terme van Reglement 26 deur die Algemene Sinode gereël sal moet word nie? Daar is verskil van mening hieroor.

4.3.3 Beroepbaarheid van leraars na en van gemeentes van die NG Kerk in algemene sinodale verband, is om dieselfde redes wat in die vorige punt genoem is nie meer vanselfsprekend nie. Predikante weerskante se legitimasie is nie in gedrang nie, maar sal beide se eie kerkordelike reëlings voorsiening maak vir 'n oor en weer beroeping? Hierin sal die kwessies waaroor die betrokke NG Kerk uit algemene sinodale verband getree het, na beide kante toe 'n rol kan speel in die vraag na die geskiktheid van 'n predikant vir beroeping na 'n gemeente. So ook in die toekoms oor moontlike verskille in die opleidingsinstansie en die voorwaardes vir legitimasie wat binne die uitgetrede NG Kerk, asook die NG Kerk in algemene sinodale verband sal geld.

4.3.4 Nuwe ooreenkomste sal moontlik met die Algemene Sinode gesluit moet word, waarin bogenoemde onderhandel word.

4.4 Die Algemene Sinode stel 'n kerkorde vas wat bindende reëlings bevat vir die funksionering van gemeentes, ringe, sinodes en die Algemene Sinode. Tans het die NG Kerk Vrystaat, anders as voor 1962, dus nie 'n eie Kerkorde waarin hyself bindende artikels vasgestel het vir sy gemeentes, ringe en homself nie. Weliswaar mag die NG Kerk Vrystaat naas die kerkordeartikels, eie bepalings vir sy eie werksaamhede vasstel, op voorwaarde dat dit nie in stryd met Kerkorde van die NG Kerk is nie. In praktyk rus hierdie bepalings op die spesi-

fieke kerkordeartikels en reglemente waarop dit betrekking het. Dit laat dus die vraag na 'n kerkorde vir die uitgetrede kerk na vore kom. Kan die Kerkorde soos vasgestel deur die Algemene Sinode steeds as die kerkorde vir die uitgetrede kerk geld? Indien wel, op watter manier? Op grond van watter kerkordelike reëlings konstitueer die eerste sinode van die uitgetrede kerk? Uitsluitsel hieroor sal nodig wees. Minstens staan dit vanselfsprekend vas dat die uitgetrede kerk wel die reg het om sy eie kerkorde vas te stel.

4.5 Die STK is van oortuiging dat die regte en voorregte waarvan Artikel 37 melding maak, verder uitgestip word in Artikel 35 van die Kerkorde wat lui:

Tot die taak en bevoegdhede van die Sinode hoort:
35.1 die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie;
35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die Sinode self bepaal;
35.3 die opleiding van predikante soos deur Artikel 6 van die Kerkorde bepaal;
35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;
35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;
35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode; en
35.7 die opname van ander Belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die Sinode.

4.6 Die STK is van oortuiging dat Artikel 37 in sy geheel gelees en toegepas moet word. Daarom stel die STK dit duidelik dat hierdie nie maar net 'n kerkregtelike proses is wat moet plaasvind nie, maar ten diepste 'n teologiese vraagstuk waaroor gemeentes, ringe en die sinode absolute sekerheid moet hê. Die laaste deel van Artikel 37 lui immers: wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig. Sodanige besluit sal dus teologies gemotiveer moet word deur aan te toon dat die grondslag van ons eenheid as kerkverband verbreek is, naamlik ten opsigte van die Skrif, belydenis, orde en roeping van die kerk. Só 'n teologiese beredenering sal uiteindelik neerkom op 'n verantwoording in die lig van die Apostoliese Geloofsbelydenis oor "een, heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges"; Artikels 27, 28 en 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (oor die wese en kenmerke van "die ware en die valse kerk"); en Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus (oor die heerskappy van Christus in sy kerk deur sy Woord en Gees).

Tot die taak en bevoegdhede van die Sinode hoort:
35.1 die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie;
35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die Sinode self bepaal;
35.3 die opleiding van predikante soos deur Artikel 6 van die Kerkorde bepaal;
35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;
35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;
35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode; en
35.7 die opname van ander Belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die Sinode.

Uittrede is dus 'n uiters gewigte saak waaroor nie ligtelik besluit kan word nie. Dit sal dus nie genoeg wees vir die sinode van die NG Kerk in die Vrystaat om net 'n besluit te wil neem om uit die verband te tree nie, sonder ook die opgawe van redes (al is dit net teenoor homself en sy gemeentes) wat dit vanuit die Woord van God regverdig.

## 5 TOELIGTING RAKENDE DIE PROSES RONDOM 'N ARTIKEL 37-BESLUIT

5.1 Aangesien 'n besluit ingevolge Artikel 37 ten diepste dus van teologiese aard is en op 'n belydeniskwessie neerkom – soos hierbo uiteengesit – sal alle lidmate, kerkrade en ringe in die NG Kerk Vrystaat volledig ingelig moet word oor die inhoud van die artikel en die betekenis van so 'n stap om die band met die Algemene Sinode te verbreek. Die STK is oortuig dat die Moderamen verantwoordelikheid vir hierdie proses sal moet aanvaar, soos wat die Sinode in Maart 2022 ook reeds aangedui het.

5.2 Ingevolge die Kerkorde (Artikel 34) sou 'n lidmaat, kerkraad, ring, taakspan of bediening van die sinode, beskrywingspunte na die sinode van die NG Kerk Vrystaat kon instuur met die strekking of versoek dat 'n Artikel 37-besluit geneem moet word. Die STK bevestig dat die sinode in Maart 2022 beskrywingspunte van die gemeentes Bethulie, Dewetsdorp, Rouxville, Wepener, Vanstadensrus, Edenburg, Hobhouse en Zastron uit die Ring van Smithfield, die gemeentes Bloemvallei, Leeuwberg en Kestell, asook van die Ring van Heilbron ontvang het waarin hierdie gemeentes en ringe hulself distansieer van besluite van die Algemene Sinode (2019) oor selfdegeslagverbintenisse. Die gemeentes Bloemvallei, Leeuwberg en Kestell en die Ring van Heilbron het in hul beskrywingspunte voorgestel dat die NG Kerk Vrystaat op grond van Artikel 37 uit algemene sinodale verband tree. Hierdie beskrywingspunte is almal na die Moderamen en aangewese studiegroepe verwys vir verdere besinning en terugvoer soos in paragraaf 1 aan die begin van hierdie advies uiteengesit.

5.3 Dit lê dan op die gebied van die Moderamen om 'n buitengewone Sinodesitting byeen te roep.

'n Buitengewone vergadering kan deur die Moderamen bepaal word óf regstreeks óf wanneer minstens vyf kerkrade uit verskillende ringe met opgaaf van redes daarvoor aansoek doen.

5.4 Aangesien daar tans geen kerkordelike voorskrif is vir die soort meerderheid waarmee 'n sinode kan besluit om Artikel 37 toe te pas nie, sou die normale vereiste dat dit met 'n volstrekte meerderheid van stemme geneem kan word geld. Die STK is egter van mening dat aangesien dit hier om 'n gewigtige en ingrypende kwessie gaan – "voor God in die lig van sy Woord" – die sinode van die NG Kerk Vrystaat daarna moet streef om sover moontlik konsensus oor haar teologiese identiteit en verband met die Algemene Sinode te bereik.

## 6 IMPLIKASIES INDIEN DIE SINODE WEL BESLUIT HET OM ARTIKEL 37 UIT TE VOER

6.1 Die huidige toedrag van sake is dat 'n gemeente nie uit die kerkverband kan tree met behoud van alle bates en laste nie, tensy letterlik elke lidmaat daartoe instem. Daar is 'n hele paar hofsake wat dit bevestig. Die huidige kerkorde maak ook geen voorsiening daarvoor nie. Die vraag wat hieruit voortspruit is wat van gemeentes word wat nie wil saamgaan met 'n sinode wat op grond van Artikel 37 besluit om uit te tree nie? Of gemeentes wat wel wil uittree, terwyl die sinode daarteen besluit? Die onsekerheid oor die kerk- en sivielregtelike struikelblokke maak dit onmoontlik om scenarios vir gemeentes wat individueel uit sinodale verband wil tree te skets wat sonder wesenlike risiko's is.
6.2 Binne die studiegroep is wel 'n ander moontlikheid genoem wat moontlik meer werkbaar is, indien die sinode sou besluit dat 'n uittrede ingevolge artikel 37 gewens is, of besluit om dit vir bepaalde gemeentes moontlik te maak om uit te tree. Hiervolgens sal die sinode kan besluit om die NG Kerk Vrystaat in twee kerke (streeksinodes) te verdeel, soos wat die NG Kerk in Suid-Afrika (Weskaapsinode in die volksmond) gedoen het met die totstandkoming van die Oos-Kaap en Noordkaapsinodes. Die verdeling geskied dan nie geografies nie, maar op grond van gemeentes se keuse om uit algemene sinodale verband te tree, al dan nie. Na die verdeling sal een dan kan besluit om ingevolge Artikel 37 uit algemene sinodale verband te tree. Daar sal egter deeglik besin moet word oor al die moontlike implikasies ter sprake.

## 7 SLOTOPMERKINGS

7.1 Daar was enkele sake/vrae op die agenda van die gesprek met die studiegroep, waarby daar nie uitgekom is deur die loop van die vergadering nie. Die STK was ook nie in die posisie om daaroor te besin nie en kan daarom nie amptelik daaroor advies gee nie. Tog is die STK van mening dat daar juis 'n aantal baie belangrike sake is (wat op 'n direkte of indirekte wyse met besluite om 'n Artikel 37 roete te wil loop, te doen het), wat dit beklemtoon dat die Sinode nog nie alles oor hierdie aangeleentheid gesê het nie. Sake soos teologiese opleiding, die bestaan van bose en andere.
7.2 Die STK is van mening dat die saak rondom Artikel 37 veels te gekompliseerd is om eenvoudige antwoorde op elke moontlike scenario te probeer gee. Voordat sekere sake inderdaad nie in 'n hof getoets is nie, is dit nie regtig moontlik om presiese uitkomste voor te hou wat op die ou end in die praktyk dalk anders kan uitspeel nie.
7.3 Die STK verbind hom om steeds verder na te dink oor hierdie komplekse saak en gemeentes, Ringe en die Sinode van advies te voorsien soos nodig.
Ds. C. Weideman (Voorsitter)

# BESLUITE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT (2022) OOR TEOLOGIESE OPLEIDING

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat het tydens sy sitting in Maart 2022 die volgende besluite oor teologiese opleiding geneem:

1. Die Sinode neem met dank kennis van die Verslag oor Teologiese Opleiding soos deur die Kuratorium aan die vergadering voorgelê.
2. Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Kuratorium, personeel van die Seminarium en sinodale kerkkantoor, alle aanbieders en mentors in opleidingsgemeentes, sowel as die Dekaan en personeel van die Fakulteit Teologie vir die werk wat in die afgelope termyn rakende teologiese opleiding in Bloemfontein gedoen is.
3. Die Sinode neem kennis dat die gespreksgroep en taakspan wat tydens die sinodale konferensie in November 2021 oor teologiese opleiding besin het, van alle relevante inligting voorsien is en besluit het om te volstaan met die verslag wat uiteindelik hier deur die Kuratorium voorgelê sou word.
4. Die Sinode gee geleentheid vir 'n bespreking van die Verslag oor Teologiese Opleiding, verdere toeligting waar nodig, sowel as vir 'n hantering van die ingesonde beskrywingspunte oor die opleiding.
5. Die Sinode keur die voorgestelde nuwe ooreenkoms tussen die NG Kerk Vrystaat en die Universiteit van die Vrystaat soos aan die vergadering voorgelê en gemotiveer, goed en dra die ondertekening en implimentering daarvan aan die Kuratorium op.
6. Die Sinode gee aan die Kuratorium 'n mandaat om in die volgende termyn, benewens die deurlopende besinning oor, be planning vir en bestuur van gereformeerde teologiese opleiding vir die NG Kerk, spesifieke aandag aan die volgende sake te gee:
(i) Die ontwikkeling en verdieping van die kerklike vorming en -begeleiding van studente vir bediening in die NG Kerk-familie, en spesifiek dit wat as eie aan die belydenisgrondslag, geskiedenis, spiritualiteit en roeping van die NG Kerk geag word en alles wat in die kerklike praktyk nodig mag wees om hierdie erfenis verantwoord en met integriteit in 'n samelewing in nood te kan bedien;
(ii) Die verdere ontwikkeling van alle vennootskappe wat reeds gevestig is vir die teologiese opleiding van die NG Kerk, maar spesifiek dié met omliggende streeksinodes (Noord- en Ooskaap, Hoëveld, Goudland en Natal), met die VGKSA en NGKA, met ander kleinere kerke van reformatoriese oortuiging, met NetAct en met gemeenskapsorganisasies wat by fasette van die opleiding baat mag vind;
(iii) Deelname aan en verantwoording van 'n eie oortuiging rakende teologiese opleiding binne die Algemene Kuratorium van die NG Kerk en die ontwikkeling van 'n toekomsscenario daarvoor;
(iv) Besinning oor en medewerking met die Algemene Kuratorium en Fakulteit Teologie en Religie plaaslik om die formele akademiese opleidingsvereistes vir volle leraarsbevoegdheid (BDiv, MDiv en Nagr.Dipl), die volgorde en lengte daarvan ten beste te struktureer;
(v) Besinning oor en ondersoeke na die akkreditering van ander instansies vir (diverse) teologiese opleiding deur die Algemene Kuratorium soos die teologiese fakulteit aan die NWU en SATS;
(vi) Besinning oor, beplanning vir en bestuur van alle moontlikhede om die onderskeie opleidingsbane vir diverse bedieningsmoontlikhede verder te struktureer en te vestig binne die vennootskap tussen die NG Kerk Vrystaat, Seminarium en akademiese instellings; en
(vii) Die opgradering van die bladsye wat op die webwerf van die NG Kerk Vrystaat aan teologiese oplei-ding toegewys is, sowel as die deurlopende benutting van kerklike media soos VRYPOS, Kerkbode en radioprogramme vir die bekendstelling van ons opleiding.
7. Die Sinode doen 'n beroep op leraars, gemeentes en ringe,
(i) om deur hul bediening van die Woord, sakramente en gemeenskap van geloof, spesifiek ook in kategese, 'n grondslag te lê waarop doop- en belydende lidmate die roepstem van God sal kan hoor, spesifiek ook vir opleiding in gereformeerde teologie en alreeds ingelei te word in die taal van daardie teologie;
(ii) om doop- en belydende lidmate by te staan en te begelei in die ontdekking van hul gawes en besluitneming oor watter roete vir teologiese opleiding in hul spesifieke omstandighede gevolg kan word, en hul so spoedig moontlik in verbintenis met die Kurato- rium en die prosesse rakende keuring, aansoeke en beurse te stel;
(iii) om hulself te verbind tot die ondersteuning van gereformeerde teologiese opleiding deur die mentorskap van studente en óók om finansieël tot hierdie prioriteit van die NG Kerk Vrystaat by te dra; en
(iv) om vir die teologiese opleiding van die NG Kerk Vrystaat te bid, en vir elkeen daarby betrokke as aanbieders, mentors en dosente, sowel as vir elkeen van ons studente in opleiding.
8. Die Sinode bevestig die uitnodiging van die Kuratorium aan ringe van die NG Kerk Vrystaat uit wie se geledere daar nie alreeds 'n verteenwoordiger in die Kuratorium dien nie, om jaarliks 'n afgevaardigde na die vergadering en legitimasie plegtigheid in November te stuur, ten einde die basis van gesprek oor en begeleiding van opleiding nog verder te verbreed.

'n Tweede besluit na aanleiding van enkele beskrywingspunte, het gelui:

1. Die Vrystaat Sinode neem kennis van talle vrae en onsekerhede rakende teologiese instansies.
2. Die Vrystaat Sinode besluit om ŉ taakspan saam te stel wat in samewerking met die Seminarium en die Algemene Kuratorium ŉ verslag sal opstel vir die volgende Vrystaatse Sinode waarin alle aspekte verbonde aan ŉ nuwe ooreenkoms met ŉ teologiese instansie vervat sal wees.
3. Die Vrystaat Sinode besluit dat ander teologiese instansies ook geleentheid sal kry om voorleggings te gee aan hierdie ondersoekliggaam voor ŉ nuwe ooreenkoms gesluit sal word.
4. Die tydelike taakspan bestaan uit:
Ds PJG Prinsloo
Ds D du Toit
Dr RCH Kemp
Ds AP van Zyl
Ds JMG Roux

Hierdie besluite is alles na die Kuratorium verwys vir verdere hantering en geniet reeds die aandag van die relevante instansies, ook by die Algemene Kuratorium van die NG Kerk. Die nuwe ooreenkoms met die Universiteit van die Vrystaat is in 2022 onderteken.

# UITGEBRUIDE MOTIVERING BY OPSIE B VOOR VRYSTAATSE SINODE, APRIL 2023

Die Vrystaat Sinode het kennis geneem van die volgende:

1.1 Die sinode neem kennis dat die besluite van die Algemene Sinode om ruimte te skep vir selfdegeslagverbintenisse asook die ontkenning dat bose geeste bestaan, teen die geloofsoortuiging van talle gemeentes is.

1.2 Die sinode neem ook kennis dat hierdie gemeentes, regtens of verkeerdelik, die geloofsoortuiging het dat hierdie besluite onwettig is in die lig van die Skrif, Belydenis en Kerkorde van die NGK (sien verslag van Stals STALS waarin hierdie gemeentes se motivering vir hierdie oortuiging uiteengesit word.)

1.3 Die sinode neem kennis dat die algemene sinode regtens of verkeerdelik, met hierdie besluite 'n unieke weg probeer open het om ruimte te skep vir gemeentes se geloofsoortuigings oor hierdie aangeleenthede.

1.4 Die sinode versoek die algemene sinode om as volg erns te maak met die sinode se onlangse doelgerigte paradigmaskuif om allerlei unieke ruimtes binne die verband te skep om almal te akkommodeer:

1.4.1 Die Algemene Sinode erken dat die besluit om, te midde van vasgeloopte Skrifvertolkings binne die verband, ruimtes te skep vir hierdie botsende Skrifvertolkings rakende selfdegeslagverbintenisse, onhoudbare spanning skep wanneer een NG gemeente selfdegeslagverbintenisse in God se Naam veroordeel as 'n tugwaardige sonde, terwyl die buurgemeente dieselfde verbintenis in God se Naam bevestig en seën.

1.4.2 Die Algemene Sinode betreur dit dat die besluit van die sinode om ruimte te skep vir selfdegeslagverbintenisse, onhoudbare spanning tussen gemeentes op ringsvlak asook streeksinodale vlak geskep het soos sigbaar word in die feit dat byna 100 NG gemeentes doleer en nog ander gemeentes hieroor ongelukkig is.

1.4.3 Die Algemene Sinode wil gevolglik in terme van Kerkorde artikel 32 op die volgende wyse oplossings bied vir die konsekwensies van sy besluit om ruimtes te skep vir verskillende Skrifvertolkings:

1.4.3.1 Die Algemene sinode neem kennis dat daar reeds historiese presedente bestaan waar gemeentelike hergroeperings nie uitsluitlik volgens geografiese redes plaasgevind het nie. gee voorbeelde

1.4.3.2 Die Algemene Sinode wysig daarom artikel 32 om toekomstig as volg te lees: 32 "Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat VERKIESLIK geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/sinodale kommissie(s)".

1.4.3.3 Die Algemene Sinode keur dit daarom goed dat gemeentes wat dit onhoudbaar vind dat ander gemeentes binne hulle ringe en streeksinodes selfdegeslagverbintenisse in God se Naam bevestig, op kerkordelike wyse saam groepeer kan word om voortaan as elfde streeksinode deel te vorm van die algemene sinodale verband.

1.4.3.4 Die Algemene Sinode versoek bestaande sinodes van die NG Kerk om dit vir gemeentes moontlik te maak om by so 'n teologies-kategoriale (elfde) sinode aan te sluit en die prosesse van herindeling aan die hand van die Kerkorde verder te bestuur.

1.4.3.5 Die Algemene Sinode bevestig dat hierdie unieke hergroeperingsproses genoodsaak word deur die unieke situasie wat ontstaan het weens die besluit om te midde van 'n vasgelooptheid binne die NGK ruimtes vir verskillende Skrifvertolking te begin skep.

1.4.3.6 Die Algemene Sinode bevestig dat hierdie nuwe sinode dieselfde regte en voorregte as ander samestellende kerke/sinodes van die NGK sal besit. Met die idee om uit die verband te tree?

# ADVIES VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE (ATR, MAART 2023)

Die ATR het tydens sy vergadering op 27-28 Februarie 'n aantal sake rakende Artikel 37 bespreek. Vir die gesprekke wat die Vrystaat Sinode tans oor die saak voer, asook ten opsigte van besluite wat tydens sy buitengewone Sitting op 18 April geneem moet word, kan die volgende advies help om groter duidelikheid oor enkele sake te verkry. Let asb daarop dat hierdie slegs uittreksels is uit advies wat ook oor ander sake handel wat nie nou vir ons ter sprake is. Slegs die relevante gedeeltes reflekteer hier.
(Dit is ook net so oorgeneem uit die ATR se verslag sonder enige alterasies)

## 1 ADVIES EN INTERPRETASIE ARTIKEL 37

*Inleidende opmerkings van die STK: Alhoewel die ATR nie direkte advies gegee het oor die stigting van 'n nuwe sinode of nuwe kerkplanting nie (behalwe as antwoord op die komende Koinonia Sinode van die Kairos Netwerk), dien onderstaande as 'n duidelike rigtingwyser hieroor. Nuwe sinodes is nog nooit in die lewe geroep om enige vorm van uittrede te bevorder of moontlik/makliker te maak nie.*

**Artikel 37[1]**
Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.

***a.* Samestellende kerke**

Hier help die voetnota baie. Sou ons ook die geskiedenis van die stigting van nuwe sinodes in ag neem, is dit duidelik dat hier nie sprake was van 'n "afstigting" nie, maar wel van 'n verdeling van 'n groter entiteit na twee kleiner entiteite. Dink bv aan die groot Kerk van die destydse Kaapkolonie wat verdeel het in die Sinode van Oos-Kaapland en die Sinode van Noord-Kaapland.

Hier kan die analogie gebruik word van die stigting van nuwe gemeentes. Wanneer 'n gemeente (lidmate) die behoefte het om 'n kleiner/nuwe gemeente te stig, word dit kerkordelik op gemeente- en ringsvlak hanteer. Die Sinode keur dit goed op aanbeveling van die betrokke Ring. Die gemeente wat afstig is tog nie iets anders as die NG Kerk (moedergemeente) waarvan dit afgestig het nie. Eweneens is dit per afstigtingsakte deel van die bepaalde ring of in sommige gevalle 'n ander ring. Maar die afgestigte gemeente bly deel van die groter NG Kerkverband.

Dieselfde gebeur met die stigting van 'n kleiner/nuwe sinode. Per ooreenkoms verdeel die groter sinode in twee kleiner sinodes, maar daar word nie 'n nuwe of ander "denominasie" tot stand gebring nie. Die afgestigte/nuwe sinode by deel van die groter NG Kerkverband. Hierdie proses vind plaas op sinodale verband en die Algemene Sinode keur dit net goed (vgl Artikel 32, KO, 2019).

**Gevolgtrekking:**

Daar behoort konsensus te wees dat die samestellende kerke in artikel 37 verwys na die 10 selfstandige sinodes/kerke wat tans in algemene sinodale verband met mekaar staan.

Die antwoord wat my steeds ontwyk (uit die acta van die onderskeie samestellende kerke) was die basis tot die toetrede tot die algemeen sinodale verband. In die meeste acta (ook van die Federale Raad (1957 en 1961) blyk dit dat die besluite eenparig geneem is. Wat baie duidelik is, is dat die aanvaarding van die nuwe (een) Kerkorde as basis gedien het vir die totstandkoming van die Algemene Sinode. My afleiding was dat, sou die onderskeie samestellende kerke/sinodes die voorgestelde Kerkorde aanvaar (met 'n twee-derde meerderheid) dit dan impliseer het dat die vorming van die Algemene Sinode aanvaar is.

**Gevolgtrekking:**

Met die enigste duidelike verwysing na die toetrede tot die algemeen sinodale verband blyk die goedkeuring van die voorgestelde Kerkorde (met 'n twee-derde meerderheid) te wees en het die vorming van die Algemene Sinode berus op 'n twee-derde meerderheid stem.

## 2 ADVIES OOR VERVREEMDING VAN EIENDOM

*Inleidende opmerkings van die STK: Onderstaande navraag het gekom na aanleiding van 'n navraag oor die verkoop van eiendom aan 'n trust, asook die Hervormende kerk waarin 'n groep weggebreek het en vooraf hulle eiendomme in verskillende trusts geplaas het om sodoende te verhoed dat die Hervormend Kerk dit as sy eiendom kan beskou. Die saak is in die hof getoets en die uitslag van die hof was uiteindelik nie net 'n ja of 'n nee ten opsigte van of 'n gemeente dit kan doen al dan nie, maar het oor baie meer tegniese sake gegaan. Vrae het daarna ook in die NG kerk die rondte begin doen sou 'n gemeente wil uittree en nie sy eiendom en ander bates wil verloor nie, of hy dit in 'n trust kan plaas en sodoende van die NG gemeente vervreem? Hieroor het die ATR die volgende advies gegee.*

Hieronder is ons advies op jou navraag oor die verkoop van gemeente-eiendom aan 'n trust.

1. Na Algemene Sinode 2019 was daar verskeie navrae of gemeentes uit die kerkverband kan tree. In kort is die antwoord dat 'n gemeente 'n regspersoon is wat as 'n "universitas" beskou kan word. Dit beteken dat die gemeente voortbestaan ongeag sy lede. Die implikasie is dat selfs indien die grootste meerderheid van die gemeente uit die kerkverband onttrek, diegene wat oorbly (self net een) steeds voortgaan as die betrokke gemeente, met alle bates en laste ingesluit. Hofsake tot nou toe *bevestig hierdie toedrag van sake.*

2. In reaksie op die vraag of ‘n kerkraad die gemeente se eiendom (kerkgebou en dies meer) kan verkoop aan ‘n trust (met die bedoeling om te ontsnap aan bogenoemde beperking) moet op die volgende gelet word.

2.1 Reglement 24 (Reglement vir kerklike goedere, AS KO 2019) het die volgende bepalings oor gemeentelike goedere (ek merk die relevante gedeeltes in geel):

4. GEMEENTELIKE GOEDERE

4.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in gemeenteverband is ’n regspersoon en die kerkraad, of ander gevolmagtigde(s) deur di e kerkraad aangewys, is sy orgaan.

4.2 Die gemeente is dus eienaar van alle roerende en onroerende goedere wat deur die kerkraad beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ........................ geregistreer.

4.3 Gemeentelike kerklike goedere word geadministreer ingevolge besluite van die kerkraad.

4.4 Die kerkraad of sy gevolmagtigde is bevoeg om enige regshandeling te verrig en om tussentydse beleggings te maak wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates, onderhewig daaraan dat

4.4.1 die inkomste en eiendom van die gemeente, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige gevolmagtigde van die kerkraad bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldade) van die gemeente;

4.4.2 niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die openbare weldaadorganisasie-sektor en met betrekking tot die diens gelewer nie) aan enige werknemer of beampte van die gemeente vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die gemeente gelewer het nie, en met insluiting van

4.4.2.1 die verkryging van eiendomme, roerend en/of onroerend, deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse, asook

4.4.2.2 die behoud van ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating verkry, in die vorm waarin dit verkry is, mits dit voldoen aan die wet en die vereistes van die belastingvrystellingseenheid van die SAID.

4.5 Volledige registers moet bygehou word van alle vaste bates en eiendomme, alle skenkings en bemakings, asook beleggings van die gemeente.

2.2 As punt 4.4 van die reglement ontrafel word kan dit so lees:

4.4 Die kerkraad of sy gevolmagtigde is bevoeg om enige regshandeling te verrig, onderhewig daaraan dat
4.4.1 die eiendom van die gemeente, uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldade) van die gemeente;

Dit sou dus kon beteken dat vervreemding slegs kan plaasvind solank dit uiteindelik bydrae tot die beoefening van die aktiwiteit van die gemeente, synde ’n Nederduitse Gereformeerde Gemeente. Dit beteken verder, solank daar uiteindelik aangetoon kan word dat die uitkoms van die vervreemding die voortsetting/voortbestaan van die aktiwiteite van die gemeente (synde ’n Nederduitse Gereformeerde Gemeente) benadeel of beëindig het, dit onregmatig sou wees.
Dit beteken ook dat die doel van die trust en vervreemding baie duidelik uiteengesit moet word en onteenseglik moet aandui dat dit die beoefening van die aktiwiteit van die gemeente, synde ’n Nederduitse Gereformeerde Gemeente, as oogmerk het en dat die eiendom dus slegs aan die trust vervreem mag word as laasgenoemde gewaarborg kan word.
Dit impliseer dat dit dus ongerymd en onregmatig sou wees as die trust opgerig en die eiendom daarheen vervreem word en daar na die afhandeling van sake ’n nuwe, nie-Nederduitse Gereformeerde Gemeente ontstaan wat die eiendom vir die beoefening van sy aktiwiteite gebruik, terwyl die Nederduitse Gereformeerde Gemeente wat nou sonder die eiendom is, ernstig benadeel word in die uitvoering van sy aktiwiteite.

2.3 Indien die eiendom verkoop word, sal die opbrengs steeds die eiendom van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente bly.

2.4 Indien die koopsom ver onder markwaarde is, sal die regmatigheid en motief van verkoop deur die oorblywende lidmate bevraagteken kan word by wyse van ŉ appèl aan die ring en/of ŉ aansoek by die hof.

2.5 Indien die koopsom ver onder markwaarde is sal die SAID ingevolge sy eie reëls die transaksie bevraagteken.

2.6 Die eiendom en aktiwiteite van die trust sal nie meer aanspraak kan maak op vrystelling van belastings soos in die geval die gemeente nie totdat dit as ŉ onafhanklike kerk toestemming kry om vrygestel te word van belastings.

# EERSTE UITGEBREIDE MOTIVERING BY OPSIE E VOOR DIE VRYSTAATSE SINODE, APRIL 2023

Die NG Kerk Vrystaat besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, maar om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 in gesprek te tree en die volgende beskrywingspunt deur te gee aan die Algemene Sinode

1. Die Vrystaat Sinode neem kennis dat talle gemeentes in die NG Kerk doleer of ontevrede is oor onder andere die besluite van die Algemene Sinode om ruimte te skep vir selfdegeslagverbintenisse, seksuele saamwoonverhoudings asook vir diegene wat ontken dat bose geeste bestaan.

2. Die Vrystaat Sinode neem ook kennis dat talle gemeentes in die NG Kerk ontevrede is met die teologiese opleidingsentra van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein waar talle dosente onder andere ten gunste is van selfdegeslagverbintenisse.

3. Die Vrystaat Sinode neem kennis van die verslag van die Vrystaat se STALS (sien BYLAAG 7) oor selfdegeslagverbintenisse asook die bestaan van die bose wat motiveer waarom sommiges in die NG Kerk glo dat hierdie besluite van die Algemene Sinode onwettig was in die lig van die Skrif, Belydenis en Kerkorde.

4. Die Vrystaat Sinode versoek die Algemene Sinode om hierdie besluite in revisie te neem en in 2023 finaal as volg te besluit:

4.1 Die sinode besluit om te volstaan met sy huidige belydenis oor die huwelik as ŉ permanente lewensverbintenis tussen ŉ man en ŉ vrou,

4.2 Die sinode verwerp promiskuïteit in al sy vorme en bely die Bybelse aandrang op kuisheid binne sowel as buite die huwelik.

4.3 Die sinode besluit dat die permanente lewensverbintenis tussen mense van dieselfde geslag, as 'n eietydse alternatief vir die huwelik tussen man en vrou, gevolglik nie volgens die wil van God is nie;

4.4 Die sinode besluit dat die Skrif en Belydenis duidelik is dat die Satan en sy gevalle engele bestaan;

4.5 Die GKSA se teologiese opleiding te aanvaar sonder bykomende colloquium doctum vereistes, omdat dit reeds voldoen aan alle kerkordelike vereistes vir teologiese opleiding. Teologiese studente meld aan by NG kuratoriums sodra hulle studies 'n aanvang neem

5. Indien die Algemene Sinode besluit om punte 1-4 nie goed te keur nie, neem die sinode kennis dat hierdie besluite om steeds ruimte te skep vir selfdegeslagverbintenisse asook die ontkenning dat bose geeste bestaan, teen die geloofsoortuiging van talle gemeentes is.

6. Die Vrystaatse Sinode versoek dan die Algemene Sinode om voorsiening te maak vir die stigting van 'n afsonderlike teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk, soos gemotiveer en kerkordelik verantwoord in BYLAAG 16 by Opsie B.

7. Die Vrystaatse Sinode gee kennis dat indien die Algemene Sinode nie hierdie versoek goedkeur nie, die NG Kerk Vrystaat by 'n volgende gewone òf buitengewone sinodesitting sy opsies finaal sal oorweeg, waarvan uittrede uit algemene sinodale verband kragtens Artikel 37 een is.

# 'N ANDER UITGEBREIDE MOTIVERING BY OPSIE E VOOR DIE VRYSTAATSE SINODE , APRIL 2023

Die NG Kerk Vrystaat besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, maar om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 in gesprek te tree en dit aan die Moderamen op te dra om by sy vergadering in Mei 2023, 'n uitgebreide beskrywingspunt aan die komende Algemene Sinode te finaliseer en deur te gee, met die volgende strekking:

1. Die NG Kerk Vrystaat bely dat die Bybel die Skrifgeworde Woord van God is, wat die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word en daarom is dit ook heilig, volmaak, onfeilbaar en vir ons gesagvol (NGB Art. 3, 5, 7);

2. bely voorts dat ons die geskrewe Woord van God lees in samehang met hoe God Homself bekendmaak in die Skepping en onderhouding van alle dinge (NGB Art. 2); in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe (Johannes 1:1-14, NGB Art. 10); en omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hierdie Woord in al die gestaltes daarvan inderdaad "van God is (Johannes 16:13-14, NGB Art. 5); en

3. bevestig dat vanweë 'n verskeidenheid van eietydse kontekste waarin ons die Skrif lees en verskillende benaderings in die lees van die Skrif, maar ook vanweë ons gebroke menslikheid en beperkte insigte, daar van tyd tot tyd nie net een vertolking van 'n Skrifgedeelte na vore kom nie; dat dit dikwels verwarring onder gelowiges en in kerke meebring; en dat ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar na die lig van die Skrif en die boodskap van God daarin aan ons, sy Kerk, te soek.

4. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat bevestig dat in sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf;

5. bevestig dat daar in ons lees en vertolking van die Skrif behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, soos ook in ons lees en vertolking van die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie in ons omstandighede vandag; en

6. is bewus daarvan dat daar by leraars en lidmate 'n behoefte is aan sekerheid en 'n bondige en bevatlike uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-Enig; sy skeppingswerk; Christus as ons Verlosser in sy persoon en werk; ons regverdiging en heiligmaking uit genade en deur geloof alleen; die Kerk as een, heilig, algemeen en Christelik; en die bede om verlossing van die bose.

7. Teen hierdie agtergrond getuig die NG Kerk Vrystaat ten opsige van sake wat in die beskrywingspunte en verslae voor die Sinode in Maart 2022 gedien het, as volg:

8. Dat in sake menslike seksualiteit en kwessies rakende seksuele oriëntasie, die huwelik volgens ons vertolking van die Skrif, die Godgegewe veilige ruimte is waarin 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom, en dat ons daarom alle vorme van losbandigheid en promiskuïteit afkeur;

9. dat ons met die lig tot ons beskikking nie selfdegeslagverbintenisse as 'n alternatief vir die huwelik kan aanvaar nie;

10. dat ons diep onder die indruk is van die vernedering en vervreemding wat in die afgelope dekades deur kerklike debatte oor hierdie aangeleentheid meegebring is, en versoek daarom dat dit nie bloot as 'n etiese- of kerkregtelike aangeleentheid hanteer sal word nie, maar in die eerste instansie pastoraal in gemeentes waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, bemoedig en God saam wil dien; en

11. versoek daarom die Algemene Sinode van 2023 om die besluit van 2019 oor selfdegeslag-verbintenisse in die lig van bogenoemde (punte 8 tot 10) te vertolk .

12. Dat in sake die inhoud van ons geloofsbelydenis soos uitgedruk in die Apostolicum en spesifiek aangaande God as Skepper, Christus as ons Verlosser – in sy ontvangenis, verkondiging, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms – en die Heilige Gees as ons Trooster, ons as Sinode dit verstaan in die gees en strekking van hoe die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie dit uitlê en dit in ons gereformeerde tradisie vertolk en in ons eredienste verkondig word;

13. dat wat die Bose en boosheid betref, ons die verskeidenheid van spreke daaroor in die Skrif én in ons belydenisskrifte erken, soos wat dit steeds ook in ons tyd en konteks in verskillende gestaltes manifesteer;

14. dat ons daarom gelowiges wil oproep om te leef as getuies "van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig" (1 Petrus 2:9), en in die woorde van die "Onse Vader" te bly bid dat God ons van die Bose sal verlos – van "ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 52);

15. versoek daarom die Algemene Sinode van 2023 om in besluite oor sake rakende die inhoud van ons geloofsbelydenis en ander aktuele sake, geloofsonderskeidend met die Skrif en ons belydenisgrondslag om te gaan en te waak teen standpunte en uitsprake wat lidmate en leraars hieroor mag verwar; en

16. om daarom die besluite van 2011, 2013 en 2015 oor die Bediening van Bevryding en die Bose in die lig van bogenoemde (punte 13 en 14) te vertolk en daarmee te volstaan.

17. Dat in sake teologiese opleiding, ons die kompleksiteite van 'n nuwe konteks vir Hoër Onderwys aan publieke universiteite en in ekumeniese fakulteite vir teologie erken, en óók die besorgdhede wat daar in gemeentes hieroor bestaan met die oog op die opleiding van leraars en bedienaars van die Woord vir ons gemeentes;

18. dat ons opnuut die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat versoek om met groot verantwoordelikheid en getrou aan ons gereformeerde belydenisgrondslag, die vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat so te bestuur dat sowel die akademiese opleiding van teologie studente uit die NG Kerk asook hul kerklike vorming en begeleiding in ons Seminarium, tot volle ontplooiing kan kom;

19. dat ons die Kuratorium versoek om deurlopend by die ontwikkeling van kurrikula en die assessering van studente en die opleiding in geheel, betrokke te bly en aan die kerkverband hieroor verslag te lewer; en

20. dat hoewel legitimasie en akkreditasie van opleiding 'n funksie van die Algemene Sinode is soos deur ons Kerkorde bepaal, ons die Algemene Sinode van 2023 versoek om sinodes soos dié van die NG Kerk Vrystaat as die primêre verantwoordelike liggaam te ondersteun vir die ontwikkeling, plaaslike aanbieding en kerklike begeleiding van teologiese opleiding en -studente vanaf hul eerste jaar van opleiding en in al die diverse bane van opleiding.

21. Dat in sake die toekoms van ons kerkverband, ons vashou aan die belydenis van wat ons glo oor die "een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges" soos onder andere uitgelê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21, en dat ons daarom in ons nadenke oor die wese en roeping van die NG Kerk, oor haar bediening in gemeentes en gemeenskappe en haar funksionering in vergaderings én ten opsigte van beplanning vir 'n onsekere toekoms, ons onsself aan dié belydenis sal bly oriënteer en daardeur laat lei; en

22. dat ons daarom die Algemene Sinode van 2023 versoek om haar uitgangspunte, onderliggende kerkbegrip, formuleringe en doelwitte van 'n "toekomsscenario" vir ons kerkverband, in die lig van die Skrif en ons belydenis te heroorweeg.

# Ons VADER

WAT IN DIE HEMELE IS

LAAT U NAAM GEHEILIG WORD

**LAAT U KONINKRYK KOM**

LAAT U WIL GESKIED

# AMEN

MATTEUS 6:9-13
(DIE BYBEL 2020-VERTALING: HOOFLETTERUITGAWE (AFR20HL))

**GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS**

Straussstraat 12, Universitas, Bloemfontein 9301
Tel: +27 (0) 51 522 4911
E-posadres: elmien@geloofsentrum.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein 9301
Tel: +27 (0) 51 406 6700 | E-posadres: daf@ngkvs.co.za
Posbus 11412, Universitas 9321

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

© 2023 | NG KERK VRYSTAAT